

Fotodag

Vandag is dit fotodag by die skool. My ma wag in die kar totdat ek die dik Pronutro klaar geëet het.

“Dankbaar slaap nog”, sê sy wanneer ons deur die plaashek ry.

My pa sit seker in sy rooikamer langs die huis en maak somme. Hy het die deur met ’n oorskietblik rooi geverf. Die lug ruik na Vicks en koring. My bors was heelnaag toe. My ma het gisteraand ’n stoompot blare op ’n gasplaat in my kamer gesit en die gordyne toegemaak sodat ek net die pers vlam van die plaat kon sien.

Dankbaar is ons plaas in die Suurveld. JP Kemp en Seun staan op die plaashek. Ek weet dit, want dit maak my ma kwaad.

“Het hierdie twee hande dan nog niks beteken nie?”, het my ma eendag vir my oupa gevra. My oupa en sy nuwe vrou bly in Kareedouw, twee strate weg van my regte ouma wat in die ouetehuis bly en Sambuck-salf pille in suiker rol vir haar maag. My ma sê alles wat fout is met my pa, kom van my ouma. Sy het hom kleintyd in ’n hangkas toegesluit as sy uitgegaan het na haar *meetings* met die *comrades*. As my pa te lank in die rooikamer sit, is sy asem suur. Dan sê hy my ma moet my vertel wie sy regtig is.

Die pap sit vas in my keel tot by die busstop. Ek hou die nuwe tas op my skoot. Dit ruik na rubber en die handvatsel is hard. My ma knoop my das styf om my nek; haar gesig so naby aan my dat ek haar kan voel asemhaal. Sy het swart krulhare wat wild staan in die oggend. My ma ry soggens terug plaas toe as die bus oor die bult van Humansdorp se kant kom. Ek trek my kouse oor my bene.

“Kiewietboudjies”, noem my pa my as hy my sien in my skoolklere. Hy noem my ook “Hoenderbors” of “Krakie”. Ek gee nie om dat hy my so noem nie, want ek ry saam met my pa in sy wit Isuzu-bakkie oor die plaas. Dan pak Elma vir ons tamatiebroodjies in met baie sout op. My pa luister Jim Reeves en dra sandale met groot gespes.

“As dit nie vir sy blou oë was nie”, sê my ma. “Sou ek hom nooit gekies het nie.”

My baadjie hang oor my safari-broek. Dit ruik na Omo en son. Elma was elke dag wasgoedrade vol klere in ’n sinkbak agter die rooikamer. Ek sit smiddae langs haar, terwyl sy my vertel van die tokkolos wat die kinders met sy dun stert slaan as hulle nie wil hout optel vir die aandvuur nie.

Die bus is wit met rooi en geel strepe soos my skooldas. Tootsie is die meneer wat die bus bestuur en klavier speel in die skoolsaal. Almal noem hom so oor ’n fliek waar ’n man vroue-klere dra. Ons kyk nie televisie nie. Langs die stoor is ’n enjinkamer waar my pa die krag moet aansit as my ma wil nuus of *Dallas* kyk. Ons het ook ’n klavier in die sitkamer waarop die foto’s staan van my ma en pa op hulle troudag. My ma speel klavier met haar oë toe. Dan skud haar hare en lyk dit of die foto’s van die klavier gaan val.

Van die plaashek tot by die huis het my oupa palmbome geplant. Hulle blare waai geel in die wind. My ma sê my oupa het seker gedink dit is Mauritius.

“Niks aard hier nie. Níks”, sê my ma.

“Die huis wat jou oupa op Dankbaar gebou het, lyk soos ’n stroois”, sê my ma.

In die gang is foto's van my ma se ouers op hulle Gamtoosplaas se stoep. Ek het my ouma aan my ma se kant se name, omdat ek soos sy lyk. Sy het lang sinne in boeke geskryf wat my ma in die naaldwerkkamer langs hulle slaapkamer wegsteek. As ek op my tone staan, kan ek net haar nek en ken in die foto sien. Sy is nie 'n ouma nie, want sy is aan'n asma-aanval dood nog voordat ek haar kon ken. In my ma se naaldwerkkamer is 'n foto van my wat op die staalbedstyl van my ouma se hospitaalbed klim. Op die foto druk my ouma haar regterhand onder die hospitaallaken weg. My ma sê my ouma is gebore met 'n hand soos 'n hoenderklou. "Jy moenie skaam wees soos jou ouma nie. Liewe Jesus het self besluit hoe Hy jou wil maak", sê my ma en vryf oor die hare wat lank oor my ore groei.

Ons huis het nie 'n stoep nie. Soms maak my pa voor die agterdeur 'n vuur met koerantpapier en hout met nat pienk binnekante wat hy uit die kloof laat kap. Dan vertel my pa van my oupa wat op die spoorweë in Natal gewerk het om die plaas te kon koop met 'n trommel vol geld en 'n kous vol koringsaad.

"Jou oupa was die eerste man wat koring in hierdie brakaarde kom plant het", sê my pa dan en tel my op sy skouers sodat ek amper oor die watertenke langs die agterdeur se geroeste dak kan sien. As jy verby die kloof, oor die brug na die berge kyk, sien jy die ligte van Kareedouw en die sement koringsilo's.

In die sitkamer is 'n foto van my pa en oupa in die koerant waar hulle voor die groot silo's in Kareedouw staan. My ma sê as my oupa nie alles op vrouens en karre gemors het nie, het ons nie soos arm-blankes gelewe nie.

My ma se lewe was anders in die Gamtoosvallei. Daar groei die lemoenbome, die avokadopere en neute uit die rooi grond.

“Die wind word gemaak op hierdie godsverlate aarde van Dankbaar”, sê my ma.

Dit is omdat ons plaas tussen twee berge lê. Die plaas het 'n trek. As die wind waai speel my ma deuntjies op die klavier wat ek nog nooit gehoor het nie. Dan lê ek met my lyf teen die klavier, sodat ek die hout kan voel bewe.

Langs die huis is 'n stoor met 'n trekker, 'n koringdroër en my pa se trok. Dindi is my beste vriend. Hy het 'n groot kop met vrot tande. Ons sit voor in die trok en speel dryf-dryf as die rooikamer se deur toe is. Dryf-dryf is wanneer Dindi my pa is en ek langs hom sit en besluit waarheen ons ry. Partykeer ry ons Mauritius toe en ander kere na Die Land waar Dindi se pa woon. Ek weet nie waar dit is nie, maar my pa sê al die kommuniste bly daar.

Dindi en Elma bly onder in die kloof saam met die ander Ngindo's wat vir my pa werk. Elma sê Ngindo is amper soos hulle van. Sy dra rooi toue om haar enkels en wit bokhare om haar nek as sy in die kombuis werk. Dan sit ek langs haar op die blou wasgoedmandjie en luister na haar Xhosa-liedjies. Ek en Dindi is soos haar eie kinders, sê sy.

Die agterkant van die Ngindo's se huis is 'n skeerstoor. As die mense van Die Land kom om my pa se skape te skeer, dan brand die Ngindo's se vure tot laat in die nag. Die skeerders dra 'n blik om hulle lywe waarin hulle vir elke skaap wat hulle skeer, 'n boontjie sit. Skeertyd speel ek en Dindi in die bale en dan gooi die skeerders die wol soos wolke bo-op jou kop. Elma was so oud soos ek toe sy saam met die skeerders vir die eerste keer na Dankbaar gekom het om vir hulle kos te maak. Sy het nooit

weer teruggegaan nie. Sy sê as iets so ver is soos Die Land, is dit te ver om na te verlang.

As ek snags nie kan asemhaal nie en ek regop sit op my bed, kan ek die vure onder in die kloof sien brand. My ma wil nie hê ek moet vir Dindi by sy huis gaan kuier nie, want dit is nie my plek nie. Dindi weet nie wanneer hy verjaar nie en hy was nog nooit in die skool nie. Elma sê sy boekie moet saam met die ander Ngindo's s'n onder haar bed wees.

Ek sit op 'n afslaanstoel in die bus omdat ek in die laerskool is. Dit is net die lang seun in my klas, Pieter, wat agter by die hoërskoolkinders mag sit. Hy dra 'n rugbybal saam met sy tas. Ek kyk nooit agtertoe nie, want die groot kinders sê lelike goed. My maag is seer as ek skool toe gaan, maar my ouma sê haar Sambuck-salf help nie vir my soort seer nie. Sy was ook 'n juffrou en spaar haar geld wat eendag my pa moet help as sy dood is. My pa is ook 'n enigste kind soos ek. My ouma sê niks sal regkom voor Mandela nie 'n vry man is nie. Sy sê onder Dankbaar lê swart mense se bene.

“Jou ma het lankal haar verstand verloor”, sê my ma vir my pa as ons vrugte en suikerlekkers vir my ouma neem.

Voor die skoolhek is 'n sandhoop, amper soos die een op die plaas. Langs die sand is 'n paal waarteen die vlag elke dag opgehys word. Juffrou Strydom sê dit is so goed jy vloek die Here as die vlag op die grond val, al is dit ook per ongeluk. Sy hou elke dag met 'n groot Mercedes Benz onder die sipresbome langs die skool stil. Die kar het sy met blokkieraisels gewen. My ouma vul ook blokkieraisels in, maar sonder 'n woordeboek.

Die sandhoop is nie so groot soos die een wat my pa vir my en Dindi langs die stoor afgelaai het nie. Ek trek my skoene uit en druk my voete onder die warm sand in. Langs die sand is die skoolhoof, meneer Bester, se kantoor. Hy is 'n kort, gryskop man met kwaai hande waarmee hy my van die sandhoop wegtrek.

“Jy het mos geweet jy mag nie hier speel nie”, sê hy in sy kantoor.

Die hoof se asem is soet soos jellie. Op sy lessenaar is 'n boks Turkish Delight. Die kantoor ruik soos uitveërs en boeke. Die skoolhoof laat my voor 'n glaskas staan en sê ek moet self kies of ek vir 'n dik of 'n dun lat gaan buk. Hy haal 'n rottang uit en swaai dit voor my gesig met sy wit poeierhande.

“Jy kan bly wees, mannetjie”, lag meneer Bester nadat die skoolklok gelui het. Hy sit die lat langs die Turkish Delight neer en slaan met sy hand op my boude. Ek voel dit deur die baadjie brand. My skoene probeer ek oppad na die saal skoonvee aan die agterkant van my bene.

‘Kyk hoe lyk jy! Maak reg jou das!’, sê Juffrou Strydom as ek in die saal instap. Sy dra 'n gebreide geel rok en sit in die middel van die koorbankies. In my ma se naaldwerkkamer is ook wol met prente wat sy uit tydskrifte knip. My ma sê sy maak vir my 'n verjaardaggeskenk daarvan. Voor Juffrou Strydom is 'n bord met wit letters “Sub A. 1982.” In die agterste ry staan vier meisies aan weerskante van Pieter met die band om sy lyf. Ek ken niemand anders se name nie. Pieter se kop raak amper aan die rooi gordyn se goue tossels.

“Gaan sit langs jou juffrou”, sê die man met 'n kamera op die punt van die verhoog. Juffrou kyk na my en dan na my sanderige skoene. Op my baadjie se wapen is 'n papkol. Ek wil dit afvee.

“Kyk vir die kamera”, sê Juffrou Strydom.

Ek vou my linker- oor my regterbeen, soos sy. Haar vingers is lank en maer. Dit lyk nie soos 'n ma se hande nie.

“Jy hier voor, sit bene vorentoe. Dit is net Juffrou wat so sit”, sê die man met die kamera. Ek wil die kroon in my kuif platdruk.

“As jy krone in jou kuif het, is jy koninklik”, sê my oupa altyd.

Langs die skoolsaal is die rugbyveld met 'n hoë heining om. Agter die rugbyveld is die lokasie waar Elma Sondaë met haar blou rok en hoed na die kerk toe stap.

“Druk jou hare agter jou ore”, sê die kameraman en wys na my. Ek hoor Pieter lag. My maag is seer. Ek draai my kop na links en druk met my skouerknop teen my regterwang.

“So ja,” sê die man as die flits afgaan. “Kom ons doen nog enetjie vir daai album. Eendag sal julle bly wees om alles te onthou.”

Die skoolbus beweeg net voordat ek my voet in die deur kon druk. Ek gooi die drasak op die bustrap, sodat die deur nie kan sluit nie. Die bestuurder slaan vinnig remme aan. Ek val teen die deurhandvat. Die drasak gly vanaf die trap tot op die grond. 'n Pak artikels val uit die sak op die teer.

“Klim in”, skree die busbestuurder. “Jy mors my tyd.”

My sigarette val uit my bosak, terwyl ek die blaaië een vir een van die teerpad tel en in my arms stapel. Ek probeer met my vingers die sigarette ophark, maar ek gee op as die sak om my skouers swaai en die papiere weer uit my arms val. My rug pyn van die sak se gedraery op my rug vanaf die kar. Laat my stukkende kar 'n monument wees van my waansin. Laat die geel klamp om die voorwiel die bewys wees van die beperkinge om in dié land te probeer verstaan.

Aan die oorkant van die straat staan 'n groep skooldogters, sien ek as ek in die bus klim. Ek skuur verby skoolkinders met uithanghemde en skoolbaadjies. Ek probeer om nie na hulle gesigte te kyk nie. Dalk dink hulle ek is een van die ouers? 'n Ouer wat selfs my kar opgeoffer het om my kind in so 'n goeie skool in Waterkloof te laat leer.

Op die agterste bank sit vier seuns met dasse om hulle voorkoppe gebind. Die bus ruik na sweet en snoepie-kos. Ek sak neer in die enigste oop enkelsitplek, derde ry van agter. Ek trap die drasak op die grond vas, met my knieë teen my bolyf. Die venster is toegewasem van die warm asem. Ek vee 'n uitkykplek oop en sien 'n verbyganger wat een van die koerante wat uit die sak geval het, opgetel het. “Skole is onveiligste ter wêreld”, sien ek die ou voorblad, wat die man oopgevou staan en lees voor die busstop.

Een van die meisies oorkant die straat waai haar hande in die lug. Sy wys na my en hardloop oor die dubbelbaan sonder om uit te kyk vir aankomende karre. Sy klop teen die venster. Ek

kyk vir die jong seun oorkant my wat 'n pienk kougom-ballon voor sy gesig opblaas. Die busbestuurder trap ongeduldig die petrolpedaal.

“Are you deaf sir?”, vra die meisie deur die toe venster. Met haar kort geskeerde hare en skrefiesoë, lyk die meisie soos Leelah van Klapmuts.

“I’m calling you from over there”, sê sy in 'n swaar aksent as ek die venster oopskuif. Sou Sotho haar moedertaal wees? Sy wys in die rigting van die skoolhekke en my verlate kar.

“You have lost your phone”, sê sy en hou my diktafoon na my uit.

“Dankie,” is al wat ek uitkry.

Die meisie ruk net betyds haar hand terug voordat die bus rukkerig wegtrek. Ek probeer haar gesig buite die venster soek, maar sy is reeds weg.

Ek forseer die drasak se ritssluiers oop om die diktafoon bo die aantekeninge en die lêers te druk. Ek ken die kokipen-titels op elke lêer se rugkant uit my kop. “Geweld in skole”, “Veiligheid”, “Geletterdheid” en “Wanbesteding.” Ek wil nie meer lees nie.

Die harde omslag van Michel Foucault se Discipline and Punish skeer deur die voos materiaal rondom die ritssluiers.

“Fok dit”, sê ek en haal die boek uit die sak. Wat wéét Foucault hoe dit is om hier te leef? Hoe het sy slim teorieë oor mag en die institusie my gehelp om beter te verstaan? Ivan Illich se Deschooling Society en my asmapompie peul saam uit as ek Foucault uit my sak trek. Ek druk die pompie in my broeksak, gooi die diktafoon eerste in die sak en dan die boeke bo-op die lêers. Die ritssluiers skeer heeltemal los uit die materiaal as ek die sak probeer toetrek.

“Fok dit.” Ek gaan nie van hier tot in Kaapstad sit met 'n sak vol statistiek en navorsingsartikels wat die einde van onderwys voorspel nie. My lyf sal die gewig nie verduur

nie. Ek skuif die ruit oop en balanseer die drasak op die vensterraam. Ek grawe my oupa se horlosie uit langs die boomwortel onder op die bodem. Gelukkig het ek onthou om die horlosie uit die kar se asbak te haal. Ek staan op om met momentum die drasak uit die busvenster te gooi. Die swart seil bars soos vel oop as dit die teer raak. Die lêers breek oop en ek sien hoe die onderstreepte aantekening oor die hoofweg waai. Vas teen motors se windskerms en die selonsrose in die middelman.

Ek sak neer en kyk vir lank na die horlosie se stukkende tydwysers, om die beeld van die swart sak wat soos 'n kind se lyk langs die pad lê, uit my kop te kry.

Die reg tot onderwys

Ek stut myself met my voorkop teen my slaapkamervenster en skakel Laerskool Staalheuwel se nommer. Dit is by hierdie skool waar ek vyf jaar gelede die Graad 5-onderwyser was. Agter die Excel-skolelyste, opgeplak teen die muurgrootte glaspaneel, kyk ek na Kaapstad en hoop dat niemand antwoord nie. Van my woonstel het ek 'n uitsig oor die hawe; 10 kilometer verder af teen die kuslyn waar ek nie meer kan sien nie, is Ysterplaat met sy armoedige huise en lugmagbasis.

Ek staan weg van die venster as Natalie, sekretaresse van Staalheuwel, antwoord. Agter die sweetkol wat my voorkop op die glas gelaat het, is 'n skip in die baai geanker.

“Jislaaik meneer Kemp”, sê Natalie as sy my stem herken. “Long time no see.” Sy moet 'n goeie geheue hê as sy my kan onthou nadat ek vir so 'n kort tydjie skoolgegee het. Na 'n jaar kon ek dit nie meer verduur nie.

“Jy was mos die een wat so met daai *ridiculous* lang broeke tennis afgerig het”, sê Natalie. Ek vee met my hempsmou oor die venster.

“Ja”, lag ek en voel hoe my gesig warm word. Hoe verduidelik ek dat ek met Dippenaar, die skoolhoof van Laerskool Staalheuwel, wil kom praat oor hoe hy sy skool bestuur? 'n Hoof wat my uit sy skool wou werk, omdat ek geweier het om 'n register vir lang hare en verkeerde sokkies by te hou. Dit terwyl die skool niks doen vir die kinders wat buite die skoolhekke verkrag en aangerand word nie. Hoe sê ek dat ek Dippenaar se mening wil hoor oor die feit dat ons onderrigkwaliteit van die laagste ter wêreld is, terwyl ons regering jaarliks die grootste persentasie van die begroting aan onderwys spandeer? Ek wil weet hoekom hý dink net 24% van ons Graad 1-leerders uiteindelik matriek slaag. Sal die Dippenaar wat ek onthou enigsins 'n mening hieroor hê? Sal hy my ooit onthou?

Gou genoeg kry ek die boodskap as ek Dippenaar in die agtergrond hoor sê: “Sê hy kan kom, maar ek is kláár met die onderwys. Kláár. And I’m on my way to London.” Natalie probeer die gehoorstuk toedruk. Ek kon verwag het dat Dippenaar teen hierdie tyd gedemotiveerd is. Maar ’n man wat vyf jaar voor sy aftrede oorsee wil gaan – dit maak nie sin nie.

“Ek was ’n ruk gelede by die skoolvelde”, sê ek aan Natalie en maak asof ek nie Dippenaar se opmerking gehoor het nie.

“Oh that’s a real mess, Mr Kemp. We gave it back to the department, because of the vandalism. But come see Mr Dippenaar, he can tell you the whole story.”

Weer Dippenaar in die agtergrond. Dit klink asof hy ‘Pandemonium’ gesê het. Dit was destyds sy gunstelingwoord wat hy nie kon sê sonder om sy oë te rol nie.

“Meneer sê jy kan kom, maar dan moet jy ’n tert saambring. Nou nie een van daardie met bene nie. We have enough of those here!”

*

Die kafee naby my woonstel se terte is uitverkoop, en vir ’n lang ruk stap ek tussen die winkelrakke rond voordat ek ’n sjokoladekoek met wit versiersuiker en groen kersies op koop. Voor my afspraak met Dippenaar, het ek besluit om eers ’n draai by die lugmagbasis te maak. Ek jaag af in Koebergweg – die hoofweg wat deur Ysterplaat na Milnerton, Table View en Bloubergstrand na die see aan die westelike kant van Tafelberg loop. Tien minute se ry verder lyk dieselfde pad heeltemal anders: sit dubbelverdiepinghuise en duur restaurante teen die see.

Ek moet keer dat die sjokoladekoek nie van die passasiersitplek bo-op my nuwe diktafoon en my onderstreepte nota’s gly nie. ’n Man met ’n koek, koerantknipsels en ’n missie; ek probeer vir myself glimlag in die truspieël.

Aan die oorkant van Laerskool Staalheuwel is die *Seven Eleven*, waar ek lekkers vir my klas gekoop het. Dit was veral vir Dwayne Farrell vir wie ek dikwels 'n handvol lekkers by sy volpunte in sy toetsboek sou los. Langs die *Seven Eleven* is 'n drankwinkel waar 'n man helderpienk wors in 'n skottel braai. Op die tweede verdieping is woonstelle met klere wat van die balkonne hang. Ek kyk na die middelste woonstel – die enigste een met gordyne. Dit is waar Dwayne saam met sy pa en stiefma gewoon het. Om die draai van Koebergweg is 'n kroeg waarheen die kinders pouses weggeglip het om video-speletjies op taaierige skerms te speel.

Twee blokke agter Laerskool Staalheuwel staan Ysterplaat Lugmagbasis se imposante ingangshekke uit bo die geroeste sinkplaat huisdakke. Ek het dertig minute om met majoor George Teale, bestuurder van die Ysterplaat Museum, te praat voor my ontmoeting met Dippenaar. Dié lugmagbasis is een van nege in Suid-Afrika en die rede vir die ontstaan van Ysterplaat.

“Die eerste lugmagbasis is hier in 1810 gebou”, vertel majoor Teale. Ons staan tussen glaskaste wat poppe, gepantser in weermagdrag, uitstal. Een soldaatpop sit binne-in 'n vegvliegtuigkajuit met die onstuimige Kaapse baai as die agtergrond.

“Toe was hierdie nog d'Yzere Plaat genoem, 'n hooiplaas van 'n ene Eksteen”, sê hy.

Teale wys my gewere en 'n uitspringstoel wat by Alexanderbaai uitgeduik is. Hy praat vinnig, met te veel tande vir sy mond. Na 'n ruk beduie hy dat ons buite moet rook, sodat ons nie die skoonmaker pla wie se plig dit is om elke vliegtuig se romp, handvatsel en skroef blink te poleer nie.

“Ysterplaat Lugmagbasis was eers Brooklyn in 1929, toe Maitland, voordat dit lyk soos vandag”, sê hy en blaas kringe rook deur sy neus. Ek haal 'n sigaret uit die halfleë pakkie uit

my broeksak en steek my sigaret met syne aan. My vuurhoutjies is nie in my hemsak soos ek gedink het nie.

“Hoe lyk dit vandag?”, vra ek.

Jy kan mos sien. Ons het ’n museum soos hierdie. Ons het ’n groot personeel. Klomp vliegtuie. Niemand kan meer met ons mors nie. Ons het nou ’n ystervuis, as jy verstaan wat ek bedoel.” Majoor Teale lig sy arm op en bal sy vuis.

“Maar sou julle nie op ’n stadium toegemaak word nie?”, vra ek.

In 2003 het die regering gedreig om die lugmagbasis te sluit en die kantore vir administratiewe doeleindes te gebruik.

“Toegemaak? *What do you mean, bru?*”, vra Teale. Met my skoongeskeerde gesig, lyk ek dalk vir hom soos ’n student. Laat my nuwe kraaghemp my dan nie ouer vertoon soos ek gehoop het nie? My woonstelmaat, Marco, het gelag toe hy die hemp vanoggend aan my sien. Ek het nie geweet of dit is omdat ek snaaks lyk en of ’n katoenhemp dalk nie esteties verantwoord genoeg is vir ’n nagraadse argitektuurstudent nie.

“Die fokkers wil ons die hele tyd toemaak. Van die *Second World War* af. Toe was ons *Air Force* op sy sterkste, maar baie Afrikaners het nie *gelike* dat ons teen Duitsland baklei het nie. Maar ons het bly *survive*, ook in 2003 toe die *government* met hulle stront kom. Ons *management* het verbeter, ons het minder *staff* en meer *controle*. Ysterplaat se *survival* is die *fact* dat ons teen die *coast* is.”

“Is hier nog baie Ysterplaters wat by die basis werk?”, vra ek en onthou van die koek in die warm kar. Ek maak my mouknope los.

“Van dié mense wat hier bly, *bru?*”, vra hy en druk die sigaret dood teen die vliegtuigromp wat op die muur agter hom gemonteer is.

“*No ways*, ons soek beter kwaliteit as dit. Al die mense wat hier werk kom van ander plekke af. Ons het sosio-ekonomies *way* verby Ysterplaat gegroei. Weet jy hoekom Ysterplaat se huise gebou is?”

Ek skud my kop en vou my moue op.

“Die huise in Ysterplaat is gebou vir die *soldiers* wat in die lugmag so beseer is dat hulle geen ander werk kon doen nie. Die mense wat hier bly is steeds die *ill*, as jy verstaan wat ek bedoel.”

*

Laerskool Staalheuwel is liggroen geverf; die vensterrame en diefwering donkergroen. Laas toe ek hier gewerk het, was dit in skakerings van blou. Behalwe vir die karre wat in ’n ry geparkeer staan, is die skoolgronde verlate. My plek was ver onder langs die opslaanklasse, aan die linkerkant van die gebou. Aan die regterkant, as jy om die saal stap, is die skoolveld waar ek twee weke gelede met my kamera kom rondstap het. Ek hou voor meneer Dippenaar se kantoorvenster stil, en vat ’n laaste trek van my sigaret voor ek dit in die kar se asbak tussen stompies, munte en ’n erfhorlosie van my oupa dooddruk. Ek sukkel om die deur toe te stamp met die halfgesmelte koek en my pak artikels in my hande.

As jy met jou rug na die skool staan en jy kyk na Koebergweg, steek Tafelberg bo die winkels uit. Ek sien nou eers die *adult shop* op die hoek langs die drankwinkel. Hoe kon ek dit vergeet het? Ek vang ’n vlag van die bekende reuke: verslaande bier gemeng met opgewarmde pastei en ’n vrieskas wat ontdooi het en nooit behoorlik skoongemaak is nie.

“My jinne mister Kemp”, sê Natalie in die ontvangslokaal met die goueraam spieël en koffietafel met kerse in blombakke en satyn draperings. Sy dra ’n swart mini-romp met ’n styf toegeknoopte swart baadjie en gepunte hoëhakskoene. Voor ek kan keer, druk sy my vas

en in die spieël sien ek hoe sy aan my geswete rug vat. Ek voel hoe my linkeroor warm word en my nek jeuk van die hems kraag.

Dippenaar staan agter sy lessenaar met sy broek hoog opgetrek. Sy kantoormure is nou ook liggroen en nie meer geel soos ek dit onthou nie. Voor sy lessenaar staan twee stoele en aan die anderkant van die vertrek is 'n ronde tafel. Op die donkerblou vloerteëls lê steeds die wit angorabokhaarmat.

“Genáde óns, jy moes nóóit na Nátalie gelúister het nie. Dit wás nie nódig vir die kóek nie”, sê hy. Ek kan nie onthou dat Dippenaar so baie aksentueer nie.

“Ek kon nie 'n tert kry nie, toe bring ek maar dié.” Ek sit die koek op sy lessenaar langs 'n pak papiere neer.

“Ag koek is ook *fine*, of hoe?”, lag Natalie, vat aan my skouer.

Agter die lessenaar is 'n televisieskerm wat vier stillewens flits: die voorportaal, die parkeerarea en die twee gange na die klaskamers. Kan dit wees dat Staalheuwel een van die skole is wat eerste gebaat het uit die regering se belofte om die sekuriteit in die skole op te skerp?

“Néé Theo, móenie dínk dit was die ónderwysdepartemént nie. As dít nie wás vir hiérdie skool se bestúursliggaam nie”, sê Dippenaar en skud sy kop.

Vanaf 1996 is beheerliggame in publieke skole verpligtend en is dié raad, bestaande uit gemeenskapslede, verantwoordelik vir die aanstelling van die skoolhoof en moet hulle saam met die hoof sorg vir die uitvoering van die skool se missie en visie. Hoe lyk die bestuursliggaam van Ysterplaat wat oor die begrotingsbestuur van Staalheuwel moet besluit? Kom hulle uit die huise langs Koebergweg?

Natalie sny die koek op die ronde tafel. Ek sit my artikels op die stoel naaste aan die venster neer en haal die diktafoon uit my broeksak. Hopelik sal ek dit regkry om die gesprek reg op te neem. Ek het gisteraand die bandopnemer se instruksieboek noukeurig gelees.

Dippenaar se mure is sonder enige versiering. Wat het dan geword van sy goud geraamde Selepi-skildery van die fluitspelers en die gradefoto? Op dié foto is meneer Dippenaar se rooi hare blond gestreep.

As die telefoon lui gaan sit hy agter die lessenaar met sy bene oormekaar gevou. Dippenaar skuif die stoel agtertoe en tel die gehoorstuk op, terwyl hy wys dat ek moet sit. Die diktafoon, wat nog blink in sy plastiekomhulsel, skuif ek tot in die middel van die tafel. My nuwe hemp ruik na rook.

“It is the district manager from the Department of Education,” sê Natalie en kyk na haar skoolhoof. “They force Mister Dippenaar to take a child back who sold dagga on the premises.”

Dippenaar hou die gehoorstuk vas met ’n stywe pinkie in die lig. Sy ooglede lyk té glad vir sy ouderdom.

Jy soek seker nie *jokes* van ons nie, of hoe Mister Kemp?”, vra sy en buk af na my met die koekmes in haar hand. Ek maak die knoop van my hempsmou los.

“Néé Juffróú, ek sê mos dit is die óúma en die sógenoemde stiéfoupa, Juffrou”, sê meneer Dippenaar met ’n hoë stemtoon. Ek skuif my stoel agtertoe as Natalie nóg nader aan my gesig buk.

“Mister Kemp,” fluister sy met ’n warm asem in my oor. “Meneer sê nou die dag vir ’n kind: ‘I want to speak to your mom. Toe kom staan die kind hier voor die venster en sê: ‘Look, there is my mommy. See, she is working.’”

Natalie maak die kind se stem na terwyl sy die groen kantgordyn wegskuif sodat ons die besige pad kan sien.

“Maar dís wat die kind sêlf gesê het, Juffrou”, sê meneer Dippenaar en rol sy oë. Ek soek die snyplekke van sy ontrimpelingsoperasie, waarvan Natalie my een aand na ’n skoolfunksie vertel het.

“Oh, yes, Mister Kemp I almost forgot to tell you”, fluister sy verder. Ek trek my kop weg. Sou sy dan nie kan aanvoel dat ek ongemaklik is nie? Dippenaar wys met sy hand dat sy moet gaan. My rug voel nat teen die stoelreling.

“Daar was ook nou een dag ’n kind wat hier voor in die gang kom staan het. Toe hoor ek hoe hy vir ’n meisietjie sê: ‘Bring R50 tomorrow and I’ll fuck you in the toilets.’ Can you imagine?”, vra sy. Ek vryf my oor. Wat wil sy hê moet ek my verbeel?

Dit moet dieselfde toilet wees, skuins oorkant my ou klas, waar ek soms seuns gedurende klastyd uit die kleedkamers verwilder en soos ’n tipiese onderwyser gevoel het. Een keer het ek ’n kondoom tussen drolle sien dryf. Daarna het ek nooit weer gaan kyk nie.

Natalie vertel my nog ’n grappie van ’n seun wat teken hoe meneer Vermeer, die onderhoof, met Dippenaar seks het. Ek onthou dié man pouses in die personeelkamer sit met sy kosblik vol grondboontjie-botterbroodjies. Sy vrou het vir hom sakgeld van sy salaris gegee, het Natalie destyds geskinder.

*

Dippenaar se telefoongesprek bereik ’n breekpunt.

“Ag man, gaan vlieg in jou moer”, sê hy, sit die telefoon hard neer en maak ’n klikgeluid met sy tong. Natalie skink rooibostee.

“What did she say?”, vra Natalie en loop om die tafel met ’n skinkbord koek en tee. Ek sit vorentoe sodat my rug kan lug kry.

“Die kind kán nié onderrig ontsê word nie”, sê hy en draai sy nek. “En dit hélp nie om met die dónnerse *manager* te práát nie. Ek sê jou Theo.”

Dit lyk asof hierdie gesprek net oor die kind sal gaan wat dagga op die skoolgronde verkoop. Dippenaar teug klein slukkies tee deur sy getuite lippe, rol sy oë en sug. Dan sit hy die koppie en piering op die lessenaar neer en kam met sy pinkie deur sy rooi kuif. Sou dit ’n senutrekking wees, die vreemde nadruk waarmee hy praat? ’n Gevolg van sy frustrasie? ’n Verdedigingsmeganisme? Ek het skielik ’n beeld van Dippenaar wat op ’n dag glad nie meer kan praat nie en nadruklike spastiese geluide maak soos iemand met die sindroom van Tourette.

“Ek het géén, géén sê in die saak nie”, sê hy en kyk verby my, asof hy homself in ’n spieël sien. Ek draai om, maar daar is niks. Hy sien die weerkaatsing van sy spook.

“Toe sê ék vir die departemént die kind móét van die ánder kinders wéggehou word. Maar néé.” Hy neem nog ’n sluk. “Nóú moet óns die blêddie reëlins tref om dié bliksemse ding in pouses te akkommodéér. ”

“Watter reëlins moet getref word?”, vra ek. Daar lê ’n pak papiere op Dippenaar se lessenaar, die tipiese staatsamptenaar se agterstand wat lê en lê en ’n argeologie van ongedane sake word.

“Dit is vórms en vórms wat jy móét invul. Dónnerse bóéke vol nét om ’n sáák te kan máák teen die kind”, sê hy.

Ek is besig om op elke klem met my skoenpunt in die sagte mat te trap.

“Nou já, níks gebéúr nie – jy wag máánde voor jy íéts hoor van die departemént.”

Deur die hoof nóg vorms en vraelyste te laat invul, beperk nie net Dippenaar se outonomieit nie; dit beteken ook meer werk vir die Wes-Kaapse Onderwysdepartement, wat reeds nie hulle papierwerk op datum kan hou nie.

Die skoolhoof stoom voort: ‘Já’, sê Madam van die Departement, ‘óns moet die ouers inlig oor die kind se vórdering’. ‘En já, ek moenie praat oor die seksding nie.’ Hy kyk na die diktafoon en dan na Natalie. Daar is beweging op een van die televisie-skerm, maar dit flits te vinnig om iets te kon uitmaak.

“Wat van die seksding?”, waag ek om Dippenaar te onderbreek. Is die dogter dalk swanger?

“Jy moet sien Theo. Jinne, Mister Dippenaar’s cabinet is full of funny stuff”, sê Natalie en ignoreer my vraag. Hoe kry ek Natalie om ons alleen te laat?

“Can I show him Mr Dippenaar?”, vra sy en loop tot by die staalkas langs die lessenaar.

Ek vryf my klam hande teen my bobene en kyk na die diktafoon. Byna ’n uur van die onderhoud is reeds verby.

“Nó Natalie, pléase!”

“Mr Kemp, you must see this”, sê sy. Haar oë en neus is te groot vir haar gesig. “That same child... die kind het ’n *vibrator* skool toe gebring en gesê dis haar ouma s’n.”

“Pándemónium”, sug meneer Dippenaar en waai met sy hand bo sy kop.

“Dis nogals ’n silwer een”, sê Natalie en haal iets uit die kabinet. Sy hou dit na my uit, maar ek leun vorentoe sonder om aan die silwer bearde penis te raak. Meneer Dippenaar draai sy kop skuins, sny ’n klein stukkie koek af en druk dit stadig in sy mond.

“Etiénne het gesê: ‘O dis maar ’n kléintjie dié’, toe ek hóm dít wys”, sê hy. Is Etienne sy minnaar? Natalie sit eers die speelding op die lessenaar, langs die diktafoon, voor sy die lagtrane met haar baadjie uit haar oë vee. Dit laat ’n maskarastreep.

“Máár néé, dis mos ’n kínd. ’n Kínd!, sê die ónderwysdepartement. En die kínd kán nié die reg tot ónderwys ontsê word nié”, sê Dippenaar.

Natalie tel die vibrator op.

“En dan moet jy die kind se ouma sien”, lag sy. “Sy is so *huge*, jinne Mister Kemp.”

Natalie hou haar arms bak om haar maer middel.

“I don’t think she can even feel anything, if you know what I mean?”

Dippenaar kyk met ’n rooi gesig vir Natalie, totdat sy ophou lag.

“Baie dankie vir die koek, Mister Kemp”, sê Natalie en loop uit met die skinkbord. Sy knip-oog en trek die deur agter haar toe.

*

’n Paar sekondes is dit stil in Dippenaar se kantoor. Ek voel ongemaklik soos die eerste dag toe ek by by hierdie deur vir ’n werksonderhoud ingestap het. Ek voel na die sigarette in my broeksak. Dippenaar speel met sy koekvurk in die leë bord, voor hy terug sit met sy hande agter sy kop. Hy dra goue mansjette wat pas by ’n goue pinkiering wat ek tot nou toe nie opgelet het nie.

“Wat kom máák jy éintlik hier?”, vra Dippenaar.

“Ek weet self nie”, wil ek antwoord.

Ek begin verduidelik dat dit die koerantberigte is oor die krisis in ons skoolstelsel wat my belangstelling in die onderwerp geprikkel het. Die vrag knipsels en lyste in my woonstel, wou my laat sien wat aangaan. Waar anders kon ek begin as by die skool waar ek gewerk het? Hoekom is dit so dat al hoe minder onderwysers en skoolhoofde kans sien om skool te gee? Wat is verkeerd in ons skole?

Dippenaar kyk my vir ’n lang ruk fronsend aan, voordat hy sê: “Ek wil hier wég. Ek soek werk in Lónden.”

Hy kyk na die toe deur. “Die mééste salarisse is daar óór ’n miljoen rand ’n jáár. Dis bleddie báie, báie geld.” Hy skud sy kop by elke ‘baie’, sodat sy kuif effens laer oor sy voorkop hang. Hy vryf dit met sy linkerhand se ringlose pinkie terug.

“Gaan dit só erg?”, vra ek.

“Dit is baie erger as sés jaar gelede toe jý hier was. Ek méén,” hy skud sy kop en kyk by die venster uit. “Jy het mos nou gehóór wat sê die kringbestuurder vir my op die foon.”

“Wat sê sy?”, vra ek.

“Die kind moet beráding kry en ék moet die sielkúndige bel. Maar die sielkúndiges is *úseless* en op die óú end bly dit mý probleem. Dít terwyl die stíéfoupa die kind molestéér en die óúma help om die dágga in sakkies te sit wat die dónnerse ding op die skoolgrond verkóóp. Dit is *úseless*”, sê hy en klap met sy linkerhand op die lessenaarblad as hy ‘useless’ sê.

Dippenaar sit regop en vryf sy bruin das oor sy maer bolyf. Hy staan op, trek sy broek nog hoër op, sug en kyk by die venster uit.

“Dit is ’n verlóór-situasie hierdie Theo. Ons bedryf ’n priváátskool sonder énige onder-stéúning.”

Die eerste keer wat ek in hierdie kantoor vir die werksonderhoud was, het Dippenaar ook só gestaan en gesê hy soek onderwysers wat kinders uit die strate geleenthede kan gee.

“Ek het tién hierdie kwartaal uit die hek laat gaan”, sê meneer Dippenaar en gaan sit. Destyds het Dippenaar gesê dat hy nie dink ek as pas afgestuurde joernalistiek-student uit die veilige Stellenbosch, sal taai genoeg wees vir die Ysterplaters nie.

“Ek kan níks doen ás hulle terugkom nie, maar ek dréíg hulle. Ek sê vir hulle óf ek gaan áán met die skorsing, wat ek nie sal wen nie. Óf hulle moet lóóp. Dan verkies hulle om te gáán.”

Dippenaar druk sy kakebeen vorentoe en beweeg dit dan heen en weer. Die hoof van Laer-skool Staalheuwel neem beheer.

*

“Ek was nou die dag hier agter by die sportvelde”, sê ek.

“Wat het jý dáár gaan maak?”, vra meneer Dippenaar en sit regop. Sy nek slaan rooi vlekke uit.

“Ek was maar net geïnteresseerd”, sê ek, maar vertel nie dat ek daaroor ’n storie wou skryf nie. “Sondagmiddag op Staalheuwel se sportveld”, het ek die titel sit en uitdink terwyl ek in die hoofweg gery en alles in my kop neergeskryf het: Die nou strate met die vervalle huise, die karre met hulle opgeboude enjins en groot luidsprekers. Die vrou wat met ’n toegeplakte oog op ’n stoel in die tuin sit, terwyl ’n jong dogter haar hare kam. ’n Oorgewig man het teen sy insleepbakkie geleun en ’n sigaret met drie vingers gerook. Op die wit bakkie het die volgende woorde in pers gestaan: “I am no vulture.”

’n Blonde meisie het op ’n swart man se skoot, langs ’n rooi en geel wipplank gesit. Vanuit die kar het dit gelyk of die swart man met sy hand in haar lies vat, terwyl hy na my kyk.

“Wat máák ek hier?”, het ek myself afge vra. Waarom soek ek na redes terwyl die redes oorduidelik is? Onverskilligheid, verval, gebrek aan burgerlike selfrespek, armoede. Armoede. Armoede.

Meneer Dippenaar kyk my ondersoekend aan voor hy praat. “Ek was járe laas dáár, want ons het dit ál viér jaar terug vir die ónderwysdepartemént teruggegee. En van tóé af wag ons vir ’n antwoord. Soos met álles. Maar nou hoor ons al hoe méér van die ónderwysdepartemént dat húlle wil vir óns gaan leer om die skool te bestúúr,” sê Dippenaar.

Die nadrukmasjien, dink ek, sou mooi wees vir ’n video-installasie, die skoolhoof as voorbeeld van desperate infleksie.

Die Sondagmiddag het ek ’n paar keer verby die skool gery, voordat ek in die straat langs die veld stilgehou het. ’n Man en sy kinders van die oorkantste huis het teen die draad kom staan. Die een seun het ’n geel fluitjie in sy mond gehad, maar kon nie ’n geluid uitkry nie. Ek het dubbeld seker gemaak die kar se deure is gesluit voor ek met die kamera na die oop stuk veld gestap het.

“Die departemént sal nou die stuk grond verkóóp en die geld vir ons géé”, onderbreek meneer Dippenaar my gedagtes en rol sy oë. “Ook nie géé nie, hulle sal besluit wát by die skool gedóén moet word, en dít dan aankoop. Maar hulle belówe alles en dan wag jy vir éwig”, sê Dippenaar.

“Waarvoor wag julle nog?”, vra ek.

“Helen Zille was eendag hier, toe sien sý ons onderwysers en die hóóf is so óúlik”, sê Dippenaar en knip sy oog. Hy kyk weer vir die denkbeeldige spieël agter my rug. Ek sit vorentoe en trek die nat hemp van my rug.

“Toe sy vrá wat ons by die skool gedóén wil hê, toe sê ék die plek moet gevérf word. Die vólgende week bewillig die departemént R480,000 om te vérf,” lag Dippenaar ingenome.

Ek maak my boonste knoop los, sodat my nek minder krapperig voel. Van alles wat Dippenaar met die geld kon doen, besluit hy om te verf. Met nóg geld sal hy seker vir hom ’n rotstuin met ’n fontein in die voorportaal laat bou. Of goue draperings in die skoolgange hang. Waar sou ek begin om met R480,000 die skool reg te maak?

Op die veld was daar niks wat ek meer herken het nie. Nie die rugbypale óf die sandput waarin die kinders vergespring het nie. Ek het ’n hoop stene, ’n stukkende tekkie, ’n paar tarentale en die kleedkamers aan die oorkant van die digte gras afgeneem.

Meneer Dippenaar blaai deur ’n pak papiere langs hom. “Kýk hiér is byvoorbeeld ’n papiér oor die vrót ópslaanklasse wat hulle moet kom áfbreek.” Hy hou die bladsy na my uit. “Máárt 2005”, lees hy die datum.

“Nou stáán die bliksemse goed net so. Die kinders, veral die dónnerse uitlanders, gaan róók naweke daar dágga, terwyl die dak nog op die kinders se kóppe gaan insak. Kyk hiér, dit is járe terug belówe”, sê hy en druk die papier in my hand.

“Watter uitlanders is dit?”, vra ek.

“Hiérdie skool het mos pikswart geword,” sê Dippenaar met sy hand langs sy mond. “Verál die Kongolése. Vader alleen weet wáár hulle vandaan kom, maar as die arme goed hier uitstap kan hulle skaars ‘is’ of ‘are’ sê.”

Ek het die foto’s op die veld geneem en na die kleedkamers gestap. Die mure was swart gebrand, met die manstoilet-teken nog net-net sigbaar. Op die vloer het los glasstukke en afgebreekte stortknoppe gelê. In die een hoek was ’n leë winkel trollie, onder die woorde: “Die Mothervackers.” ’n Vars hoop mensstront het langs die trollie gelê. Dit was die reuk wat ek die hele tyd bo die nat, gebrande hout geruik het. Wat is in die volgende vertrek? Wat as hier iemand is? Ek het omgedraai en eers toe ek voor die woonstel stilgehou het, alles in my nota-boek geskryf van wat ek kon onthou. Ek het al my klere in die wasmasjien gaan sit om van die reuk van uitwerpsels ontslae te raak.

“Watter sportsoorte bied julle dan nou aan?”, vra ek meneer Dippenaar.

“Nét móói níks”, antwoord hy, vryf deur sy kuif en vou sy arms.

*

Die middagson skyn groen deur die gordyne op Dippenaar se pak papiere en diktafoon op die lessenaar.

“Nee wéét jy, ’n mens klink báie negatief as jy soos ék praat”, sê Dippenaar as ek opstaan.

“Nóú die dag by ’n vergádering sê een van die ónderwysdepartement mos: ‘The problem lies

with the teachers. They are negative.” Meneer Dippenaar probeer die Engelse aksent van ’n eerste taal Xhosa-spreker namaak.

“Máár het íemand nou al vir die idioot gesê hóekom is die onderwysers négatief?”

Ek druk my hande in my broeksak en vroetel aan die bokant van die sigaretpakkie.

“Die onderwysers is négatief, want die ouens wat in hoë poste sit, wéier om te beséf wat in die skole áangaan. Hulle sê net: skép ’n situasie waar die kínd kan léér. En wat my wóédend maak is dat jy élke geveg téén die ónderwysdepartement verloor.”

Meneer Dippenaar klap met al twee hande op die lessenaarblad, en kam dan vinnig daarna met sy linkerhand deur sy kuif.

“Dít is hoekom ék sê: ‘Engeland hier kóm ek nou.’”

Ek tel my hoop artikels op en loop voor Dippenaar uit tot in die voorportaal. Natalie se lessenaar lyk leeg, asof sy net opgepak het. Ek is te laat vir nog ’n skoolgrappie.

“So ek weet nie of jy gekrý het waarna jy gesóék het nie?”, sê Dippenaar met sy hande gevou.

“Ek weet darem meer”, sê ek en kyk na die straat, sodat Dippenaar nie my gesigsuidrukking kan sien nie. Waarvan weet ek meer? Van die reg op onderwys wat vir hierdie skool niks meer is as ’n leë frase uit die onderwysdepartement se grondwet nie?

“Jy wéét niks,” antwoord meneer Dippenaar. “Dit hélp nie jy neem die goed op dáái ding op nie.” Hy wys met sy oë na die diktafoon in my hemsak.

“Jy moet vir ’n paar dae weer kom skóólhou. Dán sal jy weet wat aangaan.”

*

Ek steek ’n sigaret aan en ry stadig in Koebergweg af. Langs die man met die worsrolle staan ’n vrou in ’n stywe broek, wit hoëhakskoene en ’n wit windbaadjie met ’n kappie op wat haar gesig wegsteek. ’n Groep seuns drom voor die Adult-shop met *jeans* wat laag oor hulle

onderlywe hang. Kan hulle nog in skool wees? In my truspieël probeer ek hulle gesigte uitmaak. Ek ry vinnig weg as dit lyk of een iets na my kant toe skree.

Aan die anderkant van die muur

Ek ry vir die derde keer vanaf Mitchell's Plain op die Kaapse Vlakte terug na my woonstel met 'n leë diktafoon. Sal ek ooit 'n bruin man tussen die ouderdom van 15 en 19 kry om met my te praat oor sy tikverslawing?

Dit is oor die verwysing na dagga in die gesprek met Dippenaar en 'n koerantberig van 'n ma wat haar verslaafde seun op die Kaapse Vlakte vermoor het, dat ek begin navorsing doen het oor tikverslawing in die Wes-Kaap. Die Apartheidsregering het in die sewentigerjare bruinmense uit Kaapstad se Distrik Ses verskuif na die onvrugbare sandgrondgebied van die Kaapse Vlakte sowat 20 kilometer oos van Tafelberg. Dit is in dié benedegeteisterde strate van hierdie arm buurte waar jaarliks meer as R350 miljoen aan tik spandeer word en waar Ellen Pakkies, die moordbeskuldigde ma van die Kaapse Vlakte woon. Die vrou wat haar tienerseun met 'n tou vermoor het, is deur die hof as 'n weerlose slagoffer vrygespreek en haar drie jaar tronkstraf is opgeskort tot korrektiewe gemeenskapsdiens. Buite die hof het duisende vrouens van die Kaapse Vlakte met plakkate gestaan: “We know your hell” en “Let her free. She is victim, no villain.”

Ek steek 'n sigaret aan, terwyl ek na die artikels oor tik op die passasiersitplek kyk. In Suid-Afrika is tik een van die vuilste dwelms op die straatmark. Dit is nie meer suiwer metamfetamien nie, maar 'n mengsel van huishoudelike produkte soos bak- en waspoeier. Die gebruiker het 'n onmiddellike euforiese gevoel en 'n ongekeerde energie wat vir ure kan duur. 'n Verhoogde libido, selfbeeld en -vertroue, en 'n meerderwaardigheidsgevoel is van die positiewe psigologiese effekte wat bydra tot die vinnige verslawing. 94% van eerste gebruikers kan nie ophou tik rook as hulle nie binne die eerste ses maande hulp kry nie. Die langtermyngevolge van tikverslawing sluit onder meer in anoreksia nervosa, hiperaktiwiteit, rusteloosheid, hipertensie, diaree, slapelosheid en uiteindelik sterf die verslaafde aan 'n beroerte of hartaanval.

As ek die venster afdraai om die rook te laat uitgaan, waai die papiere deur die kar. Ek maak die venster toe. Die agterste sitplek lê besaai van die papiere.

By Ysterplaat se afrit, draai ek af. Miskien kan Natalie of Dippenaar my op die spoor sit van 'n tikverslaafde. Koebergweg is vandag windverwaaid met min mense op die straat. Die braaier, die prostituut en die jong seuns is nie vandag voor die supermark nie.

Laerskool Staalheuwel se hekke is reeds toegesluit. Ek het nie besef dit is al so laat in die middag nie. Het ek so lank in Mitchell's Plain rondgedwaal? Dalk is dit goed dat hier niemand is nie. My projek moet tog wyer kan strek as net Ysterplaat.

By die laaste stopstraat voor ek op die hoofweg na my woonstel moet afdraai, is 'n vrou in 'n bont laprok besig om haar stalletjie op te pak. Nog 'n vrou staan by haar en hou 'n sokkerbal in die lug. Ek parkeer voor die stalletjie as ek die klomp swart drasakke sien waai op 'n gespande draad langs die sokkerballe. Dit is wat ek nodig het: 'n Sak waarin ek my los aantekeninge, my diktafoon, notaboek, sigarette en asmapomp kan pak.

“Hoe gaan dit met jou?”, vra die vrou met die sokkerbal. Ek kyk na haar lang Afrika-vlegsels en t-hemp waarop 'n rooi VIGS-kruis oor die Afrika-kontinent strek.

“Ek is Felicia Wentzel”, sê die vrou as sy sien dat ek haar nie herken nie. Kan dit Felicia wees wat destyds saam met my skoolgegee het? Al wat ek van haar onthou, is die maer vrou wat elke pouse in die sopkombuis gestaan het. Felicia het destyds bedank om nader aan haar twee kinders, Duncan en Danene, en haar man, Daniel, wat 'n taxi-maatskappy besit, te wees.

Felicia verduidelik dat sy steeds een keer 'n week kos vir Laerskool Staalheuwel se sopkombuis bring. Sy het vir Duncan 'n bal kom soek, want hy is nou op die ouderdom dat sy enigste

droom is om 'n sokkerster te word.

“Ek weet van 'n huis waar daar 'n *happy ending* met 'n tikverslaafde was. Ek kan met die *pastor* reël dat jy met die ma, Lelanie Botman, praat. Die seun was in 'n *rehab*, maar is nou *fine*”, sê Felicia as ek haar vertel van my projek en die mislukte uitstappies na die Kaapse Vlakte.

“Hoekom sal sy soveel moeite wil doen vir 'n relatiewe vreemdeling?”, wonder ek hardop.

“Dit is hoogtyd dat iemand oor ons mense se *tragedy* skryf”, lag Felicia.

“Ons mense?”, vra ek.

“Ja man, die mense aan die anderkant van die Stellenbosch-muur!”, sê Felicia.

*

Felicia staan my en inwag voor haar lemmetjiegroen huis aan die bopunt van Bergweg in Idasvallei buite Stellenbosch. Felicia lyk nie meer soos die stil vrou van ses jaar gelede nie. Het sy intussen 'n uitgesproke aktivis vir menseregte geword? Is dit hoekom sy my help? Dalk is die stryd teen dwelmmisbruik in Idasvallei en Cloeteville een van haar doelwitte? As ek nie so gesukkel het om alles noukeurig in my nuwe drasak te pas nie, was ek betyds vir ons afspraak met Lelanie Botman.

“Ons het nie baie tyd nie, want Lelanie werk by Edgars in Stellenbosch en vat die oggend spesiaal af”, het Felicia gisteraand ge-sms.

Die twee sogenaamde bruin woonbuurte, Idasvallei en Cloeteville, is geleë aan die westelike buitewyke van Stellenbosch. Waar Idasvallei teen die Stellenbosch-berge lê, is Cloeteville aan die onderkant van die dorp naby die treinspoorlyn. Teenoor Idasvallei se gemiddelde inkomste van tussen R1601 – R3200 per maand, verdien die meerderheid inwoners van Cloeteville nie meer as R800 per maand nie. In Cloeteville en Idasvallei is altesaam vyf laer- en twee hoërskole.

Vanaf Felicia se huis kan jy die hele Idasvallei onder jou sien. Ons ry in haar warm kar wat na Stasoft ruik, deur die strate van Idasvallei. ’n Silwer kruis hang om die truspieël. Felicia sit ’n gospel-CD aan en draai die volume geleidelik harder. Dalk is sy ongemaklik met my alleen in die kar?

“He is the wind beneath my wings”, neurie sy. Die diktafoon is veilig in my nuwe drasak. Ek voel na my Stuyvesant Filters.

Ons ry verby nuwe huise wat tussen historiese, verwaarloosde huise gebou is. Herman Giliomee skryf in sy boek oor Stellenbosch se gemeenskap, *Nog altyd hier gewees*, dat Idasvallei reeds in die 1930’s begin ontwikkel het. Die ou geboue is daarom ’n bewys van ’n vorige era. Ek wonder wat sal Marco te sê hê oor die argitektuur? Miskien moet ek hom ’n volgende keer saambring.

Vroue gesels in die pad of oor heinings en kinders met skooluniforms loer by stopstrate deur die karvenster. Ryk honde lê voor dubbel-motorhuise; armes brandsiek op sypaadjies. Is my kar veilig voor Felicia se huis?

“Hier was eers baie witmense”, sê Felicia. In die dertigerjare, skryf Giliomee, het baie witmense in Idasvallei gewoon. Aan die oorkant van Idasvallei kan jy aan die eenkant berglanderye vol wingerde sien; anderkant is dit Kayamandi, die universiteitsgeboue en Tafelberg.

“Dit moet wees oor die uitsig”, dink ek hardop.

“Ons lag nog al die jare”, sê Felicia. Dit is ironies dat die Boere die mooiste deel van die dorp vir die *coloureds* gegee het.”

Vir bruinmense in die dertigerjare – wat toe nog in die sentrum van Stellenbosch gewoon het – was Idasvallei té ver van die dorp. Sake-ondernemings, skole en kerke onder bruin beheer

het in die dorpsentrum floreer. Welvarende bruin besighede en huise was veral geleë in die Die Vlakte, waar die universiteit se Ingenieurswese-departement vandag is.

“Maar bly hier steeds witmense?”, vra ek.

“Ja, die meeste doer teen die berg”, lag Felicia sonder om die musiek sagter te draai. “Daar waar Lelanie ook bly.”

Ons stop voor ’n dubbelverdiepinghuis.

“Hier bly nóg ’n man wat ek jou na toe wil bring”, sê Felicia. “Maar ek weet nie of hy sal praat nie, hy is seker in *denial* oor sy kind.” Dit is opvallend dat Felicia elke keer verby die armoedige huise ry om by die groot en nuutgeboues te stop en te vertel oor die tikverslaafde kinders wat daarin woon.

Eiendom in Idasvallei het stelselmatig in bruin besit gekom. Dit was veral ’n NP-Volksraadlid, Brückner de Villiers, en ’n swart predikant, Joseph Mothibi, wat bruinmense aangemoedig het om huise in Idasvallei te bekom. Brückner het erwe in Idasvallei aangekoop en dan weer teen bekostigbare pryse aan bruinmense verkoop. Mothibi was ’n predikant van die African Methodist-kerk in Idasvallei en het sy gemeentelede oorreed om hierheen te trek. Idasvallei het stadigaan kerke, skole en ’n paar huise bygekry, terwyl Cloetesville vir ’n veel langer tydperk onontwikkeld gebly het.

Felicia draai die musiek sagter, terwyl ons verby Laerskool Vlakte ry. Sy aarsel ’n ruk voordat sy sê: “Jy móét met die hoof van daai skool gaan praat. Steve de Villiers is sy naam.” Sy wys na die skool met die hoë sekuriteitsmuur, waarvan die interkomstelsel langs die hek uitgeruk is.

“Dit is waar Lelanie se kind skoolgaan. Meneer de Villiers sukkel kwaai met die tik onder sy kinders. En dit is ’n laerskool. ‘n Láérskool!”, sê Felicia in ’n hoë stemtoon. Ek vryf oor die

koningsblou, wollerige bekleedsel op die kar se paneelbord.

Nadat die regering op 24 Augustus 1962 Idasvallei en Cloetesville as bruin woongebiede geproklameer het, het bruinmense nie 'n keuse gehad as om hierheen te trek nie. Alhoewel die Stellenbosse stadsraad probeer het om hierdie twee buurte as een gebied te verklaar, was die regering nie te vinde daarvoor nie. Die gebied tussen Idasvallei en Cloetesville was te vrugbaar om aan mense af te staan wat juis 'n bedreiging vir wit ekonomiese groei in Stellenbosch ingehou het. Bo en behalwe die duisende bruin inwoners wat hulle moes hervestig in Idasvallei en Cloetesville, het skole, kerke en besigheide van bruin mense in die dorp tot niet gegaan. Stellenbosch se geboue – baie wat deur bruin hande gebou is – het leeg gestaan. Die ekonomie het 'n laagtepunt bereik en daar was nie genoeg wit kinders vir al die skole nie. Dít terwyl daar nie vir al die ontwortelde bruin leerders in veral Cloetesville plek was nie. Nuwe skole moes in Cloetesville en Idasvallei gebou word en die bestuur daarvan is onder die departement van Kleurlingsake geplaas. 'n Lang pad van verlaagde staatsubsudies het vir die Kleurlingskole voorgelê.

*

Lelanie se huis is een van dié naaste aan die Stellenbosch-berg. Ek haal die diktafoon uit die drasak en druk dit in my hemsak. Ons moet omstap, verby die "Pasop vir die hond"-teken. 'n Maer vrou met 'n stywe swart bloes en 'n broek met swartblink hoëhakskoene staan ons en inwag op die stoep. Geen teken van 'n hond nie. Sy vertoon klein voor die berg.

"Julle is laat, ek wou al geloop het", sê sy.

"O, is jy Lelanie! My genade ek ken mos vir jou!", sê Felicia en hulle omhels mekaar soos ou vriendinne. Lelanie steek haar hand na my uit.

"Jy is die een wat die boek skryf?", vra sy. Lelanie trek haar hande deur haar kort, deurmekaargeknippte hare. Hoe het Felicia my projek aan haar verduidelik? Lelanie lyk nie

ouer as middel twintigs nie. Ek voel oor my hemsak na die diktafoon. Sal ek dit ongemerk aanskakel? My hemp is te groot vir my.

"Kom in. Fernando is ook hier", sê sy.

Ek voel of my kraag plat gevou is.

Fernando sit op 'n leunstoel voor 'n sneeurige televisie. Hy kyk op en sê iets wat klink na:

" 'Nando."

"O, maar ek ken mos die gesiggie!", sê Felicia.

"Middag." Dit is onmoontlik om spontaan te klink. Ek probeer uitmaak waarna Fernando op die televisie kyk.

Ek en Felicia gaan sit op 'n zebra-gestreepte tweesitplekbank oorkant hom. Fernando het 'n sweetpakbroek en langmoutop aan, met wit sokkies en plakkies. Die vertrek is donker en koel met Afrika-motiewe teen die mure en 'n leiklipvloer. Die luiperdvelgordyne maak 'n raam vir die berg en die rooi tuingrond. Dit kan net sowel die familieplaas in die Gamtoosvallei wees waar my ma se suster en haar man steeds boer. Ek onthou hoe ek op die groot huis se stoep gespeel het, terwyl die werkers en hulle kinders avokadopere en lemoene pluk. Smiddae gaan lê ek kaalbolyf op die klipvloer in die gang. Elke Afrikaner ken só 'n huis.

"Theo het gesê ons kom gesels maar net vandag", sê Felicia. Ek haal die diktafoon uit en sit dit neer op die bank se armleuning. Na Dippenaar se onderhoud het ek beseft dat ek vergeet het om die plastiekomhulsel van die bandopnemer se luidspreker te verwyder. Vandag sal ek hopelik 'n duideliker onderhoud opneem.

"Ja, nee dit is reg! Theo kan maar gesels met ons", lag Lelanie. Sy kyk na die diktafoon en skud haar kop instemmend. Fernando skuif sy lang lyf ongemaklik weg van ons, nader aan die televisie.

"Hoeveel kinders het jy?", vra ek na 'n ruk. Ek kan aan geen ander vraag dink om 'n gemaklike gesprek te begin nie.

"Fernando is nou sestien, maar hy het 'n ander pa", antwoord Lelanie en kyk na die televisie wat beelde flits oor Fernando se bleek gesig. Lelanie is intussen met haar nuwe man, Patrick, getroud.

"Dan het ek 'n jonger seun, Hilton, en nou die ene wat op pad is." Lelanie vryf oor haar maag.

"Dis 'n dogtertjie, Felicia!" Sy lag met haar kop agteroor. Ek sien nou eers die goud in haar voortand. Dan die maag onder die swart stywe top. Hoe kon ek dit misgekyk het?

"'n Dogtertjie? Ag mammie! Fernando hoe voel jy oor 'n sussie vir julle?", vra Felicia met 'n hoë stemtoon asof sy met 'n klein kind praat.

Fernando draai sy kop, sonder om sy oë van die televisie te haal. Dit is rofstoei. Jy kan die buitelyne van die stoeiers uitmaak, maar nie hulle gesigsuitdrukkinge as hulle op mekaar spring nie. Ek skrik toe ek sien hoe moeg Fernando lyk. Hy aarsel om iets te sê, maar kyk dan weer na die televisie.

"Theo moet maar eerder vrae vra", sê Lelanie en maak oogkontak met Felicia. "Fernando is maar 'n stil een."

"Ja, hy is 'n stil kind. Ek kan sommer sien", sê Felicia in 'n babastem.

"In watter graad is jy volgende jaar?", vra ek. Fernando het 'n baie ligter velkleur as sy ma. Ek kan Lelanie se oë op my voel, asof sy my sin namens haar kind wil herformuleer.

"Ek gaan nie na 'n graad toe nie", sê Fernando in 'n monotone stemtoon. Dit neem my 'n paar sekondes om uit te maak of ek reg gehoor het. Op die flikkerende televisie is die stoeier besig om hom dieper in die toue te woel en reg te maak vir 'n aanval.

Lelanie vryf met geverfde naels deur haar hare en kyk vir die plafon.

"Fernando is in Laerskool Vlakte en hy herhaal volgende jaar Graad 7. Dit was 'n moeilike jaar vir ons. Hulle wat gerehabiliteerd is, moet besig gehou word", sê Lelanie.

"Hoe lank is Fernando nou al skoon van...." Ek kan nie die woord 'tik' uitkry nie. Dit voel vreemd om die seun se naam te noem, asof hy nie in die vertrek is nie. Maar dit lyk nie of hy werklik gaan deel in die gesprek nie.

"71 dae", antwoord Fernando. Sy stem is skaars hoorbaar bo die stoeigeluide.

"Wat sê jy Bokkie?", vra Lelanie en leun vorentoe om aan sy arm te raak. Fernando sit roerloos.

"O ja," lag Lelanie, "hy is 71 dae skoon." Sy kyk uit oor haar tuin terwyl sy vertel van die boek wat sy nog wil skryf, *Motherly Instincts*. Dié boek sal gaan oor die stryd van mawees en die diep put waaruit sy gehaal is. As sy praat van haar sterk intuïsie, knyp Lelanie haar oë toe en skuif vorentoe in haar stoel.

"Sonder moederlike instinkte is ons tieners verlore, *you know*", sê sy asof sy die opsomming agter op haar boek lees.

"Is dit nie waar nie?", sê Felicia en kyk na my. Die litteken op my sleutelbeen is vandag gevoelig. Ek maak die boonste knoop van my hemp los en krap liggies daaroor.

"Hoe het jy agtergekom jou kind is op tik?", vra ek en kyk na Lelanie.

"Dit is 'n gawe wat die Here vir my gegee het. Fernando sê mos ek is 'n *fortune teller you know*."

"Ag moeder!", sê Felicia en druk liggies aan my. Verwag sy van my ook om deernisvol te klink?

"Was daar dan géén ander tekens behalwe instink nie?", wil ek vra. Maar Lelanie is reeds besig om vir Felicia te vertel dat Fernando haar buite-egtelike kind by Kenneth Cupido is, 'n bendeleier van Cloetesville. Lelanie was 'n tiener toe sy Kenneth ontmoet het. Hoe is dit om 'n dwelmbaas se meisie te wees? Is dit die donker put waaruit sy gehaal is? Toe Fernando vier

jaar oud was, het sy met Patrick getrou en nooit weer vir Kenneth gesien nie.

Lelanie sit met beide hande oor haar maag gevou. 'n Seun stap verby met 'n Bad Boy-kepsie agterstevoor op sy kop en waai vir haar. Na 'n minuut is hy terug met 'n worsrol. Dit moet Hilton wees.

"Sien jy ooit jou pa?", vra ek en leun vorentoe na Fernando, wat die televisie intussen na SABC2 verander het. Fernando druk die afstandbeheer al vir 20 minute teen sy wang vas.

"Ek wil hom nie sien nie", sê hy.

Lelanie glimlag vir my asof sy wil sê: "Hoor jy, hy sê dit self. Fernando wil nie sy pa sien nie."

Maar dan sê sy: "Kenneth bly hier onder. Hy is 'n *high flyer distributor* wat dertien-, veertienjarige meisies se lewens verwoes. Hy kry hulle *hooked* op die *drugs* en dan speel hy die rol van die minnaar."

"Gebruik hy self dwelms?", vra ek.

Lelanie kyk na Fernando. Hy moet tog luister na die gesprek, want hy lig onmiddellik sy skouers op.

"Fernando moet altyd 'n *second chance* kry, omdat hy Kenneth se kind is. Hy is altyd eerste 'n *drug dealer* se laaitie voor hy net hy kan wees. Dit maak hom baie seer."

"Hoe is Fernando se verhouding met Patrick?", vra ek. Lelanie skuif rond in haar stoel. Vir die eerste keer ruik ek haar soet parfuim.

"Fernando sê vanselfsprekend *Daddy* vir hom en Patrick praat van hom as sy seun", antwoord sy.

"Dis mooi né?", sê Felicia en kyk na my. Ja, glimlag ek. Dit is waarskynlik die langste wat ek nog sonder sigarette was.

Lelanie vertel van die middag wat sy by Edgars weggery het. Sy het eers 'n selfmoordbrief in

Fernando se klerekas ontdek en toe in die sitkamer neergesak en gebid. Sy wys na die hoek van die vertrek waar 'n hout-olifant met sy slurp denkbeeldige water oor sy rug spuit.

“Ek was by ’n sielkundige *you know*. Sy het gesê Fernando het *issues* met sy biologiese pa, daarom wil hy nie meer leef nie”, antwoord Lelanie op my vraag oor die redes vir Fernando se selfmoordpoging. As ek haar vertel dat die meeste verslaafdes na ’n euforie aan ernstige depressie ly en dikwels selfmoord oorweeg, bly Lelanie vir 'n lang ruk stil en trek haar oë op skrefies.

"Eendag toe kry ek by die werk weer die snaakse gevoel. Daai *motherly instincts you know*."

Sy lag en steek ’n hand uit na Felicia.

Felicia sug hard en sê: “Ai hoe sal ek nie weet nie. Ons moeders darem.”

Sy knipoog vir my. Ek sal met Felicia moet praat oor hoe sy regtig voel oor die mense waarheen sy my neem. Hoe verwag sy moet ek optree in onderhoude saam met haar?

Lelanie vertel hoe sy van Fernando se agteruitgang bewus geraak het, hoe sy hom en sy beste vriend, Hendré, tydens skoolure in die huis se badkamer betrap het. Haar oë fladder en haar toon is dramatiserend. Fernando het ook sy skool se sokkerspan verlaat en vir *The Falcons*, wie se afrigter met tik smokkel, begin speel. Op my vraag of Lelanie nie die twee seuns in die badkamer vreemd gevind het nie, antwoord sy dat sy gedink het dit normaal is vir tieners om saam te bad. Ek kyk na my hande en druk die oorgroei naelvelletjie van my wysvinger terug.

"Klein goedjies het uit die huis begin wegraak”, vertel Lelanie van Fernando se verval. Sy bly vir ’n ruk stil voordat sy byvoeg: “Dit was nie Fernando nie, maar die tipe vriende wat hier gekom het. Hulle is *drug addicts*. Hulle steel *playstations*."

“Het Fernando begin steel?”, vra ek. Omdat tik die gebruiker se seksdrang, energie- en ag-

gressievlakke verhoog, maar hulle inhibisies verlaag, is dit 'n middel waarmee dwelmsmouse maklik 'n houvas op jong seuns kry om vir hulle te steel. Baie tikbase werf hulle kliënte op die sokkerveld, soos moontlik die geval was met *The Falcons* se afrigter.

"Ja", lag Lelanie en leun vorentoe om Fernando se arm te vryf. "Hy het sy eie selfoon verkoop."

Fernando se wenkbroue is onegalig, asof sekere van die hare gepluk is om soos 'n stippellyn te lyk. Ek sit vorentoe om beter te sien, maar na 'n paar sekondes draai hy terug na die televisie.

*

Hilton het intussen in die deur kom staan en kyk na sy ma. Lelanie is besig om te vertel van die dag wat die skoolhoof gebel het om te sê dat Fernando 'n ander seun met 'n mes aangeval het. Dit was in dié tyd, sê sy, dat daar 'n afwesige blik in Fernando se oë was. Lelanie vertel dat sy eerder haar kind voor 'n bus wou instamp as om hom aan tik te verloor. Sy wou nie saans sy kamerdeur oopmaak nie, uit vrees dat hy nie in sy bed is nie.

Hilton onderbreek haar verhaal met 'n gebaar dat sy na buite moet kom.

"Ai die *baby* van my", sê Lelanie. Sy staan op en stap by die voordeur uit.

Dit moet die afwesigheid van klank wees wat maak dat Fernando sy kop met moë oë van die skerm draai. probeer in die gang afkyk na waar sy kamerdeur is, maar kan niks sien behalwe 'n skildery van 'n Bosveldtoneel nie.

"Hoe voel jy nou oor die hele storie?", vra Felicia.

"Ek voel reg", antwoord Fernando. Hy trek sy plakkies uit, sodat ek die bruin onderkant van sy wit sokkies sien.

"Ek kry nie meer lus nie", sê hy asof dit 'n aparte antwoord is op 'n tweede vraag.

"Ek *worry* ook nie oor my vriende wat dit nog doen nie. Al my vriende wat ek nou het, is bekeer. Een van hulle was saam met my daar."

Dit is die meeste wat Fernando nóg gepraat het. Miskien wou hy al lankal iets sê.

"Waar is daar?", vra ek.

"By die *rehab*. Op die N1. Die Salvation Army", antwoord Fernando.

*

As Lelanie weer kom sit, vertel sy verder van die messteekvoorval soos 'n kind 'n opstel skryf: Fernando het 'n potlood in 'n boelie se bors gesteek nadat hy Hendré op die skoolgronde geklap het. Die boelie het vir meneer de Villiers gesê Fernando het hom met 'n mes gesteek. Toe sê Lelanie vir De Villiers dat 'n mes 'n veel erger wond sou maak. Toe sê De Villiers dat 'n potlood as 'n wapen gesien word en dat hy Fernando nie in sy skool wil hê nie. Lelanie het die onderwysdepartement gebel wat gesê het dit is onwettig om die kind te skors; die kind het die reg tot onderwys. Ek glimlag en dink hoe Dippenaar hierdie sinsnede met koekvurkie en pinkie in die lug herhaal het.

"Toe is die skool lekker in hulle dop gekruip," lag Lelanie. "Want ek het mos die onderwysdepartement gebel."

'n Gelukkige einde vir die potlood-opstel.

*

Lelanie skuif vorentoe en vertel hoedat Fernando en Hendré eendag té lank in die badkamer gesit het. As sy haar bene oormekaar vou, trek haar swart broekspyp op sodat 'n gedeelte van haar been uitsteek. 'n Goue ketting met dobbelstene hang los om haar enkel.

"Jy kan mos nie tik ruik nie. Hulle is ook so slim, want dit is mos nou vol wasem in die badkamer", sê sy met 'n vreemde glimlag.

Nadat Hendré met verstarde oë weg is, het Lelanie Fernando met sy broek op sy knieë in die

toilet gekry. Toe sy 'n kaggeluid hoor, soos glas teen teëls, het sy die deur agter haar toegedruk en voor Fernando gaan kniel en gevra of hy tik rook. Lelanie het Fernando van die toilet afgeruk, om te kyk of hy nie die lollie in die toilet gegooi het nie.

Toe sy nie die lollie in die toilet sien nie, het sy in sy broeksakke gekrap en op 'n gebreide rasta-kleurige sakkie afgekom. Binne-in was 'n banksak vol wit poeier. Later toe Patrick by die huis kom, het Lelanie reeds die pastoor en die polisie gebel. Hulle het Fernando op die toilet gekry en in die vangwa gelaai.

*

Tydens die opskryf van die onderhoud met Lelanie en Fernando, wou ek met 'n polisie-konstabel gesels wat elke dag met tikverslawing in Idasvallei gekonfronteer word. Die enigste polisiekantoor in die bruin woonbuurte van Stellenbosch is in Cloetesville. Die enigste offisier wat die bestryding van tik sy missie maak, is sersant Marius April. Die dag wat ek hom gaan sien het, was die hele stasie toe onder stof van 'n herbouing. Vir die eerste keer in dertig jaar word dié polisiestasie opgeknep.

Sersant April sit bo-op sy lessenaar en skuif die lêers met tikinligting na my toe. Langs die dokumente is foto's van sy vrou en tienerseun. Die diktafoon hou ek naby aan sy gesig, om die gekap in die agtergrond te probeer uitskakel. Ten minste 60% van die kinders in hierdie gebiede gebruik tik, vertel April my.

“Is daar 'n verskil in verslawing tussen Idasvallei en Cloetesville?”, vra ek.

“Nee”, skud hy sy kop. Hy haal 'n plastieksak met toegedraaide koerantpapier uit 'n staalkabinet.

“Dit is oral ewe erg.”

Sersant April sit die sak bo-op die lêer met die foto's van kinders wie se organe ingegee het.

Jong mense met ingesonkte wange en gebarste velle.

“Ons vang elke maand 50 karre wat tik in en uit onse gemeenskap ry”, sê hy. “Die tikepidemie is lankal nie meer net die probleem op die Kaapse Vlakte nie. Dit is oralste: van Paarl, Worcester, Wellington, Stellenbosch. Oral.”

“Hoekom is dit so gewild onder bruin mense?”, wil ek weet.

“Dit is goedkoop - tussen R30 en R40 ’n lollie - en dit hou jou 18 tot 24 uur hoog. Anders as kokaïene met ’n 30 minute lange *high*, en tussen R100 en R200 kos, of *ecstasy* waarvoor jy tot R150 betaal. Omdat tik by die huis gemaak kan word, beteken dit ook sakgeld vir die jong outjie. ’n Gram suiwer tik kos tussen R200 en R300 waarvan 10 strooitjies gemaak kan word”, sê hy.

“En die tikbase? Hoe suksesvol is julle om hulle te vang?”, vra ek.

“Daai mense is die slimste van almal. Jy kan net in hulle huise ingaan met ’n lasbrief. En die gemeenskap is moeilik. Niemand wil praat nie. Moenie dink hulle bêre die goed in hulle huise nie. Al die *professionals* het *warehouses*.”

Hy wys na die sak. “Kies vir jou een.”

Ek vou die plastiek oop met glaspype van verskillende groottes, bolvormige koppe en fyn stele. Bo-op elke glaspyp se kop is ’n klein gat waarin die wit poeier gegooi word. Sersant April druk ’n 5 cm lange glaspyp in my hand.

“Dit is ’n *craft*, die goed word uit *bulbs* geblaas.” Hy sit die sak weer terug in die kas en haal ’n banksak met wit kristalle uit sy sak. Dan lag hy: “Hierdie is seker R4,000 werd. Jy kan geld maak uit dié bedryf.”

*

Nadat Fernando in die hof verskyn het, vertel Lelanie, is hy na die Salvation Army verwys. Hier het hy vir ses weke lank van God se beskermingsklere geleer.

"Vertel bietjie 'Nando", por Lelanie hom aan.

"Dit is die helm", sê hy en vat aan sy kop. "Dit is die skoene wat jy..." en hy buk af om aan

sy voete te raak. Dan stop hy in die middel van sy sin en draai om na die televisie.

"Hoe was dit as jy nou...?", vra Felicia en wys met haar hand voor haar gesig, soos wanneer jy beduie dat iemand dom is.

"O, op tik?", vra Lelanie en kyk vir Fernando wat vir die eerste keer glimlag. Hy draai met sy hele lyf in ons rigting.

"Jy voel *on top of the world*. Dit voel of jy niks *worries* het nie en jy speel tok-tokkie-vang."

"Wat is dit?", vra ek.

"Tokkie-vang is soos as jy nog sit, dan hoor jy iemand by die deur klop. As jy oopmaak is daar niemand nie." Fernando glimlag breër. Hy deel 'n geheim van iets wat net hy ken.

"Waar het jy die geld gekry om dit te koop?", vra ek.

"Jy het 'n boekie by die *merchant*. As jy nie kan terugbetaal nie, word jy 'n *runner*. Dan breek jy in en steel vir hulle."

"Het julle by die skool getik?", wil ek weet.

"In die toilette ja. Die ander kere was by sokker."

"Hoe voel 'n mens as jy afkom?"

"Jy wil net slaap. Jou keel is droog en jy wil die hele tyd water hê. Jy kan niks eet nie."

*

Lelanie loop saam met ons tot by die kar. Sy hou 'n gelamineerde kaartjie na my uit. "Kyk, dit was wat my deur dit alles laat glo het dat dinge met Fernando sou beter word, *you know*."

Psalm 23 se woorde is geskryf teen die agtergrond van 'n opkomende son. Ek steek my hand uit om Lelanie te groet, maar sy druk my so styf vas dat ek die diktafoon in my bosak teen haar borste voel druk.

"Dankie dat jy gaan skryf oor ons", sê sy en kyk terug huis se kant toe na waar Fernando voor die televisie sit.

"Jy kan maar ons regte name gebruik, ek het niks om weg te steek nie."

Ons ry deur Idasvallei se strate sonder om te praat oor die onderhoud. Felicia waai vir karre wat verby ons ry. Kinders so oud soos Hilton speel sokker op 'n oop stuk veld. Felicia laai my af by my kar. Genadiglik het niemand ingebreek nie.

Juffrou Isobel se partytjie

Op pad terug van die ontmoeting met Lelanie, besluit ek om 'n draai by Laerskool Vlakke te maak. Die skoolgronde is reeds leeg. Die sekretaresse luister met toe oë na Kenny G in haar geel ontvangskamer. As ek haar vra om met die hoof te praat, lei sy my met 'n fluisterende stem na sy kantoor.

Ek sit oorkant Steve de Villiers, skoolhoof van Laerskool Vlakke, wat in die *Eikenbosch Gazette* geskryf het oor die gevare van tik in sy gemeenskap. Agter sy lessenaar hang die geraamde artikel met 'n foto van De Villiers voor die skoolmuur, langs die skoolleuse: “Die Waarheid Seëvier.”

“Hoe hanteer jy dwelmmisbruik in jou skool?”, vra ek.

“Hoe hanteer jy dit?”, herhaal De Villiers en sug. Hy vee met sy groot hande oor sy gesig. 'n Dun goue ketting druk om sy pofferige gewrig.

“Jy eerbiedig die kind deur hom of haar nie uit te vloek of te slaan nie. Kinders word in demokrasie onderrig”, sê hy.

“Wat beteken dit?”, vra ek. My hemp se moue rol ek styf op tot in die helfte van my arms.

“Die kinders het twee stelde waardes: dié van die gemeenskap en die skool s'n. Miskien is die gemeenskap nog nie gereed vir vryheid nie. Daar is nog diegene wat glo dat jy 'n kind deur geweld kan red. Deur hom of haar te slaan. Maar dwelms diskrimineer nie teen uitgedaagde gemeenskappe nie. En dan kry jy nou maar jou probleemkinders.”

De Villiers glimlag vir die diktafoon asof dit 'n spieël is.

“Wat maak jy met 'n probleemkind?”, vra ek.

Hy stoot sy gemakstoel tot teen die muur agter hom. Sy kop raak aan die materiaal waarop die leuse gedruk is. Ek het my voorgeneem om niks van Fernando te noem nie.

"Wat sien ons as 'n probleem-kind? 'n Kind wat skielik iets drasties doen? Geweld pleeg?", vra hy.

Die voue in meneer De Villiers se nek is natgesweet.

"Die tipe geweld waar kinders wapens optel om ander kinders seer te maak, het begin. Dit is sulke vorme van sadisme wat die saadjies van geweld is. Dit is die saadjies van die messteek en die gewoorskoot. Ongelukkig kom dit van die mag van die voorbeeld. So ek trek 'n lyn tussen die ouers en die gemeenskap wat dit goedpraat of niks sê nie. Anders beteken dit ons kinders het net uitgehaak en dit beteken dan dat ons met tydbomme sit", sê hy.

De Villiers se wange hang oor sy klein ken.

"Wat sê u eintlik?", kan ek nie help om te vra nie.

"'n Uitlaatklep is te klein vir die emosies wat binne-in daai kind is en wat dan 'n irrasionele optrede pleeg. Sodra dit erken word, wil ons 'n normale rede vir 'n abnormale situasie gee", antwoord hy. Meneer De Villiers sê die woorde asof hy dit gerepeteer het.

"Dit beteken dat jy die waardesisteme wat ons vir ons almal wil hê, moet tuisbring by ons kinders."

"Maar wat máák jy met die probleemkind?," hou ek vol.

"Dan is dit seker nou om sielkundige hulp in te kry. Die oorsaak van die geweld moet bepaal word en die kind moet bekendgestel word aan die regte waardesisteme. As dit 'n chemiese afwyking is, moet die kind medikasie kry."

Meneer De Villiers vee die sweet van sy wenkbroue. Langs die berig en die skoolleuse, hang 'n ry foto's van voormalige skoolhoofde. In die middel is 'n rooi plastiek muurhorlosie wat op 11:30 gaan staan het. Dit is reeds na 14:00.

"En dwelms? Gebruik die leerders tik in jou skool?", vra ek.

"Tik?", vra meneer De Villiers in 'n hoë stemtoon.

"Ja", knik ek my kop.

“’n Mens sou sê dat laerskoolkinders in die algemeen uitgedaag word deur tik,” antwoord hy.

“As ’n mens kyk hoeveel kinders op hoërskool dit gebruik, dan sou ek sê van hulle gebruik dit miskien. Die kinders bly in dieselfde strate en speel in dieselfde parke.”

“Maar die leerders in jou skool? Is daar leerders wat tik gebruik?”, vra ek.

“Dit kan ek nou nie antwoord nie, meneer Kemp. Dit is nie onwaarskynlik nie.”

*

Twee weke later sit ek by my woonstel se kombuistafel met Ivan Illich se boek, *Deschooling Society*, wat ek in ’n tweedehandse boekwinkel in Langstraat in Kaapstad gekoop het. Illich was ’n Oostenrykse sosioloog en onthefde Rooms-Katolieke priester wat in die sewentigerjare bekend geword het met *Deschooling Society*.

Marco kom staan met windverwaaide hare in die deurkosyn.

“The power of school thus to divide social reality has no boundaries: education becomes unworldly and the world becomes non educational”, onderstreep ek met ’n ligte potlood oor die boek se vergeelde bladsye. Hy hou ’n bruin papiersak na my uit.

“Nou net gaan haal by die poskantoor,” sê hy kouend. “Ware pekanneute van my familie uit Aberdeen.”

Dié dorpie is in die Klein-Karoo, sowat 60 km van Graaff-Reinet in die binneland. Marco trek ’n stoel oorkant my uit. Hy vryf oor die skryfmerke op die houttafel se blad – een van die min meubelstukke wat ek oor het van ons plaas in die Suurveld. Ek neem die sak en druk ’n handvol neute in my mond. Die namiddagson val oor Marco se gesig. Sy oë is groot en ernstig.

“Weet jy wat het my argitektuur laat kom studeer?”, vra hy en vryf oor sy bokbaard. Met my mond vol neute, skud ek my kop.

“Die eerlikheid en gestrooptheid van die huise in die Karoo”, sê hy. Ek maak Illich se boek toe met my vinger op die bladsy.

“En die sjarmanste van dit alles is die platdakhuise met hulle brakdakke. Ek kan nou nog my ouma se huis ruik”, sê hy met sy oë toe.

“Wat is ’n brakdak?”, vra ek. Die wind ruk aan die vensterraam agter my, terwyl die berg oranje-pienk in die vroeg skemer skyn.

“Dit was ’n tegniek wat die Afrikaners gebruik het om hulle huisdakke op ’n goedkoop manier te verseël. Jy ken tog mos die dik balke en rietdakke van die ou huise?”, vra Marco.

Ek skud my kop en druk my hand in die sak vir nog neute.

“Die ou mense het daai riete toegegooi met fyn gespitte brakgrond wat hulle dan natgelei het. Of die beste was as hulle die brakgrond bo-op die riete gegooi het en dit begin dan reën, want die vogtigheid in die lug het die brak die vinnigste hard gemaak.”

“Was die grond regtig brak, soos in brak water?”, vra ek.

“Ja”, lag Marco, “omdat brakgrond ’n hoë soutinhoud het, is dit relatief waterbestand en het die dakke vir jare nooit gelek nie. Brak is niks anders as lym wat die riete vashou nie. Ek onthou nog hoe my ouma vertel het dat hulle kwepers en granate binne onder die plafon van die brakdak weggesteek het, sodat die hele huis in die winter na vrugte ruik.”

My selfoon lui. “Felicia” lees ek op die skerm. Ek stap kamer toe met die neute in my hand en maak die deur agter my toe. Terwyl Felicia praat, trap ek versigtig deur die gesorteerde papierhope op die grond tot by my lessenaarstoel. Dit ruik na dae lange vasgekeerde rook in my kamer. Ek kan nie die kans waag om die vensters oop te maak nie. Juis gisternag het ek wakker geskrik met die droom dat my knipsels uit die kamer oor die hele stad tot by die hawe waai.

“Ek weet nie of jy al ’n ander storie het nie, maar ek ken ’n juffrou Isobel wat bid vir die tik *addicted*. Sy het Sondag in die kerk gesê jy kan met haar kom gesels”, sê Felicia alles in een asem.

Buite die venster brand die stad se ligte al. Ek weet nie hoe om vir Felicia te sê dat ek geen ander moontlikhede vir stories het nie. Op hierdie stadium lees ek Ivan Illich om te verstaan hoe die strukture van die samelewing werk. Skuil ek agter boeke, omdat ek nie weet hoe om ’n ontkennde skoolhoof soos Steve de Villiers te hanteer nie?

“Bid sy sodat hulle moet ophou tik rook?”, vra ek en druk die neute een vir een in my mond sodat Felicia my nie kan hoor kou nie.

“Ja, sy is ’n wonderlike mens”, sê Felicia in ’n afgehaalde stemtoon. Miskien klink ek té skepties. Hoe pas nog ’n onderhoud oor tikverslawing in die groter geheel van die kwessies rondom ons skoolstelsel in my boek? Miskien moet my projek dan net oor Idasvallei handel en kan ek juis deur te fokus op ’n miniskule deel van ons samelewing, iets sê oor die konsep ‘skool’?

“Niemand anders bid mos meer vir onse kinders in die skool nie”, sê Felicia. Ek soek met my oë na die lêer “Geloof vs Skool” tussen die ander hope op die vloer. Die meeste van die berigte in hierdie lêer gaan oor die ANC-regering se standpunt dat geloof nie in skole beoefen moet word nie.

“Waar bid Juffrou Isobel vir die kinders?”, vra ek.

“Juffrou Isobel bid by die huise, oral. Sy hou ook partytjies vir die kinders. Danene was nou die dag by een van hulle”, sê Felicia.

Ek is nie seker dat ek ’n storie moet skryf oor die genesende krag van geloof nie. Gaan Juffrou Isobel nie net tekere gaan oor Christelike waardes in skole, asof dit die enigste oplossing is vir ons skole se probleme nie?

“Dit kan seker nie skade doen om met ’n biddende jffrou te gesels nie”, sê ek.

“Ek sal moet gaan”, sê Felica na ’n ruk. Ek het hopeloos onvergenoegd geklink, besef ek. Voordat ek dit kan probeer regstel, sluit Felicia die gesprek af: “Juffrou Isobel gaan slaap vroeg en ek wil met haar gaan praat as jy haar nog more wil sien.”

*

Op pad na Juffrou Isobel se huis in Idasvallei, besef ek dat my diktafoon weg is. Met my een hand hou ek die stuurwiel vas en leun oor na die passasierskant om aan die binnekant van my drasak te voel. Die artikels, notaboek en die plastiëksak neute, maak die sak so vol dat ek sukkel om behoorlik te soek. Ek het vanoggend doelbewus my sigarette by die woonstel gelos, sodat ek daaraan kan gewoond word om nikotienvry onderhoude te kan doen.

"Ek kan nie vandag die onderhoud doen nie", bel ek Felicia geïrriteerd. Die sak het ek intussen op die vloer uitgegooi en die kar per ongeluk na die geelstreep geruk. Die motoris agter my druk sy toeter. Ek draai die stam truspieël om te sien hoe ’n man sy arms in die lug swaai, terwyl ek die selfoon teen my oor hou. Ek kyk na die asbak vol sigaretstompies.

"Juffrou Isobel is 'n maklike mens. Sy sal nie *mind* as jy sit en nota's maak nie", sê Felicia.

"Ja, maar ek gee om, want dit sal nie dieselfde wees sonder 'n diktafoon nie. Ons sal dit moet uitstel", sê ek en besef hoe gemaksugtig ek klink.

"Ek sal na Juffrou Isobel toe loop, moenie *worry* nie, sy sal verstaan", sê Felicia.

Hoekom doen sy al die moeite? Glo Felicia werklik dat ek ’n verskil kan maak deur oor haar gemeenskap te skryf? Dalk moet Felicia nie so betrokke raak nie. Wat as sy nie hou van hoe ek haar mense uitbeeld nie?

"Ek is jammer Felicia, ek weet jy doen baie moeite. Ek is op pad. Pen en papier sal my nie doodmaak nie."

"Moenie *worry* nie, man. Alles sal *fine* wees. Ek wag vir jou voor Juffrou Isobel se huis."

*

Juffrou Isobel se dubbelverdiepinghuis aan die onderkant van Bergweg in Idasvallei, het half-maanvormige vensters met wit mure en pilare. Jare se reën het swart strepe oor die verf getrek. In die middel van die tuin staan 'n sementengel tussen ongesnoeide roosbome. Vanaf die stoep kan jy die groen mure van Felicia se huis aan die bokant van die straat sien. Dit is 'n bewolkte dag. Op sulke dae sou ek tot onder in die kloof op ons plaas gestap en gewag het tot die reën uitsak. Vandag is nie so 'n poëtiese dag waar ek die grond ruik en varkore op 'n myl kan sien deur dik strome grys water nie. Ek vroetel aan die styfgespande ritssluiters van my drasak.

"Hallo Felicia", fluister Juffrou Isobel as sy die deur oopmaak. Die sekretaresse van Steve de Villiers staan voor ons. Ek kan nie onthou dat Felicia gisteraand gesê het dat Juffrou Isobel by Laerskool Vlake werk nie.

"Kom binne julle tweetjies." Sy vryf oor haar keel.

"Hoe gaan dit?", vra ek. Dit lyk nie of sy my kan onthou nie.

"Kom in", is al wat sy antwoord.

Juffrou Isobel het 'n geel broekpak en goue sandale aan en haar swart hare hang lank oor haar skouers. Ons staan in die voorportaal. Teen die muur hang 'n horlosie wat op 8:00 gaan staan het. Juffrou Isobel wys ons na die sitkamer en loop by die voordeur uit, want sy moet dringend iets by die winkel gaan koop.

Ons gaan sit op Victoriaanse stoele wat met ligpienk roosmateriaal oorgetrek is. Aan die oorkant van die vertrek staan vier groot koperpote. Daarnaas is 'n *sideboard* waarop ten minste 30 koperpotjies uitgestal is. Ek haal die notaboek uit en skryf: "Horlosie stukkend soos Steve de Villiers s'n."

'n Gebraaide uie- en kerriereuk hang swaar in die vertrek. Ek is honger. Miskien het Juffrou Isobel nog 'n bestanddeel vir die kerrie gaan koop? Op die koffietafel voor my is foto's uitge-

stal van Moslemmans en hulle bruide.

"Is Juffrou Isobel Moslem?", vra ek vir Felicia. Die venster agter die bank waarop sy sit, kyk uit op 'n hoë sementmuur.

"Nee," lag sy. "Juffrou Isobel is 'n groot Christen. Die helfte van haar familie is Moslem en die ander is *geturn*."

"Kyk daar is 'n foto van haar oorlede man," fluister Felicia en wys na die vertoonkas langs my. Die gesig van 'n gryskopman in 'n deftige pak steek uit tussen porseleinkoppies en –poppe. Op die fotoraam staan "Laerskool Vlakte."

"Hy lyk netjies", sê ek.

"Ja, hy was mos Juffrou Isobel se skoolhoof gewees!", antwoord Felicia. "Uncle Manie was sy naam. Ons het hom almal so geken."

Die idee was om oor die tik-kindere te kom praat waarvoor Juffrou Isobel bid. Nou is hier 'n nuwe storie van verbode liefde tussen 'n sekretaresse en haar skoolhoof. Ek skuif vorentoe en trek aan een van die plastiekblare van die geel rose in die koperpot op die koffietafel.

"Hoe gaan ons oor oom Manie begin praat? Miskien moet jy uitvra?", sê ek.

Felicia wys met haar wysvinger voor haar mond dat ek moet stilbly. Juffrou Isobel sluit die voordeur met die geel glasruit oop.

"Ek is jammer ek was so lank weg", sê sy as sy langs Felicia gaan sit. Haar gesig trek plooi soos sy glimlag.

"Wat is dit waarmee Theo nou eintlik besig is?", fluister Juffrou Isobel. Sy vryf met haar linkerhand, waaraan 'n diamanttring blink, oor haar nek en haar regterarm.

"Ek ondersoek die toestande in ons skole, Juffrou Isobel", antwoord ek.

"Ek is nou al 32 jaar lank sekretaresse by Vlakte Laer en jy kan my niks vertel van skole nie", sê Juffrou Isobel. "But you determine your own happiness, is dit nie so nie?"

Felicia knik haar kop instemmend as Juffrou Isobel aan haar skouer vat.

“Dis baie waar Juffrou”, sê Felicia. Ek het my voorgeneem om met Felicia te praat oor haar verhouding met die mense waarheen sy my neem. My moed het my begewe toe ek Felicia voor haar huis sien staan het.

“Hoe bedoel Juffrou jy moet jou eie geluk bepaal?”, vra ek. Dit is moeilik om iemand 'Juffrou' te noem wat ek skaars ken. Tog voel dit belangrik om dieselfde respek as Felicia aan haar te betoon. Dalk is dit vir Juffrou Isobel belangrik om só aangespreek te word.

“Ek is een vir vernuwing,” antwoord Juffrou Isobel. “Maar onse kinders lees nie meer die Bybel nie.” Sy vryf haar keel en sluk hoorbaar. “Ek lees alles oor my Skepper.” Voor my op die koffietafel tussen die rose en die foto's lê 'n swartband-Gideonsbybel.

“Dink Juffrou dat die afwesigheid van 'n geloofsleerplan in die skole bydra tot die hoë tikverslawing onder tieners?”, vra ek.

“Ja, dit is die een kant van die storie”, sê Juffrou Isobel. “Kinders weet nie meer van God se wil nie. Hulle het nie meer respekte nie.”

“Maar is dit nie beter as in die verlede toe publieke skole net die Christendom bevorder het nie?”, waag ek dit. “Het kinders nie dwelms gebruik voor die wet verander het nie?”, voeg ek by.

Dit klink asof iemand in die kombuis 'n potdeksel oplig. Sal Juffrou Isobel dalk vir ons middagete aanbied? Sy bly vir 'n ruk stil en kyk in die rigting vanwaar die kosreuke kom. Haar hare val in 'n middelpaadjie.

“Dit is beter ja”, sê Felicia sag en skuif ongemaklik in haar stoel rond. “Want ten minste word ander gelowe ook erken. Maar die regering se redes was en is vandag nog verkeerd. Dit gaan nie vir hulle oor geloof nie.”

“Hoe so? Die regering sê ons moet leer van mekaar se gelowe, solank die kinders dit net nie op skool beoefen nie – want dan sluit ons mekaar uit”, sê ek. Juffrou Isobel kyk na Felicia en dan na my. Sy glimlag met stywe lippe, asof sy iets wil sê, maar nie weet hoe om dit te verwoord nie.

“Waaroor gaan dit dan?”, hou ek vol.

“Dit gaan oor *nation building* en *reconciliation* en al die regering se nuwe woorde vir niks”, sê Felicia. Ek wens ek kan haar gesigsuitdrukking beter volg, maar ek skryf verbete haar woorde neer.

*

“Ons ouers is nie genoeg betrokke nie, Felicia”, sê Juffrou Isobel. “Dit is ons plig om te weet wat met ons kinders aangaan.”

Haar stembande moet weer seer wees, want ek moet mooi luister om te hoor wat sy sê.

Ek wil die geselskap in ’n ander rigting dwing. Hoe het Juffrou Isobel betrokke geraak by die tik-kindere? Eintlik wil ek meer weet oor die verslaafde leerders in Laerskool Vlake. Dié wat skoolhoof De Villiers almal ontken. Behalwe vir Fernando moet daar tog ander leerders ook wees.

“Ek was by die dokter.” Juffrou Isobel druk met haar wysvinger teen haar keel. “En sy het vir my gesê Bergweg, onse straat, is die tikhool van die Vlei.”

Ek skryf vinnig, want ek wil geen woord mis nie.

“Ons kan mos nie niks doen in onse straat in nie”, sê Juffrou Isobel en kyk na my notaboek. Haar gesig het vinnig van lag tot baie ernstig verander.

“Toe besluit ek, ek gaan na huise toe in onse straat om te bid vir die kinders!” Juffrou Isobel se stem is skril.

“Maar hoe...”, begin ek.

Ek keer myself. Laat ek eerder Juffrou Isobel aan die praat hou.

Juffrou Isobel glimlag vir my en kyk vir haar hande, wat sy in haar skoot vou.

“Maar hoe doen jy dit? Hoe kom jy by die kinders uit?”, vra ek.

“Ek vra eerste vir die pappa en mamma of ek vir hulle kind mag bid,” sê Juffrou Isobel en druk haar lippe styf teen mekaar. Dit voel of sy met my praat soos met ’n laerskoolkind wat op sy tone staan om oor die ontvangstonbank na haar te kyk.

“Wat doen jy met die kinders? Bid jy voor die ouers vir hulle?”, wil ek weet en sien hoe Felicia met haar een voet op die mat trap. Is dit van irritasie?

“Ek neem die kinders eenkant toe om vir hulle te bid. Ek was baie lief vir my televisie, vernaam Christian Network, maar nou is daar nie meer tyd nie.” Haar stem raak weg.

“Ek is veertien jaar lank ’n weduwee. Ek het niemand anders in my lewe nie, want ek wil daar wees vir die kindertjies wat my nodig het.”

Ek druk die agterkant van die pen in my mond.

*

“My ma se familie kom van Indië”, sê Juffrou Isobel as ek uitvra oor haar geskiedenis. Juffrou Isobel se hare verberg haar ronde gesig. Ek kan ’n rooi kol in die middel van haar voorkop voorstel. Sal sy ooit Indië mis? Ek wonder hoe dit sou wees as haar familie nooit as slawe Suid-Afrika toe gebring is nie. Sy vertel dat sy, as een van nege kinders, uit ’n arm huis vol boeke kom.

“As die lewe jou *lemons* gee, moet jy *lemonade* maak, is dit nie so nie Felicia?”, sê Juffrou Isobel asof sy die eerste een is wat dit uitgedink het. Sy kyk na my en lag sonder om ’n geluid te maak.

“As ek dit vir meneer De Villiers vertel, sê hy hy sal sy *lemons* maar met tequila drink!”

Ek wonder met wie meneer De Villiers tequila drink en hoe sy gesprekke dan sal klink.

“’n Mens is verantwoordelik vir jou eie daade, en ek kan nie anders as om ander mense te wil

help nie. Niks anders moet kaal wees behalwe jou voete nie”, sê Juffrou Isobel.

*

Juffrou Isobel vertel dat 1993 die jaar is waarin sy haar ma en man verloor het.

“Ek was baie lief vir Manie”, sê sy en kyk na sy foto in die uitstalkas.

“Hoe het julle ontmoet, juffrou Isobel?”, vra Felicia en kyk na my.

“Wat ek by Laerskool Vlakte beginte het, was ek sewentien. Manie was die kunsonderwyser en hy het my eers aangekyk asof die kat my ingedra het. Toe baie jare later beseef ek dat hy nie van my kort rokkies gehou het nie. Manie was manierlik”, sê sy en kyk na die glaskas. Sal sy elke keer op dieselfde stoel sit, sodat sy na haar gestorwe man kan kyk?

“Manie het vir my van daai dubbele angeliere skool toe gebring, maar eintlik is rose my blom”, sê Juffrou Isobel met haar stem byna weg. Ek sit die pen op die notaboek neer en knak my vingers.

“Ag *shame*, Juffrou”, sê Felicia en kyk na juffrou Isobel wat na Manie staar.

“Ja,” fluister Juffrou Isobel. “Dan moet ek altyd jok en sê die kinders het dit vir my gegee. Ai die Manie. Ek het toe nog ’n ander outjie gehet en in dieselfde tyd het Manie skoolhoof geword.”

Juffrou Isobel het ’n goed versorgde vel, skryf ek.

“Toe Manie onse huis gebou het, het hy ’n klein venstertjie langs die voordeur gemaak sodat ek saans as hy by ’n skoolvergadering is, deur die venster kyk wanneer hy terugkom. Ek het baie aande vir Manie daar gewag.”

Juffrou Isobel sê dit met dieselfde glimlag as toe sy vertel het van die angeliere wat hy vir haar skool toe gebring het. Sy wys in die rigting van die voordeur.

“Maar hoe was dit om vir jou eie man sekretaresse te wees?”, vra ek en wonder dadelik of dit nie te onsensitief klink nie.

“Ons was baie professioneel.” Die lippe weer teen mekaar. Sy vryf oor haar kop en breek die middelpaadjie vir ’n paar sekondes voor die hare teruggly.

Felicia tel haar sleutel en selfoon van die koffietafel en hou dit in haar hande.

“Om van Manie afskeid te neem, was ’n groot geskenk.” Op “geskenk” breek haar stem.

“Manie was maar 51 toe hy gesterf het van die kanker.”

Felicia sit die sleutel en selfoon weer neer.

“Hoeveel jaar het julle verskil?”, vra ek.

“Sewentien jaar”, antwoord juffrou Isobel ooglopend gesteurd.

“Juffrou Isobel”, sê Felicia en staan op. “Ek moet net gou vir Danene by die skool gaan haal.”

“Ons is soos *Kelvinators*, ons familie se vroue”, sê Juffrou Isobel. Sy staan ook op. Bedoel sy hulle is so sterk soos ’n yskas?

“Is so juffrou!”, sê Felicia en buk vooroor soos sy gemaak lag. Sy vryf oor Juffrou Isobel se linkerarm.

*

“Ek mis baie vir Manie”, sê Juffrou Isobel nadat sy saam met Felicia tot by die voordeur gestap het. Sy gaan sit weer op dieselfde stoel. Dit klink of dit begin reën. Sy druk haar kniekoppe teenmekaar en vryf oor haar bobene. Ek soek druppels op die sementmuur buite die venster agter Juffrou Isobel se kop.

“Ek sit maar ’n masker op. Daar is so baie goedjies wat ek met Manie wil deel”, sê sy. Ek maak die notaboek toe en kyk vir Juffrou Isobel. Haar wenkbroue is lank en dit lyk asof elke haar netjies gekam is.

“Ek gaan sit gou die ketel aan vir ’n koppie tee”, breek sy die stilte en vryf haar hande teen mekaar. Sy stap deur die vertrek na waar die soet kerrie-reuke vandaan kom.

*

Juffrou Isobel bly vir ’n halfuur weg. As sy weer verskyn is dit met tee op ’n koper skinkbord

en wit porseleinkoppies met fyn pienk rose. In elke piering is ’n koekie. Juffrou Isobel leun vorentoe en skink die Ceylon-tee eers vir my en dan vir haar. Haar naels is kortgeknip, sonder naellak. Ek soek na die sak neute.

“Vrydae-aande het ek en Manie hier gesit en dan haal ek onse koppies uit die kas.” Sy wys met haar oë na die vertoonkas.

“Dan drink ons tee en luister na ons *favourite song* – ‘The Land of the Sea and Sun’. Nou nog as ek daai *song* hoor, mis ek verskriklik vir Manie.”

Terwyl sy haar koppie vashou, lig sy die een hand om onder haar hare aan haar linkerslaap te vryf. Sy maak haar oë toe.

“Ek het nooit gehuil voor die kinders nie, ek wou sterk wees. Nou weet ek dit was ’n fout. Ek is eensaam, maar nooit alleen.”

*

“Hoe erg is die tikprobleem in Laerskool Vlakte?”, vra ek. Felicia kom uitasem ingestap en gaan sit weer langs Juffrou Isobel.

“Daar was nooit ’n tikprobleem in onse skool nie,” antwoord Juffrou Isobel. “Maar toe is daar ’n paar kinders wat deurmekaar beginte raak het met die tik.”

Ek wonder of ek haar kan uitvra oor die geraamde artikel van Steve de Villiers. Sal ek haar kan vra hoekom sy dink haar skoolhoof nie eerlik was met my nie.

“Watter tipe mens is meneer De Villiers?”, vra ek versigtig. Dit lyk asof Felicia regop skuif in haar stoel. Dink sy ek gaan te ver met my vrae?

“Hy is maar net ’n *lucky go happy* tipe mens, is dit nie so nie, Felicia?”, sê sy.

“Is so Juffrou Isobel, maar ek dink Theo wil weet van die tikkery. Hoe hy dit hanteer in die skool in?”

“Wat kan hy doen?”, vra Juffrou Isobel en kyk weer na Manie. “As God nie meer welkom is in die klaskamer nie, dan...” Sy bly stil en wys na haar keel wat te seer is om verder te kan

praat.

As ek net nou 'n sigaret kon aansteek.

“Maar tik is een van die verslawendste dwelms wat jy kan kry”, sê ek dalk te hard. “Die kinders het hulp nodig. Waar is die rehabilitasiesentrums in Idasvallei. Is daar ooit?”, vra ek.

Felicia skud haar kop en wys na haar horlosie. In die vorige ontmoeting met Lelanie was sy nie haastig nie. Hoekom wil sy my nou stilmaak?

“As jy God toelaat in jou lewe”, fluister Juffrou Isobel en draai na Felicia. “Is alles moontlik. Alles.”

“Hoe laat jy God toe?”, vra ek.

Juffrou Isobel sit regop in haar stil. Sy kyk vir 'n oomblik na Felicia, voordat sy haar twee hande bak voor haar gesig vou. Dit lyk asof sy daardeur wil fluit.

“Ek leer die kinders om hulle oë toe te maak as ons bid”, sê Juffrou Isobel. “Jy suig die Heilige Gees in.”

Sy haal diep asem. Ek vryf oor die litteken onder my hemp.

“Jy moet God toelaat in jou lewe. Hy moet jou *drug* raak.”

*

Twee weke later stop ek voor Felicia se huis, nadat my kamer te bedompig begin voel het. Dit is reeds donker en onder die lamppaal langs Juffrou Isobel se huis, sien ek 'n groep mans op die randsteen sit. 'n Kar ry stadig in die straat op en trek in by die huis direk oorkant Felicia-hulle s'n. “Be aware”, staan agterop die Nissan-kar se getinte agterruit. Twee mans klim uit en loop in die huis in. Ek skat hulle vroeg veertigs. Die een het 'n swart leerbaadjie aan en die ander man 'n Nike t-hemp met 'n kepsie op.

Felicia se man, Daniel, staan in die lang garage waar sy twee taxi's agtermekaar geparkeer is. Hy lyk verbaas om my te sien. Daniel het die besigheid by sy pa geërf, het Felicia my vertel. Miskien vind hy dit vreemd dat ek skielik in hulle lewens is. Toe ek saam met Felicia

skoolgehou het, het ek nooit met hom by skoolfunksies gesels nie.

“Naand Theo”, groet hy en skud my hand. “Ek is nou by julle.”

Ek en Felicia sit in haar groen kombuis en gesels. Sy sny hompe geel kaas en rooi worsies in ’n oondgereg, terwyl sy vertel van Juffrou Isobel se partytjie waarby Danene ook was.

“Danene!”, roep Felicia in die huis in, “kom vertel vir Theo hoe was *aunt* Isobel se *party*.”

Daniel kom ingestap met sy rooi *boxer-shorts* en ’n groot wit t-hemp. Hy gooi vir ons Coke in en gaan staan langs Felicia. Ek sit op een van die drie hoë stoele in die beknopte kombuis.

“Ek vertel vir Theo nou net van juffrou Isobel se *party*”, sê sy vir Daniel.

“Ja, jong die tikstories is ’n gemors”, sê hy. “Ek het vandag weer vir Kenneth gesien.”

Fernando se dwelmbaaspa.

“Felicia het gesê julle het met sy *ex-girlfriend* gesels. “Kenneth *respect* my en sy manne weet ook, hulle los my taxi’s uit. Jy moet hulle taal kan praat. Ek het nou die dag vir een gesê: ‘Sien jy die skroewedraaier, ek haal jou donnerse oog uit.’ ”

Met sy dik snor, sterk geboude armspiere en effense boepmaag, lyk Daniel soos ’n polisie-man. Ek hoor Danene in die gang afgeslof kom met pienk wolslippers. Sy het ’n pienk “Roxy”-hemp aan. Haar hare is in ’n lang poniestert vasgemaak en sy dra lipstiffie.

Danene gaan sit op die stoel langs my en vertel dat elke kind R10 moes betaal om by Juffrou Isobel se partytjie te kon ingaan. In haar motorhuis het hulle gedans en gebid tot na middernag. Danene tik ’n sms op haar selfoon, terwyl ek en Felicia gesels. Na ’n ruk staan sy op en loop.

“Dis ’n goeie ding”, sê Daniel voor ek my bedenkinge oor juffrou Isobel kan uitspreek. “Dit hou die kinders van die strate af. Jy moet sien hoe gaan dit hier, Theo. Sien jy die huis hier

oorkant.”

“Ja,” sê Felicia en trek die kantgordyn oop. Sy wys na die huis waar ek die kar met die twee mans sien uitklim het.

“Daar tik hulle nou vir jou dag in en dag uit!”

*

As ek later die aand verby Juffrou Isobel se huis ry, is dit net die lig wat deur die venster langs die voordeur skyn. Miskien sit Juffrou Isobel in die sitkamer op haar roospiepk Victoriaanse stoel en luister na “The Land of the Sea and Sun.”

Swemklas

Die skool het begin vir 'n nuwe jaar.

“Jy is nou 'n groot seun”, sê Elma.

My pa en die Ngindo's is op die land besig met die stroper en die trok. Dindi het 'n binneband uit die stoor gaan haal en dit opgepomp. Ons sit onder in die kloof in die seekoeigat. My ma sit by die eetkamertafel en trek my boeke oor met bruin papier.

“Onder op die bodem van die seekoeigat is likkewane met dik sterte”, sê Elma.

As ons afval gaan hulle ons rûe afslaan. Dan kan ons nooit weer loop nie. Dindi roei met stokke, sodat die band vinniger deur die donker water kan gaan. Dit is die swartste onder die brug. Ons swem sonder klere. Dindi se bene is sterk soos 'n groot seun s'n.

Dit is anders as om by die skool te swem. Die LO-meneer kom soek ons in ons nuwe klas. Hy het 'n dik snor en gespierde arms.

“Ek soek atlete mense”, sê hy. “Staan op dat ek kan sien. Die atletiekbyeenkoms is om die draai.”

My safaribroek sit styf om my bene. Ek is die kortste van die seuns wat voor die swartbord staan. My ma sê sy koop nie nuwe klere voor ek nie begin groei nie.

“Wanneer word die kind dan mens, Elma”, het ek haar hoor vra in die kombuis wat koringtyd na gemmerbier en rosyne ruik. “Kyk hoe groei die ander kinders dan.”

Die LO-meneer deel my in by swem en gee vir elke kind 'n brief om te laat teken. Ek wil nie in die skoolswembad se blou water swem nie. Die brief haal ek eers die aand uit die tas om vir my ma te gee. My ma kyk *Dallas*. My pa se rookkamer is die hele dag toe. Op die brief staan geskryf dat my ma 'n swembroek vir my moet koop.

“Ek kan ook briewe skryf”, sê my ma en gaan sit by die eetkamertafel. Ek vryf oor die skryfmerke van die tafel waar my pa huiswerk gedoen het toe hy so oud was soos ek. My ma druk die brief in my tas langs die bottel hoesstroop en my kosblik. Sy pak elke dag die stroop in my sak, vir as my asmapompie nie meer werk nie.

“Dit is kinders soos Pieter”, sê die LO-meneer terwyl ons op aandag in ’n ry voor die swembad staan. “Wat die leiers van môre sal wees.”

Ek moet die brief uit my tas haal.

“Gaan trek aan, dat ons kan begin, Bulletjies!”, skree die LO-meneer.

Oppad na die aantrekhoekies stamp Pieter my teen die baksteenmuur vas. My rug skuur teen die growwe muur.

“Ek versuip sissies soos jy”, sê hy. Ek voel sy vuis onder my ken. Ek wil wegkom, maar val dan oor my veters en my tas gly uit my hande.

Pieter se pa het drie plase in die Suurveld. My pa sê dit is wat kom as jou oupa ’n Nat in die parlement is.

“Anders as jou oupa wat sy hande deurgewerk het vir die plaas”, sê my pa as ons met die bakkie oor die plaas ry. My pa se hande is grof van die grond. My oupa ruik lekker en dra swart hoedens met lang baadjies. Sy hande is sag van die room wat sy nuwe vrou vir hom aansmeer.

“Blink Gert”, noem my ma hom. Hy het klomp boeke en ’n vertoonkas. My oupa het my op die leer in sy kelder laat staan sodat ek my eerste leesboek kon uitkies. *Geknelde Land* is die een met die mooiste voorblad wat ek van die stowwerige rak gehaal het.

Ek maak die tas oop wat taai en vol glasstukke is. Die bottel hoesstroop het gebars en rooi strepe oor my ma se brief getrek. Ek druk die brief in die tas terug en sny my vinger teen 'n glasstuk. Die ander seuns is reeds in die swembad. Met my vinger in my broeksak staan ek voor die LO-meneer.

“Wat gaan jy eendag in die weermag doen? Tjank!”, gil hy.

Ek huil nie. Ek rol my vinger op in die materiaal van my broek.

“Trek verdomp uit jou broek en swem in jou onderbroek. Maak vinnig!”, gil hy.

Sy nek is vol dik are. Hoe sê ek voor al die kinders dat my ma 'n brief geskryf het?

Ek gaan staan voor my tas in die kleedkamer. Dit ruik na sweet in die vertrek. Almal se klere is in bondels bo-op hulle skoene gepak. Ek maak my gespe los, maar nog voordat ek my broek kan uittrek, voel ek die warm teen my bene afloop. Ek gaan sit op my tas en wag tot die klok lui.

In die bus hou ek my tas voor my bene, maar Pieter het klaar vir almal vertel. Tootsie se oë kyk in die spieël na my en by die busstop roep hy my vorentoe.

“As hulle weer met jou sukkel, kom sit jy hier voor by my”, sê hy. Ek loop met 'n warm linkeroor en my tas agter my rug tot by my ma in die kar. Sy skud haar kop as ek inklim. Ek kyk nie om na die bus met die kinders wat by die vensters uitlag nie.

Elma was my broek en maak vir my bobotie en rys, terwyl ek op die mandjie sit. Dindi wag vir my op die sandhoop. Hy het 'n tou tussen die twee bloekombome langs die sandhoop gespan, sodat jy vanuit die boom oor die sand kan swaai. Ons verbeel ons die sand is water vol likkewane wat ons tone wil byt. As jy die bloekombome se blare in jou hande druk, wys Dindi my, ruik dit soos die Vicks onder my hemp.

Die lewende boek

Dit is reeds donker as ek my kar voor Felicia-hulle se huis parkeer. Dit is 'n reënerige aand in Stellenbosch. Ek klim uit en neurie “Are you lonesome tonight?”, terwyl ek met die lig van my selfoon se skerm na Daniel aan die bopunt van Bergweg soek. Dit is hier, het hy vroeër verduidelik, waar ons mekaar moet ontmoet. Een van sy taxi-bestuurders het vir Daniel gesê dat dit vanaand dobbel-aand by die sokkerklub is. Al die sokkerspelers wed geld op die beste veghond. Ek steek 'n sigaret op en trek my windbaadjie tot bo toe. Miskien moet ek probeer minder rook as die projek verby is.

'n Paar dae na ons gesprek met Juffrou Isobel, het Daniel my op Felicia se selfoon gebel om my te vertel wat in *The Falcons*-sukkerklub aangaan. Ek was besig om een van Ivan Illich se aanhalings uit *Deschooling Society* in koki op die spieël bo my werkstafel te skryf: “The escalation of the schools is as destructive as the escalation of weapons but less visibly so.”

Illich redeneer dat, alhoewel skole erken word as instellings wat spesialiseer in opvoeding, dit wêreldwyd anti-opvoedkundig is. Skole slaag nie daarin om studente enigsins lewensvaardighede of onthoubare akademiese kennis te leer nie. Skole se vaste leerplan word eerder afgedwing. Volgens Illich is skole veronderstel om die uitruiling van kennis uit verskillende oorde – buite die skoolstrukture ook – te fasiliteer. Dit is veral sy siening dat skole 'n weerspieëling is van die magstrukture waarin die samelewing vasgevang is, wat my die boek binne 'n dag laat klaar lees het.

“As jy dink tik is 'n probleem, moet jy sien hoe *high fashion* dit vir die skool laaities is om met *pit bull terriers* te *fight*”, het Daniel gesê. “Hulle *fight* daai honde in hulle moer in.”

“Hoekom doen hulle dit?”, wou ek weet.

“Vir geld om *drugs* te koop en hulle *smart* te hou in die skool in. Ek sal jou gaan wys, ek was ook mos in daai sokker *club*, maar Felicia sê ek moet jou alleen *meet*. Sy is te bang”, het hy gelag.

*

“Maak dood die donnerse ding”, fluister Daniel as ek langs hom staan. “Daai Falcons is nie *stupid* nie. Hulle *notice* jou maklik met ’n sigaret en dan is dit *tickets*.” Daniel hou ’n polisieknuppel vas. Gaan hy die vegters uitmekaar probeer dryf? Ek neem ’n diep trek en trap die sigaret in die modderige grond dood.

Ek loop agter Daniel in ’n nou voetpaadjie wat op die rand van Idasvallei deur digte bosse lei tot by ’n laning bloekombome. Onder die bome smeul ’n oopgekrapte vuur en lê daar bottelstukke.

Langs die bome loop ’n doringdraad tot onder in die vallei, verduidelik Daniel.

“Dit is daar waar die *sports* is”, lag Daniel. Hy stut homself met die knuppel in die nat grond en klim teen die heining af. Ek gaan sit op my hurke langs die doringdraad en voel of my asmapompie en diktafoon nog veilig in my sak is. Die bandopnemer het ek ’n paar dae na Juffrou Isobel se gesprek onder my bed in ’n ongewaste hemsak gevind.

Ek moet konsentreer om aan die heining vas te hou en tree vir tree tot onder te klim, sonder dat ek myself aan die doringdraad sny.

Nog voordat ons by die sokkerveld kom, breek ’n harde reënbui uit. Daniel wag onder by die klubhuis vir my met sy t-hemp oor sy kop gevou.

“Ons is te laat”, sê hy. “Hier gaan fokkol meer aan nie.”

Is dit my skuld, wil ek vra? Is dit omdat ek te stadig gestap het?

Daniel stamp die sokkerklub se deur met sy skouer oop. Binne-in ruik dit na bloed en nat hond. Ek lig met die selfoon, maar kan niks behalwe ’n besem in die een hoek van die vertrek

uitmaak nie. Daniel haal 'n flits uit sy sak en skyn op die kraan waaronder 'n emmer water staan. Die vloer is skoongevee. Ek draai om na die deur. Wat as iemand terugkom en ons hier binne kry?

“Dit was 'n mors van tyd”, wil ek sê. Daniel se taxi-bestuurder het verkeerde inligting gehad. “Jissus Theo kyk hier”, sê Daniel. Sy stem klink blikkerig in die leë vertrek. Hy wys met die flits na 'n deurgesnyde oliedrom langs die besem. Daniel hou sy hemp oor sy neus. Binne-in die drom kan ek die bebloede pels van 'n dier uitmaak. Ek kan nie myself so ver kry om verder te kyk nie.

*

Ek sit by een van die rekenaars in die koffiewinkel oorkant my woonstelblok, en tik “Tuisskole” in op die Google-enjin. Illich se boek het my laat wonder of tuisskool-onderrig nie 'n alternatief is vir publieke skole nie. Is ouers nie dalk beter daartoe in staat om self toe te sien dat hulle kinders se vermoëns optimaal ontwikkel kan word nie?

Deur die reën kan ek die sekuriteitswag voor die traliehek van my woonstelblok sien staan met 'n plastiëksak oor sy kop gebind. My lippe is droog en my sinusse verstop na my en Daniel se staptog in die reën. Ek sien nie kans om verder navorsing te doen oor die tikprobleem óf die gewelddadigheid van veghonde in Idasvallei nie. Na my gesprek met die hoof van die Dierebeskeringsvereniging (DBV) oor ons vonds in *The Falcons* se sportklub, het ek besluit dat my projek 'n ander rigting moet inslaan.

“Wat julle in daai drom gekry het, is niks nuuts nie, Meneer”, het die DBV se vrou gesê. “Ons personeel tel elke dag honde-lyke in dromme op. Jy moet sien hoe lyk dit by die munisipale vullisterrein.”

“Kan die polisie nie dit stopsit nie?”, wou ek weet. “Die regering behoort mos die teel van sulke veghonde te verbied.”

“Ons werk al jare daaraan. Maar Meneer, jy woon in Suid-Afrika. As ons mense mekaar nie eers kan oppas nie, wie op hierdie siek aarde gaan nou omgee oor ’n hond se lewe?”

*

Die eerste webbladsy oor tuisskoolonderrig, wat ek op die internet raaklees, is dié van die Pestalozzi Trust. Hierdie regsliggaam is tot stand gebring om die regte van Suid-Afrikaanse tuisskoolverenigings te bevorder en veral teen die regering te beskerm. Die eerste paar sinne op die webwerf wat gaan oor die swak onderrigkwaliteit in publieke skole, maak dit duidelik dat daar nie ’n goeie verhouding tussen tuisskolers en die regering bestaan nie. Onder ‘Kontak Ons’ op die webwerf kry ek ’n lys tuisskolers in die Wes-Kaap. My oog val op Wouter Mouton van die Suider-Paarl. Ek skakel sy nommer voordat ek myself kan bedink.

Wouter praat hard met ’n skor stem. “Dit is reg, ons is by die huis”, sê hy. “Solank jy net weet jy gaan nie AWB’s hier kom kry nie. Ons is nie rassiste nie.”

“Hoekom sou ek so dink?”, vra ek.

“Dis wat die meeste mense mos met die woord ‘tuisskool’ assosieer”, sê hy en voeg dan by: “Dit is in elk geval wat die regering van ons dink. Hulle sal alles in hulle vermoë doen om ons te stop.”

As Wouter sê dat die regering tuisskolers wil verbied, verwys hy waarskynlik na die nasionale Onderwysdepartement wat dit al ’n paar jaar lank oorweeg om tuisskoolopvoeders te verplig om formele onderwyskwalifikasies te hê. Ek lees op die internet dat waar tuisskoolonderrig in lande soos die VSA, Kanada, Australië en die Verenigde Koningryk lankal reeds ’n erkende alternatiewe onderrigmedium is, die Suid-Afrikaanse regering eers in 1996 tuisskole gewettig het. Verder moet die tuisskool se leerplan voldoen aan die minimum vereistes van publieke skole se kurrikulum. Tuisskolers verset hulself teen hierdie voorwaardes, juis omdat hulle van staatsinmenging wil wegkom.

*

Nadat ek gisteraand vroeg gaan slaap het om die verkoue uit te sweet, is ek te vroeg vir my ontmoeting met Wouter en sy gesin in Suider-Paarl. My longe voel seer van swaar asemhaal. Ek besluit om eers 'n draai by Felicia in Idasvallei te maak om te verduidelik dat ek nie die Falcons-storie wil verder neem nie. Miskien kan ek haar eerder oorreed om hierdie keer na een van my onderhoude te kom. Dalk is dit nodig om te sien hoe sy reageer in 'n gesprek met mense wat nie haar eie kontakte is nie.

Ek ry verby Juffrou Isobel se huis wie se geel venster langs die voordeur niks verklap nie. Ek hou voor Felicia se huis stil en haal die asmapomp uit en suig vinnig daaraan voordat ek dit saam met my diktafoon in die drasak onder my sitplek druk.

Felicia en 'n vrou, wat ek nog nie vantevore by haar huis gesien het nie, hang bont wasgoed op in die bietjie son wat deur die wolke breek. Die motorhuis is leeg; beide Daniel se taxi's moet vandag op die pad wees. My keel brand en my oë is rooi en tranerig.

“Laat ek jou voorstel. Dit is Sarah”, sê Felicia as ek by die tuinhek staan. Die vrou lag en trek aan haar voorskoot. Haar wange is rond onder haar kopdoek. Felicia se vlegsels is vandag uitgekam en sy dra 'n sweetpakbroek by 'n uitgewaste t-hemp. Sy moet seker wonder wat ek al weer by haar huis maak.

“Ek het kom hoor of jy nie wil saam kom nie?”, sê ek terwyl ons die huis instap. In die voorportaal is foto's van Felicia se troudag en 'n rankplant wat tussendeur die fotorame klim.

“Waarheen?”, vra Felicia as ons in die sitkamer gaan sit. “Moet asseblief net nie sê jy gaan na die klub toe nie. Daai afrigter en sy *gang* is gevaarlik, Theo.”

“Ek weet dit, ek gaan nie soontoe nie”, sê ek en maak my hemp se boonste knoop los. Ek vryf oor my skouerknop.

“Ek gaan Paarl toe”, sê ek. “Ek het ’n onderhoud met twee ouers wat hulle kinders tuis onderrig.”

Felicia frons. Dit is dalk vir haar vreemd dat ek nog nie ’n onderhoud in ’n klaskamer gehad het nie. Die swartbord wat met wit hale halfpad afgevee is. Die houtlessenaar met ’n baadjie oor die stoel en ’n appel langs klaswerkboeke. Die reuk van potloodskerpmaaksels en sweet. Die klaskamer as teater.

“Raak ouers nie dalk so paranoïes oor dít waaraan hulle kinders by skole blootgestel word dat hulle besluit om hulle eerder self te leer nie?”, vra ek.

Bokant Felicia se kop hang ’n geblokte foto van Daniel in rooi sokkerklere. Hy staan op sy knieë en hou ’n bal voor sy onderlyf.

“Nie hier in Idasvallei nie”, sê Felicia afgehaal. Miskien is ’n onderhoud met tuisskolers dalk vir haar net die werklikheid van ’n handjievol witmense en nie regtig so aktueel soos die stories waarheen sy my kan neem nie. Moet ek my heeltemal deur Felicia se wil laat lei? Daar is tog ook ander onderwerpe om oor te skryf.

“Hier het almal te lank gewag op ware *education after liberation*. Niemand wil hulle kinders self leer nie”, sê sy.

“Maar is daar ooit ware *education after liberation*?”, wil ek weet. My stem eggo in my verstopte kop.

“Ja”, sug Felicia. “Dit kan jy nog ’n maal vra, maar vir dié mense om hulle kinders self te wil leer...” Sy skud haar kop en kyk na die straat se kant toe.

*

Sarah bring soet tee in deurskynende koppies. Langs die foto’s agter Felicia is ’n hout kruis waarop sand en skulpe geplak is. Hieronder is ’n tafel met drie porseleinkruise waaraan die Jesus-figuur hang. My oë is seer as ek hulle draai.

“Daar is nog”, sê Felicia en wys na goudgeraamde foto’s van Duncan en Danene. Dit is te veel foto’s om op te fokus.

“Hoe kom jy toe by onderwys uit, Felicia?”, vra ek. Sarah staan aan die anderkant van die vertrek en tel eetkamerstoele op om dit bo-op die tafel te sit.

“My pa en oupa was in die onderwys en aan my ma-hulle se kant is daar vier onderwysers”, sê Felicia. Sy rus haar kop teen die gehekelde lap wat oor haar ligblou stoel-kopstuk gegooi is. Kenny G se musiek speel vanuit die kombuis. Sarah sak op haar knieë en begin met ’n nat lap onder die tafel te vee. Die huis ruik na Handy Andy en Ceylon-tee.

“En hoe het jy skool ervaar?”, vra ek.

Felicia lag en kyk na Sarah.

“O, die man los ook nie af as hy begin het nie! Nee kyk, dit is ’n ander dag se praatjies daai. As jy weer kom vir ’n storie, dan sal ek jou vertel.”

“Maar watse storie kan jy vir my kry?”, vra ek.

Felicia bly lank stil.

“Ek kan vir jou baie stories bring, maar dit hang af wat jy daarmee wil doen.”

*

Die Paarl, wat reeds in 1657 gestig is, is die oudste dorp in die Drakenstein Munisipaliteit en het ’n groot rol gespeel in die vestiging van Afrikaans as erkende skryftaal. Ver weg van die ryk buurte teen die voet van die Paarlberg, lê die Suider-Paarl langs die besige N1 na die binneland. In Loeriestraat, waar Wouter met sy vrou en twee kinders woon, is daar nie veel te ervaar van dié Bolandse dorp se geskiedenis nie. Wouter se huis is weggesteek onder ’n treinbrug wat oor die N1 loop. Oorkant die snelweg is ’n nuwe winkelsentrum gebou, waarbo die Afrikaanse taalmonumentop die Paarl-berg skaars sigbaar is.

Voor die platdakhuis staan 'n dubbelkajuit-bakkie op die grasperk geparkeer. Ek los my navorsingsak bo-op die krat ongeleesde koerante op die agterste sitplek van my kar. My diktafoon moet ek in my broeksak sit, want my hemp het nie 'n bosak nie. Wouter staan my en inwag by die voordeur. Met sy ingesteekte blou en rooi blokkieshemp en liniaalreguit geknipte kuif, lyk hy nie soos dieselfde stoere boer wat ek oor die telefoon voorgestel het nie. Hy stap voor my in die donker huis in waar vier bruin sitkamerbanke in 'n u-vorm inmekaar pas. Ek gaan sit langs die venster met Wouter oorkant my by 'n leeslamp. Bokant die lamp hang 'n skildery van 'n seetoneel: grys branders, swart wolke en 'n vrou wat met haar rug na die duiene sit. Ek soek vir 'n wit seemeeu in die lug.

“Hoekom het julle besluit om tuis te onderrig?”, vra ek met die diktafoon in my hande. In al die navorsingsartikels wat ek gelees het, is dit duidelik dat die grootste rede vir tuisskoolonderrig wêreldwyd ontstaan uit ouers se vrees dat hulle geloofsoortuiginge en waardes bedreig sal word deur publieke skole. Baie ouers glo ook dat hulle self 'n beter opvoeding kan bied. Beide hierdie faktore het vir veral wit ouers 'n groot rol gespeel in die groei van selfonderrig na 1994.

“Ons rede is om ons twee kinders, Hugo en Tania, in die weë van die Here groot te maak”, sê Wouter.

Sonder die lig sou ek moeilik sy gesigsuitdrukking kon sien. Die huis ruik na natgeslaande mure. Ek moes lipsalf gekoop het en probeer ongesiens my droë lippe nat lek.

Vir Wouter is dit nie genoeg dat sy kinders smiddae na skool hulle geloof moet beoefen soos die regering se wet op skolegodsdienst bepaal nie, omdat hy glo Christenskap behoort geïntegreerd te wees met hulle daaglikse lewens.

Ek kyk deur die venster na 'n seun wat agter die bakkie in die straat speel. Hy tel klippe op en slaan dit dan met 'n krieketkolf hoog in die grys lug op. Dit moet Wouter se seun, Hugo, wees.

“Onthou ook die evangelie is 'n lewende boek, Pappa”, sê 'n stem van dieper in die huis. My ore slaan heeltemal toe sodat ek my hart in my kop kan hoor klop. 'n Vrou met 'n maer gesig, krullerige hare in 'n poniestert en 'n ronde bril kom sit langs Wouter. Sy lyk heelwat ouer as hy. Wouter lig sy arm op, sodat sy haar kop onder sy blaaie kan indruk.

“Ek is Drieka”, sê sy. Haar arms steek dun uit onder die mosterdgeel trui wat oor haar skouers hang. Ek probeer binnesmonds gaap om my ore oop te kry.

“Die publieke skool se leerplan is nie bevorderlik vir die evangelie nie, want hulle uitkyk is sekulêr. En ons kan nie daarmee saamstem nie”, sê sy en druk haar kop al hoe dieper agter sy lyf in. Sy kyk op na haar man: “Of is ek nou weer te direk, Wouter?”

“Nee,” lag hy. “Ons glo dat jy 'n baie beter *job* by die huis kan doen. Jy kan jou kind se swakhede ondervang.”

Drieka lig haar kop op, sodat Wouter kan vorentoe leun om te fluister. Die diktafoon is swaar in my hand; ek sit dit op my bobeen en probeer gemaklik lyk terwyl ek vorentoe skuif. Die bank se materiaal is stekelig onder my.

Drieka skud haar kop instemmend.

“Hoekom?”, vra ek.

“Ons dogter”, sê Wouter en wys met sy oë na die kombuis. “In sekere opsigte kan ons sien dat sy baie stadiger is as ons seun.”

Drieka druk haar kop teen Wouter se skouer en vryf oor sy borskas. Sy vertel dat sy 'n Wiskunde-onderwyser in Sasolburg was toe sy Wouter ontmoet het. Om haar lippe is 'n rooi rand soos 'n koeldrankmerk, sien ek nou eers in die dowwe lig. Wouter hou haar hand op sy

been met beide hande vas. My keel jeuk en vir die eerste keer in twee dae is ek lus om te rook. Ek sukkel om die beeld van die hond se misvormde kakebeen uit my kop te kry.

“Baie mense sien die kind as ’n leë houer wat met inligting gevul moet word. En dit is so ver van die waarheid af, want ’n kind is ’n volwaardige mens”, sê Drieka en kyk na haar Pappa. Wat sê hulle fisiese kontak van die rolle wat hulle speel? Is sy die brose dogtertjie of die versorgende ma? Wil hulle hê vreemde mense moet aan hulle dink as ’n gelukkige en seksueel-aktiewe paartjie? Ek vryf my linkeroor wat vinnig warm geword het.

“Ja, die kind reageer van kleins af teenoor elke stukkie inligting”, sê hy.

Drieka vertel van Charlotte Mason se filosofie oor tuisskoolonderrig. Mason was in die vroeë agtiende eeu ’n Londense onderwyseres wat geglo het dat opvoeding die wetenskap van verhoudinge tussen die mens en sy natuur omvat. Soos Ivan Illich glo sy dat jy leer deur te leef. ’n Mens se wil om te leer, glo Mason, word beperk deur die grense wat publieke skole trek tussen die lewe en akademiese leerplanne. Mason het volgehou dat kinders net leer deur lewende boeke wat passievolle mense skryf. Met lewende boeke bedoel sy dat daar ’n interessante narratief moet wees, sodat die kind die geleerde kennis kan sien en toepas in sy eie werklikheid. Deur mense te laat besef dat die lewe ’n skool is, wou Charlotte Mason die idee van ’n gestruktureerde skoolprogram uitfaseer.

“As ons dogter in ’n publieke skool was”, fluister Wouter en sit vorentoe. “Sou ons dalk ook gevind het dat sy alles vergeet. Die skool leer hulle nie om ’n verband te trek met iets wat hulle al reeds geleer het nie.”

Drieka sit regop en trek aan haar truimoue. Haar kaal skouerknoppe steek uit. Ek kyk na die venster. My longe voel weer toegetrek. Hoekom het ek my asmapompie in die kar vergeet?

“Hulle leer so baie by die huis, net die ma se teenwoordigheid is genoeg”, sê Drieka.

*

“Werk julle gedissiplineerde ure?”, vra ek en hoës nadat ’n paar asmatiese geluide uit my keel gekom het. Dit lyk nie of hulle dit gehoor het nie.

Wouter maak sy oë groot en druk met sy wysvinger teen Drieka se neus. Sy neem sy hand en hou dit op haar skoot, terwyl hulle vir mekaar glimlag. My ore is skielik oop.

“Ons werk van 9:00 tot 13:00, alhoewel ons die kinders leer dat jy nie afskakel van die lewe as die skool verby is nie. En Wouter raas altyd met ons omdat daar nie genoeg dissipline is nie, maar...”, sê Drieka en haar stem is nou hard.

“Ek is ’n ingenieur, sien”, sê hy.

“Ons lees soggens eers Bybel en dan begin ons met watter vakke ons ookal uitgewerk het.”

Drieka se gesig is ernstig, met diep lyne langs haar mond.

“Een van my frustrasies is dat ek baie min my kinders na my kantoor kan neem, omdat ek altyd werk in die chemiese bedryf”, onderbreek Wouter.

“Nou is dit anders, want jy is by die huis”, sê Drieka sag en vryf oor Wouter se bobeen. Met Wouter wat werkloos is, moet dit moeilik wees om te kan betaal vir hulle kinders se opvoeding. Tuisskoolopleiding, lees ek, is dikwels duurder as publieke skole, omdat die ouers nie ingerig is nie en daarom meestal baie onderwysmateriaal moet aankoop.

“Natuurlik ja,” sê hy en kyk na Drieka. Sy haal haar hand van sy been af, skud haar kop driftig en vryf Wouter se arm. Hy hou sy nek skeef, sodat sy haar kop tussen sy nek en wang kan indruk. Ek kyk vir die skildery. Die venster. Die seun beur teen die wind om in die bakkie te klim.

“Ek onthou hoe baie ek verlang het om net deel te wees van ’n huishouding”, sê Drieka. Haar stem raak weg bo die geraas van die wind.

“Hoe jy net verlang om normale dinge te hoor. ’n Kind het so baie dinge om te leer en ’n huis is ’n goeie plek om te begin”, sê sy.

Ek sit terug in die bank. Iets aan die geluide van die wind laat my onthou hoe ek as jong seun onder die klavier gelê het as my ma daarop speel. Die gordyne waai effens.

“Sintuiglike dinge veral”, sê Drieka hard.

*

“Raak julle kinders nie te geïsoleerd groot nie?”, vra ek.

Drieka staan op om die trui oor haar skouer aan te trek. Sy gaan staan voor die venster, sodat ek haar maer lyf in haar sweetpakkbroek, manskouse en wit Crocs kan sien.

“Daar is genoeg navorsing gedoen om te bewys dat ’n kind wat in ’n skool is, nie noodwendig makliker vriende maak as kinders by die huis nie. Vir ons is dit belangrik om self na ons kinders te kyk en hulle te beoordeel”, sê Wouter.

Drieka draai om en maak haar mond oop om iets te sê, maar gaan sit dan weer. Hugo is in die bakkie besig om te maak asof hy bestuur.

“Ons is heeltmal tevrede met ons oudste se sosiale lewe. Maar die dogter”, sê hy en praat al hoe sagter. “Sy maak moeilik maats. Die gevolg is dat ’n mens baie meer moet oplet na haar behoeftes.”

Drieka kyk na die venster. Haar kop is so gedraai dat ek net die weerkaatsing van die gloeilamp in haar bril sien.

“Maar ek sê altyd: ken jou kind in daai verband en as daar ’n behoefte is, moet jy dit bestuur.”

“Hoe bestuur jy dit?”, wil ek vra maar hoor bewegings in die kombuis. Dit klink soos ’n mikrogolfoond wat gestel word en dan ’n pot wat val.

“Dit moet Tania wees, Wouter”, sê Drieka en spring op kombuis toe as iemand benoude keelgeluide agter die kombuisdeur maak. Ek sit die diktafoon neer aan die kant van die bank naaste aan die kombuis.

*

“Daar werk die kinders bedags”, sê Wouter en wys na die eetkamertafel langs die kombuisdeur. Ek hoor Drieka agter die toe deur praat in stadige en ritmiese sinsnedes.

“Werk julle met ’n spesifieke leerplan?”, vra ek vir Wouter. Die kombuisdeur het van knip af gegaan. Ek sien deur die skreef vir Drieka in ’n bukkende posisie met haar rug na die deur. Tussen haar bene kan ek die lang swart hare van ’n kind uitmaak. My branderige oë begin traan.

Is die ware rede hoekom hierdie mense tuisonderrig om hulle kind in die kombuis weg te steek? Harde kageluide kom uit die kombuis. Dit klink asof die kind die pot se deksel teen die vloer kap. Ek vryf my tranerige oë om beter te kan sien, maar Drieka druk dan die kombuisdeur toe.

“My...” Dit lyk of Wouter wil opstaan. “My vrou sal jou meer daaroor kan vertel.”

*

Drieka staan by die eetkamertafel met ’n handdoek en ’n bottel. Sy vee die hare uit haar gesig en glimlag vir my. Die kring om haar mond is nóg rooier. Is dit ’n soort soet hoesstroop? Verwag hulle dat ek moet maak asof ek niks gehoor het nie?

“Wat die leerplan betref”, sê sy uitasem. “Ek en Wouter hou van boeke, en toe ons nou Charlotte Mason se boeke begin lees, het dit baie goed daarby ingepas. Sy gee breë beginsels vir jou en jy pas maar net al jou boeke wat jy het daarby in.”

Lees sy ook boeke om haar gestremde kind te kan hanteer? Hoeveel boeke moet jy lees voordat jy verantwoordelikheid kan neem vir jou kind se opvoeding? Dit gebeur dikwels, het ek in die koffiewinkel gelees, dat tuisskolers in later jare voel dat hulle nie genoeg weet om al die

vakke vir hulle kinders aan te bied nie. Baie tuisopvoeders voel oorweldig deur die magdom vakkundige tekste waarvan hulle kan kies.

“Voel julle nie soms onseker oor watter boeke om te lees nie?”, vra ek.

“Die skooljuffrou gebruik tog ook net ’n handboek”, sê Drieka. “As jy die boek kan kry van die eerste ou wat die boek geskryf het waarvan ’n opsomming gemaak is, dan word ’n hartsgevoel vir die vak geleer.”

Drieka trek haar ponie styf en gebruik ’n metafoer van die see om te verduidelik wat die wonder van die lewende boeke is. Jy kan óf die kind vertel van die see, óf ’n koppie seewater vir hom bring dat hy dit proe en sy vinger daarin steek. Of jy kan hom daarheen neem dat hy heeltemal vol raak van die sand en die see. Drieka vryf oor haar gesig soos sy verduidelik hoe die lewende boeke jou sintuie oorweldig.

*

“Oor die telefoon het jy gesê die regering beskou julle as rassiste. Hoekom is die regering gekant teen tuisskolers?”, vra ek aan Wouter.

Kan die regering werklik besorg wees oor die standaard van tuisskoolonderrig, as die statistiek bewys dat die kurrikulum in die publieke skole nie naastenby kwaliteit kan waarborg nie?

“Die regering wil nie hê dat die Here gedien word nie en daarom is hulle kwaad vir ons”, sê sy sonder om enigsins na rassisme of die onderrig-kwaliteit in publieke skole te verwys.

“Ons kinders weet hulle moet eers tot bekering kom en dat Die Bybel die grootste lewende boek is. Maar dit beteken nie dat ons alles wat ons doen vergeestelik nie. Jy sal nie die hele tyd sê: ‘Kyk dit is wat die Here gemaak het nie’”, sê Wouter.

Ek hoor weer geluide vanaf die kombuis. Tania skop teen die toe deur.

“Bedoel julle dat die regering teen die Christendom is?”, vra ek.

Wouter en Drieka kyk na mekaar en glimlag, asof hulle wil lag vir my naïewiteit. Die skopgeluide raak al hoe harder. Miskien moet ek maak of ek toilet toe gaan en kyk vir foto's teen die gangmure.

“Kom ons sê eerder dat hulle nie omgee vir geloofsbelydenis nie”, sê Drieka en sit vorentoe sodat ek haar wenkbroue kan sien wat oor haar neusbrug groei.

“Maar ek lees op die internet dat die regering bekommerd is oor die kwaliteit van tuisskoolonderrig”, sê ek.

“Dit is absolute propaganda om ons onbekwaam te laat lyk”, sê Wouter met sy adamsappel wat vinnig op en af beweeg. “Die teendeel is deur studies bewys.”

*

“Jy moet die beginsel van die *script* reg verstaan,” sê Drieka nadat ek gevra het of blootstelling aan 'n juffrou as 'n tweede ma, nie belangrik is vir veral die jonger kind nie.

“Die Here het die kind in die ma en die pa se sorg geplaas”, sê sy en druk met haar hand op Wouter se knie.

“Die norm is dat die kinders by Mamma en Pappa sosialiseer en nie in die skole nie”, sê Drieka. Ek vryf oor die droë barsies op my lippe en kyk na my diktafoon wat ek intussen op my been teruggesit het. Die linkerkantse hoek van die bandopnemer het 'n wit kapmerk. Miskien het dit gebeur toe dit onder die bed geval het.

“Wat jy baie keer by skoolkinders kry”, sê Wouter. “Is dat die kinders nie kommunikeer met grootmense nie. Hugo kan met almal praat.”

“Ek sien Hugo hardloop buite rond en speel op sy eie. Mis hy nie kompetisie nie?”, waag ek dit.

Drieka kyk na Wouter, asof sy wil sê dat hý eerder moet antwoord.

“My seun kompeteer. Jy moet hom sien by die tennis. Hy kry privaatesse en is nou op die stadium dat hy met sy pa wil kompeteer. Dit is maar iets wat ’n mens moet bestuur”, antwoord hy.

“Ja Hugo is ’n paar goeie wedstryde agter. Hy moet ontslae raak van sy energie”, sê Drieka.

“Terwyl Tania...”, sê sy en sug. Sy is anders, wil ek die sin voltooi.

*

Die trein het nooit oor die brug gekom nie, besef ek as ons buite die huis voor my kar staan. Die wind het intussen gaan lê. Hugo kom aangehardloop en gaan staan tussen Wouter en Drieka.

“Dit is die oom wat die boek skryf”, sê Wouter vir hom. Hy lag en slaan met die krieketskof in die gras.

“Wat gaan die titel wees dat ons dit darem kan koop as dit uitkom?”, vra Drieka.

“Ek weet nie”, sê ek. “Dit is so ’n lang proses dat ek nog nie eers daaraan kon dink nie.” Hoe sal ek seker maak dat Drieka en Wouter hulself nooit in die storie sal kan inlees nie?

“Dit is jammer dat ek nie Tania ontmoet het nie”, sê ek en kyk na die voordeur.

“Sy is in die kombuis besig met ’n taak oor die Lewende Boek”, sê Drieka. “Sy maak woorde bymekaar wat met ’n L in God se Woord begin.”

My verjaarsdag

Dit is my verjaarsdag en ek sit met 'n kroon op my kop wat my ma uit karton en foelie gemaak het. Dit druk teen die verbande wat styf om my ore gebind is ná die operasie. Ek dra 'n geel trui met 'n trein op wat my ma gebrei het en sit op die punt van die eetkamertafel saam met die seuns in my klas.

“Dit is omdat die kind nie vriende het nie dat dit gebeur”, het ek my ma oor die foon vir Juffrou Nel, my Standerd 1-onderwyseres, hoor sê die dag na die LO-periode. Ek het in die gang gestaan en teen die muur probeer opklim om my ouma se gesig te sien. Ek kon nie my voete se vuil merke van die muur afkry nie.

In die middel van die tafel is 'n koek wat Elma soos 'n rugbyveld versier het. In plaas van rugbyspelers het my ma groen soldate op die klapperveld gepak. Die koek het nege kerse op wat ek sukkel om dood te blaas. In elke bord het my ma die gemengde sjokoladelekkers gepak wat sy in die Baai koop en langs die suurmilk bo-op die kombuiskas bêre. My ma droog die suurmilk en pos die poeier vir 'n man in die Noord-Kaap. Sy sê sy gaan nog die plaas red met vrot melk.

Ek kan niks eet nie en het al die lekkers op my bord in my sak gedruk. Elma dra koeldrank buitentoe terwyl die seuns voor die agterdeur rugby speel. Die tuin ruik na gesnyde gras. Ek en Dindi het my ma gehelp toe sy die gras sny.

“Jy moet grootword, dat jy kan begin werk”, het sy vir Dindi gesê. “Dit help nie jy sit so by die huis rond nie.”

“Tootsie is jou *girlfriend*”, sê Pieter terwyl hy die bal hoog in die lug skop. Ek lees *Ge-knelde Land*, maar die woorde is te moeilik om te onthou. ’n Paar seuns begin sing: “Tootsie is jou *girlfriend*. Tootsie is jou *girlfriend*.”

Die lekkers druk in my sak. As ek op die watertenk kon klim, sal ek my pa op die land sien. Ek haal die simpel kroon van my kop af. My hare is nat gesweet onder die verbande en die trui sit krapperig om my bolyf.

“Ek sal nooit weer iets vir jou reël nie”, sê my ma as al die kinders weg is. “Lyk my jy is net soos jou oupa Blink Gert.”

Ek kan nie meer luister nie. Ek trek my verjaardagtrui uit en hardloop na die lande toe. Vanaf die sandhoop sien ek hoe Dindi op die trekkerwa besig is om die koring wat my pa uit die stroper in die wa pomp, gelyk te skep. Die koringare skaaf my bene.

“En nou Hoenderbors?”, vra my pa. Ek het vergeet om ’n hemp aan te trek. My borskas beweeg op en af en my bene brand. Ek klim teen die trekker se bak op en gooi die lekkers oor die koring. Dan duik ek in asof dit water is. Ek en Dindi dink ’n nuwe speletjie uit terwyl my pa stroop. Wurm-wurm. Dit is as jy van die bak se rand duik en die lekkers in die koring sonder jou hande soek.

Dit is al donker as ek by die huis kom. Die wind waai deur die bloekombome langs die sandhoop wat wit skyn in die nag. Dit was my lekkerste verjaarsdag ooit, wil ek vir my ma gaan sê. Maar sy is nie in die huis nie. Die rookkamer se lig brand en die deur is op ’n skrefie oop. Ek hoor stemme in die rookkamer. Deur die sleutelgat sien

ek my ma op die bank lê. My pa sit langs haar met sy hand op haar mond. Dit lyk of hy kaal is.

Ek hoor Dindi se stem agter my. In sy hand hou hy my asmapompie wat in die koringbak uitgeval het.

Lieben und Arbeiten

Die oggendson skyn gefilterd deur die opgeplakte lyste teen my kamervenster en weerkaats in die spieël bokant my kop. Ek sit by die werkstafel met die diktafoon langs my skootrekenaar, gereed om die onderhoud wat ek gister met die vyftienjarige Leelah February van Laerskool Klapmuts gevoer het, terug te speel en op te skryf. Agter die toe kamerdeur hoor ek Sarah, Felicia se huishulp wat nou ook by my werk, in die kombuis skottelgoed was.

“Lieben und Arbeiten”, tik ek as die titel bo-aan die leë bladsy. Dié Duitse sinsnede is die skoolleuse van Laerskool Klapmuts buite die Paarl, en is geskryf teen die baksteen-saalmuur wat bo die wankelrige opslaanklasse uitsteek. Dit verwys na Sigmund Freud se teorie dat die liefde en werk twee kernvoorwaardes is om ’n sinvolle bestaan te kan voer. In ’n nedersetting soos Klapmuts, waar die meerderheid inwoners as seisoenwerkers vir ’n gemiddelde inkomste van R500 per maand werk, maak so ’n leuse waarskynlik nie sin nie. Vir Leelah, wie se ma dood is in ’n trok-en-trein-ongeluk op pad na haar kontrakwerk op ’n plaas buite Somerset-Wes, hou so ’n sinsnede ’n wrange ironie in.

*

Felicia het my laat een aand gebel om te sê dat sy nie eerlik voor Sarah kon gesels die oggend van my ontmoeting met die Paarlse tuisskolers nie. Toe ek hulle voor by die hek sien klere ophang het, was Felicia besig om Sarah te vertel van Juffrou Isaacs wat by Klapmuts skoolhou. Dit is hier waar soveel kinders se ouers dood is in die Faure-ongeluk.

Op Maandagoggend, 13 November 2006, het ’n trok met 31 plaaswerkers op die Faure-treinoorgang op pad na Somerset-Wes gaan staan. Die oorgang is op ’n bebosde draai en die

aankomende trein het nie die trok betyds gesien nie. Aanvanklik is berig dat 19 werkers dood is, maar volgens 'n ander koerantknipsel is 27 werkers se lyke rondom die treinspoor gevind. Die helfte van hierdie mense is van Klapmuts, onder wie Leelah se ma en niggie.

“Die Klapmuts-storie en Sarah se hartseer het my laat besef hoe 'n groot probleem onveilige vervoer is en hoe baie kinders en ouers op onse paaie sterf. So toe jy nou kom met die *home schooling* het ek gedink dit is 'n *luxury*.”

Oordryf Felicia nie, het ek gewonder? Maar na ons gesprek het ek gelees dat die padongelukke vanaf 1996 tot 2007 vanaf 60,000 tot 85,000 gestyg het. Buiten onveilige paaie en onverantwoordelike bestuurders, is onpadwaardige voertuie die grootste rede vir die toename in padongelukke.

“Jy sal skrik as jy bietjie gaan lees hoeveel arme werkers in padongelukke sterf. En die regering doen niks. Niks!”, het Felicia gesê. “So as jy wil, kan ek met jou reël dat jy met juffrou Isaacs by Laerskool Klapmuts praat oor die invloed van daai ongeluk op die kinders.”

“Ek sal graag wil, maar wat wou jy vertel van Sarah?”, het ek gevra.

“Ja, ek praat so baie dat ek vergeet hoekom ek gebel het. Sarah het my daai oggend vir die eerste keer vertel van haar enigste seunskind wat in die Bloekomgeur-busramp dood is.”

Veertig leerders van Bloekomgeur Primêr in Strandfontein op die Kaapse Vlakte het in die laat winter van 2005 op 'n uitstappie na Tafelberg gegaan. Op pad terug het die bus se remme gebreek en op die steil Kloofnekkpad omgeslaan. Sarah se seun, Brandon, was een van die drie leerders wat saam met die busbestuurder gesterf het.

“Ek sal graag met haar ook wil praat. Sal sy?”, het ek gevra en probeer terugdink aan die gesigsuitdrukking van die vrou wat saam met Felicia wasgoed opgehang het.

“Ja, ek het hoeka vir Sarah gesê sy moet een dag ’n week deurgaan na jou toe. Dit lyk of jy ’n vrou se hand nodig het.”

*

Ek trek die Padongelukke-plakboek onder die skootrekenaar uit om weer deur die knipsels van die verskillende ongelukke te blaai: Vyf werkers sterf op die Klapmuts-pad nadat ’n trok voor hulle bakkie ingeswenk het. ’n Foto beeld die ongelukstoneel op De Doorns uit waarin 70 werkers vanaf ’n oop bak oor die pad geslinger is. In Piketberg het ’n bus met plaaswerkers van ’n hang afgery en is 10 skoolkinders dood.

Ek steek ’n sigaret aan en lees van die negejarige meisie wat aan die begin van 2009 op dieselfde Faure-treinspoor dood is as waar die ongeluk drie jaar gelede gebeur het. Sy het na skool op die treinspoor gespeel en nie die trein hoor aankom nie.

Die plakboek se blaai sit aanmekaar vas en die Bloekomgeur-berig wat ek laasnag te oorhaastig ingeplak het, skeur as ek omblaai. Die ink van die foto waarop paramedici ’n kind uit die bus se venster trek, gee af aan my hande. Ek lig my kop op om die rook uit te blaas en kyk vir ’n oomblik in die spieël na die sakkerigheid onder my oë. Wanneer laas het ek voor middernag gaan slaap?

“Ek bring vir meneer koffie”, sê Sarah buite die toe kamerdeur. Ek druk die plakboek onder die rekenaar in en laat die sigaret in die asbak. Sarah staan voor die deur met ’n beker melkerige koffie. Sy dra swart Grasshoppers, wit sokkies, ’n groen oorpak en ’n stywe kopdoek. Sy het ’n bril op wat by die neusbrug met kleeflint vasgeplak is.

“Sarah”, sê ek as sy omdraai kombuis toe.

“Ja Meneer?”, vra sy. Ek weet nie hoe om haar uit te vra oor haar seun se dood nie.

“Dankie vir die koffie”, antwoord ek.

*

Die uitgebrande sigaret smeul in die asbak. Ek druk ‘play’ op die diktafoon en dit voel asof ek dadelik weer by Leelah van Klapmuts is.

“Steek hande op! Wie van julle ouers is dood in die Faure-ongeluk?”, hoor ek Juffrou Isaacs se skril stem.

Juffrou Isaacs staan hopeloos te naby aan die diktafoon in my hemsak. Sy skuur haar rug teen die opslaanklas se deurkosyn. Die juffrou het ’n groen sweetpakbroek en t-hemp aan en dra ’n fluitjie om haar nek. Ek staan langs haar met die oorvol drasak voor my maag. Die sak se ritssluiters sit vas aan ’n uitgerafelde garingdraad wat ek ongesiens probeer uittrek. Felicia staan agter my met haar hand bo haar oë. Sy kyk in die rigting van die skoolhek na ’n groep vroue wat in blou oorpakke om ’n konka-vuur staan. Ek voel die oggendson op my rug brand. Voor my sit veertig kinders met hulle hande agter hulle koppe gevou. Die klaskamer ruik na Sunlight-seep en rook.

“Steek op julle hande *damnit!*”, sê Juffrou Isaacs en vat aan die fluitjie om haar nek. Ek ruk die garing los en voel ’n spoegdruppel op my hand. Ek vee dit aan die drasak af en probeer effens wegstaan van Juffrou Isaacs, maar sorg dat my hemsak steeds naby genoeg aan haar gesig is.

“Is julle doof of wat? Hier is mos ’n hele klomp van julle”, sê sy.

Felicia raak liggies aan my bolyf. Ek kyk om en die drasak se band skuur oor die diktafoon in my sak. Sy byt op haar bolip en wys met haar oë na Juffrou Isaacs wat intussen op haar fluitjie begin blaas het.

’n Meisie wat alleen in ’n bank agter in die klas sit, steek haar hand op.

“Leelah”, sê Juffrou Isaacs. “Moenie my tyd mors nie, man. Kom hiernatoe.”

Leelah se kop is kaal geskeer en sy het ’n te groot reënbaadjie oor haar skoolrok aan.

“Gaan haal ’n stoel vir jou en die meneer dan praat julle hier buite”, sê Juffrou Isaacs. Leelah se rok hang laag onder haar knieë.

“Ja Juffrou”, sê sy met ’n dik stem. Ek swaai die drasak langs my lyf sodat Leelah verby my kan stap. Op haar kaalgeskeerde kop is ’n fyn wit uitslag.

“Sien jy nou hoe groot is daai kind se skoene”, sê Juffrou Isaacs vir Felicia en wys na Leelah se voete. Sy stap stadig op die sementpaadjie na die skoolsaal. Haar bene is vaal en lyk abnormaal maer vir haar groot skoene.

“Jinne Juffrou”, sê Felicia sonder om na Isaacs te kyk.

“Ek sê sommer dis 4 x 4’s”, lag Juffrou Isaacs. “Die kind stap elke dag 20 kilometer van die plaas af doer uit die Paarl.”

*

Leelah sit twee oranje stoele op die sementblad voor die opslaanklas neer. Ek skuif my stoel tot in die skaduwee van die dennebome agter die opslaanklasse. Van waar ek sit, kan ek Felicia voor Juffrou Isaacs se lessenaar sien staan. Leelah druk haar palms teen mekaar en knyp haar hande tussen haar bobene vas. Ek sit die drasak op die grond langs die stoel neer en sit vooroor. Leelah kyk na die grond en trap op haar hakke sodat haar tone in die middel van haar skoene wys. Twee seuns staan langs die dennebome. Die een mik met ’n papierpistool na ons kant toe.

*

Ek druk ‘Pause’ op die diktafoon as ek Sarah se stem vanuit die gang hoor. Die son gooi blokke lig oor die lêers op my bed.

“Kan ek hierdie weggooi?”, vra Sarah. In haar hande hou sy ’n bondel koerantknipsels en aantekeninge oor die Duitse skrywer, W.G Sebald, se *Austerlitz* wat ek gisteraand by die kombuistafel uitgeskryf het. Iets aan die gesprek met Leelah het my gisteraand laat dink aan

die vyfjarige Austerlitz wat in 1939 in die pleegsorg van twee Engelse ouers geplaas word. Austerlitz word groot as 'n Engelse seun en eers as hy vyftien is, so oud soos Leelah, vind hy vir die eerste keer uit wat sy naam is en begin hy wonder oor sy ware identiteit.

“Nee, asseblief nie”, sê ek en gryp die papiere uit haar hande. Ek druk die koerantknipsels onder die bed in. Dit is al die koerante wat ek reeds uitgeknip het, maar nog 'n keer moet deurgaan om seker te maak dat ek niks misgelees het nie. Die aantekeninge oor Sebald sit ek in die plakboek by die berigte van die skoolongelukke. Ek plak 'n aanhaling oor een van die oop kolle op die venster waar Austerlitz vertel hoe hy as seun geweet het om sy hoop laag te hou en vorentoe te beur in die rugby, maar dat niemand geweet het van die dowwe pyn in sy bors nie.

“Sarah!”, sê ek en loop na die kombuis. Sy was die pot waarin ek gisteraand rys aangebrand het, terwyl ek Sebald gelees het.

“Ek is jammer dat ek oorreegeer het”, wil ek sê.

Sarah se bril lê op die vensterbank langs die opwasmiddel en staalwol. Die yskasdeur is oop en op die kombuistafel is 'n gemufde kaasblok, pap tamaties en 'n swart komkommer. Die berg is helder agter die kombuisvenster. As jy jou kop effens laat sak, kan jy die kappelkarretjie teen die groen hange sien opseil. Sarah sit die pot op die tafel neer. Onder haar linkeroog is 'n brandmerk wat ek nie vantevore gesien het nie.

“Onthou jy nog jou skooljare?”, vra ek. Sarah tel die bril van die vensterbank. Haar oë is plooiërig agter die lense.

“Jou grootworddae. Hoe was dit?”, vra ek weer. Miskien was Sarah nooit in die skool nie. Alhoewel die ongeletterdheidsyfer onder volwassenes bo 20 bly daal het na 1994, is daar steeds

4.7 miljoen volwassenes wat nie kan lees of skryf nie.

“Ek kan nie meer onthou nie”, antwoord sy en tel die pot op. Sarah se handsak lê op die boonste rak van die groentemandjie langs die wasbak. Dit is dieselfde mandjie wat in ons plaashuis was en waarvan die blou geverfde rottang afgeskilfer het.

“Jy moet iets onthou, Sarah?”, sê ek.

Sy lag met haar hand voor haar tandelose mond. Die lag gaan oor in ’n hoesbui. Haar wange is minder rond as die dag dat ek haar by Felicia ontmoet het. Sarah sit die pot op die wasrak neer en vee met ’n natlap oor die tafelblad.

“Omstandighede het gemaak dat ek kort op skool was, Meneer”, sê sy. “Daar was nie tyd nie. Ek moes kinders grootmaak.”

Sy spoel die stowwerige lap uit en hang dit oor die kraan.

Hoe oud is jy Sarah?”, vra ek.

“Ek word,” antwoord sy en tel haar ouderdom af op haar vingers wat al te veel klere in koue water gewas het. “Ek word nou 57, Meneer.”

Sarah draai om en kyk deur die venster. Sy druk met haar hande op haar laerug.

*

Voor my werkstafel druk ek weer ‘play’. Is dit die wind wat deur die dennetakke waai wat ek in die agtergrond hoor? Ek druk die gehoorstuk teen my linkeroor vas en haal met die ander hand my notaboek uit die drasak langs die werkstafel. Ek probeer die aantekeninge ontsyfer wat ek gister met my notaboek op my knie geskryf het.

“Leelah se vel is baie donker”, lees ek. “Onder haar regteroog is ’n donkerder merk, wat tot laag op haar wang afloop. Is dit ’n geboortevlek? Haar oogvorm is Asiaties.”

Leelah kyk na die twee seuns onder die bome wat mekaar met papierpistole jaag. Sy knip haar oë, en net voor sy haar hande in die voue van haar bene druk, kyk sy na die notaboek. Ek

maak die boek toe en druk dit in my drasak. Die spiertjies onder haar linkeroog beweeg. Ek sit vooroor sodat ek my maag teen my bobene voel druk. Die diktafoon steek bo die hemsak uit. Ek druk dit vinnig terug.

Felicia klap teen die opslaanklas se deur om my aandag te trek. Met haar duim in die lug wil sy weet of ek nog reg is. Ek knik my kop. Ons hoef nie te praat nie, het ek al besluit toe Leelah die twee stoele gaan haal het. Die woordelose onderhoud.

*

Ek luister weer na die wind op die diktafoon en steek 'n sigaret aan met die laaste afgebreekte vuurhoutjie in die Lion-boksie. In die agtergrond hoor ek die twee seuns lag. Juffrou Isaacs se stem is soms so hard dat dit klink asof sy langs ons gestaan het.

“Wat wil jy doen as jy groot is?”, hoor ek myself oor die bandopnemer vra.

Leelah se oogspier spring. Sy snuif en vee met die agterkant van haar hand oor haar neus. Sy kyk af na haar skoene en sak vorentoe op haar skoot.

“'n Dokter, maar *Daddy* sê ek moet vir hom sorg”, antwoord sy. Haar stem is skaars hoorbaar.

“Is jy die enigste kind”, vra ek. Leelah knik haar kop en druk met haar hande op haar skoene.

Ek buig ook vooroor, en wil aan haar raak.

“Mis jy haar?”, vra ek. Voordat ek my hand na haar kan uitsteek, val my diktafoon uit my hemsak. Die metaal kap teen die grond en rol tot voor haar voete. Leelah tel dit op en kyk daarna voordat sy dit vir my aangee.

Ek hoor hoe haar reënbaadjie se moue teen die diktafoon skuur. Die seuns se tjankgeluide raak al hoe harder in die agtergrond.

“My ma het rympies opgemaak, dat ek kan lag”, sê Leelah.

“Watter rympies ken jy uit jou kop?”, vra ek.

Leelah kyk na die seuns wat al hoe harder tjank. Sy bly vir ’n lang ruk stil voordat sy sê: “Ek kan nie onthou nie. Daai dag toe vergeet ek. Toe kom vertel die polieste die trein het vas aan die trok gery.”

“Praat jy met jou juffrou oor daardie dag?”, vra ek.

Sy kyk na my gesig, asof sy my vir die eerste keer raaksien. Ek krap my regterwang teen my skouer.

“Met niemand nie”, antwoord sy. “Ek voel nie om te praat nie.”

*

Ek stap met my selfoon tot voor die oop sitkamervenster. As ek op my tone staan, sien ek van die provinsiale regering se geboue aan die oorkant van die parade.

“Hold on”, sê die ontvangsdame by die Wes-Kaapse Departement van Vervoer en Publieke Werke, as ek verduidelik dat ek met iemand wil praat oor die Faure-treinspoor.

Na ’n ruk maak die lyn ’n besetton. Ek skakel dadelik weer die nommer en wag vir dieselfde stem om te antwoord. Hierdie keer skakel sy my deur sonder om ’n woord te sê. Ek hou aan en voel na die sigarette in my sak. Na vyf minute is die lyn beset. Ek gooi die selfoon op die vensterbank neer.

Fok, die vuurhoutjies is op.

“Ek het standard 1 halfjaar klaargemaak, Meneer”, sê Sarah agter my met die stofsuiers in haar hande. Ek besef dat ek my uitgerekte slaapbroek aan het en gaan sit op die vensterbank.

“Dis dié dat ek eintlik nie kan skryf nie. Maar ek kan lees, as Meneer vir my mooi skryf”, sê sy.

*

Sarah vertel dat sy op ’n plaas buitekant die Paarl grootgeword het. Sy kon nie meer

skoolgaan nie, want sy moes haar jonger susters oppas, terwyl haar pa op die lande en haar ma in die plaaskombuis gewerk het.

“Is jy spyt?”, vra ek.

“Ja, ek is. Felicia het al aangebied om my te leer,” sê sy en suig haar wange effens binnetoe.

“Hoekom doen jy dit nie?”, vra ek.

“Ek moet werk en ek is alleen”, antwoord sy en druk die stofsuiers se kabel by die muurprop in.

Sarah se eerste man het van haar geskei omdat sy nie kon swanger raak nie. By haar tweede man het sy Brandon gehad.

“Die man het my gelos na die storie met my kind. Hy kon nie...” Sarah onderbreek haarself en kyk na my.

“Hy bly nou in die Oos-Kaap. My ma woon ook daar in Uitenhage”, sê sy. “Met die gelde wat die *bus company* dalk gaan uitbetaal, wil ek vir my ma ’n nuwe huis gaan bou. Dit was Brandon se beste kuierplek daai gewees.”

*

Ek het Fatima Davids van Women on Winelands ’n paar uur na my gesprek met Leelah in Stellenbosch ontmoet om te praat oor die veilige vervoer-vereistes van plaaswerkers en hulle kinders. Op die aansteekbord teen haar kantoormuur is berigte van vrouens wat betoog vir beter salarisse, ’n swanger vrou wat aangerand is en ’n faks aan die Wes-Kaapse regering om aandag te skenk aan die Faure-treinspoor.

“Dit was nie ’n ongeluk nie”, sê Fatima. “Dit is nie per ongeluk dat trokke met werkers oorlaai word of dat daar geen beskerming vir werkers gebied word nie. Ons praat al vanaf 1996 met die regering en kommersiële boere om vervoer veiliger te maak.”

“Die regering het belowe dat die oorgang reggemaak sal word, maar ek lees in verskeie koerante dat daar nog niks aan die saak gedoen is nie. Is dit intussen reggestel?”, vra ek.

“Hulle het nog niks gedoen nie”, sê Fatima en kyk na die brief teen haar bord. “Die oorgang het steeds geen sinjale nie en trokke ry daagliks daar oor sonder dat hulle die treine sien aankom.”

“Wat is die regering se verskoning dat hulle niks doen nie?”, wil ek weet.

“Almal gaan aan oor Faure, Faure”, sê Fatima. “Maar wat van al die ander plaas-ongelukke? In dieselfde tyd was daar drie ongelukke waarin werkers dood is. Ons moet na al hierdie sake kyk.”

“Hoekom vind daar soveel ongelukke plaas waarin plaaswerkers betrokke is?”, vra ek. Kan dit werklik net te doen hê met die onpadwaardigheid en onverantwoordelikheid van bestuurders?

“Die mense word soos diere agterop oop trokke en bakkies vervoer”, sê sy. “Die regering en landbou-organisasies het gesê hulle sal toesien dat alle trokke wat mense vervoer, toegebou en nie oorlaai word nie.”

“Maar hoekom doen die regering niks nie?”, vra ek.

Niemand gee om vir die weerlose 220,000 seisoenwerkers in die Wes-Kaap nie, verduidelik Fatima. Die meeste van dié werkers is vroue omdat hulle so desperaat is om vir hulle kinders se skoolloopbaan te sorg. Vir die boere is dit ook makliker om vrouens as seisoenwerkers aan te stel, sonder om hulle ooit vaste poste met enige mediese voordele aan te bied.

“Hoe reageer die boere-organisasies en die regering as julle voorstelle maak oor veiliger vervoer en vaste kontrakte?”, vra ek.

“Die boere is maar te bly as ons met VIGS- en gesondheidsprogramme na hulle toe gaan, want wie soek nie ’n gesonde werker nie? Maar gaan nou soontoe oor onwettige uitsetting of onbillike ontslag, dan wil baie boere jou nie op hulle plase toelaat nie”, sug Fatima.

“Moet daar meer druk op die boere geplaas word om hulle werkers te beveilig?”, vra ek.

“Ja, maar wie plaas die druk op die regering? Niemand kan die regering maak wakkerskrik nie”, sê Fatima.

*

“Die welsyn was by die huis,” sê Leelah as ek vra of iemand met haar en haar pa kom praat het na die ongeluk. “Hulle het vrae gevra. Hulle het nie lank gemaak nie, toe hulle klaar is, het hulle weggeroep.”

Die seuns gee nog ’n paar harde tjanke voordat hulle by die saaldeur inhardloop.

Leelah druk met haar elmboë op haar bobene en kyk hoe ek ‘Stop’ op die diktafoon druk.

“Ek onthou nou my ma se rympe”, sê sy. Die hoeke van haar lippe beweeg.

“Kan jy dit opsê?”, vra ek. Sy knik haar kop en staan op en swaai haar arms effens. Leelah kyk op in die lug en knyp haar oë toe terwyl sy saggies sê: “Die voetjies trap so liep-lap-lo-ring, die voetjies trap-trap deur die koring, die voetjies trap-trap oor die gras – ek wens dat ek al groter was.”

Braai

Ek en my ma gaan braai by my oom en tannie in die Gamtoos. My ma speel klavier tot ons moet ry. Dooie hare val op haar skouers en op die klavier se note, terwyl my ma al hoe harder speel. My pa het nog nie uit die rookkamer gekom nie. My oupa sê dit is die koöperasie se skuld. My ma lag as hy dit sê. Wanneer my oupa in die huis is, ruik alles na Old Spice.

'n Paar minute nadat my oom die vleis van die rooster onder die peperboom afgehaal het, breek die wolke soos waterballonne op die dak.

“Jy moet eet, dat jy kan mens word”, sê my oom van die stoeptafel af. Ek kan nie, want my asem is op en ek het my asmapompie by die huis langs my boek vergeet.

Van die stoepreling kyk ek hoe die reën die laaste kole smoor, terwyl ek probeer om te tel hoeveel keer ek dit regkry om my asem uit te blaas. Die water dam teen die peperboom op, voor dit in dik strome tot op die stoep loop. Die Gamtoosberge lyk soos sago-poeding met ronde klippe wat ek nog net-net agter die wolke kan sien. My oom hou my ma en tannie se hande vas en bid vir my pa en die kos. Die vleisvet maak my naar.

“Weghol sal nie help nie. Ek moet die kind by die huis kry”, sê my ma later die middag vir haar suster in die kamer langs die stoep. Ek sit regop op die stoepbank met my hande onder my boude en probeer asemhaal. Die bank se staalpype druk merke op my handpalms.

“Die brug tussen die Gamtoosvallei en ons plaas is teen die tyd al toegespoel”, sê my tannie. My ma dra ons tasse terug kar toe. Ons ry weg sonder dat my ma na my oom of tannie kyk. Hulle staan op die stoep. My oom druk my tannie vas.

Voor die rivier stop my ma. Die water dreun bruin voor die motorligte. Dit het ophou reën. Die maan skyn op my ma se gesig. Haar hare hang dun oor haar wange. Sy vat aan my been en ry stadig agtertoe. Ek skuif nader aan die deur. My ma ry vinnig vorentoe. Die water spoel tot teen die ruite. Die ligte skyn onder die water. Ek klim van die voorste sitplek tot op die agterste bank. Met my hande druk ek aan die warm rif van die uitlaatklep. Ek kan water voel en klippe wat soos visse aan die onderkant van die kar byt.

“Jy kan maar jou oë oopmaak. Ons is deur my kind”, sê my ma aan die anderkant van die rivier. My hande brand. Ek lê terug op die bank en maak my oë toe.

Waar ek hoort

Ek word wakker met 'n dowwe hoofpyn en 'n wil om te gaan draf. Die oorvol asbakke in my kamer maak ek in die kombuis leeg en sien deur die venster hoe die oggendmis oor die berg trek. Ek pak al die bokse onder my hangkas uit om my drafskoene te soek. In die laaste houer wat ek met ons plaas se naam, “Dankbaar”, gemerk het, kry ek my skoene langs F.A. Venter se *Geknelde Land*. “Die somerwind uit die suidooste stoot droë wolkies oor Winterberg, oor die Koonaprivier – oor die hele Oosgrens van Tarka tot aan die see”, lees ek die eerste sin. Die boek se blaaie ruik na Vicks en koring. Die skoene druk my voete en die kniebroek waarmee ek tennis by Laerskool Staalheuvel afgerig het, sit styf om my lyf.

*

My borskas pyn as ek by die woonstelblok terugkom. Ek gaan sit op die ingangstrappe en druk my warm agterkop teen die staalpype van die veiligheidshek. Die sweet brand my oë. Die koffiewinkel aan die oorkant van die straat lyk na blink strepe. Skerp prikkels skiet onder die vel van my arms tot in my hande. Ek druk my vingerpunte teen die sement onder my.

“Are you ok sir?”, vra 'n man in 'n Franse aksent. Ek trek die onderkant van my t-hemp op om my gesig af te vee. Die wag klim uit die sekuriteitshok en kom staan voor my.

Ek staan op met stywe bene en 'n nat t-hemp wat aan my bolyf kleef.

“Riu Domingo”, sê die man en steek sy hand na my uit. Sy sekuriteitsbaadjie het goue knope met arendskoppe op.

“I've seen you before, we stay on the fourth floor”, sê ek.

“I know you”, lag Riu. “It looks like you're moving out but you're not.” Hy wys na my kamervenster. Van buite af lyk die lyste soos iemand wat sy vensters toeplak voordat hy die woonstel verlaat.

“From where are you?”, vra ek.

“From the DRC”, antwoord hy met sy arms langs sy toegeknoopte baadjie soos ’n soldaat op aandag..

“Is it because of the war?”, vra ek.

“Yes, I came from Mbandaka in 2003”, sê Riu en wys met sy plat hand hoe hy gevlieg het tot hier. Mbandaka is in die ooste van die land, verduidelik hy, en dit is veral in hierdie dele waar die ergste vorme van seksuele geweld ter wêreld teen die Kongolese burgers gepleeg is.

“Do you have a family?”, vra ek.

Riu lag en vryf oor sy voorkop met die hoë haarlyn. Sy hare is grys en dit lyk nie asof Riu enigsins wimpers het nie. Ek staan nader om beter te kan sien.

“My wife and two children came six months ago”, sê hy.

“Are they in school?”, vra ek.

“Yes”, sê hy, “in Staalheuwel Primary. We live there.”

Kan dit wees dat nóg ’n storie my na Laerskool Staalheuwel stuur?

Ek verduidelik van my projek en dat ek graag met sy gesin wil praat oor hoe hulle as immigrante aanpas by ons skoolstelsel. Hoe pas die 3 tot 5 miljoen onwettige immigrante se kinders aan in ons skole? Ons skolewet bepaal dat dieselfde regte vir alle vlugteling en immigrante geld as vir Suid-Afrikaanse burgers, maar in die praktyk word daar wel gediskrimineer teen buitelanders. Ek onthou hoe neerhalend Dippenaar na die Kongolese leerders verwys het wat sy skool “pikswart” maak.

“Come on Sunday next week”, sê Riu. “It is the only time I am not working.”

Hy klim terug in die sekuriteitshok en teken op ’n los papier hoe om tot by sy huis te ry.

“I will meet you at the supermarket in Ysterplaat.”

*

Ek sit voor die *Seven Eleven* in Ysterplaat en lees 'n artikel oor Suider-Afrikaners se siening van immigrante uit ander Afrika-lande. Volgens 'n nasionale immigrasie-beleidsstudie wat in Namibië, Lesotho, Mosambiek, Zimbabwe, Swaziland en Suid-Afrika gedoen is, voel Suid-Afrikaners baie sterker as ander lande se burgers dat geen immigrasie geduld behoort te word nie.

Ek maak die kram van die artikel los om beter kantaantekeninge te maak en sny my duim tot diep in die sagte vel onder my nael. Bloeddruppels vlek die titelblad van die artikel. Ek druk my duim in my mond en klim uit die kar om 'n pleister in die supermark te koop. Twee jong meisies sit op kratte voor die winkel en drink bier uit plastiekglase. Langs hulle slaap 'n man met 'n hoop Sondagkoerante voor hom.

Tussen hondekosblikkies, Two Minute Noodles, gevriesde hoenderpote en haarverlengstukke sien ek geen pleisters in die winkelrakke nie. Ek vra vir servette by die toonbank en rol dit om my vinger.

“Haai Meneer”, sê die meisie met 'n trippelken en olierige hare agter die kasregister. Sy lê oor die toonbank met haar los wit t-hemp waaronder 'n rooi bra uitsteek. Ek kyk na die glaskas langs die toonbank waarbinne worsrolle, droë Hertzoggies en skuimpies met gesigte verlig word.

“Meneer kan my seker nie meer onthou nie. Ek is Angelique”, sê sy en vat aan haar ponie-stert.

“O ja ek onthou nou”, lieg ek en sien Riu in sy uniform langs my kar staan. Miskien het hy geen ander klere nie? Ek koop twee pakke van die skuimpies vir Riu se kinders. Eers as ek buite in die straat is, besef ek Angelique was die meisie wat voor langs Dwayne gesit het en name van stout kinders op die bord geskryf het as ek uit die klas moes gaan. Party oggende, veral in die winter, wou sy onder my lessenaar inkruip om my bene warm te vryf.

*

Riu beduie dat ek moet stilhou voor 'n kerk waarop die goue woorde, “Jesus gives Shelter to All”, 'n kruis vorm. 'n Vrou met 'n groen Afrika-rok en wye kopband hou twee kinders se hande vas op die grasperk voor die kerk. Die dogter het 'n pop met 'n handdoek agter op haar rug vasgebind. Riu sê iets in Frans vir sy dogter as ons uitklim. Die seun kom aangehardloop met 'n vuil Spiderman-hemp en klou aan sy pa se been. 'n Groep mans drom uit die kerk en staan op die stoep en kyk na die kar. Ek druk die skuimpies saam met die gevlekte artikel in my drasak. My sigarette het ek vandag met opset in die woonstel gelos. Die servet haal ek van my vinger en sit dit in die asbak.

“This is my family”, sê Riu en vryf oor sy dogter se hare. Sy vrou maak 'n effense kopbuiging sonder om 'n woord te sê. Ek wens ek kan my vinger in my mond druk. Dit brand waar die kram die nael gebreek het.

Riu se vrou lag en skree 'n paar harde sinne as sy my notasak sien.

“She says she remembers you”, sê Riu. “My wife said you have bought the bag at her stall, but know she is shy.”

“Oh,” lag ek. Was ek so ingestel op Felicia dié dag by die stalletjie, dat ek hierdie vrou se gesig glad nie kan onthou nie?

“My wife is shy because your bag is finished”, lag Riu.

Ek sien vir die eerste keer dat my sak se handvatsel halfpad losgeskeur is.

*

“Maybe we can talk in our place”, sê Riu en wys na die kerkingang. Nog meer mans staan nou op die stoep. Woon hy saam met al hierdie mense in die kerk? Riu en sy gesin loop vooruit oor die grasperk wat vol wit hoendervere lê. In die een hoek van die tuin sit 'n jong meisie op haar knieë en blaas 'n rokerige vuur. 'n Ander vrou roer met 'n lang stok in die aangebrande pot bo-op die vuur. Ek druk my vinger teen die koue plastiekhuls van die

diktafoon in my hemsak. Miskien moet ek met een van die mans op die kerkstoep ook 'n onderhoud voer? Op die stoep lê sandale in rye gepak. Ek wil deur die mans tot in die voorportaal druk, maar as ek tot op die stoep loop, ruik ek menslike ontlasting en verslaande urine. My maag ruk en ek moet keer om nie op te gooi nie.

Langs die kerkgebou is 'n sementpaadjie waar Riu vir my staan en wag. My vinger klop warm teen die bandopnemer se omhulsel. Aan die agterkant van die kerk staan 'n geroeste sinkbad en 'n wasmasjien sonder 'n deksel voor 'n buitegebou. Deur die venster van die gebou hang 'n kabel wat aan die wasmasjien gekoppel is.

Riu maak die buitedeur oop en wys dat ek moet afbuk om in te stap. In die middel van die vertrek is 'n plastiektafel en teen die oorkantste muur staan 'n enkelbed met 'n matras sonder lakens. Die Spiderman-seun spring bo-op die bed, terwyl die meisie eers die pop op haar rug losmaak en in die handdoek toevou voordat sy opklim. Sy sus die pop in haar arms. Ek gaan sit op die punt van die plastiekstoel naaste aan die deur met die enigste venster agter my. As ek terugsit op die stoel, sien ek dat die wasmasjien se kabel sonder enige plastiekbeskerming is. Ek sit vorentoe en krap in my nek. Die vertrek ruik na vrot melk.

Riu wag tot sy vrou om die kerk se hoek stap voordat hy die deur toemaak. Ek hou my asem op en sit die diktafoon op die tafel neer. Na die val by Klapmuts, moes ek kleeflint om die bandopnemer bind. Agter die deur is 'n tweeplaat-stoof met 'n aangebrande pot op.

“Did you live here from 2003?”, vra ek en druk my vinger teen die onderkant van die tafelblad.

Teen die muur bokant die stoof is 'n prent van ses honde in groen weermaguniforms wat in 'n kroeg sit en kaart speel.

“No, I lived with the other people inside the church”, sê hy en wys na die kerkgebou. Riu vertel dat dit ’n leeggeloopte Metodiste Kerk is waar immigrante van Somalië, Zimbabwe en Nigerië woon. Hy en sy gesin is die enigste mense van die Republiek van die Kongo.

“But I live here for three months now, when my wife and kids came. Now I can lock my house”, lag hy.

Langs die bed is ’n paar swart gepoleerde skoene en ’n gestrykte wit hemp hang oor ’n stoellening.

“Why didn’t your family come with you?”, vra ek.

“I had to leave without making plans, because of my brother who was the bodyguard of the old president, Mobutu Sésé Seko. My family put me on the airplane like a suitcase. I had to go without them”, sê hy.

Toe Mobutu president van die Republiek van die Kongo geword het, verduidelik Riu, het hy die regering in ’n eenpartystaat verander en sy mag afgedwing. Die anti-Mobutu magte van Rwanda en Uganda het saam die Alliansie van Demokratiese Magte vir die Bevryding van Zaïre (AFDL) gevorm om Mobutu met geweld uit sy stoel te lig. Teen 1997 was die Kongo in so ’n militêre greep gewikkel dat Mobutu moes vlug.

“The problem is that when you see my brother, you see me. The soldiers came and they thought I am my brother: the protector of Mobutu”, sê Riu.

“Where is your brother now?”, vra ek.

“He is in the bushes between Angola and the DRC.”

Riu skuif die pot van die een plaat na die ander en maak die deksel oop. Dit ruik na mieliepap wat met vleis gemeng is. Ek wil my kop by die venster uitsteek, maar onthou betyds van die onveilige elektriese draad.

“That day they came to look for my brother and they killed my parents in front of my children”, sê Riu.

Die seuntjie het aan die slaap geraak. Sy suster het die pop in die handdoek langs hom toegevou en op die stoel waar Riu se werks hemp hang, gaan sit.

“Did you all live together?”, vra ek.

“No, they did not shoot them together. They kill my father, then my mother and then they run”, sê hy.

Ek ril vir die misverstand en kyk na die sny in my vinger. Die dogter staan op en haal ’n bord onder die stoof uit. Sy skep ’n bord van die pap in, voordat sy langs my kom sit. Die meisie druk ’n groot lepel pap en vleis in haar mond. Dit lyk na ’n poot met ’n klou aan wat bo-op die pap lê. Dalk is dit een van die hoenders se pote wat buite in die tuin geslag is? Ek hou die pen met my wys- en middelvinger vas en skryf met ongemaklike letters ‘hoenderpote’ in my notaboek. Die meisie sit die lepel hard op die tafel neer en sê iets vir haar pa. Oral rondom die bord lê papkorrels.

“She wants that”, sê Riu en wys na my notaboek langs die diktafoon. “She really likes to draw.”

Ek skuif die notaboek en pen tot voor haar. Die dogter gaan lê op haar regterarm op die tafel met haar kop teen my skryfboek. Sy glimlag en teken met vinnige hale oor die bladsy.

“What is your name?”, vra ek sag. Die meisie kyk vinnig op, maar teken dan weer verder.

“Her name in the school is Clara”, lag Riu.

“She is so glad now”, sê Riu. “Because she likes to draw, but the school can’t help her with the books.”

“Why not?”, vra ek.

“The teachers they do not like her, because she cannot understand your languages. They say she keeps the other children out of their work. And now the other children take her pencils and drawing books. They say all the things belong to them.”

*

“You know what saved me from being killed?”, vra Riu en buk af om ’n gelamineerde plakkaatrol onder die bed uit te haal.

“This picture of our wedding saved me and my family.”

Riu rol die prent van hom en sy vrou op hulle troudag oop. In sy blou pak en wit sakdoek in die baadjiesak en sy vrou met ’n wit trourok, lyk hulle soos Westerlinge.

“How did it save you?”, wil ek weet.

“When the soldiers came for my brother and shot my parents, I told them that I am not him. He was in the army and could not marry. But I was not in the army and did marry. I told them, look here, I am married.”

Riu sit die papiere agter die televisie. Hy gaan staan weer oorkant my.

“So how did you decide on South Africa?”, vra ek. Riu se familie het waarskynlik genoeg geld gemaak uit die Mobutu-regime om vir hom ’n vliegtuigkaartjie na Suid-Afrika te kon koop.

“I wanted to be in a safe place, where my children will get a good education. But now we have to stay in a church because the Xhosa’s don’t want us here”, sê hy.

Ek onthou van die artikel wat ek in die kar gelees het, dat net die ryker Kongolese dit kon bekostig om na Suid-Afrika te vlug. Die armes moes in vlugtelingskampe op die Kongolese grense sit. Die Kongolese wat hierheen gekom het, wou nie net na ’n veilige land gaan nie, maar ook ’n goeie opvoeding vir hulle kinders waarborg. Vir die meeste ander Afrikalande is Suid-Afrika ’n paradys met ’n effektiewe skoolstelsel en ’n sterk ekonomie.

“When I came here I lived on the streets without money. After six months I phoned my wife for the first time. My wife said I must not cry, because I am in a better place”, sê Riu.

“What did you work in the Congo?”, vra ek. Die dogter blaai om en teken nog iets wat ek nie onderstebo kan uitmaak nie.

“I was a lecturer at the university. I taught electrical engineering”, antwoord Riu.

“My first born is very quick in her own languages, but here she struggles to learn the English. She was in Grade 6 in the DRC, but now she must repeat Grade 5 and the teacher doesn’t want to help her.”

“Why not?”, vra ek.

“The teacher says I must get the laptop with the French and the English.”

Ek voel hoe my nek warm word en moet my linkerkantste bolip byt. Hoe lyk die kortsigtige staatsamptenaar wat so uit selfsug kan praat? Ek moet haar gaan sien. Sal ek haar gemoeidelike, voorstedelike gesig in my artikel druk en vra hoe moet die Kongolese ouers, wat gemiddeld R600 per maand verdien, ’n rekenaar bekostig?

“Can you help your child with her homework?”, vra ek.

“My child comes from school. She shows me her homework and then I must explain, but I am so tired at nights. I must wake up early in the mornings to leave for the job. In the evening I only finish at 18:00. But I know I must be strong”, sê Riu.

Uit die dak hang ’n 40 watt-gloeilamp tot laag oor die tafel. Riu haal kaarte langs die troufoto uit en sit dit op die tafel voor my neer. Dit is prente van groente- en vrugtesoorte met Engelse onderskrifte by. Elke aande voordat hy kan begin om die werk te verduidelik, leer hy haar eers woorde wat kinders baie vroeër op skool in Suid-Afrika leer. Ek sien die beeld van Riu en sy dogter wat saans tot middernag onder hierdie swak lig sit en probeer om groentename in Engels te onthou. Hulle moet saggies leer, sodat Riu se vrou en sy seun kan slaap.

“It is very hard here”, sê Riu en maak die deur op ’n skrefie oop. Ek kan die kerk se toring sien as ek my kop effens na die deur se kant skuif. Riu maak die deur weer toe nog voordat ek vars lug kon inasem.

“I walk with the kids to school before I go to the job. My wife can’t go with them, because it is very dangerous. My kid cries when she comes from school, because the children calls her names. They also call me things when I go to work”, sê Riu.

“What do they call you?”, vra ek en speel met die geskeerde nael.

“They shout: ‘you come to get our place, you come to get our wife, you come to get job.’”

Riu sê die woorde so hard dat die Spiderman-seun sy kop lig en verdwaas na sy pa kyk.

“I try to tell them that I am not living like a fat cat here. I suffer here and my children will never have a happy life in the schools here. But they just call me *kwerekwere*, no matter what I say”, sê Riu.

“So you want to go back?”, vra ek.

“That is my wish, my prayer every day. In the Congo it was not like this”, sê hy. “We had a big house with a garden and a wild fig tree where my children could play without being afraid.”

Clara se gekrabbel is die enigste geluid in die vertrek.

“I want to go home where I belong”, breek Riu die stilte. My diktafoon se geheue is vol en maak ’n harde klikgeluid. As ek dit optel vat ek aan ’n papkorrel. Ek smeer dit af aan die onderkant van die tafel.

*

Dit is ’n maand na my gesprek met Riu. Die sekuriteitshok staan leeg. Op my tafel lê my notaboek met Riu se selfoonnommer en die platgedrukte skuimpies wat ek vergeet het om vir

sy kinders te gee. Die xenofobiese aanvalle wat in Alexandra, die swart woonbuurt buite Johannesburg uitgebreek het, het landswyd uitgekring. Binne 'n paar maande is vyftig immigrante gewelddadig doodgemaak. Die koerante wys hoedat 'n man met 'n binneband aan die brand gesteek is en in Kaapstad is 'n vrou met klippe doodgegooi. Ek lees van immigrante wie se kinders met stokke geslaan is op pad na die skool.

Ek skakel weer Riu se nommer, terwyl ek deur 'n artikel van Matt Mogekwu blaai waarin hy beweer dat die Suid-Afrikaanse media nie genoeg gedoen het om interkulturele kennis te versterk nie. Die woorde “alien” en “illegal” waarna die media na immigrante verwys, is maar enkele van die maniere hoe xenofobie aangewakker word.

'n Man antwoord die telefoon en as ek vra om met Riu te praat, sit hy dadelik neer. Ek kyk vir die eerste keer na ons gesprek deur die notaboek en sien die tekening van Riu se dogter. In al die tekeninge sit of staan 'n lang stokman en -vrou saam met twee kinders onder 'n reuse wildevyboom. Ek skeur die tekeninge uit en plak dit teen die ruit, sodat ek Kaapstad glad nie meer kan sien nie.

Die herberg

“My maggies Kempie”, eggo Mevrouw Pienaar se hoë stem in Laerskool Staalheuvel se gang af. Vanwaar die familiariteit? Ek onthou die vrou met haar Biggy Best-mandjie, haar voete wat soos suurdeeg oor haar afgetrapte sandale peul en die vormlose middellyfrokke. Dit is sy, dié Godvresende vrou, wat eendag vir my gesê het ek beledig die Woord deur kinders op klaswerkpapier in Bybelperiode te laat skryf.

“Jesus verdien wit papier, Meneer Kemp. Bruin klaswerkpapier is ’n klad op Sy naam”, het sy in hierdie selfde gang vir my gesê. Min het sy geweet dat ek my klas nooit geleer het van Dawid en Goliat, Adam of Eva nie.

“Wat laat jou hier uitval?”, vra sy uitasem. ’n Dun straal sweet loop langs haar wang af. Ek hoor hoe die gange vol word van kinderstemme. Uit die saal kom die laaste klanke van die skoollied. Ek trek die drasak oor my linkerskouer. Die karton sigarette maak die sak ekstra swaar vanoggend. Ek het voorraad nodig, want na hierdie gesprek gaan ek nie vinnig weer uit my woonstel nie.

“Riu Domingo se dogter, Clara”, sê ek met ’n kriewelrige bolip.

“Hoe nou?”, vra sy.

Ek voel die warmte in my nek opstoot.

“Clara is ’n Kongolese kind in jou klas, Mevrouw Pienaar”, sê ek.

’n Ry kinders stap verby ons.

“Dit is reg, dit is reg, ou Kempie, wat van haar?”, vra sy.

“Wanneer laas was sy in jou klas?”, vra ek.

“Ek sal moet kyk in my register, hoekom?”

“Ten minste ’n maand gelede, Mevrouw. Dit is hoe lank Riu en sy familie weg is. ’n Maand al.”

“Kempie, ek het vyftig kinders in my klas, ek kan nie van elkeen se doen en later kennis dra nie”, antwoord sy.

“Soos wat jy ook nie van die kinders se taalgebroke kan kennis dra nie? Ook nie van die feit dat party ouers nie ’n skootrekenaar kan bekostig nie”, sê ek sonder om my bewende lip onder beheer te probeer hou.

“Ag Kempie, hoe verstaan ek jou nou?”

Mevrou Pienaar vryf oor haar nagmaakte string pêrels.

Fok Kempie.

“Theo is my naam”, sê ek. “Het jy besef dat Clara jou hulp nodig gehad het? Het dit ooit by jou opgekom dat sy weg is as gevolg van die kak wat ons mense aanvang?”

Miskien gaan ek nou te ver. Gelukkig is die groep leerders reeds verby ons.

“Ek waardeer nie jou krutaal nie. Regtig jong”, sê Mevrou Pienaar. Van haar lipstiffie het rooi afgegee op haar voortande.

“My eerste prioriteit is by onse kinders. Ek voel jammer vir haar, maar ons kinders kom eerste”, sê sy.

Ek voel hoe die sak al swaarder teen my skouerknop druk. My litteken is rou geskaaf van die swaar sak.

“Moet jou eerste prioriteit nie wees by die mees weerlose kind nie? Die een wat jou die heel nodigste het nie? Wat maak dit saak of sy van die Kongo kom? As sy in jou klaskamer instap, is sy jou verantwoordelikheid”, sê ek.

“Jy is die laaste een om my te vertel van verantwoordelikheid,” sê sy en maak haar klaskamerdeur oop.

My drasak skeur van my skouer, nog voordat ek kan vra wat sy bedoel het. My notaboek, asma-pompie, pakke papiere en sigarette lê verspreid in Laerskool Staalheuwel se gang.

*

“Dit lyk of jy iets dissekteer”, sê Marco vanuit my kamerdeur. Ek sit by die werkstafel met die leeslamp wat ek digby die uitgepakte knipsels hou. Die koerantfoto’s oor die xenofobiese aanvalle, hou ek teen die lig om Riu en sy gesin tussen die skares te soek.

“Die sekuriteitswag is steeds weg”, sê ek en wys na die toegeplakte venster. Die leeslamp is die enigste lig in die donker vertrek. Dit moet al middag wees.

“Hoe sal jy weet?”, sê Marco en stap deur die papiere op die vloer tot by die venster. “Jy sal in elk geval nie kan sien of hy hier onder is nie.”

Ek wil opspring om te keer dat Marco my hope deurmekaar skop, maar hy trap sekuur op die oop plekke tussen-in sonder om sy oë van die venster te haal.

“Wat is hierdie?”, vra hy en kyk na die tekeninge van Riu se dogter. Ek skyn met die leeslamp op die venster. Nog voordat ek kan antwoord, sê Marco afgehaal: “Van ver af het dit gelyk soos ’n korbeelhuis soos dié wat jy in Loxton en Carnarvon kry.”

“Wat is ’n korbeelhuis?”, vra ek en soek na my verklarende woordeboeke op die vloer langs die werkstafel. Marco probeer deur die dun skrewe tussen die opgeplakte papiere na die stad kyk.

“Dit is ’n ronde huis, amper soos ’n halwe volstruiseierdop, waarvan plat klippe oral uit die mure steek”, sê Marco. “In die dorre Karoo is daar nie sterk hout vir balke nie, so die ou mense het klip gebruik. En met die klippe kan jy klim tot bo op die dak.”

“Dit klink interessant”, sê ek en verbeel my vir ’n oomblik ek sien Clara tussen die betogende skares.

“’n Mens sê net interessant as jy iets nie verstaan nie”, lag Marco. “Ek dink ons moet op ’n *road trip* gaan. ’n Korbeelhuis *hunting trip*”, sê hy en skryf die woorde in die lug.

Ek kyk na die lysie teen die venster. Die nuwe hoop koerante in die hoek wat ek nog nie eers begin deurlees het nie. Die res van die koerante is in die kar en van die artikels moet die

koffiewinkel nog vir my uitdruk. Hoe kan ek dit alles nou los? Veronderstel Riu kom vra vir hulp?

“Jy kan jou leeswerk saamneem”, sê Marco en probeer ’n sitplek tussen die lêers op my bed oopkrap. “Of nog beter: jy kan ’n onderhoud gaan doen. Wat van Orania, ek hoor die onderwys daar is nogals *wicked*.”

Ek het al gelees oor dié plek, my leesywer oor my vaderland ken deesdae geen perke nie. Orania teen die Oranjerivier in die Noord-Kaap – dit is hier waar Carel Boshoff, die skoonseun van die Apartheidsargitek, Hendrik Verwoerd, vanaf die tagtigerjare saam met ander regse politici ’n volkstaat beplan het.

“Orania?”, vra ek en lig met die lamp op die landskaart teen die venster. Ek skat dat twee van my handpalms kan inpas tussen Kaapstad en Orania. My oupa het my kleintyd geleer dat jy met jou hand op ’n kaart kan skat hoe ver jou bestemming weg is. As kind kon ek vier palms inpas tussen die Suurveld en die Natal waar my oupa gewerk het.

“Ja, hulle het blykbaar ’n progressiewe onderwysstelsel in plek”, sê Marco.

Ek klik op Orania se webwerf en lees dat dié Afrikanerdorp twee skole het: die tradisionele Christelike Volksskool en die Vryheidsskool waar die leerders hulle vakke op die rekenaar voltooi en die onderwyser slegs as fasiliteerder optree.

*

“Orania, Orania!”, sing Marco op die maat van De La Rey, terwyl ons die kar inpak. Ek het vanoggend nog ’n afspraak met Hendrik Roelofse, skoolhoof van die Vryheidsskool bevestig. My drasak se hingsel het ek met my beste Voortrekkerknoop gebind. As ek na die drie stapels koerante op die agterste sitplek tel, sien ek my kamera is weg. Dit was tog die hele tyd hier? Het ek nie laas foto’s geneem van Staalheuwel se sportgronde nie? Die bestuurdersdeur is van knip gehaal, sonder om die ruit te breek. Met Riu weg is dit sekerlik maklik om ongesiens oor die veiligheidshek te spring.

“Wat de fok!” skree ek. “Het niemand meer respek vir enigiets in hierdie land nie?”

“Dit is nie so erg nie”, lag Marco. “Dit kon jou koerante gewees het.”

*

Nadat ek die deur met ’n stuk bloudraad vasgebind het, is ons op pad. Marco bestuur, sodat ek die pak artikels oor Orania in die 800 kilometer-rit kan deurlees. My sak is volgepak met ’n karton sigarette, ekstra batterye vir my diktafoon, twee nuwe notaboeke en sonbrandmiddel. Die Karoo is ’n warm plek, het Marco gewaarsku.

Ek lees dat die Departement van Waterwese in 1963 begin het om kanale vanaf die Oranjerivier na die Bo-Karoo aan te lê. Die waterprojek-mense is op ’n naamlose dorpie gevestig. Dit is later Orania gedoop nadat ’n kompetisie vir die beste dorpsnaam onder die werkers geloods is.

“Kan jy glo? Die bruin woonbuurt in Orania was Grootgewaagd genoem”, lees ek vir Marco voor. “Nadat die waterprojek in 1989 klaargemaak het, is die bruinmense verskuif en is die *township* in Orania se naam na Kleingeluk verander!”

Die son brand op my nek en skouer. Ons ry deur De Doorns waar die plantegroei op die berge al hoe meer soos die Karoo begin lyk. Marco klou met sy regterhand aan die deurhandvatsel sonder om my te antwoord. Ek draai die ruit af om ’n sigaret te rook, maar sit dit dan weer terug in die pakkie. Die lug ruik té skoon om te wil rook.

*

“My Bonny lies over the ocean”, neurie Marco met al twee hande op die stuurwiel. Twee en ’n half-uur later hou ons in Victoria-Wes stil om die deur met sterker tou vas te bind. Ek probeer na musiek op die radio soek, maar die “Tune”-knoppie werk nie.

“Waar kom jy daaraan?”, lag ek. Sal ek Marco vertel van my skooldae, die plaas en Dindi? Ek haal die sonbrandmiddel uit die drasak en smeer dit aan my skouers en nek.

“Ek onthou ’n dubbelverdiepinghuis met ’n rofkasafwerking, amper soos in ’n droom. Dit was op ’n Karoo-plaas wat ek nie meer ken nie”, sê Marco na ’n paar minute.

“Wat het dit met My Bonny te doen?”, vra ek.

“Ek weet nie”, antwoord Marco. “Al wat ek onthou is die een moment waar ek met my kaal rug teen die growwe muur staan. Dit was iewers in die nag, want ek het na die houtskarniere gekyk wat saggies beweeg het in die naglug. Die maan het op die muur geval. As ek daaraan terugdink, voel dit asof ek aan die huis behoort het.”

*

Dit is sterk skemer as ons Orania se stil hoofstraat binnery.

“Die siersteenhuse lyk soos ’n ry pastorieë langs mekaar”, lag Marco. Ek kyk uit vir aanduidings na ons gastehuis, maar lees net borde wat sê: “Ons ondersteun die volkseie” en “Selfwerksaamheid is ons deug”. Marco ry stadig verby ’n slagspreuk wat op ’n muur geskryf staan: “As my volk hul verootmoedig en bid, dan sal Ek hoor en hul sonde vergewe en hul land genees.”

“Dit is die dorp van name sonder mense”, sê Marco as ons aan die einde van die hoofstraat by die donker gastehuis stilhou. Op die siersteunmuur staan: “Die Herberg – ’n veilige hawe vir jou en die gesin.”

*

Ons staan met ons tasse en die stuk bloudraad in Die Herberg se voorportaal. Panfluitmusiek speel deur die breë gang wat na droëwors en haarbleikmiddel ruik. Bokant ’n tafel met ’n droë protea-rangskikking hang ’n geraamde spotprent uit *Die Burger*. Ek sit die drasak neer en kyk na die prent van ’n man wat vanaf sy donkiekar tot by ’n verlate huis hardloop. “Siena,” skreeu die man na die huis se deur. “Dit lyk my ons kry bure.” In die voorgrond is ’n koerant-plakkaat teen ’n doringdraad vasgemaak waarop staan: “Namakwaland deel van Boshoff se volkstaat.”

“Naand menere, ek is Dirkie”, sê ’n man agter my. “Jy is mos die mannetjie wat met Hendrik Roelofse kom gesels oor hoe ons dingetjies hier werk.”

Sy grys hare is oor sy bles gekam.

“Interessant, interessant”, sê die man as ek instemmend kopknik. Marco kyk na my en sit die draad langs die rangskikking neer.

“Ja, ek sien uit daarna”, sê ek.

“Ons kan jou alles vertel wat jy wil weet”, sê die man en neem ons na die twee enkelkamers aan die einde van die gang. Op die kamerdeur is ’n ‘Geen rook’-teken. Ek vryf oor my gebrande nek en skouer.

“Ek en my vrou tjie het in 1991 van die Paarl getrek toe die dingetjies hier vir ons volkie uitgewerk het”, sê die man.

“Wat het hier uitgewerk?”, vra Marco. Hy vleg aan sy bokaard.

“My vrou tjie wag in die eetkamer”, ignoreer die man hom en kyk na my. “En as julle wil hare knip, my vrou tjie het ’n salonnetjie ook”, sê hy en kyk na Marco se baard en dan sy kop.

“En om die draai is ’n kleuterskooltjie en ’n slaghuisie”, lag hy. “Hier is ons selfwerksaam.”

*

Ek wag vir Hendrik Roelofse in die sitkamer voor die portrette van presidente M.W. Pretorius, S.J.P. Kruger, J.H. Brand, F.W. Reitz en M.T. Steyn. Dieselfde panfluitmusiek waarmee ons gisteraand vetterige skaapvleis met sjerrie moes afsluk, speel deur die gastehuis. Marco is vroegoggend al uit in die dorp. Ek het gesukkel om aan die slaap te raak met die wete dat ek nie my lyste teen die mure kon sien nie.

In die middel van die sitkamer is ’n koffietafel waarop ’n koerant lê: *Die voorlinie. Ons ondersteun die volkseie*. Daar is berigte in van Orania se aktiewe radiostasie en die drie meter

hoë koeksister-monument wat deur Carel Boshoff se vrou, Anna, laat bou is om die Afrikanervroue te herdenk. Dit is deur koeksisters, het Anna Boshoff geglo, dat die Afrikanervroue hulle kerke en gesinne aan die lewe gehou het. Weet mevrou Boshoff van al die swart vroue wat die kerkmure help bou het? In ons huis het Elma Ngindo se hande die wit gesin en kerkraad met haar gebak dik gevoer.

Ek vryf aan my skouer. Vanoggend het ek voor die spieël gestaan en na my rooi arm en skouerknop gekyk. My litteken staan soos 'n wit eiland bo die brandvel uit.

*

“Hendrik is hier vir jou”, sê Dirkie sonder om een verkleiningsvorm te gebruik. Dalk het hy die rook in die gang voor my kamer geruik. Ek het gisternag die kar se asbak uitgehaal en onder my bed weggesteek.

Hendrik Roelofse is 'n lang man met 'n denim kortbroek en 'n weglêsnor. In sy dik leerbelt is 'n selfoon en 'n rewolwer. Hy haal altwee af en sit dit op die koffietafel langs die diktafoon en *Die voorlinie*.

“Dit is 'n lang storie”, antwoord Hendrik op my vraag oor hoekom sy skool as progressief beskou kan word. Hy kyk lank vir die diktafoon en skuif die koffietafel vorentoe. Hendrik druk sy jagstewels onder die tafel in.

“Hoekom maak ons liewe Republiek matrieks, maar hulle kry nie werk nie?”, vra hy. Hendrik het 'n punt beet as ek dink aan die navorsing wat ek gisteraand op my gastekamer se vensterbank gelees het. Meer as drie miljoen volwassenes tussen 18 en 24 is steeds werkloos.

“Matriek berei jou net voor vir nog verdere studies”, sê Hendrik. “Maar dit werk nie so nie, want hulle gaan nie verder studeer nie.”

“Tog lees ek in die koerant dat mense met matriek tussen 40% en 70% meer verdien as ander wat nooit Graad 12 slaag nie. Studente met 'n diploma verdien 170% tot 220% meer en as jy

'n graad het is dit 250% tot 400% hoër”, sê ek. Hendrik kyk my fronsend aan. Is dit omdat ek die statistiek soos 'n koerantleser afrits? Ek vryf oor my oë. As ek maar net een aand kan deurslaap sonder om wakker te skrik met my gedagtes by my projek.

“Dit is omdat die Republiek nooit die oplossing sal vind om jongmense aanwendbaar te maak vir die plattelandse ekonomie nie”, sê Hendrik en steek vir die eerste keer sy regter wysvinger in die lug. Hendrik praat met 'n lispel. Ek kan nie sy bolip onder sy snor sien nie. “So het julle die antwoord gevind om werk vir matrikulante te skep?”, vra ek. Sou hy die vinger geoefen het? Hendrik kyk na my hand wat onder my hemp oor my gebrande lyf vryf. Ek vou my arms om my borskas.

Hendrik verduidelik dat hulle skool 'n huisbou- en 'n sjefkursus vir jongmense aanbied. Dalk laat die vinger hom voel asof hy op 'n buiteverhoog staan en duisende Afrikaners toespreek. Ek wens ek kon 'n foto neem van die swart rewolwer langs my diktafoon.

“Maar is hier werk vir almal?”, vra ek.

“Dit is 'n deurlopende tema in Orania,” sê Hendrik en vryf oor sy bobene. “Die gemeenskap moet verantwoordelikheid neem. Die uitgespoeldes moet hulle eie probleme hier oplos.”

“Na wie verwys jy as jy praat van die uitgespoeldes?”, vra ek.

“As jy hier deur die dorp ry na Kleingeluk se kant aan die noorde van die dorp”, sê Hendrik en laat sak sy hand. “Dan sal jy verstaan hoeveel arm blankes daar hierheen stroom.”

“Hoe moet 600 mense vir mekaar werk skep?”, wil ek weet. Hendrik se selfoon lui voor hy my vraag kan beantwoord.

Sy selfoontoon is die *remix* van ‘Killing me Softly’. Hendrik loop om die koffietafel en gaan staan voor 'n skildery van 'n droewige man onder 'n dooie doringboom, met Jan F.E. Cilliers se gedig in die wolke geskryf:

Dis die blond, dis die blou;

dis die veld, dis die lug;
en 'n voël draai bowe

in eensame vlug - dis al.

Ek trap met my voet die ritme van die gedig, sodat ek nie moet hardop lag vir Hendrik se selfoondeuntjie nie.

“Ek sal ongelukkig vroeër moet gaan”, sê Hendrik. Hy druk die selfoon in sy belt en hou die rewolwer vir ’n oomblik in sy hande voordat hy dit vasgespe.

“Ek het ’n oriënteringssessie vir nuwe inwoners, en ek moet daar wees om die mense in te lig oor ons ideale”, sê hy. Watter nuwe inwoners sal hier wees op ’n Saterdagoggend, of is dit Hendrik se manier om van my ontstlae te raak?

“Wat is julle ideale?”, vra ek.

“Kom ek gaan wys jou die skool en dan praat ons oor alles.”

*

“Christelike selfwerksame Vryheids-onderwys” staan op ’n naambord voor die siersteen skoolgebou met sy vaal asbesdak. Agter die skool is ’n veld doodgerypte gras waarop strooibale lê. Langs die naambord is die Orania-vlag wat bestaan uit twee vertikale oranje en blou strepe, met ’n wit ‘kleine reus’-figuur oorvleuelend op die las tussen die twee kleure. Die vlag verwys na die herkoms van die Afrikaner, het ek in *Die Voorlinie* gelees. Die reus wat wydsbeen kaalvoet staan en sy moue oprol, simboliseer die strewe na vryheid. Waar die broek ’n materiaalvou tussen die seun se bene trek, maak dit ’n lang spleet.

*

In die vierkant van die skoolgebou staan ’n seun sonder skoene in ’n oefenbroekie. Hy hou ’n rooi gieter vas. Hy skrik as hy ons sien.

“Môre Meester. Gaan dit goed Meester?”, groet die seun en loop om die hoek van die skool.

“Dit gaan goed, seun”, sê Hendrik met sy hande in sy broeksakke.

In die vierkant is 'n netbalbaan waarvan die wit lyne en die groen teer verbleik is. Aan die regterkant is die klaskamers, wys Hendrik my. Teen die geboue se geut is 'Multi-Media' in rooi letters geskryf. Daaronder staan drie kantoorstoele, 'n sifdraadhok vol bakstene, 'n swart drom met 'n boks waarop 'Bybels' geskryf is en 'n bak met oranje kappertjies.

Hendrik sê dat daar 42 kinders in die skool is waarmee hy die onderwys in die Volkstaat wil hervorm.

“Jy neem jouself ernstig op, maak nie saak hoe groot of klein jy nou eintlik is nie”, sê Hendrik en sluit sy kantoordeur oop. Langs die deur is 'n sementbokkie wat tussen Karoo-klippe en nagmaakte plante wei.

“Wat is Orania se ideale waarvan jy vroeër gepraat het?”, vra ek as ons reeds binne die kantoor is. Dit is 'n klein vertrek met 'n boekrak en boeke wat deurmekaar op die lessenaar lê. Teen die muur is 'n foto van 'n bejaarde Carel en Anna Boshoff en 'n geraamde brief van Betsie Verwoerd, die weduwee van Hendrik Verwoerd wat in 2001 in Orania op 98 aan 'n hartaanval dood is.

“Orania is om mee te begin nie 'n mono-etniese gemeenskap nie,” sê Hendrik en gaan sit agter sy lessenaar. Op die tafelblad is 'n klein Orania-vlag met wondergom vasgeplak. Ek staan nader aan die brief, en sien 'n foto van Nelson Mandela en Betsie Verwoerd onder in die raam. In 1995 het Mandela by haar huis in Orania kom tee drink as 'n gebaar van versoening teenoor die Afrikaners.

“Ek gaan nou vir jou doodeerlik sê dat jy 'n ander beeld daar buite gaan kry”, sê Hendrik. Ek soek sitplek, maar die enigste stoel voor die lessenaar is vol boeke gepak.

“Watter beeld is dit?”, vra ek.

“Die beeld wat die media van ons skep as ’n groep rassistiese Afrikaners. En of ons nou die ouens roep omdat die beeld in die media geskep is of die beeld in die media geskep is omdat die ouens regtig soms hier so lyk... Dit is waarskynlik al twee”, sê Hendrik.

Ek onthou ’n berig wat ek op pad hierheen gelees het oor ’n inwoner wat teenoor ’n joernalis erken het dat Orania niks anders is nie as ’n plek waarheen Afrikaners probeer weghardloop van swartmense.

“Die waarheid is dat ’n minderheidsgroep nie kan bestaan sonder ’n geografiese basis nie”, sê Hendrik. Op die lessenaar sien ek ’n pamflet met die gesig van Pieter Mulder, die leier van die Vryheidsfront Plus. Dit maak sin, want die Vryheidsfront was ’n groot dryfkrag agter Carel Boshoff se idee van ’n volkstaat en het die Belgiese, Kanadese en Spaanse modelle in die parlement voorgehou as die manier hoe ’n tuisland vir die Afrikaners as taalminderheidsgroep afgebaken moet word. Die hele gebied vanaf Orania deur die Namakwaland tot aan die Weskus, was oorspronklik deel van die voorgestelde volkstaat.

“Ons eie grond is vir ons kultuur soos water vir ’n vis is”, sê Hendrik en hou weer sy vinger in die lug.

In Anthony Smith se boek, *The Ethnic Revival in the Modern World*, het ek teen voordag gelees dat al hoe meer kulture bewus geword het van etnisiteit ná die Tweede Wêreldoorlog. Smith redeneer dat die begrippe ‘nasie’ en ‘etniese groep’ van mekaar geskei behoort te word. ’n Nasie vereis per definisie ’n geografiese gebied waar hulle outonomieit verseker kan word. ’n Etniese minderheidsgroep kan sy identiteit behou tussen ander groeperinge sonder ’n geografiese gebied. Vir sommige ver regs is die wit Afrikaansprekende meer as net ’n minderheidsgroep wat deel uitmaak van ’n groter Suid-Afrika. Volgens hulle behoort

'n geografiese gebied aan die Afrikaner waar Afrikaans en sy volle kultuurskatkis uitgeleef kan word. Het hulle ooit aan die bruinmense gedink, wat ook dieselfde taal deel?

Hendrik wys dat ek die boeke op die stoel voor die lessenaar moet sit. Ek pak die hoop klaswerkboeke en Geskiedenis Standerd 2-handboeke op die vloer. Regs van my stoel is die venster waardeur ek na die vierkant kyk.

“Nou haal mense die Jode aan om te bewys dat wat ek sê nie waar is nie”, lag Hendrik. Die ruit is lanklaas gewas. Ek kyk na die Geskiedenisboek se voorblad wat ek as kind onthou: Die VOC-skip met die Nederlandse vlag, die halfgesakte anker en Tafelberg in die agtergrond.

“Ek was in Israel waar al die Jode, van verskillende wêrelddele, se identiteite rondom godsdiens gedefinieer word. Dit het vir hulle gewerk”, sê hy.

Hoekom verwys Hendrik na Israel? Sal hy 'n aanhanger wees van die Israel Identiteit? Dié groep wat in Engeland ontstaan het, glo dat daar tien verlore volke in die wêreld is wat direkte afstammeling van die wit en verhewe Adam is.

“Hoekom vergelyk jy Orania met Israel?”, vra ek.

“Ek glo dat die Afrikaner soos die Jode na 'n eie, selfwerksame land sal kom as dit tyd is. Ek glo dat Afrikaners minder gespanne is omdat hulle weet dat hier 'n herberg vir hulle is”, sê Hendrik.

Die manier hoe hy elke sin met ‘Ek glo’ begin, laat my dink aan die Geloofsbelydenis wat ek Sondag in die kerk op Kareedouw moes opsê. Ek kyk deur die stowwerige venster na die seun wat met die gieter in die rigting van die bak kappertjies loop.

“Daarom sê ek altyd 600 Afrikaners binne 'n geografiese gebied soos Orania het meer politieke mag as al die Afrikaners oos van Kerkplein: Garsfontein, Morletapark, Waterkloof, Linwood, Menlopark.”

Hendrik sê die name stadig en ritmies asof hy van slagvelde praat. Hy verduidelik dat die ylbevolkte Noord-Kaap ’n goeie alternatief was vir die Afrikaners se voortbestaan. Almal het teen die laat tagtigerjare besef dat die volkstaat onafwendbaar is, omdat ’n meerderheidsregering sal oorneem.

“Dit is nie ’n verkeerde ding nie, want ’n minderheidsregering mag nooit regeer nie”, sê Hendrik. Ek skuif rond in my stoel en krap aan my linkeroor. Dit is insiggewend dat dieselfde groep wat die idee van tien swart tuislande in die tagtigerjare aangehang het, nou besef dat ’n minderheid nie ’n meerderheid kan regeer nie.

“Maar die ergste ding wat ons uit ons koloniale verlede geërf het”, sê hy met sy vinger weer hoog in die lug. “Is dat die Afrikaner goedkoop arbeid as sy reg begin reken het. En daarom is dit nie uit rassisme uit dat ons die beleid handhaaf dat jy jou eie arbeid verrig nie”, sê hy. Een van die grootste beginsels van die Afrikaner se drang om ’n volkstaat te begin, was van die begin af om selfwerkzaam te wees.

“Die ouens wat vir die eerste drie maande hier bly sê vir jou hoe lekker dit is om nie ’n kaffer hier te sien nie. Dit ignoreer jy soos ’n hond wat blaf, want ons het ander probleme as in die Republiek.”

“Soos watter probleme?”, vra ek. My oë voel krappierig. Miskien kan ek vanmiddag ’n uur probeer slaap voordat ons terugry.

“Hier kry niemand dieselfde salarisse as in die Republiek nie en jy doen alles vir jouself.”

*

Hendrik neem my na die klaskamer waar vergeelde rekenaars op bokkie-tafels staan. Teen die agterste muur is swart-en-wit foto’s van Afrikaanse skrywers soos Koos Prinsloo, Joan Hambidge, Etienne van Heerden en Margaret Bakkes. Ek lees KPA – die destydse Kaap-Provinsie Administrasie – op die stoele.

“Die kinders kry elke week ’n werkskaart om in te vul”, sê Hendrik en tel ’n lêer van die bank naaste aan die deur op. Sal hierdie rekenaars enigsins nuwe programme op hê? Is dit hoe progressiewe onderwys lyk? My tongpunt voel dood van sigareetrook.

“Kyk, soos hier”, sê Hendrik en wys na ’n vorm waarop ’n kind sy week se beplanning in lopende skrif uitgeskryf het.

“Die kind moet elke week hierby teken”, sê Hendrik. Aan die binnekant van die lêer is ’n Billabong-plakker. Mag die kinders ooit droom van die Republiek se see?

“Ek glo dat die kinders bronne moet gebruik om by die antwoord te kom”, sê Hendrik. “Ek glo dat die onderwyser nie die alwetende is nie, maar ek glo dat die onderwyser alles moet insit om die kind by die regte bron uit te bring”, sê Hendrik. Is daar iewers ’n geloofsbelydenis vir onderwys in Orania waaruit hy aanhaal?

*

In die tweede vertrek staan sewe skoolbanke. Aan die anderkant van die vertrek is ‘Biblioteek’ in vetkryt geskryf. Ek lees boektitels soos *The Negro in the United States*, *The Racial Elements in European History* en *The Politics of Africa’s Economic Stagnation*.

Ek gaan sit in een van die banke naaste aan die biblioteek. Watter kind sal een dié boeke wil lees? My knieë druk teen die hout en ek sit my hande in die rak onder die bank. Ek vat aan ’n verdorde lemoenskil en potloodskerpmaaksels.

Langs die biblioteek is ’n groot mat waarbo ’n tekening van T.O. Honiball hang: “*Uit eie bodem. Jakkals en Wolf.*” Daarnaas is ’n lys van morsekodes. Ek breek die lemoenskil en probeer van die kodes onthou wat ek as kind in die Voortrekkers geleer het.

“Gaan studeer en werk hierdie kinders ooit in die Republiek?”, vra ek en lig die bank effens met my knieë. Meneer Hendrik Roelofse staan teen die boekrak en blaai deur *Die Afrikanerstryd*.

“Ek glo ’n mens moet jou brood op die water werp en ek glo die kinders kom weer terug”, sê hy.

Die brood spoel dan seker weer hier op Orania uit soos die res wat in Kleingeluk woon.

“Hoe pas die kinders aan tussen swart en bruin studente?”, vra ek.

“Daar is genoeg kinders deur hierdie skool se hekke”, sê Hendrik en kap teen ’n blikpop wat uit die dak hang. “Dat ek empiries kan bewys dat ons nie probleme het nie. Ons het baie spesifiek die houding dat ons volksvreemde groepe in die Republiek nie mag ignoreer nie.”

*

Hendrik is onderweg na sy oriënteringsvergadering. Ek sit in die rekenaarlokaal op die bokkietafel en blaai deur die handboeke met die prente van die verskillende wolksorte en die deursnee van ’n dennebol, en Jan van Riebeeck en sy bemanning wat vir die eerste keer ’n Khoisan ontmoet.

“Môre Oom, my naam is Gouws”, sê die seun en klop teen die oop deur. Hy loop tot by die onderwyser se lessenaar en sit die gieter neer.

“In watter graad is jy, Gouws?”, vra ek.

“In standerd 7, Oom”, sê hy en loop vinnig tot by die deur.

“Wat maak jy op ’n Saterdag by die skool”, vra ek.

“Dit is my beurt om selfwerksaam te wees en die tuin nat te maak, Oom”, sê Gouws.

“En geniet jy dit hier?”

“Ja, Oom. My ma-hulle is nou al 17 jaar hier. Ek is hier gebore, Oom”, sê Gouws en druk die deur agter hom toe.

*

Marco staan op Die Herberg se stoep langs ’n man wat homself as Neef Jan, die toergids van Orania, aan my voorstel.

“Kom ek gaan wys jou Kleingeluk eerste”, sê die man as ons in die kar klim. Marco sit agter in die middel van die kar met ’n sak koeksisters.

“Brosdoring, Gannabos”, lees ek die stowwerige straatname in blou en oranje letters. Ons ry regs verby Die Herberg, weg van die skool se kant af. Teen ’n klipperige bult is die radiostasie en ’n verlate hospitaal.

“Die Republiek se mediese raad het nog nie goedgekeur dat hier geopereer mag word nie”, sê Neef Jan.

Onder sy ken is ’n paar steke wat met ’n deurskynende pleister toegeplak is. Ek kyk na ’n groep mans wat om ’n strooibaalgebou, “Die Wynvat”, drom. Vanaf die bult kan ’n mens die groen dele onder langs die Oranjerivier sien.

“Is die strooibaal-boumetode effektief?”, vra Marco en lek sy vingers af.

“Ja seun, baie. Dit hou die huise koel in die somer en warm in die winter”, sê Neef Jan.

By die sirkel waar “Skougronde en CVO-skool – deur God ons Genade” staan, draai ons links in die rigting van Kleingeluk. Die skougronde is ’n oop stuk veld waarop ’n sinkhuis en nog strooibale staan. Voor die sinkhuis is ’n bord: “Skou. Hier kuier ons mense lekker.”

“Bou julle op die skouvelde ook?”, vra Marco.

“Nee,” sê neef Jan, “die strooibale is vir skyfskiet.”

Stilte.

Ek draai aan die radio, maar dit vang geen stasie op nie.

“Hoe ken julle twee kêrels mekaar?”, vra Neef Jan na ’n ruk.

“Ons is woonstelmaats”, sê Marco nog voordat ek aan ’n antwoord kon dink. “Maar ons sien mekaar nou in twee dae op die pad meer as ooit in die woonstel. My woonstelmaat is nie baie lief vir die wêreld buite sy papierparadys nie.”

Ek probeer Marco se oog in die truspieël vang, maar hy kyk by die venster uit.

“Nou wat laat slaan julle hier uit?”, vra Neef Jan. Daar is ’n bloedvlek onder die pleister in sy nek.

“Ek is besig met ’n projek om...”, begin ek.

“Theo stap met sy bandopnemer in sy oumanshemp se bosak en daai flenters sak van hom tot hy presies weet hoe sleg ons reënboognasie se skole lyk”, onderbreek Marco my.

Neef Jan kyk fronsend na my. Moes Marco so moedswillig wees om soiets voor dié man te sê wat waarskynlik in elk geval niks goeds te sê het oor Die Republiek nie?

“Ek aan die anderkant is nie hier om ’n fakkelt vir die weerloses op te hou nie”, lag Marco en knipoog vir my in die spieël. “Die Karoo se brose kleimure maak my veel meer opgewonde.”

*

Ons stop voor ’n lang sinkgebou waar twee meisies met wit keppies op die sementstoep voor die deur sit.

“Dit is nou ons winkelsentrum”, sê Neef Jan. “Daar binne is ’n antieke winkel, die kleresmous en so aan.”

Ek loop agter neef Jan tot in die winkel waarop “Droëwors en biltong vir die volk” geskryf staan. Binne die winkel sit ’n vrou in ’n rolstoel agter ’n toonbank waarbo ’n draad vol rou biltong hang.

“More oom Janneman”, lag sy. Ek kyk na medisynebottels met lekkers in op die twee rakke agter die vrou. Op elke bottel staan voorskrifte soos ‘Medisyne teen norsheid’ of ‘Pille teen die Brille’.

Die vrou vra uit oor Neef Jan se verwyderde gewas en praat oor haar ma wie se been oor die naweek geamputeer is. Marco staan op die stoep en neem foto’s van twee bebaarde wit mans wat vanaf Die Wynvat aangestap kom. Ek kan nie onthou dat Marco gesê het dat hy sy kamera ingepak het nie?

Die een man wat hy afneem, dra 'n luiperdvel-hoed en die ander een het 'n lang dun poniestert.

Die twee wit mans staan voor die kar en wag vir ons. Die een haal sy hoed af en kyk na Neef Jan: “Het Baas nie vir my werk nie?”, vra hy met stukkend gebrande lippe. Deur die yl hare kan ek die rowe op sy kop sien. Die poniestertman het 'n swart leerbroek aan. As Neef Jan na hom kyk, druk hy 'n bottel brandewyn agter sy rug.

Neef Jan antwoord nie en klim in die kar. Dit lyk of hy vir 'n oomblik wonder of hy die deur moet sluit voordat hy sê: “Van hierdie elemente wat hier uitspoel hoort nie in die volkstaat nie.”

Hy wys dat ek moet ry na 'n sinkgebou waarop “Kleingeluk. Die arbeid maak ons vry” staan. In die truspieël sien ek hoe Marco 'n hele koeksister in sy mond druk en die ruit afdraai om die naambord af te neem.

“Ek hoor die mense van Kleingeluk is nie so gelukkig soos die mense van Grootgewaagd nie”, sê Marco. Neef Jan trek aan die pleister.

“Dit is waaragtig nonsens”, sê hy. “Hier bied ons vir die arm blankes weer 'n heenkome.”

*

Langs die Kleingeluk-bord is 'n lang sinkgebou met 'n klomp deure wat op die pad uitloop. 'n Vrou sit in haar onderrok op 'n motorband voor een van die deure. Sy laat sak haar kop as Marco sy kamera by die venster uitsteek.

“Daar woon al die tydelike werkers in die arbeiderskwartiere”, sê Neef Jan.

Ons ry in stilte terug na die dorp, verby die rivier waar 'n buiteverhoog langs 'n spa gebou word. “Kunstenaars soos Steve Hofmeyr en Bok van Blerk het al uit die Republiek hier kom sing”, sê neef Jan uiteindelik.

Marco neem nog boodskappe af soos “Ons ideaal snoer ons saam” en “Ek praat en skyn in Afrikaans”. Hoe kan hy so blatant foto’s neem?

*

Neef Jan verduidelik my na die anderkant van die dorp se landbougronde in Vluyteskraal waar 50 hoewe-eienaars met pekanneute, amandels en wild boer. Ons ry deur lanings bome tot by die begraafplaas waar Betsie Verwoerd begrawe is. Haar graf is in die vorm van ’n hoë staaltoring. Die boonste punt van die toring het al begin roes.

“Sy was ’n wonderlike vrou”, sê neef Jan as ons terugry na mevrou Verwoerd se huis in die middedorp.

“Haar huis is nou ’n museum”, sê hy. “Vir haar en minister HF Verwoerd. Die stoel waar hy dood gestee is, sy pak wat hy op daardie verskriklike dag gedra het, mevrou Betsie se deftige aandrokke, alles is daar. Selfs die badkamer is net so gelos na mevrou Betsie se dood. Ons bêre alles vir die leiers van more om te sien.”

My naweek

Ons gaan kuier by my oupa en sy nuwe vrou in Kareedouw. Binne-in my oupa se vertoonkas is goue penne, silwer knope met swaarde op, pype, knipmesse met sterre, 'n bosvarktand aan 'n silwer ketting en goue mansjette met perdekoppe. Daar is ook 'n foto van my oupa saam met my pa en ander mans in Dankbaar se kloofvelde. Hulle het kortbroeke aan en 'n swart man hou 'n bok met groot horings voor hulle vas.

Die vloer van my oupa se huis gee in as jy daarop trap. Onder die sagte planke is 'n kelder vol spinnerakke. Dit is hier waar my oupa sy boek bêre.

Op my rug onder die vertoonkas kan ek my ma en pa op die groen bank sien sit. My pa lees die koerant en my ma kyk by die venster uit. Haar vingers beweeg op haar skoot, asof sy klavier speel. Op die voorblad van die koerant is 'n man wat sy vinger in die lug hou. Hy lyk soos die skoolhoof. Ek tel die mufkolle op die plafon. Drie-en-dertig. Die huis ruik na skaapvleis en kwepers.

In die vertoonkas is 'n ding wat pers en groen blink soos 'n perlemoenskulp se binnekant. Ek druk my kop teen die glas om beter te kan sien. Net my oupa mag die kas oopsluit.

“Dis 'n konsertina”, sê my oupa en kom sit langs my. Sy asem ruik na peperment.

“Jy kan vandag iets vir jou kies”, sê hy.

Ek druk met my wysvinger teen die glas na die ding wat blink.

“Die konsertina? Nee ou seun, dit kan jy nie kry nie”, lag my oupa.

My pa kyk van die koerant af op.

“Dis omdat jy nie Oupa se name het nie. Jy trek na jou ma se mense in die Gamtoos.”

My pa sit in sy kerklere. Hy was alleen kerk toe en my ma het gesê ek hoef nie Sondagskool toe te gaan nie.

“Dit help in elk geval nie”, het sy vir my pa gesê. “Die Here sien alles. Alles.”

Ek haal my vinger van die glas af. My oupa voel in die pot bo-op die vertoonkas vir die silwer sleutel. Die glas het gewasem waar my vinger gedruk het. My oupa skrik vir iets wat val in die kombuis.

Ek hardloop agter my pa aan. Drie apies sit op die kombuis se vensterbank langs die aartappelslaai.

“Die stout donners. Hoe skrik ons nou,” sê my pa en vryf oor my hare. Ek trek my kop weg.

Intussen het my oupa ’n horlosie sonder bandjies uit die kas gehaal, wat ek nog nie vroeër gesien het nie. Hy druk die horlosie in my hande, sluit die deur en bêre die sleutel weer in die pot bo-op die kas.

“Jy moet dit goed oppas”, sê my oupa toe ons ry. Ek klim agter in die kar. “Dit kom van diep uit die see uit.”

Ek skud die horlosie in my hand. Die snaakse syfers kan ek nie lees nie. Die wysers lê los onder die gekrapte glas.

“Jou oupa het snaakse goed opgetel toe hy nog op die spoorweë in Natal was”, sê my pa oppad terug Dankbaar toe. Hy bêre alles in die vertoonkas.

My ma sug hard en vra: “Het jy die apies gesien?”

Ek druk my bolyf tussen die voorste sitplekke deur sodat ek my ma beter kan hoor.

“Ja”, antwoord ek.

Ek maak die venster oop om die stukkende horlosies in die renosterbosse langs die pad te gooi. Miskien kan iemand dit optel en terugvat see toe. Dan druk ek dit in my broeksak.

“Dit is goed so”, sê my ma. “Nou het jy darem iets om te vertel as die juffrou môre vir jou vra wat jy die naweek gedoen het.”

A new beginning starts here

Ek sit die drie plat klippe, wat ons op pad terug van Orania opgetel het, voor die woonstel deur neer. In die veiligheidshek is ’n rooi koevert. Riu se sekuriteitshok is steeds leeg. Op die koevert is my naam in lopende skrif en ’n skoolwapen van ’n vuurtoring wat met helder strale oor die Suurveldberge skyn.

“U word vriendelik uitgenooi na u 10-jaar reünie”, lees ek die brief aan Marco voor wat met nóg ’n sak vol klippe langs my kom staan. Binne-in die uitnodiging is ’n swart-en-wit-klasfoto met die woorde onder die onderwyseres se bene: “Sub A-klas, 1982.” Ek maak die koevert toe as Marco oor my skouer loer.

“Kennis verlig”, lees hy op die agterkant van die kaartjie.

“Dit was ons leuse”, sê ek.

“*Modified* Michel Foucault en dit vir die platteland”, lag Marco. Een van die min besittings waarmee Marco ingetrek het, was ’n geblokte foto van die Franse filosoof, Michel Foucault. Bo Foucault se ontwerpersbril en kaal geskeerde kop is die woorde: “A gaze that sees is a gaze that dominates.” Hierdie aanhaling sluit aan by Foucault se filosofie dat die individu in die moderne samelewing uitgelewer is aan die onsigbare blik van mag. Hoe meer strukture daar in ’n samelewing is wat alle kennis oor die mens reguleer, hoe meer is die individu uitgelewer.

Ek dra die klippe tot in Marco se kamer waarin ’n wit oorgetrekte bed, ’n hangkas en ’n boekrak staan. Die Foucault-foto is die enigste kleur in die wit vertrek. In die rak lees ek die titels van Michel Foucault: *Madness and Civilization*, *The Birth of the Clinic*, *Death and the Labyrinth*, *The Order of Things*, *The Archaeology of Knowledge* en in die hoek ’n

weggesteekte eksemplaar van *Discipline and Punish*. Hierin redeneer Foucault dat die skoolstruktuur - soos die fabriek, die hospitaal en die weermag - op dieselfde manier as tronke werk: sigbaarheid is die stelsel se voorwaarde tot kennis van en mag oor die individu. Die leerder kan nie ontsnap van die magstelsel wat deur herhalende evaluering uitgeoefen word nie.

“Goeie keuse”, sê Marco en kyk na die boek in my hande. Hy is besig om die klippe van groot tot klein bo-op mekaar in die middel van sy kamervloer te pak.

“Ek het nog my matriekafskeidsbaadjie en strikdas wat net mooi sal pas vir jou reünie”, lag Marco voor ek die deur agter hom toetrek.

*

Ek het die hoop ongeleeste koerante langs my bed tot voor die venster geskuif, sodat ek daarop kan sit om *Discipline and Punish* te lees. Ek het ’n paar lyste van die venster gehaal om genoeg lig op die boeke te laat val. Die skoolfoto hou ek as boekmerk en sien myself elke keer langs my Sub A-juffrou sit. In die agterste ry staan Pieter, die klaskaptein van 1982, vir wie ek laat weet het dat ek die reünie sal bywoon.

Discipline and Punish maak my nuuskierig oor die opvoeding van die jong Suid-Afrikaanse gevangenes. Foucault redeneer dat die ‘dissplinêre mag’ wat in instellings soos tronke en skole toegepas word, aan sielkundiges, korrektiewe beamptes en onderwysers die reg gee om oor die individu se lot te besluit. Elke staatsinstelling het ’n ander stel reëls waardeur die individu voortdurend geëksamineer word en dus beheer word.

Ek soek tussen my knipsels na die berig oor die gevangenes van St Albans buite Port Elizabeth in die Oos-Kaap wat goeie punte in die matriekjaar behaal het. Hoe is prestasie enigsins moontlik in ’n land met oorvol tronke?

Ek bel vir dae lank die kantoor van Bheki Zinzi, die hoof van St Albans-gevangenis se Onderrigdepartement, voordat iemand my boodskappe beantwoord. In 'n skriftelike aansoek aan Zinzi verduidelik ek dat my onderhoud sal gaan oor die stand van jeugonderrig in tronke. Nadat ek twee fakse gestuur het, is die onderhoud bevestig vir dieselfde dag as my skoolreünie in Kareedouw.

*

Langs die nou ingangspad tot St Albans-gevangenis se sement sekuriteitshekke, staan rye windverwaaide palmbome wat my aan ons plaas in die Suurveld laat dink. My kar is die enigste voertuig in die besoekersarea. Ek trek Marco se fluweelrooi baadjie aan en moet oor die rathefboom klim. Die bestuurdersdeur is so styf vasgebind dat ek nie kans sien om die draad los te maak nie.

Twee gewapende wagte voor die hek kyk hoe ek my diktafoon en asmapompie in die regterkantse baadjiesak sit. In my linkersak is my selfoon saam met vyf los sigarette, 'n potlood en 'n vuurhoutjieboks.

Tussen twee sekuriteitshekke is 'n glashok waarbinne 'n man met sy kop op sy arms slaap. Een van die wagte is 'n vrou wat met twee goue voortande glimlag as ek aan die hok klop.

“Laverne!”, sê sy so hard dat die man wakker word. Hy kyk met 'n baret wat laag oor sy voorkop getrek is, na my. Agter hom is 'n radio waarvan die lugdraad met kleeflint teen die hok geplak is. Die man wys dat ek deur 'n sifdraad-opening in die glas moet praat.

“Ek het 'n afspraak met meneer Zinzi”, sê ek deur die gat. Marco se baadjie sit styf om my skouers en die moue hang laag oor my hande.

“My afspraak is oor tien minute”, sê ek as dit lyk of die man my nie gehoor het nie. Ek stoot die baadjiemoue terug en tik op my horlosie.

Die ander wag staan met sy rug teen die glashok en rook ’n sigaret. Hy vat die hele tyd voor aan sy koeëlvaste baadjie. Die man in die glashok vryf onder sy baret, terwyl hy vir Zinzi se kantoor aanhou. Ek druk my hande in my sakke, maar haal dit weer uit as die wag met die sigaret in sy mond na my kyk.

“No answer”, sê die man in die glashok. Hy vryf oor die rif wat die baret op sy voorkop gelaat het.

“Hoe bedoel jy daar is nie antwoord nie?”, vra ek met my gesig teen die hok. As my lippe aan die glasopening se rant raak, gril ek vir die taaigheid daarvan. Ek vee my mond met my baadjiemou af.

“He is not in the office”, sê die man.

“Nie op kantoor nie?”, sê ek en druk met my hande rondom die opening, sodat my lippe nie aan die glas raak nie. Ek vryf met die fluweelmou oor my warm nek en voel hoe my bolip trek.

“Ek het al die pad van Kaapstad gekom om Zinzi te sien”, sê ek. Die stywe baadjie druk my skouers vorentoe.

“Hy *lunch* nou”, sê die man en sak terug in sy stoel.

“Hoe is dit moontlik dat Zinzi vanaf 11:30 op middagete kan wees?”, vra ek en klap met altwee hande teen die glashok. Ek voel hoe die baadjie se rugnaat skeur. Die wag met die koeëlbaggie trap sy sigaret met sy stowel dood en kom staan langs my.

“Is there a problem?”, vra hy en vat aan sy bolyf. Die man agter die glas hou sy hand in die lug.

“I’ve called Cupido for you. He will also be able to help you”, sê hy en druk ’n afstandbeheer om die veiligheidshek oop te maak. Hy wys dat ek regs moet loop om by Maksimum A-gevangenis uit te kom.

Hulle het nie eens my sakke deurvoel nie.

*

Anderkant die veiligheidshek vurk die pad. Ek loop op ’n dun sementpaadjie deur ongesnyde waaigras. Diep in die veld staan ’n fortagtige gebou met onbemande uitkyktorings. Op elke hoek is ’n luidspreker. Ek wens ek kan ’n foto neem van die leë uitkykstoel en voel in my sakke na my selfoon. Die wind wat deur die gras waai, laat dit lyk of mense daarin wegkruip.

Ek besluit om die selfoon te los. Dalk is St Albans ontwerp soos Jeremy Bentham se koepelgevangenis en hou bewaarders my dop sonder dat ek hulle kan sien. Anders as St Albans se reghoekige gebou, het Bentham in 1785 sy panoptikon ontwerp met ’n uitkyktoring vir die bewaarders in die middel. Al die selle se vensters het na die toring gewys, sonder dat die gevangenes die wagte kan sien. Michel Foucault gebruik hierdie ontwerp as metafoer van hoe die mens se sigbaarheid hom weerloos maak teen die onsigbare magstrukture wat niemand kan ontwyk nie.

Ek draai om en kyk terug na die ingangshekke. Dan loop ek deur die lang gras tot ek ’n naby-skoot van die tronkgebou met my selfoon-kamera kan neem. In een van die torings lyk dit of daar ’n man sit met ’n horlosie wat weerkaats in die son. As ek nader stap sien ek dit is glaskerwe. Ek hou die selfoon onder my baadjiepan en neem ’n foto van die uitkykstoel. Op die selfoonskerm lyk die rugleuning van die stoel soos ’n wag. Die gekraakte toringvenster blink op die foto. Ek wag vir ’n minuut voordat ek nog ’n paar foto’s neem van die geroeste luidsprekers en die stukkende uitkyktorings.

*

'n Bruinman wag my in by die eerste kontrolekamer voor Maksimum A-gevangenis, waarlangs 'n naambord is: "A new beginning starts here." Die man stel hom voor as De Wit en sluit die hek oop.

"Enige wapens?", vra hy. As De Wit omdraai om die hok agter my toe te maak, sien ek die vetrol in sy nek. Die kontrolekamer is met geëlektrifiseerde ogiesdraad omhein.

"Nee", sê ek en kyk na De Wit wat 'n skandeerder uit sy broek se belt haal. Ek hou my hande in die lug en voel hoe die baadjie oor my bolyf span. Die verklikker maak 'n harde geluid as dit oor die selfoon in my sak gaan.

"Wat is dit?", vra De Wit in 'n hoë stemtoon. Ek haal die selfoon, asmapompie en diktafoon uit my sak.

"Hulle was *suppose* om die goed al voor toe te sluit", sê hy en gooi my besittings in 'n staal houer. Hy haal 'n koordlose tweerigting-radio langs die verklikker uit sy belt en roep: "Laverne!"

As hy na drie keer geen antwoord kry nie, sit hy die radio terug in die lussie.

"Ek *trust* Meneer het niks *pictures* gemaak nie", sê De Wit en sit my besittings in 'n verweerde staalkas wat hy dan in 'n kluis toesluit.

"Natuurlik nie", antwoord ek en probeer plek maak vir my skouers om in die baadjie te pas. De Wit loop agter my deur nog twee kontrolekamers en drie rye elektriese heinings voordat ons by Maksimum A se ontvangslokaal uitkom. Ek voel na die sigarette, potlood en vuurhoutjies in my sak wat die verklikker nie opgetel het nie.

*

De Wit trap met sy rooibruin gepoleerde stewels op 'n sementbak voor die sekuriteitshek na Maksimum A. Hy druk sy hand deur die tralies van die hek om by 'n interkomboks uit te kom.

“Who does he want to see?”, vra ’n stem nadat De Wit ’n paar keer die interkom moes druk. Hy trap binne-in die bak bo-op ’n malva tussen sigaretstompies om nader aan die interkom te staan.

“He has an appointment with mister Cupido”, sê hy.

Ek kyk na die kontrolekamers en vat dan aan die sigarette. Die tabak wat onder in die sak uitgeval het, vryf ek in my vingers. Ek hou my hand voor my gesig en trek die reuk diep in my longe. De Wit se kopvel maak nog twee voue soos hy staan en opkyk na die interkom.

“Hallo kom by!”, skree die man en slaan teen die interkomboks.

“Who wants to see mr Cupido?”, vra die stem na ’n ruk. De Wit sug en probeer sy gesig deur die tralies druk. Hy klap teen die interkomboks as hy besef sy kop is te groot.

“Mr Kemp”, sê hy.

“Who?”, vra die stem. De Wit draai om en spoeg op die malva.

“These fucking people”, sê hy.

“Ja nee”, lag ek.

De Wit se neusgate raak al hoe groter. Hy kyk verby my na die sekuriteitshokke en dan na my hande voor my gesig.

“I’ll sommer fokken kick this thing”, sê hy en draai weer om na die interkomboks.

“Open up, man”, sê hy. “Mister Cupido knows about Mister Kemp.”

“Oh ok”, sê die stem en ’n paar sekondes later is die traliehek oop.

*

Maksimum A se bruin novilonvloere ruik na skerp skoonmaakmiddels. ’n Vrou staan aan die oorkant van die ingang met die helfte van haar lyf in ’n staal deurkosyn. Sy begin met De Wit in Xhosa te praat. As sy sien dat ek verby haar in die saal wil inkyk, maak sy die deur toe. Ek stap links in die gang af en tel die kantoordeure wat almal met veiligheidshekke toegesluit is. In die middel van die gang is ’n staalhek. Dit ruik skerp hoe verder ek in die gang afstap en

ek druk die baadjie voor my neus. Ek voel na my pompie, maar onthou dan dat dit in die staalkas is.

“Wait mister Kemp! Wait!”, skree De Wit agter my aan. “I’ll take you to mister Cupido’s office.”

Ek gaan staan met my rug teen die muur en voel met my een hand na die potlood in my baadjiesak. As ek net ’n stuk papier gehad het om woorde te kon neerskryf.

*

In meneer Cupido se kantoor is ’n lessenaar, vyf gryse stoele en ’n staalkabinet. Ek gaan sit op die middelste stoel, met De Wit wat presies regoor my teen die lessenaar gaan leun. Hy haal die tweerigting-radio uit sy belt en roep: “Mister Cupido, Mister Cupido!”, terwyl hy na my hand in my linkersak kyk. Ek vat aan die vuurhoutjeboks.

“Cupido will be here any moment”, sê De Wit. Ek sit my hande op my skoot.

“Mister Cupido will be here in a second”, sê De Wit weer na tien minute. Hy kyk na my en dan die deurkosyn. Miskien skat hy hoe ver dit sal wees om my in te haal as ek sou vlug. De Wit se oë sit naby aan mekaar en sy ronde gesigvorm laat hom soos ’n oorgewig seun lyk. Voor *mister* Cupido se venster is die blindings toegetrek, dat ek niks buitekant kan sien nie. Ek druk my hand in my sak en skeur die vuurhoutjeboks los.

Twintig minute later stap Cupido saam met ’n man in ’n oranje oorpak die kantoor binne. De Wit staan regop met sy hande langs sy sye. Vir ’n oomblik lyk dit of die twee mans gaan salueer, voordat Cupido agter sy lessenaar gaan staan. Sy gryse hare is agtertoe gekam en hy het ’n bruin uniformbaadjie aan met helder, bont epoulette. Cupido wag totdat die gevangene langs my sit, voordat hy vir De Wit met sy kop sein dat hy kan gaan.

*

“Ons onderwys is goed, baie goed”, sê Cupido met sy hande op die tafelblad gevou, nadat ek gevra het oor die kwaliteit van onderrig in St Albans.

“Is dit nie moeilik om veral kwaliteit-onderrig aan die jeug te waarborg in ’n vol gevangenis nie?”, probeer ek weer.

Stilte.

“Ek lees in ’n studie oor die vraagstuk van gevangenis se rol as rehabilitasiesentrums, dat die gemiddelde verhouding tussen onderwyser en student 1:211 in Suid-Afrikaanse tronke is”, sê ek na ’n ruk.

“Hier het ons nie ’n probleem nie, vra maar”, sê Cupido en wys na die gevangene. “Hy is een van ons *juvenile tutors*.”

Op die gevangene se oranje oorpak is swart sirkels waarin “prisoner” geskryf staan. Ek sit effens vorentoe en druk met my hand die baadjiesak oop, sodat ek “Oë” kan skryf. Die gevangene se donker pupille is met blou omkring.

“No problem that we cannot handle”, sê die gevangene wat intussen ’n keelseerlekker in sy mond gedruk het.

“Volgens die Departement van Korrektiewe dienste is tronke 124% oorvol”, sê ek. “Die 240 tronke in ons land is so vol dat ’n sel wat vir 38 gevangenes gemaak is, 100 mense moet akkommodeer. Hiervan is 52% tussen 14 en 25 jaar oud.”

Cupido kyk my woordeloos aan.

“Dit is ’n probleem en die departement is besig om daarvoor uit te kyk”, sê hy na ’n lang ruk.

“Waarvoor uit te kyk?”, vra ek. “Daar is niks om na te kyk nie, daar moet nuwe skole gebou word.”

Ek druk met my duim teen my bolip.

“Meneer Kemp”, lag Cupido en skud sy kop. “Jy het natuurlik nie ’n idee hoeveel dit sal kos nie.”

“Ek weet dit is duur”, sê ek en vou my hems kraag oor my baadjie s’n. “Maar die regering moet ten minste daarna streef.”

Cupido lig sy skouers op en kyk na die gevangenes wat hoorbaar kou. Die vertrek ruik na vloerpolitoer, goedkoop reukwater en suiglekkers.

“So u dink regtig nie dat dit ’n verskil sal maak aan die geweld in tronke nie?”, vra ek en wil ‘wenkbrou’ skryf. Cupido het welige grys wenkbroue, wat hy deur die hele gesprek meerderwaardig optrek. Miskien is dit sy manier om gesprekke te manipuleer? Ek kom net by ‘wenk’, voordat ek beide mans se oë op my baadjiesak sien.

“Meneer Kemp, die tronk is nie ’n vakansie-oord nie, dit is veronderstel om mense te ..”, sê hy en soek na die woord. Is dit straf?

“Rehabilitate”, sê die gevangene.

“Maar is dit rehabilitasie as die wêreldwye hoë geweld- en heroortredingsyfers bewys dat tronke nie effektief is nie?”, wil ek weet. “U besef tog dat ongeveer 94% van die 6,000 oortreders wat maandeliks uit ons tronke vrygelaat word, weer daar sal beland.”

Ek vryf oor my oë. As ek my ooglede vir ’n paar sekondes toehou, sien ek die stringe woorde en statistiek van die artikels op my kamervloer.

“Ja, verseker is dit rehabilitasie”, sê Cupido. “As jy net gaan kyk na die wette van die Korrektiewe Dienste sal jy sien: ’n rehabilitasieprogram is deel van die opvoedingsplan.”

“Maar as jy gaan kyk na die Korrektiewe Dienste se statistiek, sal jy ook sien dat daar 1 sielkundige is vir 595 oortreders”, sê ek.

Dit is die helfte van die getal van onderwysers per gevangenes. Cupido vryf oor sy hare.

“Die media blaas alles op,” sê hy. “In St Albans kan ek jou belowe dat ons elke dag werk met rehabilitasieprogramme en veral in Maksimum A waar die gevangenes vir lang tydperke moet sit.”

‘Media’ wil ek op die papier skryf, maar los dit dan weer as Cupido na my arms kyk.

“En die geval van die jong seun wat vir ure lank verkrag is sonder dat iemand hom gehelp het? Dit het tog in hierdie tronk gebeur?”, sê ek.

In ’n Engelse koerant het ek gelees van die agtienjarige gevangene wat eers met ’n sandge vulde Coke-bottel aangerand is. Daarna is hy op ’n bed vasgemaak en deur tien bendelede vir vier ure lank verkrag.

“Ons kan nie persoonlike inligting deurgee nie, meneer Kemp. Hierdie onderhoud is in elk geval nie goedgekeur deur mister Zinzi nie”, sê Cupido en slaan met sy hande op die tafel.

“Mister Zinzi het nie sy verpligtinge nagekom nie”, sê ek en krap in my nek. “Ons het ’n afspraak gehad.”

“Ons moet die korrekte roetes volg”, sê Cupido en roep De Wit oor sy tweerigting radio. Niemand antwoord aan die anderkant nie.

*

“I love teaching”, sê die gevangene en skuif sy stoel effens na my kant toe. “I was an English teacher my whole life through. After that I was a principal and lastly inspector. Before...”, sê hy.

“Before what?”, kan ek nie help om te vra nie.

Cupido roep ’n paar keer oor die radio en vryf met vinnige hale oor sy gekamde wenkbroue.

“Let’s just say I have made a few mistakes in my life”, sê die gevangene. “But I have learned a very expensive lesson.”

“Do you have a family?”, vra ek. Wanneer gaan Cupido agterkom dat ek besig is met ’n onderhoud?

“I have two extraordinary children and my wife. This is my fourth year here and I think I might be released next year”, sê hy.

Hoe sal hierdie man weer aanpas in die samelewing as hy uit dié plek uitkom? “Neem die meneer na die hek”, sê Cupido vir De Wit wat in die deur kom staan het. “Ons kan nie mense help wat sonder ordentlike afspraak wil inligting soek nie.”

*

“Ek hoop *mister* Kemp verstaan”, sê de Wit nadat hy my besittings vir my teruggee het. Op elke item druk hy ’n plakker met St Albans se logo op. Ek druk eers die pompie in my mond, voor ek met my gesig na die “A new beginning starts here”-bord draai om die wind te keer en ’n sigaret met die platgeskeurde vuurhoutjeboks aan te steek. Ek kan niks van die letters uitmaak wat ek op die boks probeer skryf het nie. My sigaret brand na die derde probeerslag.

“Ek hét ’n afspraak met Zinzi gehad”, sê ek.

“Ek kan jou miskien help, *mister* Kemp”, sê De Wit en kyk terug na waar Cupido se kantoor agter die elektriese drade net-net sigbaar is. Ek neem ’n diep trek van die sigaret.

“Kom saam met my, dan gaan wys ek jou iets”, sê hy sag.

*

Ons ry in De Wit se kar met groot luidsprekers in die deure tot voor ’n pienk sinkgebou met ’n blou dak en hoë draadheining. Mans in oranje oorpakke sit op die grasperk voor die gebou. Twee Alsatian-honde is met kettings vas aan ’n dik draad wat langs die heining loop. As ons uitklim, ruk die honde die drade styf. Op die pienk muur staan “Education is rehabilitation.”

De Wit loop vooruit deur die gebou wat in twee vleuels verdeel is tot by ’n klaskamer aan die einde van die gang. Elf swart mans sit bo-op die skoolbanke, met hulle kaal voete op die afslaansitplekke. Dit ruik na sweterige skoene en die enigste venster in die vertrek is toegesluit. Die swartbord is so skoon gewas dat dit lyk asof daar nog nooit iets op geskryf was nie. De Wit gaan staan met sy hande agter sy rug voor die swartbord. Ek loop in die paadjie langs hulle banke deur en druk die rooi ‘record’-knoppie op die diktafoon in my sak.

“This guy’s wife was my girlfriend”, skree ’n man van agter uit die klas en wys na De Wit.

“Behave yourself”, sê De Wit in ’n harde stem.

“What are you doing here?”, vra die een wat geskree het en kyk na my. Hy lyk skaars sestien.

“You came to bring us a job”, sê die man. “You must look for me for a job.”

“For me also”, sê die man langs hom. “Look I study life skills. Good job!”, skree hy en gooi ’n boek op die vloer.

“I am first one to go”, skree ’n ander een. “Next year. I should have gone last year, but the department fucked up my papers.”

Almal begin deurmekaar te praat en nog ’n paar gooi handboeke op die grond. Ek gaan staan langs De Wit met my rug teen die swartbord.

“You look like a professor!”, sê ’n man wat ’n ry voor my in die paadjie sit.

“No, he looks like a cunt!”, sê ’n ander een.

“Hey, you can see the man is a writer!”, sê nog een.

Is dit oor my fluweelbaadjie? De Wit wys dat ons moet loop. As ek van die bord wegstap, sien ek die groot ronde sweetkol wat my rug gelos het. ’n Lang maer man met ’n diep sny wat vanaf sy linkeroog tot by sy mond loop, stap vorentoe. Nog voor ek by die deur is, trek hy aan my baadjiemou. Ek voel die sweetdruppels op my laerug.

“You must write about me”, sê hy sag sonder om my mou te los.

“I have a story to tell. I was the most dangerous man in Port Elizabeth and one day I also want to write. I study marketing, but I am very dangerous”, sê hy en ruk ’n paar keer aan my arm.

“That is a good thing. You must work hard”, sê ek en probeer my gesig wegdraai. Die man se asem ruik suur.

“Don’t forget me. My name is Thabo Satyo”, sê hy in ’n dringende stemtoon. “Please put my name in your book.”

My skapies van die sjebien

Ek is laat vir die reünie en parkeer op Laerskool Suurveld se busstop. In die hardloop na die skoolsaal knoop ek Marco se strikdas. Die sandhoop wat ek as kind onthou, is nie meer voor die ingang nie.

“Hier is oom s’n”, sê ’n meisie voor die saaldeur en druk die laaste naamplakker teen my baadjie. In die voorportaal vang my oog die glaskas waaragter ’n goue rugbybal, ’n selfgepubliseerde resepteboek, rugbyfoto’s, ’n geraamde trui en ’n getekende hokkiestok uitgestal is. Binne-in die saal is tafels en stoele met blink wit lap oorgetrek. Bo-op die tafels brand blou kerse bo-op ’n driehoek-rangskikking van pienk angeliere en wit madeliefies. Agter in die saal is ’n tafel waarby net een vrou met donker hare en ’n goue *alice band* sit. Ek trek een van die leë stoele oorkant haar uit.

Op die verhoog tussen twee wawiele, versier met wit en pienk ballonne, staan hoofseun Pieter. Hy wag tot ek die stoel onder die bokkietafel inskuif voordat hy sê: “Dames en Here, noudat ons voltallig is, wil ek graag almal verwelkom.”

Ek trek my strikdas reg en voel oor my leë baadjiesakke. Dit voel vreemd sonder my diktafoon of notaboek.

“Dit is hierdie skool wat die grondslag vir ons lewens gelê het”, sê Pieter. Die vrou oorkant my maak ’n harde snorkgeluid.

“Dit is die skool wat van ons trotse mense gemaak het, ongeag ons omstandighede”, sê hy en kug. Die vrou haal ’n silwer fles onder die tafel uit en sit dit langs die rangskikking. Pieter skink ’n vol glas water uit die beker wat bo-op die kateder staan. Aan die voorkant van die staander is die vuurtoring-wapen.

Die vrou leun oor die stoele om my naamplaat te kan lees.

“My fok, jy was mos juffrou Nel se witbroodjie”, sê sy.

Sy steek haar arm vol Afrika-armbande na my uit. Pieter hoës ’n paar keer hard en kyk in ons rigting.

Die vrou kom sit op die oop stoel langs my.

“Ek het gewonder wat van jou geword het. Jy is seker ’n *artist* of iets. Wat was daai mooi ding wat jy vir die skou een jaar gemaak het?”, sê sy.

Dit lyk of Pieter op sy tone staan om ons aandag te trek. Op die tafel is ’n bottel soetwyn, geel sap en pepermint in ’n wit plastiekswaan se buik. Voor my is ’n halwe garnaal- en mayonaise-gevulde avokadopeer. Ek haal die naamplaat van my baadjie en plak dit teen die tafeldoek. Langs die blompot is ’n vuilpienk gelamineerde program waarop die lys van aktiwiteite aangedui word: dinee en dans vanaand, ’n ontbyt saam met die onderwysers op die rugbyveld, interskole en ’n potjiekos-kompetisie.

“Die skool het my geleer wat belangrik is in die lewe... en ek en my bruid”, sê Pieter en kyk na die regterkant van die skoolsaal. Almal het jeans en kortmouhemde aan. Ek haal die strikdas af en sit dit in my baadjiesak.

“Ek en my bruid leef elke dag in die verre Ooste ons skool se waardes uit as ware ambassadeurs”, sê Pieter.

“Die doos speel mos rugby in China of iewers”, sê die vrou en haal weer die silwer fles van onder die tafel uit. “Jy gaan dit nodig kry, die aand is nog lank.”

Ek neem ’n groot sluk en voel hoe die whisky my keel brand.

“En die oop stoel dan, waar is jou wederhelf?”, vra die vrou.

“Ek is hier op ’n sakebesoek”, sê ek en neem nog drie groot slukke voordat ek die fles vir haar teruggee.

“Ek werk by die koerant”, jok ek en vertel die vrou dat ek in die Oos-Kaap is om inligting oor skole te versamel.

“Dan moet jy in my *valley* kom kuier”, sê sy en vertel my van haar organiese boerdery teen die hange van die Gamtoosvallei in die informele nedersetting, Sexwale Village. Hier woon ’n sjebieneienaar wat ekstra klasse vir matrieks aanbied, omdat die hoërskool se onderwysers nie omgee nie. Die onderwysers is nooit in die klaskamers nie en die hoof kan geen dissipline toepas nie.

“Kom ons gaan rook buite”, sê die vrou. “En my naam is Anastasia. Jy was saam met my in die Voortrekkers. Kan jy dan fokkol onthou nie?”

*

Ek word wakker met my kop teen die kar se passasiervenster en die whiskyfles onder my bolyf. In die truspieël het Anastasia my naamplaat geplak met ’n telefoonnommer en adres van Martin Smith, die sjebieneienaar. Al wat ek van ons gesprek in die kar kan onthou is dat Anastasia vertel het dat sy in Standerd 9 uit die skool is, nadat sy swanger geraak het van ’n bruin man wat op haar pa se plaas gewerk het. Niemand het geweet sy is verwagting nie, tot die Sondagmiddag toe sy moes kraam. Die man het sy lankal nie meer nie, maar sy en haar kind bly nog al die jare in Sexwale nadat haar pa hulle die plaas verbied het. Kan dit waar wees of het ek dit gedroom? Ek weet nie wanneer Anastasia geloop het nie, maar ek kan onthou ons het Voortrekkerliedjies gesing.

“Vir pap en wors sê ek u dank”, sê ek en vryf oor my dowwe kop.

As ek Martin Smith se nommer skakel, antwoord ’n Charlene, wat sê sy werk in *Uncle Smith* se Spaza. Sal dit dieselfde wees as ’n sjebien? As ek verduidelik dat ek ’n storie wil doen oor sy sukses met die leerders van Sexwale, sê sy meneer Smith sal nie *mind* om met my te praat nie. Charlene praat so sag dat ek die selfoon al stywer teen my oor moet druk. Ek kan meneer Smith ook net binne die volgende uur ontmoet, want hy moet nog slaap voor sy

volgende skof. Ek probeer my olierige hare met my hande plat kam en vee die slaap uit my oë.

*

Op pad na die Gamtoosvallei sien ek al die plekke wat ek as kind onthou toe ons Sondag by my tannie-hulle kom kuier het. As jy oor Soetkloof se pas kom, lê die vallei met rooi walle boorde vol sitrus, piesangs, avokadopere en neut. Langs die pad groei aalwyne tussen turksvye.

Hankey is die eerste dorp as jy die Gamtoosvallei inry. Voor die dorp is 'n lae brug oor die Soetkloof-rivier. As die rivier afgekom het, kon die Gamtoos-kindere vir dae lank nie skool toe gaan nie. As jy regs draai, ry jy Thornhill, Port Elizabeth en Uitenhage toe. Links is John Deere, 'n slaghuis, Hankey Superette wat Jackie Chan-films adverteer en die smal teerpad na Patensie wat verby my tannie-hulle se plaas loop tot by Sexwale. Ek ry stadig verby die plaashek, sodat ek deur hoë avokadopeerbome die groot huis met sy lang stoep kan uitmaak.

Patensie bestaan uit 'n sitrus-pakhuis, 'n NG-kerk met rooi grond gevlekte mure, 'n Spar, 'n slaghuis en die koöperasie. Die lug is soet van oorryp lemoene. Agter die kerk is die kanaal wat van die Kouga-dam tussen die plase deurloop. Die kanaal het intussen opgedroog.

Ná Patensie is 'n naambord "Sexwale Village" waar ek regs draai en teen 'n steil bult oor los bergklippe ry. Langs die pad loop 'n swartman en 'n meisie in skoolklere hand aan hand. Die jong vrou dra 'n bondel hout op haar kop met 'n baba op haar rug vasgebind. Teen die heuwels staan sinkhuise waarvan party in helder rooi, groen en geel geverf is. Dalk woon Anastasia in een van hierdie huise? Tussen die sinkgeboue is kampe met bokke en groente en bo-op die heuwel blink iets in die son. Ek probeer alles onthou wat ek sien: 'n Vrou sit en

was klere in 'n sinkbad, 'n dogtertjie staan met 'n "Vote ANC" t-hemp sonder 'n broek langs die nou paadjie wat tot bo-op die heuwel lei. As ek bo-op die heuwel kom, besef ek dit wat ek sien blink het, is rye eenvormige kruise wat bo-op vars grafte staan. Nie een van die kruise het name op nie.

Langs die begraafplaas staan die enigste baksteengebou op 'n oop stuk grond. "Martin's Spaza" is geskryf bokant die gat in die muur wat as toonbank dien. Hoekom sou Anastasia nie gesê het dat die sjebien langs 'n begraafplaas is nie? Ek kyk na die pdaanwysings op die truspieël om seker te maak dat ek op die regte plek is. Die meisie agter die toonbank sit haar leesboek neer en kom stadig aangestap. Haar lyf is inmekaargetrek soos iemand wat koud kry. Ek draai die ruit op 'n skrefie af.

"Ek is Charlene", sê die meisie en steek haar benerige hand deur die venster om my te groet. Sy het diep kepe langs haar mondhoeke en dit lyk of haar oë effens uitpeul bo haar wangbene. Ek vryf oor my hare en dan my gesig. My mond is droog en my tande wollerig. Danksy die alkohol, het ek vir die eerste keer in maande geslaap. Miskien het ek van die peperminte in die skoolsaal geneem? Ek voel niks in my baadjiesakke nie.

"Meneer Smith wag vir jou", sê sy en wag dat ek die deur oopmaak. Ek sien nie kans om weer by die passasierskant uit te klim nie en stamp die deur met my skouer oop.

*

Op die oop stuk grond voor die sjebien loop twee varke. Die een se bek is in 'n leë boeliebeef-blik gedruk. Charlene neem my na die agterkant van die Spaza-winkel tot 'n voor 'n geel huis waar 'n rooi kombi op bakstene die hele grasperk volstaan. Ek wag op die stoep waar leë bierkratte tot teen die dak gepak is. Ek voel lighoofdig en druk met my hande teen

die stoepmuur. Miskien was dit 'n fout om vandag 'n onderhoud te doen. Dalk kan ek nog omdraai.

“*Uncle Smith* sê Meneer moet inkom. Hy is nou by u”, sê sy en kyk na my baadjiepant. Dalk kyk sy na my diktafoon wat my sak laat bult staan. Ek haal dit uit en sit dit voor die swart sakdoekie in die baadjie se bosak.

In die sitkamer staan twee bal-en-klou-stoele oorkant 'n tafelblad met bierhouers as pote. Die stoel se vere kraak as ek gaan sit en ek voel hoe ek tot op die grond insak. Teen die muur bokant die tafel is plakkate van 'n oogbal, die liggaamspiere en die spysverteringskanaal. Langs die tafel staan brood en kopkool in nog kratte gepak. Die vertrek ruik na gis.

“*Môre mister Kemp*”, sê Martin. Ek lig myself uit die diep stoel en sien die sigaretbrand op die baadjiepant. Is dit waarna Charlene op die stoep gekyk het? Hoe gaan ek aan Marco verduidelik dat ek sy baadjie met 'n sigaret gebrand het, sonder dat ek dit enigsins kan onthou? Martin het 'n swart leerbroek en 'n wit frokkie aan wat styf om sy gespierde bolyf span. Sy kuif is voor kort met 'n lang stert in sy nek. Hy hou sy vuus na my uit. Ek is nie seker wat om te doen nie, en stamp dan ook my vuus teen syne. Hy gaan sit langs my en steek 'n sigaret aan. Ek balanseer my op die punt van die stoel.

“Ek is moeg”, sê Martin en blaas die rook deur sy neus. Hy het 'n swaard op sy regterarm getatoeër. Ek voel hoe iets in my keel opstoot en ek hou my hand voor my mond om 'n sagte wind te breek. Hoe gaan ek by 'n toilet uitkom in hierdie huis? Aan die anderkant van die tafel is 'n donker gang waarin ek 'n kamerdeur kan uitmaak.

“My skapies kom nou almal hierheen as die skoolklok lui en ek het nog nie eers geslaap nie. Maar daai *mind* nie, want die skapies *rely* op my, sien jy.”

Tussen ons stoele is 'n driehoekige tafel waarop 'n groot Good Year-asbak staan. Oor die tafel hang 'n gehekelde doek met rooiwynvlekke op.

“Hoeveel kinders kom na-ure hierheen?”, vra ek. Ek haal die diktafoon uit my sak en sit dit langs die asbak neer. 'n Gedeelte van die kleeflint het losgekom, nadat ek die St Albans-plakker van die diktafoon se omhulsel afgetrek het.

“Ons is vanjaar so 140 matrieks”, sê hy en vryf met die sigarethand oor die hare in sy nek. Hoe pas soveel kinders op een slag hier in?

“En dit is 'n moeilike ding, want ons gee brood en botter, maar dit raak onmoontlik”, sê Martin. Hy het 'n welige snor wat oor sy bolip groei. Elke keer as hy opkyk om die rook uit te blaas, sien ek sy dik neushare. Martin trek 'n paar keer aan sy sigaret voordat hy 'n volgende een aansteek.

“Ek het net daai *frustration*, want ek sien ek gaan dit nie alleen meer lank kan maak nie, maar ek ploeter voort.”

Die stompie smeul in die asbak. Martin knip sy oë vinnig na mekaar.

“Hoekom gaan jy dit nie maak nie?”, vra ek en vryf oor die hoendervleis op my arms. Wat was alles in Anastasia se silwer fles?

“Ek is 'n *single teacher*, sien jy. Maar ek kan nie laat gaan nie, want weet jy hoe lyk hierdie strate man.”

Ja, skud ek my kop. Dit is die eerste keer dat ek 'n vark uit 'n boeliebeef-blik sien vreet.

“So die 140 skapies in my sjebien gaan ek nie drop nie, want dit moet hulle *ticket out of this prison* wees”, sê Martin en druk sy middelvinger teen sy slaap.

“En wie wil hier bly? Wie?”, vra hy. “Het jy die grafte gesien? Dit is 'n *example in your face* van wat hier aangaan.”

Sy oë knip soveel dat hy vooroor buk en met sy twee vuiste in sy oogkaste vryf. Ek moet keer om 'n wind te breek. Dalk is dit van gisteraand se ryk avokadopeer, die soetwortels, geelrys

en skaapboud? Ek kyk na die sitkamerdeur wat Charlene gesluit het. Hoe kom ek weer hier uit?

“’n Voorbeeld waarvan?”, vra ek.

“Dat *AIDS* ’n *reality* is! Jong kinders gaan dood in die plek!”, sê hy en steek nog ’n sigaret aan.

Langs die plakkate is ’n geraamde tappesserie waarop ek lees: “Aan Oom Martin. Dankie dat u u deur vir ons oopgemaak het en vir al die nagtelike opofferings. God seën u en mag God u nog vele jare spaar om daardie goeie werk van u voort te sit. Van Matrieks ’06.”

“Maar hoe werk jou klasse?”, vra ek en probeer van die een boud na die ander op die stoel se rand skuif.

“Bied jy al die matriekvakke aan?”

“Ja, hoe meen Theo. Ek moet dat hulle die *results* kan kry, want die skool gaan hulle nie help nie”, sê Martin en slaan met sy hand op die stoellening. In elke vinger is ’n ring. Die een aan sy middelvinger het ’n Amerikaanse dollar-teken op.

“Ek teach van *Biology* tot *History*”, sê Martin en verduidelik dat die studente in elke vertrek van die huis sit. In die kombuis wat die verste is, sit die slim kinders. Die stadiger leerders werk in die sitkamer en in die slaapkamers word *Mathematics* en *Geography* aangebied.

“Sien jy daai spons?”, vra Martin en wys na ’n matras wat agter die krat brode staan.

“Dit is my slaapkamer”, sê hy. “Ek moet heel aand *alert* wees sien jy, so ek loop op en af sonder om my *family* te pla.”

“So het jy ’n vrou en kinders?”, vra ek.

“My vrou en my dogtertjie het nou al ’n bed op die grond gemaak”, sê Martin. “Dit is die enigste *space* in daai *room* wat *private* is vir my *family* sien jy.”

“Hoe oud is jou kind?”, vra ek. Waar doen sy huiswerk?

My dogtertjie is sewe jaar oud”, sê hy en steek nog ’n sigaret aan. Ek tel vyf stompies in die asbak.

“Die enigste tyd wat ek met haar het is om haar skool toe te neem en dan weer te gaan haal”, sê hy.

Martin vryf oor sy oë, terwyl hy vertel dat die studente nooit vakansie het nie en elke aand vanaf 20:00 tot 6:00 werk as dit eksamentyd is. Gewone skooldae het hulle klas vanaf 17:00 tot 24:00. Die kinders sit soos zombies by die skool, vertel hy, maar ten minste leer hulle iets wat die skool nie bereid is om te doen nie.

“Wat ek eintlik in hulle breine wil kry”, sê hy en druk met sy middelvinger teen sy slaap. “Is die feit dat ek nie wil hê hulle moet net matriek slaag nie. Ek wil hê jy moet weet dat al werk jy by ’n petrolstasie, jy snags kan *study vir whatever* jy wil, sien jy. Dis hoekom, jy *push* hulle daai ekstra myl, sien jy. Jy *push!*”, sê Martin. Dit lyk of ’n aartjie in sy oog gebars het. Sy oogwit is besig om al hoe rooier te word.

*

“Hoekom doen jy dit?”, vra ek.

Martin sit ’n sigaret in sy mond en dink lank voordat hy die aansteker van sy skoot tel. Hy rol met sy duim die silwer roller en dit lyk of hy skrik vir die groot vlam.

“Die skapies het nie ’n pa nie, nou sien hulle die vaderlike figuur in my, sien jy”, sê Martin. Hy vertel dat hy eers hoenders in die strate probeer verkoop het, voordat sy pa hierdie huis gebou het. Toe het hy besef dat Sexwale se mense ver moet loop om al hulle kos en drank in Patensie te koop.

“Het jy ’n goeie pa gehad?”, vra ek.

“Daai man kon ligte, *carpentering*, als doen. Die *mistake* met hom, hy wou gehad het ek moet dit doen, maar ek kan nie eers twee stene bo-op mekaar pak nie. Hy praat sag met jou en

almal, maar met my was dit net ‘Sit die fokken steen neer’. Toe besluit ek, kyk hier, ek gaan nie ‘ge-fokken’ word nie. Fokkof man.”

Ek kyk na die aansteker wat Martin langs my diktafoon neersit. Aan die voorkant is ’n wit meisie in ’n wit bikini waarvan die bostuk deurskyn.

“Theo, ek het rugby gespeel”, sê Martin. “Eendag kom iemand na hierdie einste huis terwyl my pa bou en sê ek speel so kak. My pa sit die stene neer en sê: ‘Wil jy gebliksem raak?’ Ek sê toe: ‘Daddy, ek kan my beste wees as jy *part of my life is*.’ Sien jy wat ek meen, Theo.”

*

“Dankie my skapie”, sê Martin vir Charlene wat ’n skinkbord tee op die tafel neersit. In elke koppie dryf ’n teesakkie in vaal water en op die silwer skinkbord lê ’n wit lap waarop ’n blou duif in vlug geborduur is.

Martin bied al vyftien jaar lank die ekstra klasse aan en sy grootste genoegdoening is wanneer hy op die dag dat die matriekuitslae in die koerante verskyn, saam met sy skapies huil as hy hulle name hardop in hierdie sitkamer aflees. Ek sien nie ’n lepel om die teesakkie uit te haal nie. Die koppie is taai teen my lippe.

Het jy eers skool gehou?”, vra ek.

“Ek het ’n wonderlike ma wat my *support* het met *pocket money* sien jy. So as ek studeer in die nag, dan sal my pa altyd praat van die krag,” sê Martin. “Maar my ma het my skelm laat leer.”

Martin is na Standerd 8 uit die skool en het by Good Year in Port Elizabeth gaan werk soek.

“Die eerste dag het ek 10 sigarette gekoop om ouer as veertien te lyk. Toe staan ek by die hek voor Good Year, laat die base kan sien ek is skollie genoeg om soos ’n groot man te werk”, sê hy.

In vyftien jaar het nog nie een van sy studente gedruip nie. Sy Godsgegewe talent, sê Martin, is om 'n probleem te kan skollie.

“Soos my skapie wat in die sjebien werk, sy leer nou vir Geskiedenis”, antwoord Martin as ek vra wat skollie is.

Miskien moet ek ook sulke mnemomiese tegnieke ontwikkel om die ritse statistiek te onthou wanneer ek dit nodig het. Vandag voel my kop te dof om enigiets te onthou. Dalk sal ek snags dan nog moeiliker kan slaap as ek moet lê en kodes uitwerk.

“Sy sê niks wil ingaan nie, maar ek het vir haar gesê jou skollie is 8,6, 7, 9, 50. Vir elke ding maak jy 'n storie op sien jy. Die 8 onthou jy is 1948 toe Malan aan bewind gekom het. En so gaan jy aan.”

“Is dit Charlene waarvan jy praat?”, vra ek. “Ja”, sê hy. “Sy is my *brightste* skapie wat vanjaar klaarmaak om *next year nursing* te gaan swot, sien jy Theo. En as jy na Charlene se *case* kyk”, sê Martin en hou die pakkie sigarette na my uit. My mond proe sout. Ek kan nie daaraan dink om nou 'n sigaret te rook nie.

“Wat is haar *case*?”, vra ek. Martin staan op uit die stoel en kyk na die gang toe.

“*Shame* sy is very *excited* dat jy hier is, want ek het gesê jy gaan oor ons 'n boek maak en *publish* in Londen. Eintlik wil ek haar laat weet 'n mens mag maar mik vir hoër dinge.”

Sal ek weer vra wat die probleem met haar is?

“*Even being HIV positive*”, sê Martin. “Sal nie daai kind se *spirit kill* nie, sien jy Theo.”

*

“So hoe voel jy oor die hoërskool?”, vra ek.

Martin sug en vertel dat hy nie eers naastenby 'n opgeleide leerkrag is nie, maar die kinders beter kan help as die onderwysers.

“My *frustration* is dat die kinders mors hulle tyd by die skool. As ek hulle kon kry tussen 8:00 en 14:00, dan het hulle mos nou normaal by my klas gehet en was hulle nie so moeg saans nie.”

“Is dit omdat die onderwysers nie gekwalifiseerd genoeg is nie?”, vra ek.

“Dis nie daai nie”, sê Martin. “Dit is ’n *lack of passion* jy sien. Ek wens almal kan my *challenge* en sê kom ek gee hulle net ’n maand vir jou en ons kyk wat jy doen.”

“Is dit nie omdat die skool nie goed ingerig is nie?”, vra ek.

“Kyk hoe werk ons hier?”, sê Martin. “Daar gaan niks aan by die skool nie, sien jy. Doen my ’n guns en gaan kyk daar. Die *teachers* staan buite rond en praat net kak. Niemand werk nie.” Ek is seer gesit op die harde houtrand van die stoel. Ek sak terug en voel hoe my boude die grond raak. Dit lyk nie of Martin dit agterkom nie.

“Theo, hier is ’n lewendige Here bo my kop”, sê Martin. “Die skool *worry* nie, want hulle dink nie die kinders is meer werd as hierdie plek nie. My 140 skapies sal vir hulle ’n lewe *create*, sien jy.”

Hy vryf oor sy gesig. Martin se oë is vir so lank toe, dat ek wonder of hy aan die slaap geraak het. Sal ek net loop? Waar is Charlene? Ek staan op en as ek aan die deurknop vat, spring Martin op.

Hy kyk na my en sê: “My *rule* is ek gee jou 30 sekondes as jy my ontmoet. As jy nie van my hou nie, sal jy nooit van my hou nie. As jy wil kritiseer, ek traak nie man, maar *criticize* eers as jy my in my huis *gemeet* het, sien jy?”

*

’n Sementpaadjie lei my tot by die u-vormige houtgeboue van Hoërskool Sexwale. Die sement word ’n voetpad. Ek moet mooi trap om nie te gly op die nat grond nie. Langs die pad is ’n kraan met ’n geel emmer wat in ’n poel water staan. Ek stap af tot in die middel van die

opslaanklasse. Nege klasse, tel ek. 'n Dik rookwolk hang oor die vierkant wat toegepak is met kinders.

“Office”, lees ek op 'n stuk karton in swart, oneweredige letters, geverf. Dit hang bo die opslaanklas in die linkerkantse hoek van die u-vorm. 'n Vrou staan wydsbeen langs die bord. Sy het 'n klok in haar hand en dra 'n pers trui wat oor haar maag en borste span. Op haar linkerbors is 'n groen en silwer Zion-kruis vasgesteek. Agter haar is 'n stukkende venster.

“Where is the principal's office?”, vra ek.

Die houtmuur waarteen die vrou staan is gemuf en vesels hout wys blou deur die verf. Sy wys met haar hand na die klein gang agter haar, sonder om 'n woord te sê. In die gang staan 'n ander vrou met dun vlegsels wat haar kopvel wys. Sy smeer dik konfyt op 'n sny brood. 'n Blok margarien lê langs die brood op 'n plastiek tafeldoek. Die vrou met die klok loop agter my aan en begin met die vlegselkopvrou in Xhosa praat. Sy sit die klok neer, tel twee snye brood van die tafel en druk dit alles in haar mond.

Aan die einde van die gang hoor ek mansstemme agter 'n toe deur. Ek wag vir 'n paar sekondes, voordat ek klop en ingaan.

'n Groot man sit tussen 'n hoop bokse saam met 'n groep onderwysers. Op 'n boks tussen hulle is pasteie in blink foelie uitgepak. Bo die mans se koppe is 'n plakkaat waarop 'n hond in 'n mandjie lê: “If you are happy with yourself, home is everywhere.”

“Kan ek die hoof sien?”, vra ek.

“Dit is ek”, sê die groot man en skud die krummels van sy maag. “Maar ons is gou in 'n *meeting*. Wag vir my tot pouse.”

Is dit dan nie reeds pouse nie? Ek wag voor die kantoorbordjie. 'n Seun loop verby my en gaan staan voor 'n klaskamerdeur langs die hoof se kantoor.

“Dis jy, dis jy. Jou nat naai”, sê die seun hard voor die klas se deur. Hy trek ’n klein meisie aan aan haar arm buitentoe en vou sy vuus onder haar skooltrui in. Drie meisies probeer hulle koppe deur ’n stukkende venster druk. Die seun stamp die meisie dat sy teen die deur val. Die kinders lag. As die seun opstaan, skree een van die kinders vanuit die stukkende venster: “Moer haar!” Sy het pienk kougom in haar mond. Die seun druk sy vinger teen die meisie se voorkop. Ek wil vorentoe stap om te probeer help, maar staan dan weer teen die muur as die seun vir my kyk en gil: “Ken jy my? Jou ma se bloedpoes.”

*

Aan die agterkant van die opslaanklasse is ’n drein. Ver agter die rook en Sexwale se huise, groei rooi aalwynkoppe. In die drein lê die staalpype en die rugkant van ’n stoel en smeul. As ek opkyk, wys ’n groep kinders deur ’n ander klas se stukkende vensters na my.

Ek loop weer verby die klasdeur waar die seun baklei het. Van buite kan ek die swartbord sien waarop geskryf staan: “Verduidelik die voorval by Sharpeville. Wat beteken dit vandag vir die reënboognasie? 20 punte.”

Dan gewaar ek die hoof in die middel van die vierkant met ’n klomp kinders rondom hom. As ek nader stap sien ek hy het ’n aktetas in sy hand. Sy maag beweeg stadig op en af.

“Ek kan nie met jou praat nie”, sê hy as ek aangestap kom. Hy en wys sy sleutel in die lug. “Ek het ’n belangrike afspraak.”

“Kyk hoe lyk dit hier”, kan ek nie help om te sê nie. “Hoekom is die kinders nie in die klaskamer nie?”

“Meneer, ek weet nie wie jy is nie, maar jy ken nie ons situasie nie”, sê hy.

“Wat is julle situasie?”, vra ek. Wat is die rede dat die onderwysers nie in hulle klaskamers is nie?

“Waar moet ek die personeel vandaan kry?”, vra hy. “Die mense wil nie in hierdie gemors skoolhou nie.”

“Maar sal dit help om weg te hardloop van jou probleme?”, vra ek.

“Ek hardloop nie weg nie, meneer. Ek het ’n afspraak in Alice by die Lovedale Kollege waar ons juis hierdie dinge bespreek.”

*

Ek stap weer oor die vierkant. Hierdie keer om my drasak met selfoon te gaan haal. Ek stap na die agterkant van die skool, aan die teenoorgestelde kant van die dreine. ’n Boerbok is vasgebind aan ’n houtpaal langs die skool. Hy skrik as ek om die draai kom en ruk sy nek. Is dit een van die kinders s’n? Agter die bok is ’n avokadopeerboom sonder vrugte. Rondom die dik boomstam lê bottels drank, leë sakke, sokkies, ’n motorband en ’n gebruikte kondoom.

*

Ek ry uit Sexwale Village sonder om weer te stop by die grafte waar die varke wei. ’n Bees loop langs die pad en vreet gras tussen plastieksakke. Ek wil nie meer hierna kyk nie. Miskien moet ek na Dankbaar ry en die wit blomme met die rooi gewebde padda’s in die vleiland langs die seekoeigat gaan soek.

Rivier van vrot melk

Ek stop by Hankey se Jackie Chan-videowinkel op pad terug van Sexwale. ’n Middeljarige Chinese man sit agter die toonbank en kyk Crocodile Dundee op ’n klein swart-en-wit skerm bo-op ’n yskas vol karringmelk. Die man eet vis en tjijs uit ’n koerantpapier. Hy laat die video stol en vee sy vetterige hande aan sy t-hemp af as ek rigting vra na Alice.

“Take this”, sê hy en krap onder die toonbank. “I know the country by now.”

Hy hou ’n kaartboek met omgekrulde hoeke na my uit. Ek kry lus vir die asyn deurweekte aartappelskywe op die toonbank.

In die kar vou ek die kaart op die paneelbord oop. Chinese letters is langs die dorprname geskryf: Paterson, Addo, Cookhouse, Seymore en Alice. Die Oos-Kaapse paaie en riviere weerkaats in die voorruit.

’n Kilometer verder stop ek by “Mario’s Fisheries” en koop ’n snoek *parcel* wat ek op die sitplek langs my uitpak.

“Are you lonesome tonight”, sing ek terwyl ek deur die Oos-Kaap ry. Die grond word valer en die koppies al yler begroei, hoe verder ek van die Gamtoosvallei ry.

*

Die ontwykende skoolhoof van Sexwale, het my laat besluit dat ek nie my boek oor skole kan skryf sonder om Lovedale te besoek nie. As ons leerders die swakste ter wêreld vaar in geletterdheid en wiskunde, is dit dalk nodig om antwoorde te gaan soek by ’n instelling wat in die vyftigerjare as die “Eton of Africa” beskou is. Dié sendelingskool is in die 1820’s deur Skotse sendelinge langs die Tyume-rivier gebou, maar nadat dit in die Xhosa-oorloë vernietig is, is Lovedale 1,6 kilometer verder noord van Alice verskuif. In 1841 het die Glasgow Sendelingsvereniging Lovedale as ’n onderwyskollege gestig – die eerste opleidingsentrum

vir swart onderwysers in Suid-Afrika. Dit is hier waar Afrikaleiers soos Seretse Khama van Botswana, Thabo Mbeki en die aktivis Chris Hani skoolgegaan het. Dit is in die Thuymevallei met Lovedale én die Fort Hare-universiteit, skryf Mark Gevisser in sy biografie oor Thabo Mbeki, waar die politieke bewustheid van die swart middelklas gestimuleer is..

*

Na Fort Beaufort, op pad na Lovedale, hou ek stil om op die kaart te kyk of ek nog in die regte rigting ry. Die bladsye is so vol oliekolle en penmerke dat ek moeilik die dun rooi en blou lyne van stil paaie en onbekende riviere kan volg. Die plantegroei lyk hier anders: Hoë bome staan met oumansbaard langs die smal teerpad. Oral op die koppies is kleihutte, beeste en hier en daar 'n spaza-winkel. Ek draai die ruit af om van die asynreuk ontslae te raak en verbeel my dat ek 'n rivier hoor loop. Is dit die landskap wat Elma, ons huishulp op die plaas, beskryf het toe ek 'n kind was?

As ek die kaart teen die voorruit probeer druk om beter te kan lees, sien ek twee mans van vooraf aangestap kom. Ek draai die ruit op en sit die kaart langs die opgefrommelde vis-en-tjips papier. Die een man het 'n helderblou hoed op sy kop en sy gesig is met klei besmeer. Ek probeer die sleutel draai, maar die mans is reeds langs die venster. Die ander man hou sy hande onder 'n lang swart spoorwegjas. Ek kyk na die geknoopte draad onder die deurknip. Die man met die kerkhoed klop aan die venster. Op die voorkant van sy hoed is drie blomknoppe met nagemaakte pêrels in die middel. Speel hy in 'n plaaslike teaterstuk? Het hy die hoed iewers opgetel? Ek trap die petrol om weg te ry, maar iets in die man se oë laat my wag.

“What do you want?”, vra ek deur die toe ruit. Die man wys dat ek die venster moet afdraai.

“No”, sê ek.

Is hier dan geen ander voertuie wat hierdie tyd van 'n middag dié pad ry nie? Die een met die jas hou sy hande in die lug. Ek ruk aan die deur en trap die petrol. Die kar is nie in 'n rat nie en spring vorentoe voordat dit weer gaan staan. 'n Vol pakkie sigarette val uit die drasak onder die sitplek. Ek het gedog ek en Anastasia het alles gisteraand opgerook?

“Dank die Here”, sê ek en tel die pakkie op.

“Want to buy?”, sê die man wat 'n bergskilpad soos 'n trofee bo sy kop hou. Die dier spartel vir 'n ruk met sy pote in die lug, voordat dit in die dop verdwyn.

“Very nice”, sê die man en wys met sy twee duime na sy mond.

“Cook it”, klink dit of die jasman sê. Ek steek die sigaret aan en blaas 'n eerste teug rook in die toe venster vas. Ek hoës van die rook.

“Hoe opgefok is julle om skilpaaie te verkoop?”, wil ek skree.

Die man haal sy hoed af en hou dit na my uit.

“Need money”, sê hy met bruin tande. Ek krap in die asbak vir 'n paar munte en as ek die skilpad deur die ruit aanvat, loop 'n dun straal vloeistof uit die dop. My broek, stuurwiel en die hele ruit is nat. Die twee mans lag en kyk hoe ek die venster met my mou skoonvee. Ek sit die skilpad op die oorkantste sitplek, druk my middelvinger teen die venster en ry vinnig weg.

*

Vyf kilometer voor Alice stop ek om die skilpad in digte bosse langs die pad neer te sit. Ek ry stadig die dorp binne en sukkel om uit te kyk vir die diep slaggate en terselfdertyd die geboue rondom my in te neem. 'n Swart gesin sit op 'n stukkende sofa voor 'n Victoriaanse huis. 'n Winkelruit is vol wit kiste met goue handvatsels. “Your funeral is in our hands”, staan op die venster. 'n Groep vrouens dans voor 'n klerewinkel, terwyl 'n jong dogter haar kop styf teen die groot luidsprekers druk. My karvenster vibreer as ek verby hulle ry. Ek steek 'n donkiekar verby waarop 'n beeskop met glaserige oë na my kyk.

Buite Alice is die reghoekige sementgeboue van Fort Hare. Dié universiteit was die eerste tersiêre instelling in Afrika waar swart studente kon studeer. Groot denkers het hier vanaf 1918 tot 1959 – voor die Bantoe Onderwyswet ingestel is – studeer. Ek ry verby landerye vol kopkool en ’n ou Anglikaanse klipkerk, voordat ek afdraai na Lovedale. Dit lyk presies soos wat Mark Gevisser dit in sy Mbeki-biografie beskryf: die wit hout hek, die eikelaan wat lei tot by die somber sandsteen geboue met sy gewels en die fyn gekartelde kloktoring waaronder ek stilhou.

*

Dit is ’n warm middag op Alice. Die eikebome gooi dun lang skaduwees oor die pad. Ek staan vir ’n oomblik en luister na die veraf dorpsgeluide en veel nader die klanke van die skoffels in die koolland. Dan gaan staan ek wydsbeen en waai my broek met die kaart droog. Ek stap deur die koel gange. My skoene maak harde skuurgeluide op die vars gepoleerde swart en wit blokkies vloere. Uit die hoë plafon hang brons kandelare. Ek stap verby leë klaskamers en hoor hoe die eiketakke teen groot vensterrame skuur. Aan die onderkant van die gang brand ’n lig agter ’n deurkosyn met ’n hoë boogvorm.

’n Man sit by ’n tafel en koerant lees. Die vertrek ruik na boeke en meubelpolitoer.

“Look at this rubbish”, sê die man en begin hoes. Hy hou sy een hand voor sy mond en met die ander druk hy teen sy borskas. Ek het my asmapompie saam met my drasak in die kar vergeet.

Die man lig met wit gekalkte hande sy brilraam op en kyk onderdeur die getinte lense na my. “Pupil lays rape charge” lees ek die opskrif van die berig op die tafelblad. Die man se hare groei sporadies uit sy kopvel, sien ek as ek oor hom probeer lees. ’n Negentienjarige leerder van Marimba Hoërskool in Umlazi in Kwazulu-Natal het ’n klag van verkragting teen ’n

onderwyser gemaak. Nog drie ander meisies het daarna beweer dat hulle ook verkrag is deur ander onderwysers van dieselfde skool.

“Dit is ’n tragedie”, sê die man nou in Afrikaans. Hy staan op, sit sy bril in een van sy wit oorjas se sakke en druk dan met beide hande aan weerskante van sy kop.

“My dogterskind is ’n ...”, sê die man en begin hoes. Hy druk teen die tafelblad en haal dan ’n sakdoek uit sy sak en druk dit voor sy mond. Sy hare is vol wit kalkmerke.

“My dogterskind is ’n onderwyser by daardie skool”, sê hy deur die sakdoek.

“Hy het ook hier skoolgegaan, maar dit was lank terug toe die plek nog anders was.”

Met die instelling van die Bantoe-onderwyswet, het Lovedale se onderrigkwaliteit noodgedwonge verswak om aan te pas by ’n Apartheidsregering se vernederende uitsprake dat swartmense nooit geskoolde werk in hierdie land hoef te verrig nie. Teen Maart 1959 was daar niks meer oor van Lovedale se status as die toonaangewende swart instelling in Afrika nie.

“Hoekom is dit so stil hier. Is dit vakansie?”, vra ek.

Die kampus is nou ’n FET-instelling waar studente in praktiese vaardighede opleiding ontvang. Teen die einde van 2007 het die regering al hoe meer in FET-kolleges soos Lovedale begin belê.

“Die studente leer vir eksamen”, sê die man en haal ’n dik bos sleutels van ’n rak agter hom uit.

“Kom ek gaan wys jou die perseel”, sê hy. “You are here for that reason? Almal kom hierheen en dink hulle gaan iets van Mbeki sien.”

Die man se lag gaan oor in ’n hoes.

“Ek was in Sexwale in die Gamtoosvallei waar die skoolhoof vertel het dat hy hier is vir ’n vergadering”, sê ek.

Nog voordat ek kan vertel van my eie belangstelling in Lovedale, sê hy: “Hier is nie vandag *meetings* nie.”

Die man sluit ’n sydeur oop wat op die agterkant van die kloktoring-gebou uitloop. Drie sandsteengeboue word deur ’n grint voetpaadjie met mekaar verbind. Dik kikoejoe-gras druk die klipstene op. In die middel van die drie voetpaaie is ’n labirint waarvan die rivierklippe en rye struike lank nie meer in stand gehou word nie. Die man gaan staan kort-kort en probeer verduidelik hoe dit hier gelyk het toe hy ’n jong student was. Hy hoes so erg dat hy sukkel om te vertel van die studente se stakings teen die onregverdigte Bantoe-onderwyswet. In 1959 was hy reeds ’n jong dosent wat sy studente se skilderye, waarin die vergrype van Apartheid uitgebeeld is, elke keer moes wegsteek as die polisie deur die wit hekke bars.

Die gebou aan die linkerkant van die paadjie is Ekonomiese en Bestuursvakke, verduidelik die man en wys na die sandsteengebou waarvoor steierpale en –balke staan. Die middelste gebou is vir landbou en dit is dié departement se studente wat onder in die landerye besig is. Aan die verste punt van die paadjie is die kunsklasse. Die man vertel dat hy na die groot stakings Kaapstad toe getrek het om as kunstenaar naam te maak. In die begin negentigerjare het hy na Lovedale teruggekeer toe hier weer ’n deeltydse pos as kunsonderwyser beskikbaar was. Dit is nie meer dieselfde nie, want nou leer hy die studente praktiese handvaardighede. Min het oorgebly van die kontroversiële kuns wat hy as jong man onderrig het.

“The department of Arts and Culture wants to revitalise all these missionary schools”, sê die man as hy sien hoe ek na die staalwerk voor die drie geboue kyk. “There are about 50 in South Africa. The department has started with Lovedale to try and make the FET’s centres of excellence.”

“Werk die regering se plan? Is hier meer studente?”, vra ek. Die man klou aan die kunsklas se deurhandvatsel vas en hoes voordat hy die kamer oopsluit.

“Ons het net 300 studente, waarvan 50% Landbou studeer”, sê hy. “Because what worries us the most is migration. Students from the Eastern Cape and even KwaZulu Natal go to East London and Port Elizabeth.”

Die man haal die sakdoek uit en hou dit voor sy mond. Hy haal ’n paar keer swaar asem en vertel dan dat hy met sy sproeiverf-tegniek tussen die bruin kunstenaars in die Kaap bekend geword het. Soggens as niemand nog hier is nie, gaan sit hy op die bankie in die labirint met sy oë toe. Dan klink die geluide van die dorp en die paar hane wat onder in die vlei kraai, presies soos toe hy hier studeer het.

“Was jy hier in die tyd van Thabo Mbeki?”, vra ek.

“Nee”, lag hy. “Thabo was toe nog ’n kind. Maar ek en Buthelezi was in dieselfde jare hier.”

Die man loop deur die klas en wys my die Khoisan-stat wat hy destyds vir sy studente uit klei leer maak het. Hy stut homself teen ’n gips dinosourus se rug wat in die middel van die vertrek staan.

“You know those years where terrible, but it was transparent”, sê die man.

“Hoe bedoel jy?”, wil ek weet.

“Almal het geweet die wittes wil ons toemaak, want slim swartmense is ’n bedreiging. Maar nou is ons in die moeilikheid. As ons onderwysers hulle kinders verkrag. That’s not so easy to...”

Die man begin so erg hoes, dat dit lyk of hy teen die dinosourus gaan val. Ek sien nie ’n kraan in die klaskamer om water vir hom te tap nie. Hy druk die sakdoek teen sy mond, terwyl twee wit kalktrane oor sy wange loop.

“Jy het vroër gesê jou dogterskind is ’n onderwyser by die skool in Kwazulu-Natal”, sê ek as ek sien dat hy nie my vorige vraag gaan beantwoord nie.

“A well-educated son from Alice”, sê hy. “En ek het self tussen die *coloureds* gebly, ek glo nie in *tribalism* nie, maar die Zoeloe’s is snaaks met die Xhosa’s.”

“Kon hy dan nie nader ’n werk kry nie?”, vra ek.

“It is a very long story”, sê die man en gaan sit agter die lessenaar om my die verhaal te vertel van die jong Tumeli wat as enigste seun grootgeword het. Ek sit op een van die skoolbanke en speel met ’n potlood wat in die bank se gleuf lê. Tumeli wou van kleins af vir al sy maats leer van die plante wat mense gesond maak. Niemand het geweet waar hy hierdie gawe gekry het nie en al sy vriende het hom altyd hiervoor respekteer. In matriek was Tumeli gereed om bos toe te gaan - die Xhosa-ritueel waartydens jong manne letterlik in ’n bos besny en afgesonder moet bly tot die wond genees. ’n Paar dae na sy besnydenis is Tumeli bewusteloos langs ’n dun waterstroom, hier naby Lovedale, gevind. Die mes waarmee hy besny is, was septies en hy moes na die hospitaal in Mhathatha geneem word. Daarna het hy die beledigende naam van Inkwenkwe - jong seun - gekry, en kon hy nie meer hier bly nie.

“But that is not your story”, sê die man en kyk na die outydse telefoon op die lessenaar langs hom. “I’ll phone Tumeli and arrange for you to meet him tomorrow.”

Hy lig die handstuk op, maar sit dit dan weer neer as ek hom keer en vra: “Maar hoe ver is dit hiervandaan?”

“A visit to Lovedale is not a story my boy”, sê die man. “But a story that reflects the horror of that Umlazi school – now there is something.”

*

Hoekom het ek nooit die kunsonderwyser se naam gevra nie, wonder ek as ek wegry? Ek is op pad na die kunstenaarsdorp, Hogsback, sowat 30 kilometer noord van Alice tussen die

Amatola-berge. Oral langs die pad groei helderpienk en pers azalea's en sit toeriste by straatkafees. Tussen al die naamborde vir gastehuse, trek "The Edge" my aandag. Dit is 'n gastehuis op die rand van die 1700 meter hoë Gaika-kop. Nadat ek die kothuis die naaste aan die rand bespreek en my broek in die wasbak uitgespoel het, gaan sit ek die tuinbank naaste aan die afgrond. Van hier kan ek oor die hele Tyume-vallei kyk tot waar die Wildekus se oseaan 'n dun blou streep is. Onder in die kloof groei geelhoutbome tussen groot bergrotse. Ek verbeel my dat ek die helderkleurige lyf van die Kaapse papegaai sien neskrop in een van die digte boomtakke. Ek vou die kaart oop en probeer met my hand meet hoe ver dit is vanaf Hogsback tot Umlazi. As ek sien dat my handpalm gerieflik inpas tussen die twee kolle op die kaart, besluit ek om te gaan slaap.

*

Ek sit in die kar en wag vir Tumeli voor die vulstasie op die snelweg tussen Durban en Umlazi. My keel is droog na die lang rit. Ek was so bang om laat te wees vir die afspraak, dat ek nêrens stilgehou het vir water nie. Ek kyk na die foto's van die afgrond op my selfoon. Teen voordag vanoggend het ek wakker geword met die behoefte om te rook. Eers nadat ek tot by die rand gestap het, het ek onthou van die droom: Ek staan voor my pa se buitekamer. As hy opkyk, is dit Martin Smith met Dindi op sy skoot.

Buite die venster staan taxi's en Golden Arrow-busse by die petrolpompe. Aan die oorkant van die vulstasie is twee toilette, maar nie 'n winkel waar ek water kan koop nie. 'n Man klim uit een van die taxi's en dit lyk of hy na my vinger wys. Hy skree iets hard wat klink na 'Boer' en stap dan in die toilette in. Die selfoon maak harde piep-geluide.

Nog mans drom rondom die taxi saam en as die een uit die toilet kom en weer na die kar wys, begin hulle Jacob Zuma se 'Mashini Wam' te sing. Ek haal die laaste sigaret uit die pakkie en

steek dit aan, sonder om te kyk. As die sigaret vinnig vlam vat, besef ek dat ek die verkeerde kant in my mond gedruk het. Die mans dans om die taxi en dit lyk of hulle na my kar wil stap. Ek kyk na die kaart op die sitplek. Wat is die vinnigste pad terug na Durban se middestad? Dalk kan ek dit nog voor donker haal. Ek sal Tumeli uit 'n hotel skakel en 'n tweede onderhoud reël.

Miskien moet ek nie die hele tyd na die groep mans kyk nie. Ek krap in die drasak vir die artikel oor Umlazi wat ek gister by die gastehuis van die internet getrek het. Op die sak se voorkant sien ek nou eers die borspeld in die kleure van die Orania-vlag. “Wie is hierdie Dietse jonger?”, lees ek die woorde. Op die agtergrond is die Kleine Reus besig om sy moue op te rol. “Wie is hierdie Geusekind? Wie is hierdie Boere-penkop? Tot vrye Staat verbind? Hy is die drang na Vryheid. Die Kleine Reus is hy!”

Dit moet Marco wees wat dit in Orania gekoop en skelm op my sak gesit het. Ek gooi die sak op die agterste bank tussen die koerante. Wat sal die masjiengeweer-dansers doen as hulle die Kleine Reuse se smagting na Boere-vryheid moet hoor?

“Umlazi het 'n bevolking van 750,000 mense”, lees ek uit die artikel. Ek moet eenvoudig konsentreer op enigiets anders as wat buite my venster aangaan. Volgens die webwerf het Umlazi sy naam gekry nadat Shaka hier verby gekom en water uit 'n rivier gedrink het wat toe vir hom soos umlazi – vrot melk – geproe het.

In die truspieël sien ek seuns met stokke in hulle hande. Aan die oorkant van die vulstasie is 'n ry fabrieke waarvandaan 'n groep werkers gestap kom. Ek voel na die sleutel.

“Een van die grootste probleme in Umlazi is die hoë VIGS-syfer”, lees ek.

Die mans klim in die taxi wat met skreeuende bande wegtrek. Die groep werkers loop na die Golden Arrow-bus sonder om een keer na my kar te kyk. Ek sak terug in my stoel en kyk na die toilette. Dalk kan ek nou uitklim en water gaan haal in Anastasia se fles? Ek maak die deur versigtig oop, voordat ek die lang man met 'n knoop-en-doop-broek en daggablaar-motief hemp langs die kar sien.

“I am looking for this guy”, sê hy en wys na 'n bruin karton waarop hy Mister Kent” geskryf het. Ek kan nie 'n woord oor my droë lippe kry nie en knik my kop.

“Come”, sê die man en wys na 'n ou wit kombi aan die oorkant van die busse.

“You will be much safer there”, lag hy.

*

Op die kombi se paneelbord lê bossies kruie en aan die truspieël hang iets wat lyk soos 'n hoenderpoot. Dit is nou al die tweede hoenderpoot in my sage. Kan dit dalk 'n boomwortel wees? Die kombi ruik bitter soos aalwyn. Tumeli vertel dat hy enigiets sal doen wat sy oom vra, maar hy het nie eintlik vandag tyd nie. Een van sy pasiënte is besig om dood te gaan. Hy maak die veiligheidsgordel styf om sy bolyf vas.

“I know I don't look the part, but I'm a teacher”, lag hy.

“What do you teach?”, vra ek en vryf oor my stywe kake.

“Biology”, sê hy en kyk in die truspieël na 'n aankomende kar. “People will wonder why I'm hanging with a white person. But I'm doing it for my uncle. You know he is like my father.”

Ek begin praat oor my projek en dat die storie my interesseer omdat dit 'n bewys is van ons korrupte burgerlike samelewing. Agter die fabriek aan die oorkant van die pad sien ek die son 'n oranje skynsel maak. Ek haal die diktafoon uit en stel dit vir 'n halfuur. My onderhoud sal nie langer as dit kan duur nie.

“Why do you have to come all this way for a fact you already know?”, vra hy. Wat kan ek moontlik hierop antwoord?

“What is that thing?”, vra hy en kyk na die diktafoon in my skoot. Ek verduidelik dat ek graag ons gesprek wil opneem, sonder dat ek ooit sy regte naam sal gebruik.

“You better not”, sê hy en leun na my kant toe. Die ding aan die truspieël beweeg nou vinnig heen en weer. Tumeli het ’n maer gesig met dun lippe en fyn neus, byna vroulik. Ek trek aan die diktafoon se kleeflint. Waar kry ek sigarette in die hande?

“I cannot afford to lose my job now”, sê hy en verduidelik dat sy kruie-besigheid nog nie heeltemal van die grond is nie. Hy sukkel om van sy Xhosa-aksent ontslae te raak.

*

“What happened in your school?”, vra ek en verwys na die koerantberig wat ek in die linnkamer in Lovedale gelees het.

“Well, it is the first time the newspapers report anything on rape in our school, but it is not the first time it happens”, sê Tumeli.

Het dit gebeur soos die koerantartikel sê, dat die onderwyser die leerder gevra het om sy boeke na die laboratorium te dra en haar toe verkrag het?

“Look, I know the teachers there very well. They do not need to rape the kids. Going to the laboratory is just code words for having sex, if you ask me.”

“Voluntarily sex?”, vra ek.

“Yes, many teachers have learners as their girlfriends. Not only in our school, but everywhere. Not even just in Umlazi.”

“But why do the learners agree? Do they have sex for better marks?”, vra ek. Tumeli kyk na my asof hy nie kan glo wat hy hoor nie. Klink ek so onskuldig vir ’n man wat as buitestaander in Umlazi ’n bestaan wil maak?

“No, there are different reasons. The one is that the teachers believe that they will become clean from AIDS if they sleep with a virgin.”

“People are very ignorant about AIDS. Even our president believes that if you shower after sex, you will not get the disease!”, sê Tumeli.

Hy vertel dan dat hy as biologie-onderwyser en kruiedokter verstaan hoe die Westerse medisyne werk. Alhoewel hy in die krag van die natuur glo, sal Afrika se bosse nie hierdie siekte kan gesond maak nie.

“The learner who has opened the rape charge was not being raped”, sê Tumeli. “Things are not that simple in life. She’s an orphan, because her parents died of AIDS. “Now she has sex with the teacher for food”, sê hy. “For her and the baby.”

“Is she pregnant with the teacher’s child?”, wil ek weet. Hoe is dit moontlik dat hierdie onderwysers nie vroeër uitgevang en geskors word nie?

“I don’t know, but I know that he did not want to give her food or money, that is why she has decided to punish him and report him to the police”, sê hy.

*

Tumeli se selfoon lui. Hy praat vir ’n lang ruk in Zoeloe voordat hy neersit en sê: “I must go now, my patient is very, very ill. I must take her the medicine.”

Hy wys na die agterkant van die kombi. As ek uitklim, sien ek vir die eerste keer die gordyn tussen die voorste sitplek en die agterste deel van die voertuig. Ek probeer die lap ongesiens ophang, maar Tumeli het reeds die kombi aangeskakel.

“I don’t know you,” sê hy as ek in die skemer na my kar stap met die leë fles in my broeksak en die diktafoon in my hande.

“But get out of Umlazi as quickly as possible. You’ll drown in this shit.”

Skou

Juffrou Nel is 'n groot vrou met arms wat dril as sy op die bord skryf. Soggens voor skool help ek haar om die klaswerkboeke uit te pak en die klas te vee. Dan gee sy my wit sjokolade wat sy in haar laai wegsteek. My ma sê dit is omdat sy nie kinders van haar eie het nie, dat sy van my hou. Juffrou Nel het 'n mat met blomme op waar sy die seuns pak gee.

Dan sê sy: "Pluk vir Juffrou 'n blom."

Sy het my nog nooit geslaan nie. Juffrou Nel laat my inkleur op die mat voordat die ander kinders inkom. Sy lag vir die boek wat ek by my oupa gekry het en gee vir my prentebouke wat ek kan huistoe neem. Ek lees vir Dindi wat onder die prente staan. In die middag voor die klok lui moet ons op ons arms lê en dan lees Juffrou Nel vir ons 'n storie van 'n seun wat met 'n lang stok vol kos op sy rug deur 'n woud stap. Sy sê ons moet ons oë toemaak en ons verbeel wat die seun sien.

Juffrou Nel leer ons om prente te maak van stukke papier wat jy uit tydskrifte knip. Sy sê ons moet dit vir die skou doen waar al die mense ons prente gaan sien. Ek was nog nooit by 'n skou nie.

My ma en pa gaan vir 'n dag lank Port Elizabeth toe saam met die dominee. Ek weet nie hoekom nie. Die dominee was al twee keer by ons huis om met my pa te praat. My pa sê hy praat nie met 'n man wat sy hande soos 'n vlieg voor sy bors sit en vryf nie. Die dominee is lank met 'n bril wat donker word as hy in die lig staan.

Op die dag dat my ma-hulle weg is, pak Elma vir my en Dindi brood en kaas in 'n va-doek. Dindi pluk 'n bloekomtak by die sandhoop af en bind die doek aan die punt

vas. Die kaas is nie so groot en geel met 'n rooi skil soos in Juffrou Nel se storie nie. Ons stap na die kloof toe, verby die brug tot waar die voetpaadjie ophou en ons deur bosse moet kruip. Uiteindelik kom ons by 'n oop stuk gras waar wit blomme met geel stele groei. Dindi trek een van die blomme oop. Binne-in sit 'n wit padda met rooi pote. Ek wil vir Juffrou Nel van die blomme pluk, maar my ma sal kwaad wees as sy moet weet waar ons was. Ons drink koeldrank uit die bekere en eet die brood en kaas.

Juffrou Nel druk 'n goue en 'n silwer ster op my voorkop vir die prent van die blomme in die kloof. Dit is saam met die ouer kinders se naaldwerk, houtstaanders en papierbakke op lang tafels by die skou uitgepak. In die saal langsaan verkoop my ma pannekoeke saam met die ander kerkvrouens in hulle voorskote. Ek wil my ma gaan vra of sy nie na my prent wil kom kyk nie, maar die dominee staan die hele tyd by haar. Sy vee haar gesig met haar voorskoot af.

Perde met gekamde maanhare sleep koetse om die rugbyveld. Op die paviljoen sit die ander kinders met hande vol vetkoek. Ek is die enigste kind in die bus. Tootsie laat my voor by hom sit, terwyl hy harde musiek speel wat ek nog nooit gehoor het nie. Die pad na die plaas lyk anders deur die bus se groot voorruit. Vir die eerste keer sien ek die mierneste en die vygies waarmee Elma soet korrelkonfyt maak. As jy oor die brug voor ons plaas ry, en jy kyk links, kan ek die Ngindo's se huis sien. Daaragter is die veld met die blomme en die padda waarvan niemand weet nie. "Eendag as ek groot is", sê Tootsie as ek by die busstop uitklim. "Wil ek opera sing in Duitsland."

My pa het vergeet om my by die busstop op te laai en ek moet loop tot by die huis.
My ster sweet af, maar ek druk dit weer vas.

“Kom hierso”, roep my pa as ek hom op die plaas soek. Die rookamer se deur is oop. Ek sien vir die eerste keer die kanne wyn langs my pa se lessenaar wat hy Vrydae vir die werkers gee. Agter die deur hang ’n almanak met kaal vrouens. Langs die wyn is stukkende enjins en olieblieke op die bank.

“Hoekom is jy so vroeg?”, vra hy. Sy gesig lyk groter as ander kere.

Het hy vergeet dit is skou?

“Hoekom sê jy niks? Het jy weer jou broek natgepis?”

Ek trek die ster af van my voorkop.

“Kom sit hier”, sê my pa. Ek wag tot hy ’n tweede keer vra voordat ek op sy skoot gaan sit.

“Lyk my jy begin darem lyf kry”, sê hy en vou sy arms om my maag. Ek wens ek kan afklim. “Een van die dae kan jy dalk rugby speel. Jou ma wil hê...”

My pa se asem ruik suur. Ek wens ek kan sy arms losmaak en terughardloop dorp toe.

“Hoekom is jy so stil?”, vra hy.

“Ek wou nog langer by die skou bly”, jok ek.

“Nou vir wat sê jy nie? Gaan trek jou skoolklere uit dan gaan ons. Ek wag vir jou.”

As ek terugkom is die rookamer se deur toegetrek. My pa lê in sy bakkie voor die deur. Dit sien ek eers as ek op die voorwiel klim en deur die ruit na hom kyk. Sy mond is groot oop en vol skuim. Hy lê met sy wang teen die stuurwiel en slaap. Al twee die deure is gesluit. Ek klop teen die glasruit, maar ek weet my pa sal my nie hoor nie.

Saalbyeenkoms

Dit is saalbyeenkoms op 'n weeksdag. Die skoolhoof sê ons moet oefen om te ontruim as daar 'n brand uitbreek.

“Ons sal nie gaan lê nie”, sê die hoof. Sy gesig lyk soos die dag toe hy die lat voor my gesig geswaai het.

“Hulle sal ons nie bang maak nie”, skree die hoof en wys na die draadheining langs die skool.

'n Seun en 'n dogter loop met twee landsvlae van agter in die saal tot op die verhoog en druk die lang pale in twee wawiele langs die skoolhoof en die onderwysers. Almal staan op aandag en sing 'n lied waarvan ek net 'n paar woorde ken. “Nooit sal jou kinders se kinders wat trou is vergeet”. Die LO-onderwyser loop in die paadjie af en kyk na die seuns se hare, terwyl Tootsie klavier speel.

Hy gaan staan voor my ry. Ek knyp my moue in my hande vas en druk my arms langs my baadjie.

“Kyk hoe lyk jy!”, sê die LO-onderwyser harder as die musiek. “Jy lyk soos 'n meisie man. Ruggraatloos soos 'n jellievis. Jy staan nie eers op aandag nie.”

Die kinders rondom my lag.

“My Bonny lies over the ocean”, begin Tootsie te speel. Ek probeer my geswete hande in die binnekant van my baadjiesakke afvee. In my baadjiesak is my asmapomp en my en Dindi se plan om 'n vlot te bou.

“Jy lyk soos ‘n meisie!”, skreeu die LO-onderwyser weer. Ek hardloop uit die saal na die badkamers. My mond is sout en ek kots dik strepe Pronutro teen die staalkrip, terwyl ek voel hoe my onderbroek warm word.

Juffrou Nel wag saam met my by die hoof se kantoor tot my ma my kom oplaai. Die sekretaresse kyk oor die toonbank en frons.

“Is jy daai Kemp-seun?”, vra sy.

My ma kom haal my met ‘n baadjie oor haar nagrok aan. Haar hakke is groen van grassny. Sy wil met die skoolhoof praat, maar die sekretaresse sê hy kan haar nie sien nie.

My ma praat nie met my in die kar nie. By die huis was Elma my broek en sing Xhosa-liedjies. Sy maak groenbonesop en vertel my hoe dit in Die Land lyk – met bome hoër as die berge en blou water wat dik riviere in die see loop. Ek soek vir Dindi by die sandhoop, maar my ma sê Dindi mag nie met my speel nie. Hy moet die beddings skoonmaak.

Die band wat ons bind

Ek haal die lyste, kaarte en berigte van die venster en sit dit langs die padkaart, die silwerfles en my drasak op die bed. Die hele pad vanaf Umlazi het ek uitgesien na hierdie een oomblik waarop my venster weer skoon sal wees. Ek druk my voorkop teen die koue glas, en verbeel my ek kan voel hoe die mistigheid buite die venster my gesig afkoel. My hande ruik na nikotien. Op pad terug van Kwazulu-Natal het ek by die naaste winkel gestop en 'n karton sigarette gekoop. Ek moes die filters afbreek, sodat die suiwer nikotien in my longe my kon wakker hou.

Die woonstel is stil sonder Marco. Gelukkig is hy nie hier om uit te vra oor my reünie nie. Ek is vir 'n ruk gespaar om hom te vertel van die sigaretbrand op sy baadjie wat ek vanoggend na 'n naaldwerkwinkel in die Bo-Kaap geneem het.

Ek gaan lê op die bed tussen die hope papiere en sluimer in met die drasak wat swaar op my bene druk. As ek opstaan, sal ek alles weggooi en aan iets anders begin. Hoe skryf 'n mens in elk geval oor 'n land as jy te bang is om die stories te gaan haal? Tumeli van Umlazi is reg: hoekom kom jy so ver as jy reeds die antwoord ken? Hoeveel stukkende klaskamers, lui onderwysers en onbeskofte kinders moet ek nog sien? Ek draai met my gesig na die venster. Domingo en Clara waai vir my. Langs hulle staan die naamlose kunsonderwyser van Lovedale.

“Look at my scar”, lag Clara.

Die sny op haar gesig is so lank soos Thabo Satyo s'n – die gevaarlike man van St Albans Gevangenis wat sy naam in my boek wou sien.

*

Ek moes diep geslaap het toe my selfoon lui. Waar is Domingo en sy dogter? Ek kyk na die venster, maar besef dat dit 'n nagmerrie was.

“Waar was jy *stranger?*”, sê Felicia aan die anderkant. “Ons is bekommerd oor jou. Volgens Marco moes jy net vir die reünie gegaan het. Dit is al 'n week later en arme Sarah het ook nie geweet of sy moet kom werk nie.”

Ek hou die selfoon effens weg van my oor en vertel Felicia van my onderhoude en dat ek nooit beplan het om in Kwazulu-Natal op te eindig nie. Dit is die beeld van die emfiseemlydende kunsonderwyser wat my bybly.

“Dit laat my dink aan die tagtigerjare se *strikes*”, sê Felicia. “Ek onthou hoe ek met my sakdoek voor my gesig deur die polisie se traangas huistoe moes hardloop om die *UDF posters* van my mure te gaan haal. Die polisie het baie van my vriende so uitgevang en toegesluit. Ek was nog hoofmeisie ook!”, lag sy.

“Nee wat, jy is net moeg”, lag sy as ek sê ek wil met die verdomde land niks meer te doen hê nie.

“Kom môre oor vir breyani, Sarah kook”, sê sy. “En vir haar kos beter jy nie nee sê nie.”

*

Na my gesprek met Felicia kan ek nie weer aan die slaap raak nie. Ek besluit om vir 'n slag al my agterstallige e-posse te lees. Die e-pos “Skool-artikel re Eed” van die tydskrif-redakteur vir wie ek soms vryskutwerk doen, trek my aandag. Sien ek nie kans om 'n artikel te doen met die hoof van Meisieskool Blomhof in Stellenbosch oor haar mening oor die eed wat die oudminister van onderwys, Naledi Pandor, in haar termyn wou instel nie?

Ek soek die woorde van die eed op die internet: "We the youth of South Africa, recognising the injustices of our past, honour those who suffered and sacrificed for justice and freedom. We will respect and protect the dignity of each person, and stand up for justice. We sincerely

declare that we shall uphold the rights and values of our Constitution and promise to act in accordance with the duties and responsibilities that flow from these rights."

Volgens oud-president Thabo Mbeki en Naledi Pandor sou dié woorde wat leerders soggens moes opsê, help om morele waardes by jongmense in te skerp. Ek begin vir die redakteur verduidelik dat ek nie kans sien nie, maar as ek onderaan lees dat sy my meer per woord sal betaal as gewoonlik, skryf ek dat ek die artikel binne 'n week sal lewer. Ek kan nie onthou wanneer laas ek geld verdien het nie.

*

Hoërskool Blomhof langs die Eersterivier in Stellenbosch is in die laat negentiende eeu gestig. Dié ryk meisieskool is weggesteek agter digte eikebome naby die Eersterivier. Ek ry deur 'n laning Iceberg-rose tot voor die ingangsportaal. Aan die onderkant van die groot grasperk naby aan die rivier, is 'n man besig om die gras te sny. Buiten vir die grassnyer, is dit geluidloos in die skoolgebou.

Ek blaai in die voorportaal deur 'n foto-album van bekende skrywers, ingenieurs en dokters terwyl ek wag vir die skoolhoof, Leonie van Eeden. Sy het belowe om my tussen vergaderings in te pas. Langs die donker leerbank, is my drasak wat ek steeds nie uitgepak het nie. Die diktafoon se geheue is ten minste weer skoon. Ek het gisternag al die onderhoude uitgetik om my so uit te put dat ek móés slaap. Maar die stemme op die diktafoon het my net al wakkerder gemaak.

My ongestrykte hemp probeer ek ontkreukel deur dit tot laag oor my broek te trek. Teen die mure is stinkhoutpanele waarop die dux-leerlinge, atlete en hoofmeisies se name in goud gegraveer is.

*

Leonie van Eeden het 'n wit broekpak en groen Indiese puntskoene aan. Sy is 'n lang vrou wat hoog bo haar stinkhoutlessenaar se glasbedekte tafelblad uitstaan. Die luike van haar groot kantoorrame is oop. Dit laat die vertrek met sy duursame leerbanke, antieke uitstalkasse en ou rooiband boeke na gesnyde gras ruik.

Leonie skakel die sagte barokmusiek af as ek die diktafoon uit my sak haal en op die blad tussen ons neersit. Ek moet onthou om nuwe kleeflint om die diktafoon te draai. Leonie se hare met die strak kantpaadjie, weerkaats in die tafelblad.

“So jy wil weet van die eed?”, spring sy my voor.

“Is die eed wat oudminister van onderwys, Naledi Pandor, in 2008 aangekondig het ooit geïmplimenteer?”, vra ek.

Ek lees gisteraand dat die eed eers aangekondig is, maar later vir die publiek se kommentaar oopgestel is.

“Nee, die onderwysdepartement het nooit 'n finale besluit geneem nie, want almal het mos nou weer te veel daaroor baklei”, sê sy.

Behalwe vir die publiek se uieenlopende reaksies, verwys Leonie moontlik na politieke partye soos die Vryheidsfront Plus en die Demokratiese Alliansie se sterk teenkanting. Dié partye het die eed as indoktrinering beskou en 'n manier om veral wittes minderwaardig te laat voel oor hulle verlede.

“Hoe voel jy oor die eed? Dink jy dit moet steeds ingestel word?”, vra ek.

Is dit alles nie net die ANC onder Mbeki se regime wat probeer het om op die oppervlak iets te doen aan 'n saak wat tot die kern vrot is nie? Hoekom is Jacob Zuma se kabinet so stil oor die moontlikheid van 'n eed?

“'n Eed gaan nie die probleme oplos nie, maar ek verstaan ook dat as jy houdings in die land wil verander, dan gaan jy na die kinders en nie die ouetehuse nie”, antwoord sy.

Miskien moes ek nooit ingestem het tot die artikel nie. Na my paar onderhoude weet ek tog dat 'n paar lomp sinne niks sal kan verander aan die sisteem nie. Die linkerkant van my gesig voel dood. Ek knyp my wang.

“Meneer Kemp, ek verstaan dat die regering, in 'n poging tot die opheffing van ons landsburgers, iets wil doen aan die gesindhede van jongmense. As so 'n eed iets aan die onverdraagsaamheid tussen jongmense kon verander, al is dit op 'n baie klein vlak, hoekom sal ons dit dan kritiseer?”, vra sy.

Ek hou my vingers voor my mond. Miskien is dit 'n tekort aan nikotien wat my gesig so snaaks laat voel? Sou Leonie dit kan sien?

“Kerke sê die geloofsbelydenis ook hardop. As jy dit doen, dan is dit baie meer in jou hart en verstand”, sê Leonie.

“Miskien sal dit goed wees om skole in armer buurte te vra wat hulle van so 'n eed dink”, kan ek nie help om hardop te sê nie.

“Daar waar 'n eed nie naastenby sal kan opmaak vir 'n tekort aan klaskamers en ondergekwalfiseerde onderwysers nie.”

“Ons moet maar self klasse bou, meneer Kemp”, lag Leonie. “Ons bou nou 'n sentrum wat meer as 13 miljoen rand gaan kos, maar ons ouers moes dit uithaal, want jy kan nie wag vir die onderwysdepartement nie. Ons is mense wat glo aan die onderwys en ons gaan ons skool vorentoe neem, al weet ons ook dat die sentrum dadelik die onderwysdepartement s'n is as hy klaar gebou is.”

“Maar wat van skole wie se ouers nie die geld bymekaar kan maak nie? Dit sal so 'n skool niks help nie, selfs al glo hulle in die onderwys”, sê ek.

Leonie kyk op haar armhorlosie.

“Ek moet nou gaan”, sê sy. “Jy impliseer nou dat die regering nie genoeg doen vir die armer skole nie. Maar weet jy wat: Al wat die regering kan doen is om geld te gee vir wat ookal moet gebeur. Hulle gee, maar die provinsies gebruik dit nie. Dit is nie die regering se skuld nie, maar die skoolhoofde wat nie ’n benul het hoe om te begroot en ’n skool te bestuur nie. Dit is die probleem en ’n eed kan dit nie diekant toe of daardie kant toe verander nie.”

Ek sukkel om te konsentreer op haar lang sinne. My wang maak prikkels.

“Hierdie skool het verdubbel, want ons werk almal hard daaraan saam”, sê sy. “Die ironie is dat ons wapen ’n gespe is. Dit is die band wat ons almal bind en ek moet nou juis weer met die beplanningskomitee gaan praat oor die uitleg van die sentrum”, sê Leonie en tel haar groot leerbanddagboek op.

“Die bindingsfaktor is daar, maar nou moet ons plek maak om in die gespe in te pas!”, lag Leonie en staan op. “Ek het nadat ons gister gepraat het, gedink jy moet dalk eerder met twee dogters gesels oor die eed en ander kwessies. Hulle is immers die mense wat al hierdie dinge moet deurmaak waarvan ons al vergeet het.”

*

As Leonie loop, gaan sit ek op die leerbanke aan die oorkant van haar lessenaar. Ek sit met my diktafoon op die koffietafel langs ’n groot pot wit rose. Twee maer meisies met swart sykouse, blou skoolrokke en toegeknoopte skoolbaadjies gaan sit gelyk op die bank oorkant my. Ek het vergeet om die Orania-borspeld van my sak te haal. Hopelik sien hulle dit nie raak nie.

“Ek is Gita du Toit”, sê een van die meisies. Sy het swart hare in ’n stywe poniestert en ligte grimering aan.

“En dit is my vriendin, Bridgette Botha”, sê sy en wys na die kort meisie langs haar. Bridgette se gesig is vol aknee-merke. Sy maak ’n buiging met haar bolyf voor sy begin lag

en in die bank terugsak. Bridgette hou haar hand voor haar gesig as sy sien dat ek kyk na die draadjies in haar mond. Gita stamp aan Bridgette sodat sy moet ophou giggel.

“So wat dink julle van die eed?”, vra ek.

Gita se swart hare laat haar vel abnormaal wit lyk.

“Die inhoud van die eed is om respek vir die land af te dwing, maar ek glo nie dat ’n eed of woorde wat jy in die oggend gaan opsê iets gaan verander as die fundamentele waardes ontbreek nie”, sê sy en kyk na Bridgette wat nou met beide haar hande voor haar gesig ’n histeriese lagbui probeer keer.

“Ek dink dinge is oppervlakkig genoeg”, sê Gita. “Ek dink ’n mens gaan net nog meer ’n grap van alles maak.”

Gita stamp weer aan Bridgette totdat sy deur die lag sê: “Hulle kan nie maak dat almal dit doen nie. Dit raak my nie as ’n blanke persoon nie. Dit is al wat ek wil sê.”

Sy vee haar lagtrane af en dit lyk asof sy ’n tweede buiging wil maak voordat Gita haar keer.

“Wat Bridgette bedoel is dat baie van die woorde net gemik is op die voorgeslagte van swart kinders wie se ouers geveg het vir die nuwe Suid-Afrika. Baie wit kinders voel uitgesluit.”

“Ja dit is asof ons goeters moet opsê vir ’n ander nasie”, sê Bridgette.

“Wat Bridgette bedoel is dat die eed juis kinders van verskillende kulture bymekaar moes bring, maar nou gebeur die teenoorgestelde”, sê Gita.

*

“Daar is ’n hele paar”, antwoord Gita as ek vra wat die grootste probleem van Hoërskool Blomhof is.

“Die Blomhof-sindroom verskil van jaar tot jaar”, sê Gita en draai haar kop skuins. In haar nek is ’n rooi merk wat soos ’n *love bite* lyk.

“Maar eetversteurings is die grootste”, sê sy en vryf in haar nek. “Dit het nou op die punt gekom dat dit uit verband geruk word.”

“Soos bulimia en anoreksia?”, vra ek.

“Ja”, lag Bridgette en maak haar hare los. “Anoreksia veral.”

Sy sit haar haarrekkie in haar mond, terwyl sy haar hare bymekaar maak vir ’n nuwe poniestert.

“As iemand anoreksia kry, is dit nie ’n storie nie”, sê Bridgette en maak dadelik haar mond toe as ek na haar kyk.

“Bridgette bedoel dat hier so ’n klomp diëte in die skool is dat dit nie vreemd is as iemand ophou eet nie”, sê Gita.

“Die *popular diet* is pap, appels en tee”, lag Bridgette. “Ek sal nooit kan nie.”

Sy vryf oor haar maag.

“Dit is ’n verskriklike mentaliteit,” sê Gita. “Die meisies dink dit is iets om op trots te wees. Dit is eintlik ’n kompetisie. As jy dit doen is jy deel van daai *cool* mense. Omdat almal in die skool meisies is, wil hulle almal maer wees.”

“Behalwe ek”, sê Bridgette en maak asof sy ’n maagrol deur haar rok vasvat.

“Stop dit, Bridgette”, sê Gita en maak ’n klikgeluid met haar tong.

“Ken julle iemand met anoreksia?”, vra ek.

Bridgette druk haar gesig op die bank se lening en begin hardop te lag.

“Sy lag omdat hier so baie meisies is wat daaraan ly”, sê Gita sag.

“Sal een van hulle met my praat?”, vra ek.

“Maryke sal nie omgee nie. Sy was in die *rehab* en als ”, sê Bridgette.

“Wat Bridgette bedoel is dat Maryke gereeld nou daaroor kan praat. Sy motiveer die ander kinders”, sê Gita.

“Waar kry ek haar in die hande?”, vra ek.

“Ek sal, ek sal!” sê Bridgette en steek haar hand in die lug. “Ek gaan roep haar gou.”

*

Maryke kom sit tussen Gita en Bridgette op die bank. Sy kyk na die dun stuk papier wat sy om haar vinger bind, afdraai en in klein stukkies in haar skoot skeur. Maryke se hare is dooie slierte wat yl langs haar kop hang. Uit haar benerige arms groei dik swart hare. Sy probeer haar skoolrok oor haar dun bobene tot op haar knopperige kniekoppe trek.

“Maryke sal jou alles kan vertel”, sê Bridgette en begin giggel. “Moet ek Meneer sê?”, hoor ek haar oor Maryke se maer skouerknoppe na Gita vra. Sy hou haar hande voor haar gesig en buig vorentoe sodat ons haar nie moet hoor lag nie.

“Wat Bridgette eintlik wil sê is dat Maryke sal praat as sy reg voel, Meneer”, sê Gita en kyk na Bridgette as sy ‘Meneer’ hard sê.

As Maryke opkyk sien ek hoe abnormaal groot haar kop vir haar klein lyf is. Haar wangbene steek uit, en haar oë is leweloos diep in hulle kaste.

“Dankie dat jy met my sal praat”, sê ek. “Sal julle omgee as ek en Maryke alleen gesels?”, vra ek.

“Ek gee nie om as hulle hier is nie”, sê Maryke en tel die papierstukkies een vir een uit haar skoot. ’n Pienk en rooi Mickey Muis-horlosie sit los om haar gewrig.

“Ja, sy ken ons almal baie goed”, sê Bridgette.

“Hoe het dit alles begin?”, vra ek en kyk na die diktafoon op die koffietafel. Ek sit effens terug in die leerstoel. As ek afkyk, besef ek dat een van my hemsknoppe oop is. ’n Deel van my maag steek uit. Ek sit vorentoe en probeer dit ongesiens vasknoop. Is dit waarvoor Bridgette nog die hele tyd lag?

“Ek en my beste vriendin het op ’n dieet gegaan en toe wen ek. Ons het ’n eed geteken dat ons nie sal *cheat* nie”, sê Maryke.

Gebruik sy met opset die woord ‘eed’?

Bridgette kyk vir Gita en hulle altwee begin te lag. Maryke haal diep asem en kyk vir die plafon. As sy ook begin lag, sien ek die blou aartjies onder haar wit vel. Ek suig my wang effens in en byt liggies daaraan totdat ek lewe voel. Hoe gaan ek ooit ophou rook?

“Wat het jy gedoen om te wen?”, vra ek en kyk na my drasak.

“Ek het 26 kilogram in drie maande verloor. Toe weeg ek 42 kilogram”, sê Maryke.

“Hoe het jy dit reggekry?”, vra ek.

“Ek het ’n appel geeë”, sê sy met ’n bewerige stem. Sy kyk weer op na die dak met die bondel opgefrommelde papiere voor haar knieë.

“En pap en tee”, probeer Bridgette met ’n rooi gesig sê. Sy wil begin lag, maar as Gita na haar kyk sug sy diep.

“Sjuut”, sê Gita en wys na Maryke wat steeds na die plafon staar. Die wit kneukels van haar benerige vingers klem om die papier.

“Ja, pap en tee”, sê Maryke. As sy afkyk val ’n paar trane op haar hande.

“Het jou ma-hulle niks agtergekom nie?”, vra ek.

“Nee”, is al wat sy uitkry.

Bridgette sê saggies “Ai *shame*” en druk ’n haarsliert agter Maryke se oor in.

“Ek was die heelyd moeg”, sê Maryke en sluk ’n paar keer voordat sy verder praat: “My pa moes my in die oggend uit die bed help sodat ek kan skool toe gaan.”

“Maar wat het jy gedoen as jy moes eet of eet julle gesin nooit saam nie?”, vra ek.

“Ek het gesê dat ek klaar geeë het. Of ek het die kos weggesteek”, sê Maryke.

“Ek steek nog steeds kos weg,” sê Maryke.

“Nog elke dag?”, vra ek.

“Nee, dit is die druk van die eksamen. Ek...”

Gita vryf oor Maryke se arm en voel in haar eie baadjiesakke.

“Ek kan nie help nie. As ek stres, verloor ek my eetlus. Ek...”, begin Maryke te huil.

Gita haal 'n pienk sneesdoekie uit haar sak, terwyl sy Maryke se rug vryf.

“Ek kan nie help nie”, sê Maryke met rooi kringe om haar oë en mond. “Ek hoor steeds die stem in my kop.”

Sy huil met histeriese hoë roggelgeluide wat sy probeer keer deur haar hande byna in haar mond te druk.

“Wat se stem Maryke?”, vra Bridgette en kyk na Gita.

“Ek vra nog die hele tyd vir my ma of sy dink ek is vet”, sê Maryke.

“Maar jy is nie Maryke, jy is *stunning*”, sê Bridgette en vryf oor Maryke se hare. Die dooie hare val uit agter haar oor.

“Bridgette wil sê dat jy in 'n kort tydjie vinnig beter geword het”, sê Gita.

“Dit is al beter. Ek is nie meer so skaam oor hoe vet ek is en dat ek nie kan uitgaan nie”, sê Maryke. Trane loop oor haar wange wat sy nie meer probeer keer nie.

“Ek wil nooit weer so lelik voel nie. Nooit!”, sê sy so hard dat ek hoendervleis oor my arms voel.

“Hoe het jy opgehou?”, vra ek.

“My broer het uitgevind dat ek nie eet nie. Toe vat my ma-hulle my na 'n kliniek.”

“Hoe lank terug was dit?”

“'n Jaar gelede.. Maar ek gaan elke tweede week na my dieetkundige toe. En ek eet elke tweede week roomys saam met my broer en sy meisie.”

*

“Ons was vriende van laerskool af”, sê Gita as ek vra of hulle nie agterkom dat daar fout is met Maryke nie.

“Sy was *happy, outgoing* en *fun* om by te wees. En eendag toe ons van die skool af ry, het ek Maryke langs die pad sien stap. Toe dink ek: ‘*Oh my word*, kyk hoe lyk sy.’”

“Maar jy het nie met haar daarvoor gepraat nie?”, vra ek.

“Nee, ek wou haar nie *offend* nie”, sê Gita.

“Ek wens daar was ’n Maryke in elke graad”, sê Bridgette.

“Ja”, lag Gita. “Wat Bridgette bedoel is dat Maryke ’n voorbeeld vir die meisies is. Daar is baie min meisies wat hierdeur kom.”

“Ek wou nie hospitaal toe gegaan het nie”, sê Maryke en kyk na Gita. “Ek wou self ophou.”

“Ek weet, ek weet”, fluister Gita en vryf Maryke se arm.

“Ek mag niemand gebel het nie en hulle het my gedwing om te eet”, sê Maryke en begin weer huil.

*

“Wat het van jou vriendin geword teen wie jy gekompeteer het om die meeste gewig te verloor?”, vra ek.

“Ons is nie meer vriende nie. Haar ouers het haar in ’n ander skool gesit en ek hoor sy is baie gelukkig.”

“Ons almal kompeteer”, sê Gita. “Ek en Bridgette kompeteer die hele tyd as ons op vakansie gaan. Ons sal die hele tyd kompeteer oor wat ons eet.”

“Ja, as ek weet Gita eet meer van een ding, dan skeep ek van iets anders meer in”, sê Bridgette.

“Wat Bridgette sê is reg: ons kompenseer die hele tyd vir alles. Soos byvoorbeeld: ek het nou ’n *boyfriend* en Bridgette is maerder as ek. Dit beteken dat ons nou weer gelyk is”, sê Gita.

“Kompetisie is ’n goeie ding”, sê Bridgette. “Dit laat jou harder werk.”

“Ja, ek en Bridgette het ’n ding aan oor Geskiedenis. Ons wil al twee A’s kry daarvoor”, sê Gita.

“Ons wil die pêrel kry”, sê Bridgette en lag nou hardop sonder om haar hand voor haar mond te hou.

“Watter pêrel?”, vra ek.

“Dit is die simbool van die band wat ons Blomhoffers bind”, sê Gita. “As jy ’n A-simbool in matriek kry, kom jy die eerste dag van die volgende jaar terug vir jou string pêrels.”

“Dit is die mooiste goue hangertjie met ’n pêrel wat hulle om jou nek hang. My suster het ook een gekry”, sê Bridgette.

Sy lig haar hare op en vryf in haar nek asof sy haarself verbeel hoe die skoolhoof die hangertjie agter in haar nek vasmaak.

“Op daai dag het jy ’n mooi somersrokkie aan en jy word soos ’n dame behandel”, sê Gita.

“Ja, en wie wil nou vet lyk in jou rok?”, lag Bridgette.

“Bridgette bedoel dat dit ’n eer is om jou hangertjie met trots te dra. Sy wil sê dat die slegste van die Blomhof-sindroom is om te wees waar Maryke was. Die positiewe is om uit te sien om die pêrel-hangertjie soos ’n dame te dra.”

Vlot

My ma skryf my by die Voortrekkers in. Vrydagmiddag as my pa die Ngindo's dorp toe neem, ry ek saam. My pa sing nie meer Jim Reeves nie. Ek dra 'n baret met 'n fakkelwapen wat laag oor my regteroog hang, en 'n oranje das wat by my bruin broek ingedruk is. My pa sê hy weet nie wat fout is met my ma nie, want die Voortrekkers is al lankal dood.

Ons bid in Voortrekkers en sing: 'Ek sien 'n nuwe Hemel kom'. 'n Juffrou met bruin stewels en 'n snor leer ons om verskillende knope uit tou te maak en morsekode met 'n bliktelefoon te stuur. Die juffrou sê as ons dit nie regkry nie, gaan ons eendag op die grens doodgeskiet word. Die LO-meneer is ook in die Voortrekkers. Hy laat ons op aandag staan totdat my bene lam word.

"Halt. Stuit. 1.2.3", skree hy as hy langs my staan.

Die een wat beweeg, sê die LO-meneer, sal met hom te doen kry.

By die huis haal ek die plan vir die vlot uit my baadjiesak en wys Dindi hoe om die knope te maak om die twee dromme en vier planke bo-op te bind.

Een middag toe ek van skool kom, sit my ma en die dominee by die eetkamertafel. Elma sing in die kombuis. Ek kan nie by haar sit terwyl sy kos maak nie, sê sy. My ma is in haar nagrok met haar kop onderstebo. Sy vryf oor die bleskol op haar kop. Die dominee hou haar vas.

"Ons sal jou ma vir 'n paar dae moet neem na 'n plek in Port Elizabeth waar...". Die dominee praat nie verder nie. My ma sê ek moet haar vashou, maar ek kan nie. Sy sê sy sal weer gesond word.

My pa is nie in die rooikamer nie. Dindi sit op die sandhoop. Hy lag. Die plan het gewerk. Die vlot staan onder in die kloof langs die seekoeirivier. Ons tel dit op, maar my arms is te swak. Die vlot val en die draad skiet los teen my skouerbeen. Ek trek my hemp weg en sien die wit onder my oop vel, voordat die bloed in taai drade tot in my naeltjie loop. Die dromme dryf los in die water.

'n Snaakse dier

“Het jy die berig gelees van die skoolhoof wat in ’n *container* toegesluit is?”, vra Felicia en skep nóg ’n lepel breyani in my bord. Ek sit ná my onderhoud by Hoërskool Blomhof op Felicia se agterstoep en kyk hoe Duncan ’n sokkerbal teen die heldergroen *vibracrete*-muur skop. Ons gesels oor Leonie van Eeden se siening dat skole nie op die nasionale onderwysdepartement moet staatmaak om gebrekkige fasiliteite te verbeter nie.

“Ja ek onthou so iets”, sê ek en haal nog ’n sny witbrood uit die plastieksak op die tafel langs die breyani-pot en doop dit in die dik sous in my bord. Ek kan nie onthou wanneer laas ek ’n behoorlike bord kos geëet het nie. Die lewe het in my gesig teruggekom, nadat ek die derde sigaret gerook het.

Ek het in een van die nege en twintig plakboeke in my kamer gelees van Joseph Mumzi, skoolhoof van Sithana Primêr buite die Strand. Hy is in Februarie 2008 deur ’n groep gewelddadige ouers uit sy kantoor ontvoer en in ’n skeepsvrachthouer op die perseel toegesluit. Volgens die ouers wou hulle die hoof straf, omdat hy niks aan die oorvol klaskamers waarin hul kinders elke dag moet sit nie.

“Daai storie het my geskok”, sê Felicia en druk die opskeplepel teen haar borskas. “Moenie vir my sê dit is daai arme skoolhoof se skuld dat die regering nog niks gedoen het nie.”

Sy fluit met twee vingers in die mond vir Duncan om sy kos te kom haal.

Volgens die koerantberigte belowe die Wes-Kaapse onderwysdepartement al ’n paar jaar lank om vir Sithana permanente klaskamers te bou. Eers nadat die polisie Mumzi uit die skeepsvrachthouer gehaal het, het die onderwysdepartement in die media onderneem om die beloofde klaskamers op te rig.

In die middel van die grasperk is 'n stukkende taxi met domkragte in die lug gehys. Behalwe vir Duncan, is die huis stil. Danene kuier saan met 'n vriendin by Juffrou Isobel en Daniel moes 'n groep sokkerspelers na Mosselbaai neem. Sarah het die breyani gemaak en is vroeg huis toe. Sy raak by die dag maerder, vertel Felicia.

Ek kan nie lank bly nie, want ek moet nog my tydskrifartikel gaan klaarskryf. Felicia wil my nie laat gaan voordat sy my nie met 'n hele kosblik vol breyani huis toe stuur nie.

“Sulke dae wil ek nie laat verbygaan nie”, sug Felicia as ek opstaan. “Dit laat dink my aan Darkie, ons oppasser toe ek en my tweelingbroer vyf jaar oud was. Ons het ook smiddae so op die stoep gesit toe ons nog in Knysna by die bosboustasie gebly het”, sê sy terwyl ons uitloop. Wat is ek van Felicia?, wonder ek. Whitey die brandwag?

Ek klim in die kar met 'n kosblik breyani wat se deksel nie behoorlik kan seël nie en 'n half-vol diktafoon. Felicia staan met haar arms op die tuinhok en vertel deur my afgedraaide passasiersruit van die dertigjarige Darkie wat smiddae saam met hulle in haar pa se klein Volksie dorp toe gery het. Hy het 'n kamera om sy nek gedra en altyd tussen Felicia en haar broer op die agterste bank gesit.

“Waar hy dit gekry het, weet ek nie. Maar as ons dorp toe gaan, *dress* Darkie vir ons op. Dan moet ons in die kar sit en *pose* jong!”, sê Felicia en swaai haar hare.

Een middag het Felicia se pa op die perde gaan wed, en hulle vir te lank alleen saam met Darkie voor die poskantoor laat wag. 'n Polisieman het verbygekom en hom uit Felicia en haar broer se hande geruk. Die polisie het Darkie met 'n knuppel oor sy arms en hande geslaan. Sy het hom nooit weer gesien nie.

“Ek is jammer Felicia”, sê ek.

“Nee man, dit is jare terug”, lag sy. “*Anyway* ek dwaal van die punt af. As jy ’n verskil wil maak en nie net ’n *window dressing* artikel oor ’n eed wil skryf nie, moet jy daai skoolhoof gaan sien wat toegesluit is”, sê Felicia as ek die kar aanskakel.

“Wil jy nie weer ’n slag saamkom nie?”, vra ek.

“Jy het my nie meer nodig nie”, lag Felicia. “En *by the way*, ek trust jou dat jy *responsible* skryf oor dié *issues*.”

“Wat bedoel jy?”, vra ek. Maar Felicia hoor nie. Sy het omgedraai en staan op die stoep en waai.

*

Teen vieruur in die oggend skrik ek wakker met die innige begeerte om te rook. Ek sit regop in my bed en sien hoe die maan die diktafoon en silwerfles op die werkstafel verlig. Die hele nag het ek gedroom dat ek op ’n snelweg is. Soos ek verder ry, verander die karvensters na staal totdat ek niks meer buite kan sien nie. Onder my deur is ’n koevert gestoot. Dit was tog nie vroeër daar nie? Ek kan nie onthou wanneer laas ek uit my kamer was nie. Ek trap oor die landskap van artikelhope en rooi pyle wat tematies koerantmyne met mekaar verbind, om by die koevert uit te kom.

“Ek is Karoo toe vir die naweek, as jy ooit agterkom ek is *missing*”, lees ek Marco se handskrif. “Gedog jy kan dalk hierdie waardeer.”

Binne-in is foto’s van Orania: Neef Jan in die biltongwinkel se deur; die twee uitgespoelde arbeidermans en Marco wat maak asof hy die koeksistermonument lek. Die laaste foto is een van my diktafoon langs Hendrik Roelofse se rewolwer op die koffietafel. Hoe het hy dit reggekry om dit af te neem, terwyl ons gesels het? Marco moes in Die Herberg se sitkamer weggekruip het.

*

Ek kan nie langer slaap nie en soek die kontakbesonderhede van Sithana Primêr op die internet. Die skepe in die hawe is al duidelike lyne as ek uiteindelik ’n skolelys met kontaknommers op die Wes-Kaapse Onderwysdepartement se webbladsy opspoor. Langs Sithana staan “N/A” in die kolom by kontakdetail.

In my soektog na Sithana en “infrastructural problems in schools”, kom ek af op die besonderhede van Josh Kriel. Hy is die direkteur van finansiële en fisiese beplanning aan die nasionale onderwysdepartement. Ek stuur aan meneer Kriel ’n e-pos en verduidelik dat ek graag sal wil gesels oor hoe die nasionale onderwysdepartement se beplanning werk. Wat die redes is dat die dié departement se geld nie by die skole uitkom nie? Ek stuur die e-pos sonder om enige antwoord te verwag.

Nadat ek my artikel vir die redakteur gestuur het, is ek teen sewe-uur op pad na die Strand om meneer Mumzi van Sithana Primêr te soek. Ek draai die radio se volume-knoppie om my wakker te hou, maar ek vang geen frekwensie op nie. In die truspieël skrik ek vir die klein aartjies wat in my oogwit gebars het. Whitey brandwag dop af, dink ek.

*

Ek ry stadig op die N1 tussen die Strand en Sir Lowry’s-pas om te soek vir die afdraaipaadjie na Sithana Primêr, soos die mense by die vulstasie verduidelik het. Tussendeur digte dennebome sien ek sinkhuise wat tussen bome opgeslaan is. As jy tussen die huise deurry, staan Sithana op ’n oop stuk veld agter die plate bome. Al die klaskamers lyk soos skepsvraghouers, alhoewel daar net op die houer naaste aan die pad, “Evergreen”, geskryf staan. Ek stop ’n ent vanaf die klasse en loop tot by die eerste houer. Ek los die notaboek en die drasak in die kar. Sonder ’n afspraak is ek te bang om oorgretig te lyk. Die diktafoon druk ek in my broeksak. My oë sukkel om te fokus.

“Is this mister Mumzi’s office?”, vra ek in die opslaanklas se deur. Twee vrouens sit styf langs mekaar op ’n troksitplek wat bo-op sementstene staan.

“Yes, why?”, vra hulle gelyk.

“I just want to...”, sê ek.

“Do you have a meeting?”, vra die een vrou en kyk na die deur agter haar.

“No I don’t have one, but I just want to have a word with ...”, probeer ek.

“But then mister Mumzi can’t see you”, sê sy en staan so vinnig op dat die bank aan die een kant lig.

“Yes”, maak ’n man die deur oop nog voordat sy kan klop. Sy broek is hoog opgetrek en waar ’n belt moet wees, is rooi tou om sy maag gebind.

“Are you mister Mumzi?”, vra ek en kyk af na die man met sy opgetrekte skouers. Sy kop is nie veel hoër as die deurknop nie.

“Yes, What can I do for you?”, vra Mumzi en wys dat ek hom na sy kantoor moet volg. In Mumzi se kantoor staan twee oliedromme met kussings voor sy lessenaar. Ek gaan sit op die blik naaste aan die deur en voel versigtig aan die snykant van die drom se deksel onder my boude. Mumzi klim op ’n swart leerstoel met ’n hoë rugleuning, waarvan die plastiek nog nie behoorlik getrek is nie. Sal sy stoel ’n versoeningsoffer van die onderwysdepartement wees?

“How can I help you?”, vra Mumzi. Sy skouers is so hoog opgetrek, dat dit lyk asof hy nie ’n nek het nie.

Ek verduidelik van die koerantberig en dat ek graag wil hoor wat sy ervaring is van die onderwysdepartement. Waarom sal ’n regering wat in 2008 alleen meer as R17 biljoen beskikbaar gestel het vir die verbetering van infrastruktuur, steeds nie daarin kan slaag om ’n skool soos Sithana te help waarvan die bouplanne reeds goedgekeur is nie?

“What I cannot understand”, sê Mumzi en hou met sy hande aan die lessenaar vas, sodat hy homself in die swart stoel kan swaai. “Is that you people have no respect.”

Ek voel na die diktafoon in my sak. My oë voel swaar en ek verbeel my hoe die drom se rand in my vel sny.

“But sir I am not here...”, begin ek praat. Ek druk die “Record”-knoppie deur my broekmateriaal.

Mumzi hou sy hand in die lug om te wys dat ek moet stilbly.

“You have no right to come here. No! you don’t respect me”, sê hy. Meneer Mumzi druk aan die stoelreling sodat hy effens agtertoe kan sit.

“I do respect you sir”, sê ek. Waaraan dink jy vir vyf uur lank in ’n donker houer? Hoe ruik dit daar binne?

“No, no you must make appointment!”, sê Mumzi hard. Hy trek sy stoel nader aan die tafel en gil: “You have no dignity!”

Hy haal vinnig asem en ek kan nie help om na sy skerp voortande te kyk nie. Ek vryf in my nek en soek na ’n venster. Hier moet tog iewers lug vandaan kom? Aan die agterkant van die vertrek is ’n gat in die dak. Ligstrale val op ’n emmer wat onder die gat staan.

“I wish I could, but there was no way to contact you”, sê ek.

“You must write a letter so that I can see what it is about. I cannot trust you”, antwoord Mumzi.

Ek hoor sagte stemme en dan ’n meisie wat giggel. Waar kom dit vandaan? Ek kyk na die deur.

“I did not have your postal address to write a letter”, sê ek.

Meneer Mumzi sug en draai homself weer ’n paar keer in die rondte.

“I am really sorry sir. I did not come to offend you. I just wanted to talk to you, but there was no way for me to contact you.”

Mumzi kyk op van sy lessenaar en glimlag. Hy hou sy kop skuins en frons, asof hy ook die stemme hoor.

“You people will never realise. Put yourself in my situation. Then you understand what you must do to respect me. So go!”, skree hy en wys na die deur. “And I don’t want to see you again. You journalists have no respect.”

*

Die twee vroue staan voor die skeepsvragkantoor en gooi hulle hande in die lug. Ek moet die kardeer ’n paar keer hard slaan om dit op knip te kry. Voordat ek die kar aanskakel, hoor ek weer die stemme. Dit is dié van Maryke, Bridgette en Gita van Blomhof. Ek haal die diktafoon uit en sien dat ek ‘Play’ in plaas van ‘Record’ gedruk het.

*

Dieselfde middag kry ek ’n e-pos van Josh Kriel wat sê dat hy my oor ’n maand in Kaapstad sal ontmoet.

“Ek dink niemand sal vir jou die regte antwoorde kan gee nie”, skryf Josh. “Maar praat solank by Peter Wellman. Hy is verantwoordelik vir al die aspekte van skoolveiligheid in die Wes-Kaap.”

Onderaan Josh se e-pos heg hy foto’s aan van ’n nuutgeboude badkamer se fondament wat met twee agtjarige meisies van ’n skool langs die Weskus in die grond ingesak het. Die onderwyser sê dat die twee kinders gedurende klastyd toilet toe gegaan het. Sy het hulle hoor skree en toe sy in die toilet inhardloop, was hulle reeds toegegrawe onder die sementblokke.

Die toilette het in mekaar gesak, ’n paar minute voordat iemand hulle kon uittrek.

As ek op die foto’s inzoom, sien ek vingermerke op die ingevalle sementblad.

*

Ek staan in die ontvangslokaal van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement vir my onderhoud met Peter Wellman. 'n Man leun oor die toonbank en speel met die ontvangsdame se plastiekarmbande. Op sy rug staan: “100% Zulu Boy” met 'n kleurfoto van president Jacob Zuma. Die ontvangsdame lig haar wenkbroue en kyk na my. Haar oë is dieselfde geel kleur gegrimeer as haar armbande.

“I have an appointment with mister Wellman”, sê ek.

Die man kyk na my en staan dan regop. Agter die vrou se kop is 'n bord: “Western Cape Educational Department” met foto's van president Jacob Zuma, Blade Nzimande, minister van hoër onderwys en Angie Motshekga, minister van basiese onderrig.

“Eleventh floor”, sê sy en stoot die man spelerig weg van haar. Hy lag en maak asof hy oor die toonbank wil klim om haar te slaan.

Die ontvangsdame druk 'n knop langs die toonbank sodat die staal draaihek tussen my en die hysbakke outomaties oopgaan. As ek by die hek kom, is dit weer gesluit. Ek probeer die deur vorentoe druk en gril vir die taatheid van die staal.

“Excuse me”, sê ek vir die vrou wat nou oor die toonbank na die man leun.

Dit lyk nie of sy my hoor nie. Ek kyk na die twee kameras wat bo die staalhek en die hysbakke direk op my gesig gedraai is.

“Excuse me”, probeer ek weer.

“Are you blind! There is the door”, sê die vrou en wys na 'n oop deur aan die anderkant van die vertrek. “It is open!”

*

Op die elfde vloer staan nagmaakte palmbome in plastieklompotte langs elke kantoordeur. Ek staan op my tone om deur een van die gangvensters te kyk. Onder in die straat sien ek die blommeverkopers, die taxi's en aan die oorkant van die stad die inkopie-sentrum waaragter my woonstel weggesteek is.

“Mister Kemp”, sê Peter Wellman as ek in sy deur staan. “Kom binne.”

Meneer Wellman lyk soos ’n president se lyfwag: hy is ’n lang man met breë skouers, ’n swart pak, wit hemp en ’n swart das wat te kort vir sy groot bolyf geknoop is.

“Jy wil meer weet oor my werk om skole as’t ware te beveilig?”, vra hy.

“Ja”, sê ek. “Maar veiligheid behels sekerlik ook dat geboue se strukture sterk genoeg moet wees sodat dit nie inmekaar val nie.”

Ek het Josh Kriel se e-pos met foto’s as bewyse saamgebring.

“Mister Kemp, hoe sê hulle altyd? Dit is nou as ’t ware ’n mondvul. Kom sit”, sê hy en wys na die twee stoele voor sy lessenaar. Meneer Wellman gaan sit langs my. Die kantoor is ’n helder geel geverf en agter sy lessenaar is nog ’n blompot met ’n blinkgevryfde palm. In die plant is ’n houtbordjie waarop staan: “Be careful, angels sleep here.”

“Kyk, die feite is dat ons 1400 skole in die Wes-Kaap het, waarvan 109 regtige *high risk* skole is. En vir hulle *manage* ons die hele tyd”, sê Wellman. Hy sukkel om sy skouers in die stoel in te pas.

“Maar meneer Wellman, jy onthou die berugte verslag van die SAIRV wat bevind het dat ons leerders die onveiligste ter wêreld voel. Net 23% van alle leerders in ons land dink hulle sal niks oorkom op die skoolgronde of die klaskamers nie. Hoekom is dit so?”, vra ek.

Meneer Wellman draai sy bolyf na my.

“Na al die slegte publisiteit, is daar steeds voorbladberigte van ons onveilige skole. Dié jaar alleen was daar 194 voorvalle van seksuele geweld in die Wes-Kaap; 141 messteekaanvalle is aangemeld. Hoe is dit moontlik?”, vra ek.

“Ons doen wat ons kan mister Kemp”, sê hy en sug diep.

“Deur wat te doen?”, vra ek.

“Ons wil die gemeenskap self betrek deur programme soos Bambanani waar die ouers die skoolterrein as ’t ware self beveilig. Maar daar is heelwat ander intervensies wat ons ook gebruik, soos met die kameras wat ons in 60 skole *geinstall* het.”

Agter die potplant is ’n venster waarvan die glas vuil is. Ek twyfel of meneer Wellman al ooit daar deur na die stad staan en kyk het.

“Maak die kameras ’n verskil?”, vra ek.

“Die inligting wat ons van die skole ontvang is dat daar ’n verandering in die gedrag is. Die kinders weet nou as ’t ware dat *big brother is watching*.”

Op die blou aansteekbord by sy rekenaar is die afdruk van ’n persiese kat met nat hare. Bokant die kat staan: ‘Why do you ask why you don’t fit in if you know God made you to stand out?’

“As jy dink dat die stelsel meer as R12 miljoen gekos het om die kamera’s te *install*, kan jy sien dat ons ernstig is oor veiligheid in die skole”, sê Wellman.

“Maar hoe begroot die departement vir 60 kamera’s, terwyl baie skole nie diefstaling of veiligheidshekke het nie?”, vra ek.

“Ons het by die begin begin deur aan alle skole veiligheidshekkings te voorsien”, sê hy.

“Dit is nie waar nie, want volgens my statistiek is daar 257 Wes-Kaapse skole sonder hekkings”, sê ek.

“Nee mister Kemp,” sê Wellman. “Al die skole het beslis veiligheidshekkings.”

Ek tel die drasak van die vloer en sit dit bo-op Wellman se lessenaar. Ek pak die foto’s, nota’s en die SAIRV-verslag uit. Tussen die hoop papiere val ’n boomwortel op die tafel uit, wat lyk soos die ding wat om Tumeli se kombi-truspieël gehang het. Hoe het dit gebeur? Ek druk dit vinnig in die sak voordat meneer Wellman dit kan sien.

“Kyk”, sê ek en skuif die verslag met die statistiek oor infrastruktuur na sy kant toe. “Hier staan dit swart op wit.”

“Dit is waarskynlik ’n fout van die departement se kommunikasie-afdeling. Jy moet met hulle daarvoor gaan gesels, want ons skole het almal *fencing*.”

*

“Dit val nie binne my portefeulje nie, mister Kemp. Dit is Public Transport”, sê Wellman as ek hom vra wat die departement doen om skoolbusse te beveilig. Ek vertel hom van Leelah van Klapmuts en Sarah se seun wat in ’n skoolbusongeluk dood is.

“Ons kan wel fokus om veilige skole vir almal te bou”, sê Wellman.

“Wat dan van Sithana Primêr. Hoekom het die departement nog nie daarop gefokus totdat die hoof in ’n houer toegesluit is nie?”, vra ek.

Wellman frons en vat aan sy dasknoop.

“Teoreties is daar as ’t ware nie ’n tekort aan skole in die Wes-Kaap nie, mister Kemp. Sommige skole is net in die verkeerde opvangsgebied en daarom staan party vaste strukture leeg en is opslaanklasse in ander gebiede weer oorvol.”

“Ek verstaan so, maar hoekom het julle nog nie Sithana gehelp nie? Julle was tog bewus van die skool, of hoe?”, vra ek.

“Dit neem tyd om almal te help”, is al wat Wellman na ’n paar sekondes sê.

Ek vryf oor my bolip.

“Hoe maak julle seker dat nuwe geboue veilig is?”, vra ek.

“Daar is nie ’n probleem met die veiligheid van ons geboue nie”, sê Wellman. “Daar was een *case* waar ’n muur op ’n kind omgeval het. Hy is toe op slag dood. Maar dit was net die een enkele gebeurtenis.”

“Een geval waarvan jy weet”, sê ek.

“Wanneer ons ’n skool oorhandig is hy op standaard”, sê Wellman. “So ’n skool is baie veilig. Ons vertrou ook dat die beheerliggaam en die skoolbestuur na hierdie dinge kyk.”

“Meneer Wellman ek sit met bewyse hier van toilette wat op kinders inmekaar geval het”, sê ek en soek die foto’s op die lessenaar.

“Dit is gruwelike bewyse dat daar ten minste nog een voorval meer was as waarvan jy kennis dra”, sê ek.

“Ek weet nie waarvan u praat nie, mister Kemp”, sê Wellman.

“Meneer dit was in die Weskus. Twee jaar gelede.”

“Dit was seker die departement van Ingeneurswese wat dit hanteer het. Jy moet maar oor daardie voorval met hulle gaan gesels, mister Kemp.”

Ek knak my vingers. Wat sal Wellman doen as ek ’n sigaret opsteek? Hy sal dit seker op sy kamera as ’t ware opneem en my daarmee afpers.

“Wat is jou verpligting dan teenoor die infrastruktuur van toilette?”, vra ek.

“Toilette is infrastruktuur wat gevaarlik is as daar nie goeie toesighouding is nie, maar ek kan nie daardie toesig as ’t ware *guarantee* as die skole niks doen nie.”

“Maar die fondasie het ingegee, Meneer Wellman. Dit was dan tog nie ’n toesigprobleem nie”, sê ek.

“Dit is nie die geval waarvan ek praat nie. Die leerder wat op *records* is, was ’n leerder wat toilet toe is en ons weet nou nog nie wat gebeur het nie”, sê hy en wys na sy heupe. Dit lyk of hy ’n vlieg wegwaai.

“Het die muur op hom ingeval?”, vra ek.

“Toilette is *high risk areas* en die skool moet ’n veiligheidsplan hê. Onderwysers moet gereeld *check-ups* doen”, sê meneer Wellman.

“Maar as dit ’n toilet was wat ingeval het, dan is dit tog nie die skool se plig om toesig te hou dat dit nie gebeur nie”, sê ek.

My nek word warm. Ek maak die boonste hempsknoop los.

“Ek weet regtig nie wat gebeur het nie. Ons het ’n kamera in daardie spesifieke *toilet entrance* gehad. Ons het na die tyd op die *tape* gesien dat die toilet in die *blindspot* was. Wat in daardie toilet gebeur het, sal jy vir die prinsipaal van die betrokke skool moet gaan vra.”

*

Drie weke later wag vir Josh Kriel by die kafee oorkant my woonstel, by dieselfde tafel waar ek altyd sit. Die kelners weet al om vir my die artikels te bring wat ek hierheen e-pos om uit te druk. Josh het vroeër ge-sms om te sê dat hy ’n paar minute laat gaan wees. Dit gee my genoeg tyd om weer deur die statistiek te lees van die gebrekkige infrastruktuur in ons land se skole.

Ek is by my derde koppie koffie as ’n man met ’n rooi helmet, swart handskoene en motorfietsbaadjie langs my staan. Hy het blonde krulhare wat hy in ’n poniestert probeer bymekaar hou.

“Is jy Theo?”

“Ja”, sê ek. “Josh?”

Hy sit die helmet langs die asbak op die tafel neer en gaan sit oorkant my. Die man met sy skurwe hande, vuil naels en songebrande gesig, lyk nie na iemand wat “Nasionale direkteur: fisiese beplanning” onderaan sy e-posse kan skryf nie.

“Ja, ek moes jou laat weet het dat ek intussen weg is by die departement”, sê Josh as hy gaan sit.

“Hoekom is jy weg?”, vra ek.

Josh kyk lank na my voor hy antwoord: “Ek ken jou nie, maar ek ry eerder met my *bike* deur die hele donnerse kontinent voordat ek verder probeer werk met die onderwys se begrotings.”

Josh was vir twaalf jaar lank verantwoordelik om die jaarlikse begroting aan die nasionale tesourie voor te lê. Een van sy hooftake was om toe te sien dat die tesourie genoeg geld vir die provinsiale onderwysdepartemente bewillig om hulle skole te verbeter en te onderhou.

“Ek wonder of daar goed genoeg begroot is as ek lees dat die Departement van Onderwys self sê 41% van die skole in slegte toestand is?”, vra ek.

“Dit is presies hoekom ek nie meer die fokken plek kon hanteer nie”, lag Josh.

Hy haal ’n leer-tabaksak uit sy broeksak. Hy rol die sak oop, druk met ’n vuurhoutjie tabak in sy pyp wat hy dan in sy mond laat hang.

“Om jou finansiële beplanning te doen moet daar tog reëls en norms in plek wees oor hoe jy skole moet befonds. Maar dit is net nie daar nie”, sê Josh terwyl sy gesig wegraak agter die soet pyprook.

“Watter reëls?”, vra ek.

“Dit is reëls soos hoeveel skole per kind moet kry en hoe die provinsies die geld moet aanwend.”

Hy blaas sirkels rook in die lug.

“Die eenheid van fisiese beplanning moes inligting versamel oor wat die minimum standaard van ’n skool is. Ek is daar weg sonder dat ek dink die *job* ooit klaar sal wees.”

“Ek lees in Graeme Bloch se *The Toxic Mix* dat daar ’n agterstand aan onderhoudswerk van R153 biljoen is. Hoe gebeur dit?”, vra ek.

“Die nasionale departement gee die geld, maar die provinsie besluit self wat hulle daarmee maak. Nou hoe op aarde maak jy seker dat die geld by die regte plek uitkom? Daar is geen sisteem in plek waarvolgens jy skole kan gaan *opcheck* nie”, antwoord Josh.

Josh vertel dat die begroting van skooltoilette een van sy grootste werke was. Ten minste 'n werk waarvoor daar vaste riglyne is: Vir elke twintig meisies en elke vyf-en-twintig seuns is daar 'n toilet voor nodig.

“Maar is dit as gevolg van die feit dat die provinsiale regerings nie die geld reg aanwend nie, dat daar steeds 8500 skole met putlatrines en 1300 sonder enige toilette is?”, vra ek.

“Dit is juis die probleem, want jy kan nie die inligting vertrou nie”, sê Josh.

Hy druk met sy duim die tabak vas in die pyp en neem 'n paar trekke voordat hy dit op die tafel sit.

“Daar is so baie verskillende situasies en die provinsies kan nie die inligting insamel nie. 'n Klomp toilette is in hulle moer. Dan is daar putlatrines, wat of baie ver van die skool is of daar is bloot fokken onveilige gate in die grond. So hoe moet poephol Josh nou begroot as ek nie weet hoe dit lyk nie? Ek sê vir jou: Dit klink maklik, maar probeer jy nou vir 'n kakhuis in hierdie land begroot.”

*

“Jy onthou die berig wat ek vir jou aangestuur het?”, vra hy.

“Ja”, sê ek en ril as ek aan die foto's terugdink.

“Dit was die laaste kak van kabouters gewees”, sê Josh. “Na daardie tyding het die minister in haar donnerse duur kar gespring en 'n dag later is 'n nuwe porseleintroon gebou. Maar dit raak net die punt van die ysberg, want die departement sal nooit uitvind hoe diep ons regtig in die kak is nie. *Excuse the pun.*”

*

Josh verduidelik dat die nasionale en provinsiale departemente ewe skuldig is aan die infrastrukturele probleme. Die nasionale departement het nooit 'n oorkoepelende beleid in plek

gesit nie, en daarom weet provinsiale departemente nie hoe om te begroot nie. Aan die anderkant verskaf die provinsies nie die nodige inligting om beplanning te verbeter nie.

“Die ding is, daar was soveel *delivery pressure* toe die regering aan bewind gekom het, dat ek dink mense nooit goed genoeg beplan het nie en nou beskuldig die verskillende regerings mekaar”, sê Josh.

Volgens hom staan die regering so vas aan die infrastrukturele probleme, dat hulle vergeet om aandag te skenk aan die bedryfsuitgawes.

“Nou word skole gebou en drie jaar later is dit ’n gemors, want daar is nie voorsiening gemaak vir die *running costs* soos toiletpapier of skoonmaakmiddels nie.”

Hy bly vir ’n oomblik stil, asof hy nie kans sien om verder te praat nie.

“Mense vertel stories van hoe hulle in verstopte toilette kom en dan is daar ’n halwe Wetenskap-handboek langs die toilet. Die res is uitgeskeur vir toiletpapier, want die skool kan nie geld spandeer op kakpapier nie,” sê Josh.

*

Josh vertel dat die regering hulself lank vergelyk het met ander lande wat minder kapitaal aan skole spandeer en steeds beter uitkomst het.

“By ons is daar net soveel vrot skole, dat jy eenvoudig nie kan *teach* in sulke omgewings nie. As jy vrot toilette het, bly die groter meisies vyf dae in ’n maand weg van die skool. Jy het nêrens om na toe te gaan nie. *There is no running water or electricity nie*”, sê Josh.

“As jy sien wat ons op sokkerstadions kan spandeer, hoekom kan ons nie ons skole verander nie?”, vra Josh en byt ’n velltjie aan sy duim.

*

“Ek het ’n redelike senior posisie gehad. Jy sou dink ek moes ’n verskil kon maak. Maar waar begin jy as individu?”, vra Josh en skud sy kop.

Hy kap die pyp leeg in die asbak en sit nuwe tabak in. Op sy helmet is plakkers van ‘backpackers’ in Mosambiek, Malawi en Zambië.

“Ja, vandat ek die *job* en sommer my huwelik ook *gequit* het, is daar nie einde nie”, sê hy en kyk na sy motorfiets voor die deur.

“Maar *anyway* ja, dit gaan nie oor meer skole bou of *supplies* voorsien nie. Dit gaan oor mense wat moet saamstaan en sê ons gaan iewers begin om alles reg te maak. Want vir wat ons spandeer, kry ons te min. Die burokrasie moet geswaai word.”

“Maar wat sal die burokrasie laat swaai?”, vra ek.

“Burokrasie is ’n donnerse snaakse dier. Om die ding te swaai kos nie *magic* nie. Ek vra baie keer vir skoolhoofde wie se skole met min geld werk: ‘Hoekom is julle toilette nooit stukkend nie?’ Dan sê die skoolhoof: ‘Ek stap een keer ’n dag daar verby’. Dit is te veel asof mense dink dit is *magic*.”

Josh staan op, druk die pyp in sy sak en trek sy handskoene stadig aan.

“Ons soek nie *magic* nie, ons moet die ding kan nek omdraai dat die *systems* kan werk. Maar gaan probeer nou daai ding se kop anderkant toe buig”, sê Josh met die helmet reeds op sy kop.

Voortrekkerkamp

Die dominee laat weet dat my ma nog langer in die Baai moet bly. Dit is Voortrekkerkamp die naweek. Ek soek 'n rugsak in my ma se naaldwerkkamer. Tussen wol en die boeke vol lang sinne van my Gamtoos-ouma wat ek nie kan lees nie, sien ek 'n boek: *Die Huweliksdaad*. In die boek is prente van vrouens soos wat agter my pa se deur hang. Mans wat bo-op vrouens lê. Ek druk die kas toe.

My oupa gaan laai my af by die skoolbus. My pa sit voor langs my oupa en druk met sy hande teen die voorruit.

“Vra haar waar sy vandaan kom. Vra jou ma sy moet die waarheid vertel”, sê my pa.

Ek kan nie die boek se prente uit my kop kry nie. Die roof op my skouer is warm onder my Voortrekkerhemp. My oupa wil my pa stil maak, maar my pa praat al hoe harder. My oupa se naskeermiddel en my pa se asem maak my benoud. Ek wil uitklim voor ons by die skoolhek stop. My pa hou sy hand vir my uit, maar ek is klaar by die deur uit. Die rugsak skaaf oor my skouer.

Die LO-meneer staan in die deur van die bus met sy stywe broek en dik arms. Hy gee vir elke kind 'n houtgeweer.

“'n Geweer is jou enigste vriend”, sê die LO-meneer. “As jy dit verloor, sal jy met my te doen kry.”

Die LO-meneer se kamer is langs die groot tent waar ons bid en sing vir kos. Ons kap met ons blikborde en bekere teen mekaar. Die LO-meneer sê die kamp is ons oriëntering vir die hoërskool en die lewe. Vir pap en wors sê ons u dank, sing ons.

Die juffrou leer ons verskillende plante se name, wat ons in die veld moet soek en dan in 'n boek afmerk. Ek skryf al die plante se name reg: bietou, froetang, ghombos, skaapbossie en rooihartjie. Ek is die enigste een wat volpunte kry.

“Waar is jou vriend?”, vra die LO-meneer. Ek het my geweer in die veld vergeet.

“Vergeet Meneer”, antwoord ek.

“Vergeet”, sê die meneer en wys na die bult wat ek moet uithardloop en dan vir hom moet wag by sy tent. “Jy sal met my te doen kry.”

Ek hardloop totdat ek nie meer kan asem kry nie. Die LO-meneer laat my op sy bed in sy kamer sit. Ek ruik die piesangslaai en geroosterde brood en hoor Juffrou Snor se stem in die saal.

“Ek wil jou net sterker maak”, sê die LO-meneer. Ek vat aan die taaigheid onder my hemp. Die plek waar die draad my gesny het, brand.

“Ek wil jou sterker maak vir jou eie beswil”, sê die LO-meneer en kom sit langs my. Hy hou sy arms om my. Hy kyk na die bloed op my hemp en maak my boonste knoop los.

“Ek kry warm”, sê ek en spring op. Ek hardloop na die juffrou.

“Jou lippe is blou”, sê sy en pak my rugsak. Juffrou Snor ry tot op Dankbaar en wil my met my ma of pa praat, maar ek weet nie waar hulle is nie. Sy laai my voor die agterdeur af. Elma sit voor die watertenk en was klere in 'n sinkbad. Sy trek my hemp uit en laat my haar help om die klere op te hang langs die rooikamer waar botterblomme geel tussen die gras groei. Elma leer my om 'n string blomme deur hulle stele aan mekaar te ryg. Dindi is weg saam met my pa om sand te gaan oplaai.

“Dindi is nou 'n man”, sê Elma.

Miertjies

“Jy lyk gelukkig”, sê Marco as ek met ’n sigaret in die mond by die woonstel instap en my drasak op die kombuistafel gooi. Hy sit op die sitkamerbank met sy voete op ’n stapel koerante.

“Dit is alles ’n fokkop,” sê ek en sit die sigaret in die wasbak. Buite die kombuisvenster sien ek twee seuns met ’n rooi vlieër in die boonste straat voor die berg.

Hoe gaan ons die onderwys verander as die hoof van skoolveiligheid die blaam van onveilige skole na ander staatsdepartemente verskuif? Wat maak ons as ’n uitvoerende direkteur na twaalf jaar bedank omdat hy nie met sekerheid vir één toilet in hierdie donnerse land kon begroot nie? Ek blaas die laaste rook in die venster en druk die sigaret in die wasbak dood. Die vlieër is ’n rooi kol teen die grys berg.

“Het jy die ou van veiligheid gevra wat hy sal doen as samoerai-moorde in die Wes-Kaap mode raak?”, vra Marco.

Op 18 Augustus 2008 het Martin Henning, van ’n tegniese skool in Krugersdorp, ’n sestienjarige seun voor saalbyeenkoms met ’n samoerai-swaard onthoof. Nóg ’n leerder en twee swart werkers is beseer. Martin het met die aanval ’n masker gedra, wat in al die mediaberigte vergelyk word met dié van die Amerikaanse musiekgroep, Slipknot.

“Nee, ek het nie daarby uitgekom nie. Wat sou hy in elk geval geantwoord het?”, vra ek.

“Miskien sou hy jou verwys het na die departement van Oosterse Vegkuns”, sê Marco. “Nou dat ek jou sien - ek het nou die dag in Langstraat-boekwinkel ’n boek gekoop wat jou dalk sal interesseer”, sê Marco.

“Watter boek is dit?”, vra ek.

“*We need to talk about Kevin*. Die boek is iewers op jou bed – ek hoop jy kan dit vind”, sê Marco.

Dié boek deur Lionel Shriver gaan oor ’n sestienjarige seun, Kevin Khatchadourian, wat sewe van sy klasmaats met ’n pyl en boog doodskiet. Kevin se abnormale gedrag en sy hunkering na ’n wêreld buite sy gesin, word vertel deur briewe wat Kevin se ma aan sy pa skryf.

“As ek jy is, dan doen ek ’n storie oor ’n kindermoordenaar”, sê Marco. “Dit help nie jy praat met die ringkoppe in die onderwysdepartement nie. Hulle kan nie deur hulle kantoorvensters sien wat aangaan in die skole nie.”

Ek kyk na die stapel koerante waarop Marco sit en wonder of die plakboek met die skoolmoorde iewers tussen-in is.

“Daar is so baie moorde, waar sal ek begin om een te kies?”, dink ek hardop. Ek sien die gesig van Moegamat Kannemeyer van Eersterivier Senior Sekondêre skool wat in 2007 met ’n skêr doodgesteek is. Die foto van Happy Radebe wie se veertienjarige dogter, Thato, vermoor en verkrag is van Bedfordview Hoërskool in Soweto – hulle gesigte sal ek nie vergeet nie.

“Miskien moet jy eerder die Krugersdorp-storie doen, dit is immers ons eerste Amerikaanse *look alike*”, sê Marco. “Maar solank jy net weet: Ek ry net nie weer deur die land met ’n vasgebinde kardeur nie. You are on your own.”

*

Ek vou die faks van Nic Diedericks Hoërskool binne-in *We need to talk about Kevin* en pak dit heel bo in my tas.

My selfoon se nuwe herlaaier wat in my kar se sigaretaansteker pas, sit ek saam met my diktafoon en notaboek in my drasak. Hierdie keer is ek voorbereid om ’n paar dae langer op die pad te bly as dit moet.

Marco is reg: Dit help nie ek soek antwoorde by die onderwysdepartement nie. Nadat ek deur al die koerantuitknipsels gegaan en meer as 30 gevalle gevind het van leerders wat in die afgelope twee jaar in skole beseer of vermoor is, het die samoerai-moord my die meeste gefassineer. Ek het vir dae lank probeer om toegang tot die tegniese skool te kry. Die skoolhoof het my afspraak per faks geweier, nadat ek skriftelik onderneem het om nie enige van die leerders vir sensasionele gewin uit te buit nie.

Ek sal self my storie gaan soek, het ek deur die nag besluit. As ek lank genoeg in Krugersdorp bly en elke dag na die skool gaan, moet ek iewers leidrade kry. Ek is reg met my padkaart, ekstra draad as die deur nie op knip wil bly nie, 'n flits en beddegoed om in my kar te kan slaap. Nou kort ek nog net 'n mantel van onsigbaarheid.

*

Dit is reeds donker as ek in Bloemfontein by 'n kafee stop. Ek moet al vanaf Worcester elke uur water in my stomende kar gooi. Langs die kafee is 'n skoen-herstelwinkel teen wie se venster 'n A4-vel 'Billike verblyf in 'n huislike atmosfeer' geadverteer word. Dit is tog beter as om in my kar te moet slaap, besluit ek en skakel die nommer.

Nadat ek die kar vol water gemaak het, stop ek 'n paar minute later voor 'n Art Deco-huis met 'n breë stoep wat met blouereën toegerank is. Voor die huis staan 'n olyfgroen Citroenkar.

“Menno Koopman, aangenaam”, stel 'n man homself vanaf die stoep voor. Menno dra 'n oranje v-nek trui en vee sy hande aan sy wit voorskoot af, voordat hy my met 'n sagte handdruk groet. Sy stywe bruin kuif sak effens laer oor sy voorkop as hy die drasak van my skouer tel en voor my die gang af stap. Die huis ruik na motbolle en kaneel. Teen die mure is fluweelagtige muurpapier. In elke vertrek is dieselfde mosterdgeel volvloermatte. Menno

neem my sak tot in 'n kamer met 'n hemelbed, diggetrekte swaar gordyne, 'n groot staatsbybel en 'n olielamp wat op 'n wakis langs die bed staan.

“Aandete is gereed, as u by ons wil aansluit”, sê Menno en sit die sak langs die kis neer. Dit lyk of hy 'n kniebuiging maak en dan aan sy voorskoot vee. Menno dra donkergroen pantoffels. “Alles hier is soos Moeder dit beplan het”, sê hy en steek die lamp aan.

*

Menno sit aan die kop van 'n imbuia-tafel in die eetkamer langs die stoep. Langs hom is twee plekke gedek. Agter sy rug is 'n staanhorlosie waarvan die tydwysers in die vorm van twee goue skepe is. Die ratwerk van die horlosie beweeg soos onstuimige goue golwe agter die wysers. Die eetkamer loop oor in 'n volgende vertrek wat so donker is dat ek niks daarin kan uitmaak nie. Menno wys dat ek aan sy linkerkant moet sit. Miskien is Moeder laat vir aandete? In die middel van die tafel is vier Delft-bakke, 'n bottel Adelpracht, 'n silwer klokkie en 'n afstandbeheer met 'n groen flikkerende skerm.

“Moeder glo in stiptelikheid”, sê Menno en kyk na die horlosie. As dit sewe-uur is, staan hy op en maak die vier bakke oop: wildsvleis, wit rys, pampoenkoekies en gestoofde perskes. Menno se stywe kuif pas nie by die uitgedunde gryshare wat bo sy ore uitsteek nie.

“Dit is nie aldag dat hier gaste kom nie”, sê hy en skink vir ons elkeen 'n kelkie soetwyn. “Veral nie uit Kaapstad nie.”

Hy moes my nommerplaat gesien het. Ek wens ek kan myself verskoon en 'n kroeg gaan soek waar ek kan rook sonder om met enigiemand te praat.

“Is u hier vir besigheid?”, vra hy en haal die voorskoot af. Hy vou dit op en sit dit neer tussen pienk en wit graniete op 'n tafel langs die horlosie. Menno haal sy lapservet onder die ivoorsteel-eetgerei uit en druk dit voor by sy bors in. Onder sy trui steek die roomwit kantomwerking van sy onderhemp uit.

“Ek is op pad na Krugersdorp sonder dat ek weet of ek enigsins ’n onderhoud vir my boek oor skole sal kry”, sê ek.

Menno neem ’n paar groot slukke terwyl ek vertel van my gewese skoolhoof wat in Londen wil gaan skoolhou, van die Kongolese sekuriteitswag wat spoorloos verdwyn het, die gesprek in Tumeli se kombi buite Umlazi, die vernederde man in die skeepsvrag en my herontmoeting met Felicia. As ek stilbly na wat soos ’n uur gevoel het, hoor ek die twee skepe oor die golwe seil.

“U projek klink besonders veeleisend”, sê Menno en staan op om nog wyn te skink. Ek hou my hand oor my glas. Hy skink sy glas tot bo vol, neem ’n klein sluk en maak dit weer vol, voordat hy die bottel neersit.

“U sal sekerlik ook ’n storie insluit oor moedertaalonderrig?”, vra Menno.

“Daar is genoeg professore wat in koerante baklei oor die voortbestaan van Afrikaans”, sê ek en druk ’n halwe pampoenkoekie in my mond.

“Dit gaan oor veel ernstiger gevalle van inheemse tale wat bedreig word”, sê Menno. “Kyk maar na die Khoisan van Platfontein. Moeder se familie kom van daardie wêreld met die mooi klippe”, sê Menno en wys na die tafel agter hom. Hy vertel hoe hy en Moeder op Saterdag-oggende sou deurry met die Citroen vol kos en ou klere vir die Platfonteiners.

“Daai mense was heel eerste hier gewees en nou word hulle voortbestaan ernstig bedreig. As die regering nie bereid is om te help dat hulle kinders in Khwe en !Xun skoolgaan nie, wie gaan dan?”

*

Menno gooi die laaste wyn in sy glas. Hy het intussen sy trui uitgetrek en sit in sy onderhemp. Menno vertel dat geen jeugherinnering vir hom so helder is soos die eerste keer wat hy en Moeder *King Kong* op die groot skerm kon sien nie.

Die aand van Moeder se dood vyf jaar gelede, sê Menno, was alles dieselfde as alle ander aande. Hy het die skoenwinkel waar hy die afgelope dertig jaar werk gesluit en tot by die huis geloop. Moeder het daardie aand haar gunstelinggereg, pampoenkoekies, gemaak. Die tafel was reeds gedek, maar sy het nie aangesit soos altyd nie. Menno wys na die leë plek aan die tafel.

“Weet u waarna verlang ek?”, vra Menno.

“Ek kan my nie voorstel nie”, sê ek as ek sien dat Menno ’n antwoord verwag.

“Ek wil net een keer saam met Moeder weer na die bioskoop op Kimberley gaan.”

Hy staan op en druk die afstandbeheer, sodat die donker vertrek langs die eetkamer stadig verlig word. Die hele vertrek is vol swart matte. Teen die mure is rakke met DVD’s en videos. ’n Wit filmskerm gly uit die dak.

“Dit is die enigste vertrek wat ek na Moeder verander het”, sê Menno. “U is welkom om later enige film te kies, maar ek het reeds vir Moeder beloof dat ek vanaand een van Stanley Kubrick se eerste rolprente, *Killer’s Kiss*, gaan kyk. Sy geniet dit altyd so.”

*

Nadat Menno met die San-leiers geskakel het, is ek op pad. Tussen Kimberley en Barkley-Wes is daar geen naambord wat die nedersetting van die grootste oorblywende Sangemeenskap aandui nie. Ek ry twee keer verby die afrit na Platfontein. Dit lyk soos enige ander informele nedersetting in die land, behalwe vir weermagtente wat tussen die sinkhuisse gespan is. ’n Groep mans sit onder een van die tente en speel domino; jong meisies stap in die grondstrate met krullers in hulle hare.

Ek hou stil voor die geel SABC-gebou, waar Menno verduidelik het ek die Khwe-hoofmanne eerste moet ontmoet. Voor die gebou se roldeur wat nog nie geïnstalleer is nie, staan Joe Mpungo vir my en wag met oorfone om sy nek. Meneer Mpungo is een van die omroepers van X-KFM, die Khoisan se eerste radiostasie. Bo die deur is geskryf: “The Beat of the San”.

Dié stasie word in 'n 30 km-radius rondom Platfontein opgevang, verduidelik Mpungo terwyl hy my na die kon-ferensielokaal lei. Almal luister na die radio, maar in verskillende gleuwe om die Khwe en !Xun se uiteenlopende behoeftes te akkommodeer. Die meeste programme is in !Xun, want hulle is 3500 mense, terwyl die Khwe net 1100 is.

*

“Ek is Zeka en dit is onse *chief*, Kawamma Mukua,” sê die jonger een van die twee mans. Zeka is 'n lang swart man met 'n wit jean en 'n bont hemp waarop palmtakke en seiljagte geteken is. Hoofman Mukua dra 'n blou onderbaadjie by 'n bruin hemp, vilthoed met 'n rooi veer in en 'n geel das. Hy haal sy hoed af en sit dit in die middel van die tafel neer. Sy linkerhand se pinkie is by die eerste lit af. As ek vra hoe die Khwe en die !Xun verskil, begin die hoofman in 'n vreemde taal met diep keelgeluide praat. Hy kyk verby my na die gebou se ingang. Sy oë is klein agter dik brilglase.

“Ons ken nie hulle tradisies so goed nie, maar ons verskil baie”, sê Zeka as die hoofman klaar gepraat het. “Ons eet ander kosse as hulle, soos byvoorbeeld die likkewaan. Ons voorouers het likkewaan geëet met ander tipe groente as hulle. Ons dans is ook anders”, sê Zeka.

Die hoofman tik met sy hand op die tafel en sê 'n paar woorde.

“Die Khwe-taal het minder klapklanke as die !Xun,” vertaal Zeka. “En as ons met mekaar praat, is dit in Afrikaans, want ons verstaan mekaar nie.”

Die Khwe-mense is lank en donker, terwyl die !Xun korter is met ligte velle.

Die hoofman praat 'n lang ruk in Khwe voordat Zeka verduidelik: Hoewel daar verskille tussen die twee groepe is, het die geskiedenis hulle bymekaar gebring. Waar die Khwe uit die suide van Angola kom, is die Platfonteinse !Xun uit die noorde van dié oorloggeteisterde land. Met die ooploop tot die Angolese onafhanklikheidwording in 1975, het die Portugese weermag die !Xun én Khwe as spoorsnyers gebruik om te veg teen die militêre

bevrydingsgroepe soos die MPLA en FNLA. Dit was deur dié oorlog dat die twee groepe van mekaar se bestaan bewus geraak het.

Hoofman Mukua slaan met sy hand op die tafel as ek wil weet hoekom hulle nie ook teen die wit kolonialiste baklei het nie.

“Ons het niks geweet van die oorlog nie,” vertaal Zeka. “Die mense het ons net gebruik omdat ons die veld ken. Die Portugese het vir ons mense geld gegee om in die veld te loop en spoor sny, wat ons mense elke dag gedoen het. Maar ons was aan niemand se kant nie.”

Die hoofman praat en bly dan stil. Hy kyk vir Zeka en wag dat hy vertaal. As Zeka net sy kop skud, begin die ou man weer praat.

“Wat sê hy?”, vra ek.

“Hy sê as dit nie was vir die wit man se geld nie, het die San vandag nog reggekom in die veld.”

Die hoofman buk af en wys na sy been. Hy praat nou vinniger en swaai met sy twee arms soos iemand wat regmaak om te kolf.

“*Chief* sê sy oom het hom vir die Portugese gegee om te gaan veg, want hy was daai dae baie stout. Hy was een van die eerste San-soldate wat moes baklei het sonder ’n uniform,” lag Zeka.

“Maar hoekom wys hy na sy been?”, vra ek.

“Hy is geskiet in die oorlog,” lag Zeka. “Die Portugese het ook nie vir hulle gewere gegee nie. Hulle moes met swaarde veg.”

“Is dit hoe hy sy vinger verloor het?”, vra ek.

Zeka knik sy kop sonder om na sy *chief* te kyk.

Ná onafhanklikheid was die San nie meer welkom in Angola nie en het die Suid-Afrikaanse weermag hulle gehelp om oor die Namibiese grens te vlug. Hier is die twee San-groepe gebruik om spoor te sny en teen Swapo te help veg. Die hoofman rits 'n klomp woorde af, voordat Zeka sug en sê: “Ons het nooit 'n keuse gehad nie. Ons moes weer vir die witman baklei.”

Tydens die Grensoorlog vanaf 1966 tot 1988 moes die !Xun en Khwe saamwerk en het beide groepe Afrikaans aangeleer om te kon oorleef. Ná Swapo se oorname van Namibië in 1990, was die !Xun en Khwe weer aan die verkeerde kant van die nuwe regering en moes hulle skuif. Die Suid-Afrikaanse weermag het 'n tentedorp in Schmidtsdrift in die Noord-Kaap opgerig, 80 km van Kimberley. Die idee was dat Schmidtsdrift aan die San gegee sou word, maar 'n Tswana-groep, die BaTlaping, het volgens die Nelson Mandela-regering eerste reg gehad. Die regering het die 12,500 hektaar grond buite Kimberley geïdentifiseer en in 1999 is Platfontein amptelik aan die !Xun en Khwe gegee.

“Hoe word die grond bestuur?”, vra ek.

Die hoofman skud sy kop sonder om 'n woord te sê.

“Daar is 'n trust, maar die voorsitter is die !Xun-leier, Alfredo Matonga. Die regering het hom aangestel sonder om ons in die saak te ken”, sê Zeka.

“Waar kry ek Matonga?”, vra ek.

“Hy is by die skool”, sê Zeka.

“Gaan julle kinders ook daar skool?”, vra ek.

“Die regering het net die een skool gebou. Ons wil dit nie so hê nie, want ons is nie meer in die oorlog nie. Ons kinders moet hulle eie taal leer - weg van die !Xun af.”

Ons staan op om te loop, maar die hoofman wys vir Zeka dat die vergadering nog nie verby is nie. Na 'n ruk vertaal Zeka: “Ons is bly dat daar nog wit mense is wat in ons belang stel, en

ons waardeer dat jy na ons geluister het. Al kan ek nie jou taal praat nie, het Zeka alles aan jou vertel soos dit was.” Dan bly hy stil en vra iets wat Zeka eers nie wil vertaal nie. “Die *chief* vra of jy nie ’n paar rand vir hom het nie.”

Ek haal my laaste sigaretgeld uit my sak. Ek sal dit darem seker kan maak tot in Bloemfontein sonder om te rook.

*

Alfrido wag by sy silwer kar voor die nuwe skoolgebou. Langs die skool is ’n drankwinkel waar ’n jong man met ’n radio op sy skouers vir ’n groep dansende meisies harde musiek speel.

“Die ander mense wat ek gekry het vir die vergadering is reeds binne”, sê Alfrido. Hy het twee groot moesies wat op presies dieselfde hoogte aan weerskante bo sy wenkbroue sit.

Die man met die radio skree iets vir Alfrido as ons by die skoolgebou se trappe opstap. Die gebou ruik na verf en in die voorportaal staan ’n kandelaar en skuifdeur in plastiek toegedraai. Langs die voordeur is ’n klein vertrek wat moontlik die ontvangsdame se kantoor moet wees. In die vertrek is ’n tafel waarby ’n jong vrou met wilde krulhare en ’n ou man met ’n wynrooi satynhemp en kruisbande sit. Langs die tafel lê twee buisligte en elektriese kables hang los uit die dak. Die ingeboude kas se deure is onder die tafel ingedruk.

“Nepa Katombera, is een van die jong vroue wat betrokke is by jeugontwikkeling”, stel Alfrido my voor. Nepa het blinkers op haar gesig. Die vertrek ruik na haar soet parfuim. Antonio Sabao trek sy kruisbande reg terwyl Alfrido hom voorstel as die ondervoorsitter van die !Xun-trusteeraad.

“Die oorlog was ’n slegte ding vir ons almal,” sê Alfrido as ek vra hoe die !Xun hulle nuwe tuiste saam met die Khwe-groep ervaar. Ons stemme klink hol in die leë vertrek.

“Dit het ons ontwortel, van land tot land gejaag en vreemdelinge vir mekaar gemaak. Dit laat ’n mens wonder hoekom die San op die aarde is. Wie is ons?”

Hy vryf oor sy plooiërige voorkop, terwyl Nepa haar kop instemmend skud.

“Hoe maak die mense ’n bestaan hier?”, vra ek. Gisternag het ek op die internet gelees dat 59% van Platfontein se huishoudings minder as R500 per maand verdien.

“’n Deel van die plaas word aan kommersiële boere verhuur. En hier is sulke groot diamante uitgehaal,” sê Alfrido en wys met sy hande die grootte van die diamante wat uitgehaal is.

“Maar die mynbase moet nog die besigheid kom opsit. Daar is mense wat ’n gipsmyn ook wil begin, maar vier jaar is al verby wat niks gebeur het nie.”

“Dinge gebeur nie vinnig vir onse mense nie”, sê Nepa. Antonia sit terug in sy stoel en vou sy hande oor sy maag.

“Is die skool eers onlangs opgerig?”, vra ek.

“Nee”, sê Alfrido. “Die departement het dit al in 2000 gebou. Hier is hoeveel kamers wat leeg staan.”

Antonia laat sak sy kop en vryf sy ken teen sy hempsmou.

“Die regering het klomp goed vir ons belowe, maar ons wag nog”, sê Nepa. “Die regering het belowe dat ons kinders in hulle eie tale sal leer,” sê Alfrido.

Die ANC-regering het na 1994 met die nuwe taalbeleid die bevordering van veeltaligheid en moedertaalonderrig onderneem. In Suid-Afrika, soos in die res van Afrika, moet die meerderheid leerders beide hulle moedertale en internasionale taal aanleer, waarvan Engels in 92% van die gevalle die tweede taal is. Die taalbeleid verwys direk na die rol van moedertaal van die leerder as sy vormende leertaal. Eers nadat die tweede taal goed ontwikkel is, bepaal die skolewet dat die leerder in die tweede taal onderrig kan word. Antonia kyk vinnig op na Alfrido en laat sak dan weer sy kop.

“Selfs al is die San nie as deel van die amptelike landstale ingeskryf nie?”, vra ek.

“Ja, hulle het belowe. Kyk daar!”, sê Alfrido en wys na die kas sonder deure. “Die hele skool lê vol !Xun en Khwe-boeke, maar die Noord-Kaapse onderwysdepartement stel nie onderwysers aan wat die kinders kan leer nie. Onse mense moet in Afrikaans en Engels leer, daar is nie geld vir ’n opgeleide onderwyser wat goed kan skryf en lees in onse taal nie.”

Alfrido staan op en haal een van die boeke vir my uit. Op elke bladsy is groot tekeninge van wilde diere en Khoisan in tradisionele kleredrag wat vuur maak met stokke, volstruisdoppe in die sand begrawe en bokke met pyl en boë skiet. Onderaan elke tekening is kort sinne in !Xun en Khwe.

“Is dit nie te stereotipies nie?”, wil ek weet.

“Dit is nie alles korrek nie, maar ten minste is dit in ons taal”, sê Alfrido.

“Die onderwysdepartement sou onse mense aangestel het om skool te gee, maar toe laat weet hulle die geld is op vir Platfontein en ons moet wag”, sê Nepa.

“Wat was dan die idee met die boeke?”, vra ek.

“Hulle wou gehad het onse mense moet self vir die kinders leer in die klein grade, maar nou is daar net geld vir Afrikaanse en Engelse juffrouens”, sê Alfrido. Antonia maak sagte snork-geluide.

“Ja, dit kan die einde van ons kultuur beteken. Hoe word die San se tradisies voortgesit as niemand dit vir hulle in die skool kan leer nie? Die kinders sukkel in Afrikaans en die Engels is nog moeiliker”, sê Nepa.

*

“Dit is baie moeilik om saam met die Khwe te woon,” sê Alfrido. “Maar ons het nie ’n keuse nie. Die regering het gesê hulle het nie geld vir twee plase nie. Nou moet ons ’n skool, ’n kliniek en alles deel.”

“In die skool knou die Khwe-kindere ons s’n die hele tyd af”, voeg Nepa by. “Die Khwe vat ons vrouens af, want hulle is groter en is meer aggressief. Selfs al is ons meer as hulle.”

Die struwelinge het in Namibië begin. Toe het die Khwe hulle soos vreemdelinge hanteer en hulle verkleineer deur hulle “miertjies” te noem, vertel Alfrido. Nou moet hulle saam om onderhandelings tafels sit en veg vir die behoud van die laaste San-gemeenskap in Suid-Afrika, verduidelik Alfrido. Maar as hulle by die huis kom, praat die groepe skaars met mekaar. As Alfrido “miertjies” op ’n hoë stemtoon sê, kyk Antonia vinnig op voordat hy weer sy kop laat sak.

“Nee wat,” sluit Alfrido die gesprek af. “Die regering gee nie vir ons om nie.”

Maar wat van die grond, die nuwe skool, kliniek en radiostasie? Dit moet tog tel, vra ek.

“Ja, dit is alles wonderlike goed waarvoor ons dankbaar is, maar dit beteken nie die regering gee om vir ons nie. Ons is ’n minderheidsgroep sonder politieke mag. As ons nie beskerm word nie, gaan daar niks oorbly van die San nie.”

“Hoekom noem die Khwe julle miertjies?”, wil ek weet. Is dit net omdat die !Xun soveel kleiner is as die Khwe? Is dit wat die man vanaf die drankwinkel vir Alfrido geskree het?

“Het jy al ’n mier gesien werk?”, vra Alfrido. “As jy ’n spoegstreep oor sy pad trek, kan hy nie verder loop nie. Wat die Khwe nie wil hoor nie, is dat die regering vir ons almal ’n streep getrek het.”

Maggot Mask

Ek skakel die karligte af as ek in die gastehuis se straat inry. Na die rit van Platfontein sien ek nie kans vir Menno se geselskap nie. Ek parkeer 'n ent weg van die huis en stamp die kardeur versigtig van knip. Die voordeur is oop, maar Menno wag my nie in op die stoep soos gisteraand nie. Die tuinhek se skarniere raas so hard, dat ek dit net groot genoeg oopmaak om deur te skuur.

Ek vat met twee hande aan die muur om myself deur die donker gang na my kamer te lei. Die muurpapier voel wolleriger as wat dit gisteraand gelyk het. Uit die eetkamer speel vin-nige musiek. Ek gaan staan oorkant die eetkamerdeur en sien Menno by die gedekte tafel sit. 'n Staanlamp verlig sy gesig op só 'n manier dat hy vir 'n oomblik soos 'n bejaarde vrou lyk. Die huis ruik na maaltvleis en gestoomde groente. As ek my linkervoet lig om verder te stap, kraak die vloer.

“Goeienaad, u is terug van Platfontein?”, vra Menno.

“Ja, ek is doodmoeg”, sê ek.

“Foei ja, ek het gewonder hoekom u so stadig die huis inkom.”

Van wanneer hou Menno my dop?

“U is net betyds vir aandete. Frikadelle is vanaand op die spyskaart, maar ek kon nie nalaat om Moeder se karamel-pampoengereg te maak nie.”

“Dit klink heerlik, maar ek het sommer reeds iets vir my gekry om te eet”, lieg ek.

“Dit is 'n jammerte, maar u is welkom om later by my aan te sluit. Ons kyk *Kill Bill 2* vanaand.”

*

Ek sit met my rekenaar op die wakis en tik die laaste sinne van my Platfonteinse onderhoude. Ek druk met my maag teen die drasak op my skoot, om nie die hongerpyne te voel nie. Dit is byna middernag en elke keer as ek by die deur wil uitgaan om 'n wegneemete in die stad te gaan soek, hoor ek gedempte klanke uit die sitkamer.

As ek opstaan om my nagklere aan te trek, sien ek die klein sjokolade op die anderkant van die hemelbed se kussing. Ek druk die donker sjokolade uit die papier in my mond en haal *We need to talk about Kevin* uit die drasak.

“My story is about all I got to my name right now, and that’s why I feel robbed”, lees ek Kevin se onderhoud met 'n joernalis in die tronk na sy skoolmoorde.

“All you people watching out there, you’re listening to what I say because I have something you don’t: *I got plot*. Bought and paid for. That’s what all you people want, and why you’re sucking off me. You want my plot. I know how you feel, too, since hey, I used to feel the same way. TV and video games and movies and computer screens... I jumped into the screen. I give good story. Without people like me, the whole country would jump off a bridge 'cause the only thing on TV is some housewife on ‘Who Wants to Be a Millionaire?’ winning \$64,000 for remembering the name of the president’s dog.”

*

Ek word voordag wakker met die reuk van lourierblare en *We need to talk about Kevin* op my borskas. Het ek gedroom dat Menno in 'n wit nagrok vir my 'n bord bobotie en rys op die spieëltafel langs die deur neergesit het? As ek die lig aansit, is daar niks op die tafel behalwe die opgefrommelde sjokoladepapier nie.

My oë voel droog en krapperig, terwyl ek die woorde ‘Martin Henning – samoerai’ vir 'n internetsoektog intik. 'n Paar koerantartikels oor die hofsak verskyn op die rekenaarskerm.

Op een van die foto's wat in die hof geneem is, strek Martin se ma en pa oor die hofbank om aan hulle seun te raak. In 'n brief aan die vermoorde seun, Johan, se familie, skryf Martin se ouers dat hulle kind van kleins af deur boelies afgeknou is, omdat hy klein en maer is. Hy wou so graag nie magteloos wees nie, skryf hulle, en satanisme was sy poging om te ontsnap na 'n wêreld van mag.

As ek verder *Google* kom ek af op 'n artikel deur Christopher Szabo wat die moontlikheid bevraagteken dat satanisme Martin tot moord gedryf het. Die belangstelling in satanisme is eerder 'n simptoom van sommige tieners se identiteitsoeke, skryf hy. Szabo skryf dat sommige kinders se fisieke voorkoms daartoe kan lei dat hulle deur die meeste groepe verwerp en op die kantlyn geplaas word. Dit is op die periferie van die skool se sosiale stand, waar Martin mag gevind het.

Een van die skakels lei my na 'n geselskamer op *Facebook*, waar ek moet registreer voordat ek in die groep "The samoerai story" kan ingaan. Bo-aan die bladsy is 'n boodskap van 'n jong meisie, Suné. Op haar profielfoto is sy afgeneem op 'n grasperk met haar blou matriekafskeidrok wat om haar gedrapeer is. Ek lees haar woorde: "Ek wasi Johan se maki, ma ek het ok al een van my pelle verloor ... Eendag sal ek getuines deel, ma weet dat die Here ons deur alles dra. God sal nie iets op jul pad stuur as hy ni weet julle kan dit ni hanteer ni..."

Onder Suné se boodskap, is 'n foto van Chris Delpont, die vermoorde Johan se beste vriend. Chris se hare is gejel en hy sit voor 'n afgeskakelde televisieskerm met 'n Springbok-trui aan. "Thnx Sune, Johan is weg en niks kan dit ooit verander nie maar ek mis my tjoma!! Ek sukkel steeds om daarmee vrede te maak ek probeer sterk wees eks net bly dat mense nie deur

my kan sien nie want as hul kon sou hulle verstaan waardeur ek ga...hy was die een wat daar vir my was toe ek niemand in my lewe gehad het nie ek was leeg my ouers het ook nie regtig omgee nie en ek was die out sider maar een ding is verseker I'll meet him in heaven!!!”

Ek druk “Reply” op sy boodskap en tik: “Chris, ek skryf ’n boek oor skole en een van die kwessies is geweld. Sal jy omgee om met my te praat oor Johan se dood?”

Ek druk “Send” en gaan sit op die bed. Sal hy ooit antwoord? Wat as Suné of iemand anders vir my terugskryf? Hoe kry ek dit reg om met Chris alleen te gesels?

As ek sien dat dit al byna 2:00 is, besluit ek om die lig af te skakel. Ek sal moet slaap as ek more in Krugersdorp wil kom. In die donker sien ek ’n nuwe boodskap op my rekenarskerm. “Ai God. Wie de fok is j?”, lees ek die boodskap van Tiaan Slabbert. Op sy foto staan hy in ’n swart broek, leerbaadjie, helm en handskoene voor ’n lemmetjiegroen motorfiets. Hy hou ’n sekel vas. Ek tel die rekenaar van die kis en sit regop in my bed om die foto beter te kan sien. As ek my gesig byna teen die skerm druk, skrik ek vir ’n tweede brief van Tiaan: “Insomniac motherfucker, trek draad dat j kan slaap.”

*

Ek het hopeloos verslaap. As ek my swaar oë probeer oophou, sien ek Menno se brief aan die binnekant van die deur: “Geniet asseblief ontbyt. Mag jou reise vrugte afwerp.”

Wanneer was Menno dan in my kamer? My rekenaar is steeds aan en as ek die *Facebook*-bladsy oopmaak, is daar ’n boodskap van Chris: “Ek ge ni om ni, waarom wil j praat?”

“Oor wat die oggend gebeur het”, begin ek tik. Miskien klink dit té blatant nuuskierig en on-sensitief. Uit die koerantberigte kon ek myself al goed ’n storie voorgestel het.

Martin en sy twee vriende, Matthys en Zander, het op Vrydagmiddag 15 Augustus na skool in sy kamer planne beraam om te sorg dat die boelies ophou om hulle te terg. Dit is in dieselfde kamer waar Martin se drie swaarde teen die muur hang: die een wat sy pa vir hom

gegee het, die middelste een wat hy met sy eie sakgeld gekoop het en die swaard wat hy op Krugersdorp se vullishoop opgetel en reggemaak het.

Maandagoggend is Martin eerste by die skool om die spotters 'n les te leer. Hy wag met sy drie swaarde en drie maskers vir sy twee vriende in die kleedkamers. Sy maskers wat soos Slipknot s'n lyk, het hy self gemaak: 'n gasmasker uit 'n deodorant blikkie, 'n gewone swart masker en sy gunsteling "maggot mask". Hy kies dié masker met die rooi en swart *dreadlocks*.

Vyf minute voordat die klok vir saalbyeenkoms lui, besef Martin dat sy vriende nie by hulle belofte gehou het nie. Hy sit die maggot mask op en kies die swaard van sy pa. Die res van die swaarde los hy in die kleedkamer. Hy smeer sy gesit swart met skoenpolitoer, en sit dan die politoerblik by die tuisgemaakte bom in sy rugsak. Terwyl die leerders reg maak om in hulle rye voor die saaldeure te staan, is Martin besig om hom soos 'n ware Samoerai-vegter oor die perseel te stap. Samoerai, wat in Japanees verwys na die hoogste vorm van militêre adellikheid, het vanaf die pre-industriële Japan 'n groot rol in die Oosterse vegkuns gespeel. Die samoerai-vernuf gaan nie om fisieke krag nie, lees ek. 'n Samoerai-vegter hoef nie groot en sterk te wees nie, en is dikwels klein en selfs gestremd. Die mag lê in die tegniek met die swaard.

"Ek wil weet hoekom jy dink dit gebeur het?", skryf ek vir Chris.

*

Behalwe vir die staanhorlosie wat ek vanuit die gang kan hoor tik, is dit geluidloos. Op die eetkamertafel is twee gekookte eiers, 'n sny harde geroosterde brood met tamatiekonfyt en 'n glas melk onder 'n wit net. Ek eet so vinnig dat ek byna verstik en die melk in een sluk opdrink.

As ek teruggaan na die kamer om te begin pak, sien ek 'n boodskap van Suné op die rekenaarskerm.

“Weti wie j is, ma net God ken redes. Eendag sal ons al die antw ken.”

Hoe moet ek hierop reageer? Ek begin my klere in die sak te gooi.

“Martin se tjommas sê Johan het hom Ninja Turtle genoem”, lees ek Chris se reaksie. “Ma dis i war i. As it was, steeds i genoeg rede om te moor. Dit is daai weird musiek v Slipknot.”

Vroeër vanoggend het ek die lirieke van een van Slipknot se liedjies van die internet gelaai en in my notaboek geskryf: -

I wanna slit your throat and fuck the wound
I wanna push my face in and feel the swoon
I wanna dig inside, find a little bit of me
Cuz the line gets crossed when you don't come clean . . .
(HATE) Hate ain't enough to describe me
(SCREAM) Somewhere be-tween screaming and crying
I'm not supposed to be here . . .
All I have is dead, so I'll take you with me
Feel like I'm erased – so kill me just in case . . .

“Net mal mens kanit doen. Tronk is ni genoeg straf vir wat hy gedoen het ni”, skryf Chris.

“Sal it reg wees as ons more vi lunch ontmoet?”, skryf ek aan Chris terug. Dit neem my vyf minute voordat ek gelukkig is met die sin. Miskien klink ‘ontmoet’ steeds te formeel?

Na 'n paar sekondes reageer Tiaan: “Jul muni di music blameer ni want ek lyster erger goed as slipknot.”

Dalk is Chris nie by sy rekenaar nie? Miskien moet ek solank ry? Hy het tog gesê dit is reg vir die onderhoud. Net voordat ek my rekenaar afsit, kom 'n boodskap van Suné deur: “As j nie n dedicated christen is nie en die verkeerde musiek luister, gee j vir satan toegang, satan was tog die engel van musiek en daarom sal dit die eerste ding wees waarmee hy j gaan

verlei. En as j toegang gegee het maak jy jouself oop vir demone en daarom glo ek dat hy besete was toe hy daardie masker aangesit het. En dit is duidelik dat slipknot sataniste is.”

“Jy is deuri k@k”, skryf Tiaan terug. “Music het nix hiermee uit tewaai nie. dai retard wat dai ander retard doodgemaak het was victim van boere musiek en poep snuif. hey verdien doodstraf want hy skend metal se naam en jul blameer satan haha.. ai fok god jul is net verveeld.”

*

Ek slaan die skootrekenaar oop op die passasiersitplek langs ’n plastiekhouer vol pampoenkoekies wat ek uit Menno se yskas gesteel het. Dalk kan ek iewers langs die pad stop om te kyk of Chris vir my teruggeskryf het. As ek die kar aanskakel, kom daar ’n rookwolk uit die enjinkap. Ek draai die sleutel. Behalwe vir ’n harde plofgeluid, kom daar niks uit die enjin nie. Ek laat rus die kar, voordat ek weer ’n paar keer die sleutel draai. Niks gebeur nie.

“Ai fok!”, skree ek en slaan die deur agter my toe. Ek soek vir ’n sigaret in my sak. Steek dit aan en slaan weer die kar se deur toe. Hierdie keer spring dit nie van knip af nie.

Ek soek in die eetkamer na ’n telefoonboek om ’n motorwerktuigkundige te bel. My oog val op die rakke in die donker sitkamer. Ek probeer met die afstandbeheer om die ligte aan te skakel, maar druk die verkeerde knop. Die skerm sak uit die dak voor dit weer terug trek.

Ek vat in die skemer vertrek na iets wat lyk soos ’n telefoonboek, maar as ek in die eetkamerlig daarna kyk, sien ek dit is ’n DVD waarop “Rhino” staan. Ek het nog nooit van so ’n titel gehoor nie.

Aan die onderkant van die staanhorlosie sien ek ’n rak met ’n glasvenster. Binne-in is ’n leë foto-album en ’n telefoonboek. Is hier dan geen foto’s van Moeder in die hele huis nie? Ek

skakel die eerste nommer van 'n motorhawe in Bloemfontein, wat belowe om my binne die volgende uur op die pad te kry.

Ek gaan haal die rekenaar uit die kar en sit dit op die eetkamertafel. Daar is geen nuwe boodskap op *Facebook* nie.

Kan dit wees dat Menno na pornografiese films kyk? Ek druk weer knoppies op die afstandbeheer. Nadat ek die muurligte en die hoofligte laat flikker, en die skerm 'n paar keer laat afsak het, kry ek dit reg om “Rhino” op die beeld te kry. Ek sluit die voordeur, trek die eetkamer-gordyne toe en gaan sit op die riempiesbank.

Op die skerm is 'n renosterbul en –koei besig om te paar. Sal dit Menno en Moeder wees wat dit self opgeneem het? Vind hy dit enigsins seksueel stimulerend om hierna te kyk? Ek vryf in my warm nek en probeer die DVD tevergeefs afskakel.

Wat het my besiel om in sy goed rond te krap? Ek ruk die gordyne weer oop en as ek terugkyk na my rekenaar, sien ek 'n nuwe boodskap van 'n Ras du Preez. Op sy wit en swart foto staan 'n man met 'n lang kleed wat sy gesig verbloem. Die figuur dra 'n staf en in die agtergrond is 'n verligte maanlandskap.

“EK STAAN 100 % AGTER MARTIN!”, skryf Ras. “WAT HY GEDOEN HET IS FOKEN REG! HUL WOU HOM MOS SPOT BY DIE SKOOL! DAAR IS N GESEGTE WAT SE AS JY NIE WIL HOOR NIE MOET JY MAAR VOEL! OM NOU STORIES VAN SLIPKNOT BY TE SIT IS OM DIE KAK TE PROBEER TOE SMEER!”

Op die filmskerm staan die renosterbul steeds bewegingloos op die koei se rug. Hoe lank gaan dit nog aanhou? Ek gaan sit met die afstandbeheer by die eetkamertafel. As ek op my skerm kyk, het Chris vir Ras geantwoord: “Johan het hm nie geken om te spot ni en so het ek

oki as dit j friend was sou j weet hu dit voel om iemand te verloor wat als sam j gedoen het en als sam j geniet het ma ja almal het ma hul opienies love u en mis j bje Johan.”

Nog voordat ek vir Chris kan terugskryf, reageer Suné: “Ras wie is ons per slot van rekening om te oordeel ... is dit nie in God se hande om dit te doen nie? dis n hartseer en teer saak en die laaste ding wat nodig is in so n situasie is vir ons om negatiewe kritiek te lewer ... dra eerder julle deel by en bid vir sy siel.”

Vir ’n oomblik is die skerm stil, voordat Ras skryf: “J KAN SE WAT JY WIL AS IEMAND KAK SOEK MUT HY SUFFER. EK SWEER EK GAN N KAFFER VERMOOR BY MY SKOOL EN SATAN GAN MY HELP. EK GAN HOM NI MET SWAARD DOOD MAAK MA MET KETTING SAAG.”

*

“Kan jy enigiets van die dag onthou, Chris?”, tik ek.

Hoeveel keer sien jy die beeld in jou kop afspeel: die seun wat met sy swart gesmeerde hande in die rigting van die saal stap. Jy kyk op as iemand skree: “Moer hom, hy gaan kak maak.” Jy sien hoe hy iets uit sy sak gooi. Later sou jy hoor dat dit ’n tuisgemaakte bom is wat nie afgegaan het nie. Jy is nie seker of jou vriend iets gesê het soos: “Kyk vir Ninja Turtle” nie. Die seun lig die swaard en verder kan jy niks onthou nie. Na die tyd sê die ander kinders hoe hy die masker van sy kop afgehaal het en by die skoolingang gaan sit en vra het hoeveel mense hy doodgemaak het.

“Hy gaan elke dag in die tronk onthou”, skryf Tiaan. “Ek hoop h kry sommer 4 groot geskenke vir kersfees "if you know what I mean" H verdien nie om kersfees by sy huis te wees nie h moet maar seep optel kers oggend, nie dat hy die betekenis van kersfees ken nie! Hy wil mos Slipknot kak maak.”

“So by the way, is j die idiot wat laasnag geskryf het? Wie is jy wanker? Van watter skool?”, skryf Tiaan in ’n tweede boodskap.

“Ek is ‘n skrywer”, begin ek tik. Voor ek klaar is, lees ek ’n boodskap van Suné: "Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bese gees in die lug. dis al opinie wat geldig is inplaas daarvan om opstandig te wees teenoor mekaar, draai tot God vir wysheid oor die situasie.”

“Ek wil niks onthou van die dag nie”, skryf Chris.

“Hey dude, ek het al twee keer gevra wie j is?”, kom Tiaan se boodskap deur.

“Ek skryf”, stuur ek my halwe sin. Buite die venster sien ek die motorwerktuigkundige stilhou. Ek sal moet gaan. Voordat ek uit die kletskamer gaan, stuur Tiaan weer ’n boodskap:

“So watter kak skryf j om attention te kry. ’n Ander naaier kill. Who gives a fuck...Killing is fun.”

Jag

My ma dra 'n pruik as sy en die dominee terugkom van die plek in die Baai. Elma bak koek vir die wyksbiduur. Ek mag nie in die huis sit nie, sê my pa. Dit is jagtyd en ek moet saam met hom ry.

“Are you lonesome tonight?”, sing my pa in die bakkie. My oupa en die bankbestuurder wag onder in die kloof. Dindi is agterop die bakkie om al die hekke oop te maak. Hy dra nie meer my ou klere nie, maar 'n oorpak waarop staan: “JP Kemp en Seun.”

Dindi moet die bokke uit die veld opjaag. Ek hoor hoe hy deur die bosse breek, terwyl my pa in die bakkie sit en goed uit 'n wit bottel in sy bier gooi.

“Die kaffertjie is fluks”, sê die bankbestuurder. As hy lag skud sy maag. My pa skiet twee bokke. Dit ruik na renosterbos en bier. Die leë koeëldoppe is warm in my hand.

“Wat gaan dié kind dan eendag doen?”, vra die bankbestuurder en kyk na my.

“Hy sal boer”, sê my oupa. “Dit is in sy bloed.”

Dindi en my pa hang die bokke op in die bome langs die sandhoop. Die bloed drup tot in die sand. Die binnekant van die bokke is vol mis en derms. Binne-in die huis help die dominee my ma om uit die kamer te kom. Sy het vir die eerste keer weer 'n rok aan en lang oorbelle – sonder die pruik. My pa staan met sy rug teen die *sideboard*. Die dominee vryf sy hande. In die kombuis hoor ek Elma bak aan nog 'n plaat pasteie.

“Jirre my vrou, kyk hoe lyk jy”, sê my pa.

Hy begin huil. My ma gaan sit by die eetkamertafel vol krimpvarokies, Hertzoggies en koeksisters wat niemand gaan eet nie. My pa sak tot op sy knieë en druk met sy hande op my ma se skoot. Die dominee bel almal in die wyk om die biduur af te stel.

Vertoonstuk

Ek sal dit nie maak tot in Krugersdorp nie. Nadat die werktuigkundige aan my kar gewerk het, is daar 'n suising wat al hoe harder word. Na 'n paar keer se stop om vir Chris 'n boodskap te stuur, het ek in elk geval nog niks gehoor nie. Miskien het iemand hom gewaarsku teen 'n onderhoud met my.

Ek skakel die radio aan as ek die afrit na Pretoria neem. Miskien moet ek eerder iewers in die stad 'n gastehuis soek, voordat ek moreoggend probeer deurry Krugersdorp toe. As Chris teen vanaand nog nie antwoord nie, weet ek nie wat om te doen nie. Die radio wil nie op stasie bly nie.

“Hoofnuus vandag is dat die skoolhoof van Hoërskool Kloofland in Waterkloof verdink word van geldverduistering. Hy en sy adjunk, ene Eloff, het na bewering sowat R5 miljoen van die skoolfondse...”. Ek stel aan die radio om weer opvangs te kry, maar die sein is verlore.

'n Uur later stop ek by die eerste Formula 1-hotel op die hoofweg tussen Pretoria en Krugersdorp. Drie groot trokke en 'n insleepwa staan voor die hotel. My kar het so begin raas dat ek nie meer verder kon soek vir verblyf nie. Ek teken in en koop die *Beeld* by die ontvangsdame met haar aangeplakte wimpers en oranje naels.

Ek sit op die hotelkamer se vensterbank met my sigarethand buite die venster, terwyl ek die koerant lees. “Die skoolhoof, dr. Kotze, en twee ander verdagtes is op verlof geplaas hangende 'n ondersoek na die skool se geldsake”, lees ek op die voorbladberig. Vrae het ontstaan oor advertensieborde op die rugbyveld waar borge tussen R80,000 en R100,000 vir skoolprojekte betaal.

Ek onthou die hofsaak van die Waterkloof-seuns wat in 2008 twaalf jaar tronkstraf gekry het, nadat hulle 'n hawelose man in 'n park vermoor het. Die skoolhoof van Hoërskool Kloofland se seun, was een van die vier jong mans wat tydens die verhoor elke week op die koerante se voorblaaie verskyn het. Met sy duur pakke, skoongeskeerde gesig en modieuse haarstyl het hy nie gelyk soos iemand wat 'n man kan doodskop nie.

Hoe voel dit om die hoofseun van so 'n ryk Afrikaanse skool te wees? Waar Martin Henning sou moord pleeg om homself uit die periferie te skuif, is die hoofseun van so 'n skool juis die middelpunt.

*

Ek parkeer op die rooi streep voor die blou traliehekke voor Kloofland Hoërskool. Daar is geen ander parkering tussen die duur Duitse motors in die parkeerarea nie. Dit is nog twee ure voor my afspraak met die hoofseun, Adolf Muller, maar ek kon nie langer by die hotel bly nie. Ek het my die hele nag lank verbeel hoe vlooie deur die matras op my klim. Die kussing het ook na vreemde mensreuke gestink.

Ek sit die drasak as 'n kussing teen die passasierskant se venster. Die sekuriteitswag sit in 'n sonkol voor die traliehek en kyk vinnig in die kar se rigting voordat hy sy gesig na die son draai.

Nadat ek steeds geen boodskap van Chris gekry het nie, het ek besluit om 'n afspraak met Kloofland se hoofseun te reël. My kar sal dit in elk geval nie veel verder maak nie.

Ek het gistermiddag aan die skool se media-woordvoerder verduidelik dat ek eenvoudig nie my boek kan klaar skryf sonder om nie een van die land se beste skole in te sluit nie. Hoe kon sy nie deur my goedkoop retoriek sien nie?

*

Aan die binnekant van die hek is 'n grasperk met 'n aanwysingsbord waarop drie blou pyle die rigting aandui na: “Algemene Administrasie”, “Uitvoerende bestuursentrum” en “Kantoor: Navrae”. “Sentrum vir Sport en Rekreasie” is regs, asook die “Sentrum vir Jong Volwassenes.” Ek volg die pyl na “Kantoor: Navrae”. Dit is waarskynlik hier waar ek moet aanmeld vir my afspraak met Adolf.

Voor die ingang na Navrae is 'n poel met khoi-visse. Drie gietyster-reiers staan in die grondbedekkers om die water. Ek stap met die trappe op en lees die goue plaat teen die muur ingebou: “Hierdie plaat is geskenk deur die Matrieks van 1995 en onthul deur dr Kotze.”

Die sekretaresse, wat hier as administratiewe uitvoerende beampte aangespreek sal word, sit agter 'n dennehout-ontvangstoonbank met dakligte wat uit houtpanele op haar gesig skyn.

“Kan ek help?”, vra sy en kyk eers op as ek reg voor haar staan. Die sagte beligting wys die grimering op haar gesig. Sy het blonde hare wat lyk asof sy dit elke oggend met 'n haardroër indraai.

“Ek het 'n afspraak met die hoofseun”, sê ek.

Sy kyk op haar goue armhorlosie.

“Hy is ongelukkig nog by 'n ander afspraak”, antwoord sy.

“Ander afspraak?”, vra ek. Dit is skaars nege-uur in die oggend. Moet die hoofseun dan nie ook by normale klas-ure hou nie?

“Ja, hy het 'n vergadering”, sê sy kort-af, maar glimlag dan dadelik weer met swart omlynde rooi lippe. Sy druk haar hare agter haar ore in. Die sekretaresse dra ronde goue oorbelle, met pêrels in die middel.

“Jy kan maar solank daar wag. Hy sal nou hier wees.”

Sy wys na 'n groen en maroen gestreepte bank. Voor die bank is 'n koffietafel met 'n glasblad en swart en groen gesponswasde gietysterpote. Ek sit my drasak daarop neer en haal my

notaboek uit om neer te skryf wat ek sien. “Boekwinkel”, “Kapel”, “Danssentrum” en “Kunssentrum” is die aanwysingsborde wat na die onderdak-stoeppaadjie lei. Aan die oorkant van die ontvangs is ’n vertoonlokaal met glaspaneel. Op die muur langs die lokaal is ’n plaat waarop staan: “onthul deur dr. Kotze” Bo dit: “Alumnikantoor.” Binne in die vertrek is verskeie beeldhouwerke. Ek kan nie uitmaak wat ek sien nie, maar een van die werke lyk vir my soos ’n brons-erdvark.

*

“Aangename kennis”, sê Adolf Muller in ’n diep stem. Ek druk die notaboek in my drasak en skud sy hand. Adolf is ’n groot man wat onvanpas lyk in ’n skooluniform: ’n te kort grys safaribroek, wit hemp, blou das, geel en blou gestreepte baadjie. Ek tel twaalf balkies op sy baadjielapel.

“Baie dankie dat jy bereid is om met my te praat”, sê ek.

“Nee, nee dit is ’n groot plesier”, antwoord hy en kyk na die sekretaresse. Hy stap nader en vra haar iets wat ek nie kan hoor nie. Sy grys sokkies span oor sy haarlose bene.

“Jislaaik dis jammer”, sê Adolf as hy van die sekretaresse omdraai. “Die dame van die media-sentrum wat my afspraak hanteer, is nie vandag hier nie. Anders kon ons nou daar gaan sit het”, sê hy en wys na die vertoonlokaal.

“Dit lyk interessant daar binne”, sê ek. My kop voel dof na die twee ure se slaap in die kar.

“Ja, doktor Kotze is baie trots daarop, maar die bemarkingspersoon is nie op die oomblik hier om jou rond te neem nie. Ons sal maar na die personeelkamer moet gaan”, sê Adolf.

*

Vyf onderwysers sit in die groot personeelkamer met die blou mat en maroen stoele wat om ronde dennehout-tafels staan. Die mure is deurhoogte maroen geverf; die boonste deel beige. Teen die mure hang foto’s van rugbyspanne en nabyskote van hoofde. ’n Swart man staan in

die een hoek met 'n trollie broodjies en koffie. Die reuk van vars gemaalde koffiebene vul die vertrek. Ek voel in my sak, maar besef dat ek my beursie in die kar vergeet het.

“Dit is die ouditorium”, sê Adolf as hy sien ek kyk na die glasdeur aan die einde van die vertrek. “Wat lekker is, is dat jy daar *powerpoint*-voorleggings kan hardloop as jy jou bemarking doen.”

Ons gaan sit op twee stoele naaste aan die ouditorium. Ek sit met my rug na die koffieman en die glasdeur. Van die onderwysers kyk vinnig op, maar gaan dan weer aan met hulle gesprek. Adolf gaan sit wydsbeen, sodat sy broek wit merke oor sy bobene druk. Hy probeer sy baadjie oor sy hemp trek, glimlag en vou sy hande op sy skoot. Adolf het steke langs sy linkeroogbank.

“Wat gaan jy na skool doen?”, vra ek. Die diktafoon haal ek uit en sit dit op my bobeen. Adolf se skakelbeampte het toestemming gegee dat ek die onderhoud mag opneem.

“Ek wil aktuariële wetenskap studeer. Daarna wil ek 'n MBA doen en maar kyk of ek 'n werk kry”, sê hy.

Adolf sê ‘ek’ met 'n Pretoriaanse aksent.

“Dit moet seker 'n moeilike kursus wees?”, sê ek. Op pad hierheen, het ek besluit dat die hoofseun van Kloofland gevlei moet word.

“Die keuring is nie so hoog nie, maar die mense val uit omdat die kursus so moeilik is”, sê hy. Adolf maak nie sy mond toe na sy sinne nie, sodat dit lyk of hy nog iets wil sê.

“Hoe is dit om hoofseun te wees?”, vra ek.

“Jislaaik dis *great*.”

Adolf druk sy skouers agtertoe dat ek die balkies duideliker kan sien. “Kloofraad”, staan op die boonste een.

“Dis harde werk en daar is baie kinders wat aandag moet kry. Maar dit is 'n ongelooflike eer om deel te wees van so iets groots. Groters as jyself.”

Hy maak sy oë vinnig toe met die laaste sin.

“Dit is ongelooflik. Het jy gedink dit gaan jy wees?”, vra ek en wonder of hy nie die sarkasme in my stem kan hoor nie.

Hy maak sy oë weer oop: “Vandat ek in Graad 8 hier aangekom het, het ek so gehoop.”

Adolf vat met sy linkerhand aan die sny.

“Ek was ’n leier by my laerskool gewees”, voeg hy by.

“Hoofseun?”

“Nee, nee”, antwoord hy vinnig. “Ek was net ’n leier gewees.”

*

“Toe ek hier inkom en ek sien die hoofseun praat,” sê Adolf. Hy skud sy kop, kyk grond toe en frons. Hy maak sy oë hierdie keer langer toe. As hy opkyk, vat hy vinnig aan sy oogbank en sit dan sy hande terug op sy skoot.

“Ek het by myself gedink dat dit eendag *nice* sal wees om ook daar voor te staan en ook met al die kinders te praat.”

Hy wys na ’n denkbeeldige verhoog.

Ek trek my skouers op, om te sê: “En kyk nou.”

Adolf vat aan sy ken en vryf oor die blou skynsel van sy geskeerde baard, terwyl hy vertel van die moeilike proses om hoofseun te word. As jy bo wil uitkom, verduidelik Adolf, word jy getoets op die vyf pilare van uitnemendheid: akademie, kultuur, sport, lewensverryking en sosiaal. In dertig sekondes, vertel Adolf, moet jy jouself verkoop voor jou potensiële stemmers.

“Dertig sekondes?”, vra ek.

Adolf glimlag en vryf sy krullerige blonde kuif plat.

“In daai tyd”, sê hy en vat aan sy dasknoop. “Moet jy kan sê wie jy is en waarvoor jy staan.”

“Wat is jou werk as hoofseun?”, vra ek.

“Dit gaan oor bestuur en delegering”, antwoord Adolf. “Jy het die verskillende direkteure en dan die persoon wat bo hulle is wat moet kyk dat die werk gedoen word.”

Hy wys met sy linkerhand die hiërargie in die lug uit.

“Maar wat is die belangrikste werk van ’n hoofseun?”, vra ek.

Hy vryf oor sy ken en dan oor sy bobene.

“Om die kinders in die vierkant toe te spreek en om te sorg dat daar orde is.”

Hoe sal die vierkant lyk? Moontlik is daar ’n verhoog met ’n goue plaat wat deur die hoof onthul is.

*

“Die media het baie verkeerde idees van ons skool”, sê Adolf as ek versigtig probeer uitvra oor die Waterkloof-beskuldigdes en doktor Kotze.

“En dit is waar ons inkom, om te sê: ‘Hoor hier, ons is normaal soos elke ander skool. Ons wil net vir elkeen die beste opvoeding en geleentheid gee.’”

“Dink jy Kloofland is die beste skool?”, vra ek.

“Ek glo dit met my hele hart”, sê Adolf en skuur sy rug teen die stoel. Hy vat aan sy skoolwapen en vertel van die ongelooflike geleentheid wat sy skool bied. Daar is die Vliegakademie, Dansakademie, Skaakakademie, die Sportakademie en die Europese uitruilprojekte. Dit alles gaan oor ’n skool wat glo in uitnemendheid en toegevoegde waarde.

“Die onderwysers in hierdie skool stap daai ekstra myl met jou”, sê Adolf en draai sy kop om. “En hulle is natuurlik almal kenners op hulle gebied. As ek oor my skool praat wil ek my wapen vasgryp en sê: ‘Ek is hier omdat ek lief is vir my skool.’”

Adolf druk met sy hand op sy baadjie se skoolwapen.

*

“Wat is jou sterkste eienskap?”, is sekerlik een van die vrae wat ek aan ’n hoofseun kan vra wat homself in dertig sekondes verkoop.

“Ek is ’n mense mens. Ek kan mense se emosies lees en waar ander ’n probleem sien, sien ek ’n oplossing wat wag om te gebeur”, antwoord Adolf.

Adolf skuif vinnig vorentoe, asof hy vergeet het om die belangrikste deel van die antwoord te gee.

“Konflik en stres hanteer ek ongelooflik goed. As dinge moeilik raak, dan *perform* ek.” Hy skud sy kop op ‘perform’ en lig sy een linkerbeen oor die ander. Hy vryf met sy hand oor die boonste been. Speel dan met sy sokkie en sê: “Ek dink dit is baie belangrik, veral natuurlik as jy in so ’n groot skool moet werk. As die druk kom, dan moet jy *perform*, anders gaan jy vou.”

Sy mond bly oop op die laaste woord. “Want daar is mense wat vir jou kyk. Daar is baie oë op jou. Veral omdat jy so ’n hoë-profiel skool is. En dit is een ding wat ek dink baie belangrik is om te leer, sodat jy vorentoe ook die druk kan hanteer.”

*

“Is jy sterker in sport of in akademie?”

“Ek glo maar daaraan om gebalanseerd te wees”, antwoord Adolf. Hy draai sy kop skuins, sodat hy met die hand wat op sy been gelê het, aan sy wond kan vat.

“Ek speel vir ons eerste span rugby. Soos jy kan sien”, lag hy. “Die manne het my bietjie seergemaak.”

“Ek sien ja, ek wou jou nog daarvoor uitvra”, sê ek en maak asof ek die eerste keer behoorlik kyk na die fyn blou lyn wat eweredig deur die vel vasgewerk is.

“Maar ek is ook onder ons skool se toptien en ek doen redenaars vir die landwyse semifinaal. So ek neem eintlik deel aan al die aspekte, want dit help nie jy gaan rugby speel, maar jy het

nie 'n kultuuragtergrond nie”, sê hy en haal sy been van die ander een af. Hy sit wydsbeen, frons en maak sy mond oop.

“Op die ou end is dit deel van die Klofie-leefwyse”, sê Adolf na 'n ruk.

Nog voordat ek kan vra wat dit beteken, sug hy en maak sy oë toe asof die konsep vir hom steeds te groot is om oor te praat.

“Die Klofie-leefwyse is waarna almal streef. En dit is baie belangrik, as jy uitstap hier moet jy 'n gebalanseerde, opgevoede jong persoon wees. Jy moet groei as 'n waterdruppel voordat jy die grond tref”, sê Adolf en trek sy oë op skrefies. Dit lyk of hy nie weet hoe om die metafoor verder te neem nie.

'n Klok lui hard agter my kop. Adolf kyk eers op sy horlosie, dan na waar die klok moet wees en dan vir my. Waar die groen mure oorgaan in beige, is 'n strook plakpapier met donkerrooi en groen tulpe op. Ek wonder wie hanteer die binnehuise versiering? Dalk is hier 'n Sentrum vir Tekstielontwerp.

*

“Jy het darem vreeslik baie balkies. Vir wat is dit alles?”, vra ek en kyk na Adolf se baadjie. Hy trek sy baadjielapel vorentoe, sodat hy elke balkie vir my kan verduidelik.

“Hierdie is nou die erekleure-baadjie”, sê hy en lig sy mou wat met afwisselende blou en geel lyne omgestik is. Die stippellyne is ook om sy kraag en sakke.

“Ek het hierdie balkie outomaties gekry toe ek hoofseun word”, sê Adolf en wys met sy groot wysvinger na die boonste balkie waarop “Klofieraad: Leier” staan.

“En dan het ek een vir buitesport – karate”, sê Adolf. Ek haal my notaboek uit en maak asof ek al die name van die balkies neerskryf: twee vir rugby, drie vir akademie, super-rugby, kultuur, atletiek en interskole.

Adolf los sy baadjie en wys na 'n koper-penning wat bo al die balkies vasgemaak is. Dit is so klein dat ek dit die hele tyd misgekyk het.

“Dit kry jy as jy bo 95% presteer in sport of akademie. Ons het verlede week bymekaar gekom en toe is ons bekroon. Maar dit was baie min studente”, sê Adolf.

“Sjoe, dit is ongelooflik”, sê ek.

*

“Hoe is doktor Kotze?”, waag ek dit.

“Doktor Kotze is absoluut 'n dinamiese persoon. Hy is 'n gebore leier”, sê Adolf met 'n droë keel.

“Ek het regtig baie respek vir hom. Ek kry hom jammer oor die goed wat hulle in die koerant van hom skryf, want die mense ken hom nie.”

Hy vou sy arms en kyk na die diktafoon en dan vir my.

“Ek wens regtig die mense wat hulle oor hom uitspreek, wil vir 15 minute in sy teenwoordigheid deurbring om te sien hoe hy die onderwysers, die kinders en hierdie skool al vir so lank bestuur.”

Adolf vryf oor sy skouers, soos een wat koud kry. Hy frons en byt op sy onderlip.

“Hy het die Kloofie-leefwyse gevestig waarby die mense inkoop. Hy noem ons baie keer Kloofland se skip. Hy sê ons skip het gekom en ons moet nou opklim en vaar.”

*

“Het jy broers en susters?”, vra ek.

“Ek het 'n suster wat twee jaar jonger as ek is.”

“Is sy ook so 'n sterk leier soos jy?”

“Sy is 'n baie natuurlike leier. Maar sy is nie op die VLR nie”, antwoord Adolf.

VLR staan vir Verteenwoordigende Leerlingraad, verduidelik hy. In elke graad is daar so 'n raad wat elke Woensdagoggend op die buiteverhoog kan praat en ook moet help met bemarking en algemene dissipline.

Adolf se mond bly oop. 'Omkrullippe', skryf ek op my notaboek. Adolf lyk soos die hoofseun van my jaar, besef ek. Hoe kon ek dit die hele tyd mis kyk? Miskien is die omdat Adolf lyk soos die hoofseun van elke Afrikaanse skool?

"In haar vriendekring is sy die natuurlike leier wat voor stap. Al word sy nie 'n hoofdogter nie, al is sy net 'n leier vir haar vriendinne en kan met bepaalde beginsels voorloop, dan is dit *great*", sê Adolf.

"En almal is gelyke leiers, die balkdraers is maar net dié wat voorloop", sê Adolf en vat aan sy baadjie.

"Het jy baie vriende?", vra ek.

"Ja, vandat ek as 'n onder 14 hier begin het, het ons dadelik soos 'n groep broers gevoel", antwoord Adolf. "En ons het ook met die afrigters dadelik 'n kliek gevorm. Ons staan saam." Ek kan nie help om te dink aan die verhoudinge wat tussen die groep broers bestaan nie. Hoe praat die kliek oor die skoolhoof wat die rugby se borggeld gesteel het?

"Die skool skep ook baie geleenthede. Ons gaan op treintoere waar ons almal saamkom en naweke kuier ons. Of ons gaan 'n bietjie Spur toe en gaan eet daar om hulle ook te ondersteun. Ons kry weer daai groepsgevoel. En vriende is baie belangrik, jy kan nie sommer daarsonder klaarkom nie."

"Maar jy voel nie soms dat hulle op jou jaloers is nie?", vra ek.

Hy glimlag en kyk na sy hande. Adolf se naels is so kort geknip dat die vel opgeswel is aan sy vingerpunte.

“Daar is mense wat aan die begin van my termyn teleurgesteld was omdat hulle nie die posisie bereik het nie, en dit is aanvaarbaar. Dit sal ook nie ’n gesonde wedloop wees as mense nie teleurgesteld is nie, want dan beteken dit niemand wou daai posisie gehad het nie.”

Adolf sit terug op die stoel en vou sy arms, asof hy wag vir my volgende vraag.

“Jy is seker gewild onder die meisies?”, vra ek.

“Daar is nie baie tyd nie, maar dit is altyd lekker”, sê Adolf. “Dit is wat wonderlik is van ’n dubbelmedium skool. Jy leer om meisies en damespersoneel goed te behandel. Dit word deel van jou menswees om te wag dat ’n meisie eerste stap en om haar tas te dra. Of om net ’n vriendelike woordjie te sê of ’n glimlaggie te gee. Dis hoekom ek my kinders ook in ’n dubbelmedium skool sal sit.”

*

“Ek sal jou graag op ’n toer deur ons skool wil vat”, sê Adolf. Ons staan gelyk op.

“Dit sal gaaf wees”, antwoord ek.

Ons stap verby die ouditorium met die glasdeure, af met die trappe. “Bestuur: Kantore” staan op ’n goue plaat aan die onderkant van die trappe.

“Dit is waar doktor Kotze en die onderhoofde se kantore is”, sê Adolf.

Ek stop aan die einde van die gang en draai om. Die mure is wit sonder enige skilderye. Die gangvloer is van terracotta-teëls. As ek omkyk, wag die hoofseun reeds in die voor-portaal.

*

“Dit is die vierkant waar ons elke week open”, sê Adolf en wys na die oop stuk sementblad tussen hoë mure. Hoekom is hier geen aanwysings na die belangrike sementpodium wat omring is met kort palmbome nie? Om die boomstamme is wit rivierklippe gepak. Aan die oorkant van die verhoog is ’n grasperk met groen geverfde bankies. Ek staan in die middel van die sementblad en kyk vir die verhoog. Dit is hier waar seuns Maandae-oggende droom om eendag vanaf die halwe meter sementverhoog te kan praat.

“As ons sprekers kry, moet ek hulle hier voor almal verwelkom en aan die woord stel. Dit is deel van bemarking en om geleentheid vir die skool te skep.”

Hy vou sy hande oor sy bolyf.

“Wat bedoel jy as jy praat van bemarking?”, vra ek.

“Ons het Vrydae opening in die vierkant. Dan kom borge na ons toe en dan moet ons Kloofland bemark”, sê hy en kyk af na sy baadjiesak as sy selfoon lui. Adolf lig sy skouers en sug.

“Dit is ’n volgende afspraak, wat maar eers kan wag”, sê hy en kyk na die selfoon se skerm.

“Dit klink na harde werk”, sê ek.

“Ja, dit is. Maar die belangrikste van bemarking is dat jy moet weet waar jy ook al gaan, jy bly ’n vertoonstuk van jou skool.”

*

My kar se voorwiel is met ’n groot geel staalstang geklam. Ek soek na die sekuriteitswag, maar kry hom nie voor die hek nie. Op my voorruit is ’n brief vasgegom: “R500-boete betaalbaar vir die onwettige parkering op ’n rooi streep. Op las. Administrasie: Hoërskool Kloofland.”

“Al die geld wat ek het, is in hierdie kak in!”, skree ek en klap op die kar se dak. Die deur skiet van knip. Fok dit, besluit ek, ek sal met stang en al hier wegkom. Ek klim in en draai die sleutel, maar niks gebeur nie.

Ek gooi my drasak langs die voorwiel en gaan sit daarop. Die skoolklok lui en ’n paar minute later stroom ’n groep leerders verby my na ’n skoolbus aan die oorkant van die parkeerarea. My drasak is te swaar om my lyf te dra. Ek breek die hengsel af, bind die sak daarmee op my rug vas en volg die skoolkinders tot by die bus.

Akwarium

Dindi staan aan die buitekant van die sitkamervenster met sy kop naby aan die oop ruit om saam met my na *The A Team* te kyk. Op sy voorkop is MK met koki geskryf. Hy sê dit is die *army* van die mense. My pa kom sit vir die nuus. PW Botha praat van 'n noodtoestand. My ma is in die dorp by die dominee.

“Ek is moeg vir die donnerse land!”, skree my pa en spring op. “Nou fokken sukkel julle met Noodtoestande, pleks julle skiet die donnerse goed. Gaan huistoe”, skree hy vir Dindi wat lankal nie meer voor die venster is nie.

Die volgende oggend staan ek vroeg op om my das self te probeer knoop. Dit is die laaste uitstappie van die Standerd 5-klas na die akwarium in die Baai. Vandag is die dag wat ek vir die eerste keer 'n seepdijie gaan sien. En dolfyne wat deur hoepels spring.

Ek hoor my pa se trok dreun, terwyl ek die klaswerkboeke in my tas pak. Terwyl ek in die kombuis sit en na die muurhorlosie staar, hardloop Dindi soos elke oggend deur die kloof. Hy hol al langs die rivier waar ons stukkende vlot in die oggendwater dryf om betyds die trok te haal. Terwyl my ma my busstop toe neem met haar hande wat na medisyne ruik, hardloop Dindi met sy werkskos in die roomysbak en sy hande in die lug om my pa te stop.

Onder in die bus staan die trok in die middel van die pad. Iets lê voor die trok. Ek staan regop in die skoolbus toe ons langs die trok verby ry. Ek vee met my baadjiemou oor die toegewasemde venster. Dindi lê met sy een skoen voor die trok en sy oopgebarste kop na die rivier. Die roomysblik is in sy hand.

“Sit Piskoning Een Oor!”, skree die seuns agter uit die bus.

Ek val terug in my enkelsitplek. Met Dindi se oë in my kop, is daar nie meer plek vir die diere wat diep onder die akwarium se ligblou water woon nie.